

HUISHOUDINGSKULD IN SUID-AFRIKA

EN DIE INVLOED OP

PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING

deur

SONIA COLLINS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE)

in die

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

by die

Universiteit van Pretoria

PRETORIA (SUID-AFRIKA)

Desember 2002

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my dank uitspreek teenoor die volgende persone wat my bygestaan het met hierdie studie:

Leon : Vir die morele ondersteuning verskaf deur die jare en die hulp met die rekenaar sagteware gebruik in die studie.

Annalie (Departement Ekonomie by die SA Reserwebank): Vir die data wat verskaf is vir private verbruiksbesteding.

Marilet (Departement Ekonomie by die SA Reserwebank): Vir die data wat verskaf is vir huishoudingskuld.

Ander personeel by Departement Ekonomie by die SA Reserwebank, in die besonder Johan Prinsloo en Harald Wagner.

Dr R.M. Gidlow (SA Reserwebank Kollege): Vir die insiggewende werk geskryf vir die opleidingskursusse aangebied by die Kollege waarby geweldig baat gevind is.

Sonia Collins

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN FIGURE.....	vi
LYS VAN TABELLE.....	vii
LYS VAN AFKORTINGS.....	viii
HOOFSTUK 1	1
1.1 INLEIDING EN AGTERGROND.....	1
1.2 DOEL VAN DIE STUDIE.....	1
1.3 UITLEG VAN DIE STUDIE	1
HOOFSTUK 2	3
A. DIE VRAAG NA GELD EN DIE GELDSKEPPINGSPROSES	3
2.1 INLEIDING.....	3
2.2 DIE VRAAG NA GELD.....	4
2.2.1 TEORIEË VAN DIE TRANSMISSIEMEGANISME.....	5
2.2.1.1 KLASSIEKE TEORIE	5
2.2.1.2 KEYNES SE TEORIE	5
2.2.1.3 NEO-KEYNESIAANSE SKOOL SE TEORIE.....	6
2.2.1.4 POST-KEYNESIAANSE SKOOL SE TEORIE	6
2.2.1.5 MODERNE KWANTITEITSTEORIE.....	6
2.2.1.6 OOSTENRYKSE DENKSKOOL.....	7
2.2.1.7 BUFFERVOORRAADBENADERING	7
2.2.2 STABILITEIT VAN DIE VRAAG-NA-GELD FUNKSIE.....	8
2.2.3 RENTEKOERSELASTISITEIT VAN DIE VRAAG-NA-GELD FUNKSIE.....	8
2.2.3.1 LAE RENTEKOERSELASTISITEIT	8
2.2.3.2 HOË RENTEKOERSELASTISITEIT	8
2.2.3.3 GEMIDDELDE RENTEKOERSELASTISITEIT	9
2.2.4 INKOME-ELASTISITEIT VAN DIE VRAAG-NA-GELD FUNKSIE	9
2.3 DIE AANBOD VAN GELD	9
2.3.1 EKSOGENE/ENDOGENE AANBOD VAN GELD.....	9
2.3.1.1 ONTWIKKELING VAN DIE ENDOGENE GELDVOORRAAD TEORIE	10
2.3.2 ROL VAN SENTRALE BANKE IN DIE AANBOD VAN GELD.....	16
2.3.3 RENTEKOERSELASTISITEIT VAN DIE AANBOD-VAN-GELD FUNKSIE.....	17
2.3.4 GELDVOORRAAD EN PRYSE	17
2.3.5 GELDVOORRAAD EN WISSELKOERSE	18
2.4 GEVOLGTREKKING	19
B. MONETÊRE BELEID	20
2.5 INLEIDING.....	20
2.6 OMVANG VAN MONETÊRE BELEID	20
2.7 OMSKRYWING VAN MONETÊRE BELEID	21
2.8 RASIONELE VERWAGTINGS.....	22



2.9	VERANDERINGE IN FINANSIËLE MARKTE.....	22
2.10	TOEPASSING VAN MONETÊRE BELEID	22
2.10.1	BATEPRYSINFLASIE	24
2.10.2	WISSELKOERS.....	25
2.10.3	ASIMMETRIESE EFFEK VAN MONETÊRE BELEID.....	26
2.11	RAAMWERK VAN MONETÊRE BELEID.....	28
2.11.1	UITEINDELIKE MIKPUNTE.....	28
2.11.2	DOELWIT	29
2.11.3	OPERASIONELE VERANDERLIKE	32
2.11.3.1	KLASSIEKE KONTANTRESERWESTELSE.....	32
2.11.3.3	AMERIKAANSE KONTANTRESERWESTELSE	32
2.11.4	INSTRUMENTE VAN MONETÊRE BELEID	33
2.11.4.1	NIE-MARKGERIGTE BELEIDSINSTRUMENTE	33
2.11.4.1.1	KONTANTRESERWEVEREISTE	35
2.11.4.1.2	KREDIETPLAFONNE	35
2.11.4.1.3	SELEKTIEWE KREDIETKONTROLES	35
2.11.4.1.4	DEPOSITO- EN LENING RENTEKOERSKONTROLES	36
2.11.4.1.5	TERME, VOORWAARDES VAN HUURKOPE, AFBETALINGSVERKOOPSOOREENKOMSTE	36
2.11.4.1.6	KAPITAALUITGIFTEKONTROLES	37
2.11.4.1.7	INVOERDEPOSITOSKEMAS	37
2.11.4.1.8	DEVIESEBEHEER.....	37
2.11.4.2	MARKGERIGTE BELEIDSINSTRUMENTE	38
2.11.4.2.1	DISKONTO- / AKKOMMODASIEBELEID.....	38
2.11.4.2.2	OPEMARKTRANSAKSIES	41
2.11.4.2.3	STAATSKULDBESTUUR.....	42
2.11.4.2.4	MORELE OORREDING	42
2.11.4.2.5	BUITELANDSE LENINGS	42
2.11.4.2.6	SENTRALE BANK INMENGING IN DIE KONTANT- EN TERMYN VALUTAMARKTE.....	43
2.11.5	SUID-AFRIKA SE MONETÊRE BELEIDSRAAMWERK.....	43
2.12	GEVOLGTREKKING	45
HOOFSTUK 3		46
HUISHOUDINGSKULD EN VERBRUIKERSKULD		46
3.1	INLEIDING.....	46
3.2	DEFINISIE, SAMESTELLING VAN HUISHOUDINGSKULD EN VERBRUIKERSKULD	46
3.2.1	VERBRUIKERSKULD	47
3.2.1.1	VERBANDVOORSKOTTE.....	47
3.2.1.2	VERBRUIKERSKREDIET	49
3.3	DIE KOSTE VAN KREDIET (RENTEKOERSE) EN ALGEMENE ONTWIKKELINGS IN DIE KREDIETMARK.....	59
3.3.1	HANDELSKREDIET AS PLAASVERVANGER VIR BANKLENINGS.....	61

3.3.2	DIE INVLOED VAN KREDIETRANTSOENERING OP REËLE BESTEDING	61
3.3.3	DIE KOSTE VAN KREDIET (RENTEKOERSE).....	61
3.3.4	IMPLIKASIES VAN DIE TERMYNSTRUKTUUR VIR MONETÊRE BELEID	62
3.4	GEVOLGTREKKING	64
	HOOFSTUK 4	66
	PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING EN DIE HUISHOUDINGSEKTOR	66
4.1	INLEIDING.....	66
4.2	DIE DEFINISIE EN SAMESTELLING VAN PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING EN DIE HUISHOUDINGSEKTOR.....	66
4.2.1	DEFINISIE VAN PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING.....	66
4.2.2	SAMESTELLING VAN PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING	66
4.3	INTERNASIONALE KLASSIFIKASIE: 1968 STELSEL VAN NASIONALE REKENINGE VERSUS 1993 STELSEL VAN NASIONALE REKENINGE... ..	68
4.3.1	FINALE VERBRUIKSBESTEDING DEUR HUISHOUDINGS VOLGENS DOELWIT EN DUURSAAMHEID	68
4.3.1.1	KLASSIFIKASIE VAN FINALE VERBRUIKSBESTEDING DEUR HUISHOUDINGS VOLGENS DOELWIT	68
4.3.1.2	KLASSIFIKASIE VAN VERBRUIKSBESTEDING DEUR HUISHOUDINGS VOLGENS DUURSAAMHEID	75
4.3.1.3	HERDEFINIËRING VAN WAARDEVOLLE ITEMS, UITGAWES OP VASTE BATES, LISENSIES EN FOOIE.....	76
4.4	DIE ONDERSKEID TUSSEN FINALE VERBRUIKSBESTEDING EN WERKLIKE INDIVIDUELE VERBRUIK VAN HUISHOUDINGS	79
4.5	VERBRUIKSTEORIEË.....	82
4.5.1	DEFINISIE VAN VERBRUIKSFUNKSIES.....	82
4.5.2	KEYNESIAANSE HIPOTESE.....	82
4.5.3	RELATIEWE INKOME HIPOTESE	82
4.5.4	PERMANENTE-INKOME-HIPOTESE (PIH).....	83
4.5.5	LEWENSIKLUS HIPOTESE	83
4.5.6	PIGOU EFFEK (CAMBRIDGE BENADERING).....	84
4.5.7	MODERNE TEORIEË: ALTERNATIEWE SIENING VAN FRIEDMAN SE TEORIE (PIH), LEWENSIKLUS TEORIE.....	84
4.5.8	MODERNE TEORIEË: BUFFERVOORRAADBENADERING.....	85
4.6	EFFEK VAN VERANDERENDE RENTEKOERSE OP BESTEDING DEUR HUISHOUDINGS	87
4.7	EFFEK VAN INFLASIE OP BESTEDING	88
4.7.1	DIE EFFEK VAN INFLASIE OP DIE GEDRAG VAN DIE VERBRUIKER ..	88
4.8	FINANSIËLE LIBERALISERING EN DIE EFFEK OP BESTEDING.....	90
4.8.1	HUISHOUDINGSKULD.....	91
4.9	VERBRUIK OOR DIE LEWENSIKLUS.....	93
4.9.1	RASIONELE VERWAGTINGS.....	93
4.9.2	OUDERDOM EN DEMOGRAFIE	94
4.9.3	KREDIETBEPERKINGS	97



4.9.4	LIKIEDE EN NIE-LIKIEDE BATES.....	98
4.9.5	TEGNOLOGIESE VOORUITGANG	99
4.10	VERWANTSKAP TUSSEN INKOME EN BESTEDING	100
4.11	MARGINALE VERBRUIKSGENEIGDHEID	107
4.12	‘N INTERNASIONALE GEVAL: HUISHOUDINGSKULD EN VERBRUIKSBESTEDING	108
4.13	DIE VERLOOP VAN FINALE VERBRUIKSBESTEDING DEUR HUISHOUDINGS VANAF 1975 – 2001	109
HOOFSTUK 5		114
DIE VERBAND TUSSEN PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING EN HUISHOUDINGSKULD		114
5.1	INLEIDING.....	114
5.2	BESTEDINGSBESLUTE DEUR HUISHOUDINGS.....	114
5.3	FAKTORE WAT PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING BEÏNVLOED	117
5.3.1	ONTWIKKELING VAN DIE BEVOLKING	118
5.3.2	INFLASIE	118
5.3.3	STRUKTURELE BELEID	119
5.3.4	FINANSIËLE INTERMEDIASIE	119
5.3.5	RUILVOETVERANDERINGE.....	120
5.3.6	LIKIDITEITSBEPERKINGS	120
5.3.7	DEREGULASIE.....	120
5.4	MONETÊRE BELEID EN DIE EFFEK OP WELVAART EN BESTEDING.....	120
5.5	ROL VAN FISKALE EN MONETÊRE BELEID IN DIE PERSOONLIKE SEKTOR SE BALANSSTAAT	127
5.6	TRANSMISSIEMEGANISME.....	128
5.6.1	KANALE VAN DIE TRANSMISSIEMEGANISME.....	129
5.6.1.1	KREDIETKANAAL	129
5.6.1.1.1	BALANSSTAATKANAAL	132
5.6.1.1.2	BANKLENINGSKANAAL.....	134
5.6.1.2	RENTEKOERSKANAAL	138
5.6.1.3	BESTEDINGSKANAAL.....	139
5.6.1.4	WISSELKOERSKANAAL.....	139
5.6.1.5	KOSTEKANAAL	140
5.6.1.6	BELASTINGEFFEK.....	140
5.6.2	EFFEK VAN ‘N VERANDERING IN DIE GELDVOORRAAD	140
5.6.2.1	DIREKTE EFFEK VAN MONETÊRE BELEID	141
5.6.2.2	DIE INDIREKTE EFFEK VAN MONETÊRE BELEID	142
5.7	IMPAK VAN MONETÊRE BELEID OP HUISHOUDINGS EN ANDER BESTEDING VAN HUISHOUDINGS	147
5.8	GEVOLGTREKKING	149



HOOFSUK 6	150
FINALE GEVOLGTREKKING.....	150
6.1 BEVESTIGING VAN DIE DOEL VAN DIE STUDIE	150
6.2 DIE STUDIE	150
6.3 GEVOLGTREKKING	153
SAMEVATTING.....	163
SUMMARY	165

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Geldvoorraad en verbruikerspryse	18
Figuur 2.2: Inflasielyne	24
Figuur 2.3: M3 groei	31
Figuur 3.1: Samestelling van verbruikerskrediet.....	52
Figuur 4.1: Totale Private Verbruiksbesteding en Huishoudingskuld.....	92
Figuur 4.2: Verhouding van duursame en nie-duursame besteding deur huishoudings	103
Figuur 4.3: Samestelling van finale besteding deur huishoudings volgens duursaamheid...	104
Figuur 4.4: Reële rentekoerse	105
Figuur 5.1: Huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome	116
Figuur 5.2: Huishoudingskuld tot besteding deur huishoudings.....	117
Figuur 5.3: Netto welvaart van huishoudings	122
Figuur 5.4: Totale verbruiksbesteding van huishoudings as persentasie van BBP.....	145
Figuur 5.5: Prima rentekoers en persentasie verandering in besteding van huishoudings ...	147

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1: 'n Vergelyking van die kenmerke van die endogene en eksogene geldvoorraadteorieë.....	11
Tabel 2.2: Faktore wat die graad van endogeniteit beïnvloed.....	12
Tabel 2.3: Monetêre beleidsraamwerk.....	44
Tabel 3.1: Draaipunte van huishoudingskuld teen konstante pryse in die konjunktuur.....	55
Tabel 4.1: Private verbruiksbesteding volgens doelwit — 1968-SNR.....	70
Tabel 4.2: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit — 1993-SNR.....	71
Tabel 4.3: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit.....	75
Tabel 4.4: Private verbruiksbesteding volgens duursaamheid — 1968 SNR	76
Tabel 4.5: Tipes lisensies of fooie verdeel volgens belastingbetalings en finale verbruiksbesteding	79
Tabel 4.6: Lopende inkome-en-uitgawerekening van huishoudings.....	80
Tabel 4.7: Persoonlike beskikbare inkome en aanwending daarvan.....	101
Tabel 4.8: Groei in die komponente van reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings	110
Tabel 5.1: Lopende inkome en besteding van huishoudings.....	115
Tabel 5.2: Balanstaat van die persoonlike sektor.....	121
Tabel 5.3: Totale huishoudingskuld (insluitend huisverbande) as persentasie van eise van banke op die private sektor	134

LYS VAN AFKORTINGS

ANC	African National Congress
B	Monetêre basis
BBP	Bruto Binnelandse Produk
CPIX	Verbruikersprysindeks minus rentekoerse op verbandlenings
Fed	Federale Reserwe Raad van New York
IS	Investment = Saving
LADOFCA	Limitation and Disclosure of Finance Charges Act
LM	Labour = Money (Goedere- en geldmarkte in ewewig)
M	Geldvoorraadveranderlike
Md	Vraag na geld
Ms	Aanbod van geld
P	Prysveranderlike
R	Rentekoers
SA	Suid-Afrika
SAMOS	South African Multiple Option Settlement
SARB	Suid-Afrikaanse Reserwebank
SNR	Stelsel van Nasionale Rekeninge
VK	Verenigde Koninkryk
VSA	Verenigde State van Amerika
V	Omloopsnelheid van geld
Y	Inkome
\$	Amerikaanse Dollar
R	Rand

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING EN AGTERGROND

Huishoudingskuld in Suid-Afrika het oor die jare 'n belangrike faktor geword in die ekonomie. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings is 'n dryfveer vir groei in die ekonomie. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings is die belangrikste komponent van Bruto Binnelandse Produksie (soos gemeet deur die bestedingskomponente) en het deur die jare 'n groter persentasie van BBP geword, huidiglik ongeveer 60 persent. Daarom is dit belangrik om die onderlinge verband tussen huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings te ondersoek. Huishoudingskuld is 'n komponent van totale skuld in die ekonomie. Totale skuld in die ekonomie is een van die faktore wat die Reserwebank in ag neem in die toepassing van monetêre beleid.

1.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Die studie ondersoek huishoudingskuld in Suid-Afrika en die verband wat bestaan tussen huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings. Die verband wat bestaan is egter nie slegs 'n een-rigting verband nie. Die studie toon dat dit nie 'n eenvoudige proses is om hierdie verband te ondersoek nie. Die transmissiemeganisme word gebruik om te toon dat die ekonomie "a black box" is (Bernanke en Gertler 1995:27), en daarom is die onderlinge verbande tussen faktore in die ekonomie nie altyd maklik om te ondersoek nie.

1.3 UITLEG VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 1 dien as agtergrond en toon die uitleg van die res van die studie.

Hoofstuk 2 ondersoek die geldskeppingsproses om te toon waar krediet in die ekonomie inpas. Die vraag na geld en die aanbod van geld is deel van die geldskeppingsproses. Verskeie teorieë het ontstaan met betrekking tot die oordragsmeganisme en hierdie teorieë toon die ontwikkeling wat die vraag na geld ondergaan het. Die aanbod van geld en die verband met krediet word bespreek. Laastens word monetêre beleid in hierdie hoofstuk bespreek sodat die invloed van rentekoerse (wat dien as instrument van monetêre beleid) op huishoudingskuld en ook op bestedingsbesluite deur huishoudings toegelig kan word.

In hoofstuk 3 word die samestelling van huishoudingskuld breedvoerig bespreek. Die koste van krediet word toegelig en daar word gekyk na ontwikkelings in die kredietmark gedurende

die laaste dekade. Die hoofstuk word afgesluit met die verband tussen rentekoerse, vlakke van krediet en monetêre beleid.

Die onderwerp van hoofstuk 4 is finale verbruiksbesteding en die huishoudingsektor. In dié hoofstuk word 'n breedvoerige bespreking gegee van die samestelling van finale verbruiksbesteding deur huishoudings deur te verwys na die verskillende klassifikasies volgens die 1968 Stelsel van Nasionale Rekening (SNR) versus die 1993 Stelsel van Nasionale Rekening (SNR). Die hoofstuk verwys ook na verskillende verbruiksteorieë, die effek van rentekoerse, inflasie, finansiële liberalisering op besteding en verbruik oor die lewensiklus. Die verbruiksbestedingsfunksie word kortliks bespreek wat lei tot die verwantskap tussen inkome en besteding; en marginale verbruiksbesteding. Die hoofstuk word afgesluit met die bespreking van 'n internasionale gevallestudie van huishoudingskuld en verbruiksbesteding en die verloop van finale verbruiksbesteding deur huishoudings in Suid-Afrika oor die afgelope 25 jaar.

Hoofstuk 5 ondersoek die verband tussen huishoudingskuld in Suid-Afrika en finale verbruiksbesteding deur huishoudings. Die faktore wat bestedingsbesluite deur huishoudings beïnvloed word toegelig en 'n kort oorsig word gegee van monetêre beleid en die invloed op besteding. Daar word verwys na fiskale beleid maar dit word nie bespreek nie omdat dit buite die bestek van die studie val. Daarna word die transmissiemeganisme in diepte ondersoek sodat die effek van 'n verandering in die geldvoorraad op die reële ekonomie verstaan kan word. Die hoofstuk word afgesluit deur te verwys na die impak van 'n verandering in beleid op huishoudings en besteding van huishoudings.

Hoofstuk 6 som die bevindinge van die studie op met verwysing na die doel van die studie, en die gevolgtrekking dat daar 'n wedersydse verband bestaan tussen huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings. Omdat verskeie faktore beide huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings beïnvloed, is dit 'n ingewikkelde en moeilik voorspelbare proses. Faktore wat 'n rol speel in beide huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings asook hul potensiële bydrae word in die studie uitgewys.

HOOFSTUK 2

A. DIE VRAAG NA GELD EN DIE GELDSKEPPINGSPROSES

2.1 INLEIDING

As gevolg van die snelle ontwikkeling en toenemende kompleksiteit van finansiële stelsels is dit noodsaaklik dat die geldskeppingsproses ondersoek word, sodat vanuit die monetêre teorie gekyk kan word na die reële sektor.

Struktuurveranderinge in die finansiële stelsel van die land en finansiële innovasie het plaasgevind, omdat die omloopsnelheid van geld oor die afgelope twee dekades verander het. Beide kan toegeskryf word aan die volgende redes:

- (i) Handelsbanke het hulle unieke karakter verloor omdat verskille tussen finansiële instellings minder geword het. Handelsbanke moet hulle noodwendig toespits op 'n wyer reeks finansiële dienste om te oorleef onder strawwer mededinging wat ontwikkel het onder die finansiële instellings.
- (ii) Wanneer geld gedefinieer word, is die vraag watter laste van watter finansiële instellings ingesluit moet word by die definisie.
- (iii) Finansiële innovasie (nuwe finansiële instrumente) verbreed die definisie van geld.
- (iv) Finansiële innovasie in die vorm van rente wat gehef word op geld, hou gevolge in vir die sensitiwiteit van rente met betrekking tot die vraag na geld.
- (v) Deregulering van die finansiële stelsel affekteer die gedrag van banke en ander finansiële instellings.
- (vi) Veranderinge in die omgewing waarin mededinging plaasvind en die effektiwiteit van die finansiële stelsel beïnvloed die aanbod, vraag en vorms van finansiële intermediasie en ook hoe instellings reageer op monetêre beleid (Llewellyn 1989).

Strawwer mededinging beïnvloed die aanbod van krediet positief vanweë meer intense bemarkingsmetodes. Strenger monetêre beleid het nie 'n uitwerking op kredietvlakke as die hoër kredietvlakke veroorsaak is deur 'n fase van struktuurveranderinge in die finansiële stelsel van die land nie.

Stabiele ekonomiese groei vind plaas as die finansiële omgewing stabiel is. Daarom is dit belangrik om ondersoek in te stel na die invloed van 'n uitbreiding in die geldvoorraad op

private verbruiksbesteding, en spesifiek indien die uitbreiding veroorsaak is deur kredietskepping in die privaatsektor. Krediet word aangewend om besteding te finansier en verteenwoordig die vraag na geld wat lei tot die skepping van geld (aanbod van geld) en word in die volgende paragrawe verduidelik.

2.2 DIE VRAAG NA GELD

Ondanks moderne ontwikkelinge met betrekking tot die verskillende tipes geld, gegewe die beperkings wat op volmaakte inligtingsbronne bestaan en die wantroue tussen mense, sal daar altyd 'n vraag bestaan vir 'n minimum hoeveelheid basiese geld (note en munte). Dit staan onder ekonome bekend as die “kontant-voor-hande” beperking (Llewellyn 1989). Basiese geld word benodig ten einde lopende besteding te finansier omdat 'n belofte om toekomstige inkome oor te betaal aan 'n derde party om huidige besteding te finansier, soms nie goed genoeg is nie.

Die vraag na geld is 'n positiewe funksie van die volume en onsekerheid van die patroon van verwagte toekomstige transaksies en het 'n inverse verwantskap met die marge tussen die laagste rentekoers op monetêre bates en die hoogste opbrengskoers op minder likiede nie-monetêre bates. Monetêre bates is bates wat vinnig en maklik in basiese geld omgesit kan word, soos deposito's op spaarrekenings. Nie-monetêre bates is vaste bates soos eiendom, langtermyn vaste deposito's en langtermyn finansiële beleggings.

Studies met betrekking tot die vraag na geld het begin by die aanname dat daar 'n langtermyn ewewigsverwantskap bestaan tussen privaatsektor geld en ander totale makro-ekonomiese veranderlikes, soos die algemene prysvlak, reële inkome (of besteding), rentekoerse, rykdom en die inflasiekoers.

Jonkergouw (1994:17) dui op die volgende faktore wat die vraag na geld volgens die monetaristiese benadering beïnvloed:

- (i) Rykdom, wat geld, finansiële bates en ook menslike kapitaal insluit;
- (ii) Die koste en opbrengs van geld en ander finansiële bates;
- (iii) Voorkeure van besitters van rykdom; en
- (iv) Ander faktore soos die inflasiekoers.

Permanente inkome, die verhouding van menslike tot nie-menslike kapitaal, en die opbrengs op geld sal die vraag na geld positief beïnvloed, terwyl die opbrengs op ander finansiële bates

en die inflasiekoers die vraag na geld negatief beïnvloed. Verskillende teorieë is gevorm om die vraag na geld te verklaar. 'n Paar van hierdie teorieë sal vervolgens bespreek word.

2.2.1 Teorieë van die transmissiemeganisme

Die transmissiemeganisme beskryf die verskillende weë waardeur monetêre beleid werk om 'n invloed op die reële sektor uit te oefen wat uiteindelik die vraag na geld beïnvloed. 'n Verandering in die geldvoorraad (wat 'n invloed het op die krediet tot die beskikking van onder andere huishoudings) lei tot 'n verandering in reële bestedingsvraag (wat besteding deur huishoudings insluit), reële inkome of reële produksie, die algemene pryspeil en indiensnemingsvlakke (Mollentze 1994:24).

2.2.1.1 Klassieke teorie

Die hoof motief waarom geld gevra word volgens die klassieke teorie is om transaksies aan te gaan. Geld word as middel gebruik om transaksies aan te gaan. Irving Fisher ontwikkel die kwantiteitsteorie van geld:

$$MV=PT \quad (2.1)$$

waar totale besteding op goedere en dienste gelyk is aan die hoeveelheid geld in die ekonomie. Die aanname word gemaak dat V (omloopsnelheid) en T (besteding of produksie) onveranderd is. 'n Uitbreiding in die geldvoorraad lei tot 'n toename in pryse indien V en T konstant is (Mollentze (b):2).

2.2.1.2 Keynes se teorie

Volgens Keynes (1936) is daar drie motiewe vir die vraag na geld en Keynes fokus op die rol wat rentekoerse speel in die vraag na geld:

- Transaksievraag: Nominale inkome bepaal die vraag na geld vir transaksie doeleindes.
- Voorsorgvraag: Indien geld gevra word om te voorsien vir onvoorsiene omstandighede, sal dit beïnvloed word deur die inkome peil.
- Spekulatievraag: Die vraag na geld vir spekulatie doeleindes, word beïnvloed deur die verhouding tussen die huidige rentekoers en die veilige of normale vlak van rentekoerse onder die huidige omstandighede. Indien geld gevra word om te hou as bate in geldvorm, sal dit beïnvloed word deur die rentekoerse.

2.2.1.3 Neo-Keynesiaanse skool se teorie

Die voorraadbenadering van die vraag na geld is deur dié denkskool ontwikkel en sluit finansiële en kapitaalmarkte in die monetêre ekonomie in. Hierdie teorie word gebaseer op 'n gebalanseerde portefeulje van bates. 'n Styging in die geldvoorraad lei tot 'n ongebalanseerde portefeulje as gevolg van dalende rentekoerse. As die vraag na 'n bate styg, sal die prys toeneem, wat die spesifieke bate onaantreklik maak vir die potensiële belegger. Ander bates sal gekoop word totdat die portefeulje weer gebalanseer is. Die bates waarna hier verwys word sluit in: lenings, ander rentedraende (finansiële) bates en reële bates. Ander likiede bates kan naby-substitute wees vir geld wat monetêre beleid oneffektief kan maak. Die bestaan van die nie-finansiële sektor kan verder daartoe bydra dat monetêre beleid oneffektief word (Mollentze (b):4).

2.2.1.4 Post-Keynesiaanse skool se teorie

Voortvloeiend uit die Keynesiaanse teorie sal enige akkommoderende monetêre beleid lei tot hoër vraag na bates en dit sal tot inflasionistiese druk lei. Verwagtinge van hoër inflasie sal ingesluit word by werkers se loonbedingings. Dit lei tot werkloosheid omdat produsente sal probeer oorskakel na kapitaalintensiewe metodes wat laer produksiekoste het as wat arbeid het.

Pigou se welvaartseffek is ook deur hierdie denkskool ontwikkel. Die welvaartskanaal beskryf veranderinge in reële welvaart toe aan veranderinge in pryse. Laer pryse lei tot 'n toename in reële welvaart en portefeuljes word aangepas. Die moderne weergawe van die teorie word beskryf deur bate-pryseffekte. Die Pigou effek word later in hoofstuk 4.5.6 bespreek (Mollentze (b):5).

2.2.1.5 Moderne kwantiteitsteorie

Volgens Friedman se benadering word geld beskryf as 'n middel vir die berging van koopkrag. Die vraag na geld is 'n funksie van inkome. Die vergelyking

$$M^d = kPy \quad (2.2)$$

wat bekend is as die Cambridge vergelyking, toon 'n proporsionele verhouding tussen die eksogene geldvoorraad en die totale vlak van pryse. Die vraag na geld (M^d) is 'n deel (k) van nominale inkome (Py) – die prysvlak vermenigvuldig met die reële inkome. Die vraag na geld word bepaal deur die vlak van transaksies wat 'n noue verwantskap met inkome het. Met

(k) wat oor die korttermyn vas is en reële produksie (Y) wat deur aanbod omstandighede bepaal word, blyk dit uit die Cambridge vergelyking dat daar 'n proporsionele verwantskap bestaan tussen die vlak van pryse en die geldvoorraad. Die teorie het ontwikkel uit die eenvoudige kwantiteitsteorie en word gevolg deur ekonome wat tot die monetarisme behoort. Reële welvaart (permanente inkome) is van belang in die teorie en Tobin se portefeuljebenadering word gevolg met betrekking tot die vraag na geld. Wat dit beteken is dat aanpassings in die portefeulje gemaak word, indien ekonomiese toestande verander om die portefeulje weer in balans te bring.

Indien die monetêre owerheid besluit om 'n meer akkommoderende monetêre beleid te volg deur effekte te koop deur 'n opemarktransaksie (en daardeur meer geld in die ekonomie beskikbaar te stel), styg die pryse van hierdie bate om dit vir die publiek aantreklik te maak om hierdie bate aan die Sentrale Bank te verkoop. As die prys van langtermyn effekte toeneem sal rentekoerse daal. As gevolg van hoër deposito's by banke sal die reserwes van banke toeneem. As gevolg van hoër reserwes word dit vir die banke makliker om krediet toe te staan en die vraag na krediet sal ook toeneem as gevolg van die laer rentekoerse. Die portefeulje's sal opwaarts aangepas word wat finansiële bates, reële bates, besteding deur huishoudings en menslike kapitaal insluit. Besteding deur huishoudings styg as gevolg van die hoër opbrengs in die hande van die publiek vir die effekte wat verkoop is en die hoër aanbod van krediet deur banke. Algemene pryse sal begin styg as gevolg van hoër vraag na goedere en dienste (Mollentze(b):6).

2.2.1.6 Oostenrykse denkskool

Die denkskool het geen spesifieke beleid gehad oor die transmissiemeganisme nie, maar het 'n betekenisvolle bydrae gemaak tot die moderne teorie. Die denkskool het geglo dat die mark 'n meganisme het waardeur monetêre beleid na die reële sektor deurgevoer word. Beleid moet van so 'n aard wees dat dit die sloering in die deurvoering van die markkragte van die prysmeganisme tot die minimum beperk (Mollentze (b):6).

2.2.1.7 Buffervoorraadbenadering

Die buffervoorraadbenadering veronderstel dat 'n stelsel bestaan waar geld as ruilmiddel aangebied word. Ruilhandel en krediethandel kan steeds bestaan maar die hoofmetode van betaling sal geld wees. Die vraag na geld sal die gemiddelde hoeveelheid geld wees wat gehou wil word as voorraad oor 'n sekere tydperk. Dit staan ook bekend as sy mikpuntvlak. Volgens Laidler (1984) word geld wat as voorraad gehou word 'n substituuat vir inligting. Die persoon of instansie wat die geld hou, kan die gevolge van onvoorsiene omstandighede dra,

teen 'n laer koste as wat andersins die geval sou wees. 'n Individue se vraag na geld sal variëer oor tyd en word beïnvloed deur een of meer eksogene determinante, soos die rentekoers, pryse (inflasiëkoers) of die vlak van sy permanente inkome. Die individue se langtermyn vraag na geld, is die mikpuntvlak van sy buffervoorraad. 'n Verskil tussen die werklike en langtermyn mikpunt geldbalanse, sal 'n verandering meebring in die individue se lopende besteding op goedere en dienste en investering om bates aan te vul. 'n Verskil tussen die werklike en mikpunt geldvoorraad sal 'n reële balans effek in werking stel. Geld is die mees likiede bate wat as buffervoorraad gehou kan word.

Die moderne sienings van die transmissiemeganisme word in hoofstuk 5.6 onder die kanale van die transmissiemeganisme bespreek.

2.2.2 Stabiliteit van die vraag-na-geld funksie

Spekulasievraag na geld is onvoorspelbaar omdat rentekoerse nie stabiel is nie. Verwagtinge speel 'n groot rol wat maklik verander en aanpas by die rentekoers. Die onvoorspelbare vraag-na-geld funksie kan monetêre beleid ondermyn.

2.2.3 Rentekoerselastisiteit van die vraag-na-geld funksie

Dit toon die mate waartoe die vraag na geld sal verander wanneer rentekoerse verander.

2.2.3.1 Lae rentekoerselastisiteit

Volgens die neoklassieke en monetaristiese standpunte toon die vraag na geld min reaksie op 'n relatiewe groot rentekoersverandering. 'n Geldvoorraadverandering sal 'n groot verandering in rentekoerse moet veroorsaak voordat die vraag en aanbod van geld in ewewig sal kom om 'n invloed op bestedingsvlakke uit te oefen (gegewe 'n redelike rentekoerselastiese bestedingsfunksie). 'n Rentekoersonelastiese vraag-na-geld funksie toon dat geld 'n swak substitoot is vir alternatiewe finansiële bates. In hierdie geval sal monetêre beleid baie effektief toegepas kan word.

2.2.3.2 Hoë rentekoerselastisiteit

Die Keynesiaanse standpunt word hiermee vereenselwig en dit toon dat die vraag na geld 'n groot verandering toon in reaksie op 'n rentekoersverandering. Besteding sal in hierdie geval nie veel beïnvloed word indien rentekoerse verander nie. In die uiterste geval kan die vraag volkome elasties word by baie lae rentekoerse. 'n Verandering in die geldvoorraad sal nie rentekoerse kan verlaag nie.

2.2.3.3 Gemiddelde rentekoerselastisiteit

In hierdie geval sal 'n uitbreiding in die geldvoorraad 'n daling in rentekoerse veroorsaak wat die ekonomie stimuleer en 'n verhoging in inkome teweegbring.

2.2.4 Inkome-elastisiteit van die vraag-na-geld funksie

'n Lae elasticiteit dui daarop dat die vraag na geld min reageer op 'n verandering in inkome. Wanneer die geldvoorraad uitbrei sal die inkomepeil soveel meer moet toeneem om 'n styging in die vraag na geld te veroorsaak, wat nuwe ewewig in die geldmark teweeg kan bring. Beleid is dus redelik effektief in hierdie geval.

2.3 DIE AANBOD VAN GELD

Die geldvoorraad in die ekonomie verteenwoordig die aanbod van geld. Dit dui op die hoeveelheid geld wat beskikbaar is aan ekonomiese eenhede om transaksies aan te gaan. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het reeds in 1921 'n alleenmandaat van die regering verkry om reserwegeld of basiese geld te skep. Basiese geld of die monetêre basis bestaan uit note en munte in omloop en reserwedeposito's van bankinstellings by die Sentrale Bank waarteen bankinstellings krediet verleen en sodoende meer geld skep. Dit vorm die basis vir die aanbod van geld. Die definisie van die geldvoorraad vir Suid-Afrika is soos volg:

M_0 = Note en munte in omloop buite die SA Reserwebank en deposito's van banke¹

M_1 = Note en munte in omloop buite die monetêre sektor, tjek- en transmissiedeposito's²
asook ander vraagdeposito's

M_2 = M_1 + Korttermyn en mediumtermyn deposito's by monetêre instellings³

M_3 = M_2 + Langtermyn deposito's⁴

Volgens Hostland, Poloz en Storer (1989) is daar soveel as 46 maniere waarvolgens die aanbod van geld gespesifiseer kan word.

2.3.1 Eksogene/endogene aanbod van geld

Studies wat gedoen is met betrekking tot die vraag na geld het die vraag laat ontstaan of die aanbod van geld eksogeen of endogeen bepaal word. Die twee begrippe is so vroeg as 1908 deur Bouniatian in "Studien zur Theorie und Geschichte der Wirtschaftskrisen (Studies in die teorie en geskiedenis van ekonomiese krisis) bekend gestel. Wanneer 'n model ontwikkel

¹Sluit kontant in die kluis van die banksektor in.

²Sluit kontant in die kluis van die banksektor uit.

³Huishoudings is verantwoordelik vir die grootste hoeveelheid veranderinge in die M_2 geldvoorraad.

⁴Verhandelbare depositosertifikate (vastetermyn deposito's).

word sal 'n eksogene veranderlike se waarde buite die model bepaal word, terwyl 'n endogene veranderlike se waarde binne die model bepaal word.

Engle, Hendry en Richard (1983) herformuleer die definisie van eksogeniteit in terme van swak eksogeniteit, sterk eksogeniteit en super eksogeniteit. Die drie konsepte word deur die volgende voorbeeld toegelig:

Gestel nominale geldinkome (M) is eksogeen tot nominale inkome (Y). As terugvoer vanaf (Y) na (M) bestaan is die verwantskap swak eksogeen. Indien terugvoering ontbreek is (M) sterk eksogeen. As veranderings in (M) voorspel word deur ekonomiese rolspelers sodat veranderings in (M) slegs 'n skaaleffek op (Y) het met geen effek op reële veranderlikes nie, sal (M) super eksogeen wees.

2.3.1.1 Ontwikkeling van die endogene geldvoorraad teorie

Fisher het die ruilvergelyking ontwikkel wat gebruik is in die kwantiteitsteorie van geld waar $M = kY$. Die meeste van die deelnemers in die aanvanklike debat oor geld het aangeneem dat geldvoorraad eksogeen bepaal word deur die Sentrale Bank. Eers in die laat 1950s en vroeë 1960s het die Radcliffe kommissie bepaal dat die geldvoorraad in Brittanje endogeen bepaal word, omdat monetêre beleid finansiële innovasie bevorder het wat meer lenings tot gevolg gehad het wat die omloopsnelheid van die monetêre totale beïnvloed het. Kritiek teenoor die Keynesiaanse skool, monetariste en rasionele verwagtingsteorie het daartoe gelei dat heelparty ekonome vanaf die eksogene geldvoorraad teorie oorgeskakel het na verskeie weergawes van die endogene geldvoorraad teorie. Die weergawes het verskil ten opsigte van die:

- (i) Periode van analise (is die geldvoorraad endogeen oor die korttermyn of die langtermyn);
- (ii) Graad van endogeniteit;
- (iii) Faktore wat belangrik is in die bepaling van die graad van endogeniteit en sluit Sentrale Bank mikpunte en toepassingstegnieke in; en
- (iv) Rigting van oorsaaklikheid tussen ekonomiese aktiwiteite, die vraag na krediet, banklenings, die vlak van pryse en die aanbod van geld.

Basil Moore (1989, 1991a, 1991b) is in die laaste jare 'n leier op die gebied van die endogene teorie. Navorsing deur die skrywer, veral in die laat tagtigerjare, en verskeie ekonome se reaksies hierop het daartoe gelei dat konsensus, veral ten opsigte van 'n paar punte met betrekking tot die twee teorieë, bereik kon word.

Tabel 2.1: 'n Vergelyking van die kenmerke van die endogene en eksogene geldvoorraadteorieë

ENDOGENE GELDVOORRAAD TEORIE	EKSOGENE GELDVOORRAAD TEORIE
<ul style="list-style-type: none"> • Vraag na bankkrediet word akkommodeer ten minste oor korttermyn agv oortrekkingsfasiliteite, kredietkaartlimiete wat banklenings nie-diskresionêr maak. • Sentrale Bank akkommodeer banke se vraag na reserwes deur opemarktransaksies. Aanbod is elasties oor die korttermyn en die Sentrale Bank beheer die marginale koste van reserwes deur beheer oor die rentekoers, administrasie van die diskontokoerse, die hoeveelheid reserwes pas aan by die kommersiële banke se vraag teen die prys wat die Sentrale Bank stel. • Finansiële innovasie soos lastebestuur, batebestuur, toetrede van nie-bank instellings laat toe vir 'n uitbreiding in bankkrediet selfs al word reserwes beperk. • Banklenings skeep deposito's (M1 geld) wat baie likied is en wat omskep word in ander nie-M1 geld. • Vraag na geld bepaal die grootte en groeikoers van krediet, reserwes en geld. • Die vraag na bankkrediet is 'n funksie van die vlak van ekonomiese aktiwiteit, eksogene veranderinge in die gemiddelde vlak van loonkoerse en die prysvlak, sowel as verwagtings van hierdie faktore en spekulatiewe finansiële transaksies. 	<ul style="list-style-type: none"> • Monetêre owerheid, fiskale beleid of ander eksogene faktore buite die interaksie tussen die banke en hulle klante bepaal die omvang en groeikoers van die geldvoorraad. • Die geldvoorraad vermenigvuldiger impliseer dat kousaliteit vanaf bankreserwes na die geldvoorraad is. • Die aanname is dat kousaliteit loop vanaf veranderinge in die monetêre beleid of ander eksterne faktor(e) na die aanbod van geld en dan na veranderinge in die vlak van nominale bruto nasionale produk. • Die private monetêre bankstelsel en die ekonomie reageer passief op beleidsveranderinge.

Tabel 2.1: ‘n Vergelyking van die kenmerke van die endogene en eksogene geldvoorraadteorieë (vervolg)

ENDOGENE GELDVOORRAAD TEORIE	EKSOGENE GELDVOORRAAD TEORIE
<ul style="list-style-type: none"> • Behalwe vir Moore en Kaldor wat totale horisontalite is ten opsigte van die aanbodkromme word die geldvoorraad beskou as gedeeltelik endogeen, met die helling van die aanbodkromme van geld effe opwaarts teenoor die rentekoers. • Rentekoersmikpunte, oortrekkingslimiete /kredietlyne word beskou as die faktore wat bydra tot endogeniteit oor die korttermyn terwyl finansiële innovasie belangrik is oor die langtermyn. ⁵ 	

Niggle (1991:144) het bepaal dat verskillende faktore die graad van endogeniteit beïnvloed en het dit in drie groepe verdeel.

Tabel 2.2: Faktore wat die graad van endogeniteit beïnvloed

FAKTORE	EKSOGENE/ENDOGENE INVLOED OP DIE GELDVOORRAAD
Vorme van geld:	
Kommoditeitsgeld “commodity money”	Eksogeen: bepaal deur handelsbalans, mynwese, “disharding”
Basisgeld deur die owerheid in die vorm van Bankkrediet (note en tjeks)	Eksogeen: bepaal deur tekort
100 persent reserwevereiste	Eksogeen: bepaal deur banke se kapitaal
Geen reserwevereiste	Endogeen: bepaal deur kredietvraag, bankportefeulje voorkeure
Sentrale Bank	

⁵ Kommoditeitsgeld = goud, omskakelbare papiergeld
Basisgeld = geld deur die regering in die stelsel geplaas (monetêre basis)
Bankkredietgeld = banknote en ander vorme van geld in gebruik.

Tabel 2.2: Faktore wat die graad van endogeniteit beïnvloed (vervolg)

FAKTORE	EKSOGENE/ENDOGENE INVLOED OP DIE GELDVOORRAAD
Gedeeltelike/fraksionele bankwese met 'n oop diskontovenster Diskresionêre venster Opemarktransaksies Rentekoersmikpunte	Endogeen: reserwes beskikbaar op aanvraag Gedeeltelik endogeen: reserwes bepaal deur bankpraktyke, sentrale bank beleid Endogeen tot eksogeen: afhanklik van mikpunte, operasionele tegnieke en banktegnieke om fondse te bekom Endogeen: bepaal deur rente-elasticiteit of vraag na krediet, reserwes
Reserwe en monetêre groothede mikpunte	Eksogeen sonder skuldbestuur by banke
Lener in die laaste instansie	Endogeen tot eksogeen: afhanklik van voorkeur gegee aan die lener-in-laaste-instansiefunksie. As dit eerste prioriteit is en as "sistemiese" ⁶ funksie interpreteer word: endogeen.
Handelsbanktegnieke	
Geen skuldbestuur Skuldbestuur Internasionale finansiële markte	Eksogeen Endogeen Endogeen: bepaal deur die geredelikheid van toegang tot internasionale bronne van fondse.

Die Post-Keynesiaanse denkskool stem saam oor die rigting van oorsaaklikheid tussen lenings en deposito's: lenings skep deposito's. Die punte waar die verskillende denkskole verskil is onder andere oor die impak van addisionele lenings op die aanbod van geld wat beïnvloed word deur die manier waarop mense die deposito's gaan aanwend wat deur die lenings geskep word (aankoop van verbruikersgoedere, afbetalings van bestaande lenings, aankoop van aandele of deposito's by die bankinstelling). Denkskole verskil ook oor die terme waarteen banke bereid is om addisionele lenings te maak wat te doen het met die helling van die totale

aanbodkromme van lenings wat die verhouding tussen die rentekoers en die totale aanbod van lenings toon. 'n Horisontale kromme toon akkommoderende endogeniteit en 'n positiewe helling toon strukturele endogeniteit (Pollin se afleiding).

Palley (1991:398) tref 'n vergelyking tussen die akkommoderende en strukturele posisie. Volgens die akkommoderende posisie is die korttermyn rentekoers (koste van fondse) deur die Sentrale Bank vasgestel en stel handelsbanke 'n koers vas bo die basiese koers waarteen fondse aan die publiek geleen word. Die leningskromme is horisontaal en die vlak van lenings word bepaal deur die vraag daarna. Die Sentrale Bank akkommodeer die reserwevereistes om die integriteit van die bankstelsel te beskerm. Volgens die strukturele posisie het die leningskromme 'n positiewe helling omdat die koste vir die bankstelsel om meer fondse te bekom verhoog soos die vraag verhoog. Die volume en terme van die totale leningskromme toon beide vraag en aanbod oorwegings. Die helling word beïnvloed deur die beleid van die Sentrale Bank. Banke maak lenings wat deposito's skep, wat veroorsaak dat lenings in totaal hulleself finansier. Slegs die reserwes wat benodig word om die deposito's te ondersteun word as finansiering benodig.

Endogene geldvoorraad beteken dat die geldvoorraad groei as gevolg van druk binne die finansiële markte. Vir beleidsdoeleindes beteken dit dat Sentrale Bank optrede om die groei in die geldvoorraad en krediet te beheer, nie so effektief is soos by eksogene geldvoorraad nie. Lenings skep deposito's en later word reserwes gevind. Onder akkommoderende beleid word die rentekoers waarteen fondse verskaf word beheer deurdat die repokoers deur die Sentrale Bank beheer word. Reserwes wat verlang word, word voorsien teen die vasgestelde prys wat toon op 'n horisontale aanbod-van-geld kromme. 'n Omgekeerde kousale verband bestaan tussen lenings/depositos/reserwes in teenstelling met konvensionele literatuur wat beweer reserwes skep deposito's. Geldvoorraad of M1 is nie meer 'n betroubare beheermaatreël nie.

Pollin (1991:370) toets 'n paar punte ten opsigte van die akkommoderende posisie soos volg:

(i) Proporsionaliteit in die bewegings van lenings tot reserwes:

As geleende en nie-geleende fondse perfekte substitute is teen geadministreerde rentekoerse en die vraagbepaalde aanbod van reserwes is oneindig elasties, sal die toename in die vraag na lenings met 'n eweredige toename in reserwes aangevul word. Die horisontale aanbodkromme

⁶ "Sistemiese" is die domino effek wat die hele bankstelsel in duie kan laat stort indien een handelsbank nie sy verpligtinge kan nakom nie.

van geld impliseer dat lenings en reserwes in dieselfde verhouding toeneem. As dit nie gebeur nie beteken dit dat een of ander belangrike teenvoeter tot volle akkommodasie bestaan. Solank die moontlikheid bestaan dat fondse vir reserwes bekom kan word teen koerse wat laer is as die markkoerse, deur opemarktransaksies of die diskontovenster (bo-koste ingesluit), beteken dit daar is 'n kwantiteitsbeperking op die voorsiening van reserwes. Die gevolg is dat reserwes dalk nie in verhouding tot die lenings sal toeneem nie.

(ii) Is geleende en nie-geleende fondse nabye substitute:

As die groeikoers van nie-geleende fondse 'n inverse verband toon met die groeikoers van geleende reserwes kan dit beskou word as nabye substitute. Palley het in 1987-1988 getoon dat dit wel so is.

(iii) Rentekoers kousaliteit – is dit vanaf die Sentrale Bank na die finansiële mark:

Party koerse kan in die finansiële mark aangepas word in afwagting van veranderinge in die bankkoers of repokoers. Dit beteken egter nie dat die Sentrale Bank sy koerse sal aanpas as die markkoerse verander het nie. As die Sentrale Bank besluit om sy koerse te verander hoef die handelsbanke nie te wag vir sekere omstandighede om hulle koerse te verander nie. Indien hulle fondse teen laer rentekoerse beding, is daar geen aansporing om koerse aan te pas nie.

Volgens die strukturele posisie voorsien die Sentrale Bank nie in al die reserwes wat verlang word nie en stel 'n kwantitatiewe beperking in op die voorsiening van reserwes. Beperkings op nie-geleende reserwes plaas 'n beperking op die totale reserwes beskikbaar aan die mark, en dan is geleende en nie-geleende fondse nie substitute nie. Handelsbanke soek lenings deur die repostelsel net in noodgevalle, as gevolg van administratiewe beperkings (sekuriteit) op lenings deur die repostelsel.

Verder is daar verskeie beperkings op die Sentrale Bank om al die fondse wat benodig word te voorsien, soos 'n hoë inflasiekoers wat deur te veel krediet verder sal verhoog. Skuldbestuur kan die reserwes wat verlang word voorsien deur fondse uit die depositeorekenings met hoë reserwevereistes oor te plaas na fondse met lae reserwevereistes binne die korttermyn geldmark. In terme van die huidige reserwevereistes wat bereken word as 'n persentasie van die totale laste van die banke, sal hierdie verskuiwing geen verligting meer hê nie. Groei in skuldbestuur oefen opwaartse druk uit op rentekoerse as gevolg van hoër koste op die bestuur van die lastekant van die banke se balansstate.

Finansiële innovasie verlig die druk op rentekoerse en sluit terugkoop-ooreenkomste en die mark vir depositosertifikate in. As markte nie voldoende reserwes genereer nie, ontstaan 'n likiditeitstekort wat lei tot minder lenings, omdat handelsbanke bates moet verkoop en lenings moet aflos om genoeg reserwes te genereer.

2.3.2 Rol van sentrale banke in die aanbod van geld

Die aanbod van geld is volgens die ortodokse teorie gevorm op die hipotese van oorskot bankreserwes en die basiese vermenigvuldigerproses. Lenings wat deur banke toegestaan word kan net verhoog as deposante hulle deposito's by banke verhoog. *Reserwes genereer deposito's.*

Moderne teorie impliseer dat banke kleinhandelaars is in die verkoop van krediet. Die aanbod van lenings word bepaal deur die vraag daarna. Geld word geskep wanneer lenings toegestaan word. *Lenings vloei later in die bankstelsel in as deposito's.* Reserwes is beskikbaar teen 'n prys en hoef nie beskikbaar te wees voor lenings toegestaan word nie. Moore (1989:11) stel dit soos volg: "The money supply is endogenously both credit driven and demand determined." As gevolg hiervan kan die reserwes geen oorsaaklike rol in die geldskeppingsproses speel nie.

Die Sentrale Bank het 'n reserwevereiste om die publiek se behoefte aan likiditeit te ondersteun in tye van groot onttrekkings deur deposante om sodoende die bankstelsel likied te hou en paniek te voorkom onder die gemeenskap. Die reserwevereistes dien ook as direkte instrument van monetêre beleid.

Skuldbestuur is 'n vorm van finansiële innovasie wat ontstaan het omdat reserwes beskikbaar is by die Sentrale Bank teen 'n prys. Dit verwys na die uitreiking, deur handelsbanke, van hulle eie verhandelbare skuldinstrumente om fondse op aanvraag te verkry (die groothandel-geldmark). Omdat die Sentrale Bank die handelsbanke akkommodeer wanneer 'n tekort aan likiditeit ondervind word (met bates as sekuriteit), het die hoeveelheid likiede bates afgeneem, wat 'n laer opbrengskoers het, wat banke moes hou om vinnig in kontant om te skakel indien dit nodig is. Skuldbestuur het die belangrikheid van die voorsorgmotief om likiede bates te hou veral vir huishoudings, ondernemings en finansiële instellings drasties laat afneem. Volgens die voorsorgmotief het die rolspelers likiede bates gehou in die lig van onsekerhede met betrekking tot die toekomstige stroom van ontvangstes. Onbenutte krediet- en oortrekkingsfasiliteite tot die beskikking van die rolspelers verlaag die voorsorgmotief om

likiede bates te hou. Omdat banke hulle eie sekuriteitsvereistes en risikostandaarde stel, sal daar altyd 'n paar individuele kliënte wees wat ontevrede is omdat oortrekkingsfasiliteite nie aan hulle toegestaan word nie. In totaal is oortrekkingslimiete altyd meer as die werklike getal lenings wat gemaak word.

2.3.3 Rentekoerselastisiteit van die aanbod-van-geld funksie

Die monetêre owerheid oefen onder andere beheer uit oor die geldvoorraad deur gebruikmaking van die rentekoers as instrument. Die manier waarop die owerheid beheer uitoefen oor die geldvoorraad, het aansienlik in Suid-Afrika verander vanaf Maart 1998. Daar is ook beweeg vanaf direkte beheermaatreëls na indirekte (markgerigte) maatreëls.

Die monetêre owerheid kan 'n invloed uitoefen op die monetêre basis deur opemarktransaksies of omgekeerde repotransaksies wat vanaf 1998 in Suid-Afrika gebruik word. Verder kan die kontantreserwe of likiede batereserwe verhoudings beïnvloed word asook die repokoers waarteen fondse by die Sentrale Bank geleen kan word.


2.3.4 Geldvoorraad en pryse

Prysstabiliteit en monetêre stabiliteit gaan hand aan hand omdat daar 'n verwantskap bestaan tussen geld en pryse, veral oor die lang termyn. Capie (Wood 1998) bespreek hierdie verwantskap en verwys na die geskiedenis van pryse vanaf 200AD. Capie (*op. cit.*) maak 'n vergelyking tussen die geldvoorraad en pryse in veral die VSA en Brittanje oor 'n periode van 'n honderd jaar (1890-1990) en vergelyk ook Duitsland en Japan (1960-1990) en kom dan tot die gevolgtrekking dat wanneer 'n sterk uitbreiding in die geldvoorraad voorkom, dit gevolg word deur pryse wat skerp styg. Hieruit kan afgelei word dat owerhede wat onder druk is, vinnig die toevlug neem tot die druk van geld en dat inflasie kort op die hakke hiervan volg.

David Hume het in 1752 reeds verwys na die inflasionistiese effek van die uitbreiding in die geldvoorraad deurdat "augmentation (in the quantity of money) had no other effect than to heighten the price of labour and commodities... after prices have settled it has no manner of influence". Die groei in die geldvoorraad aan die ander kant is baie wisselvallig en daarom is die oorskot geld in verhouding tot produksie die oorsaak van 'n toename in pryse. Inflasie ontstaan wanneer die hoeveelheid geld aansienlik vinniger toeneem as produksie. Dit moet in aanmerking geneem word dat pryse op sigself 'n bydrae lewer tot aanhoudende prysstygings deur verwagtings omtrent toekomstige pryse en 'n verandering in die omloopsnelheid van geld. 'n Styging in M lei tot 'n verhoging in vraag in die ekonomie wat produsente die idee kan gee dat die verhoging in vraag permanent is, wat tot 'n toename in produksie lei. Dit is

slegs tydelik van aard en die hoeveelheid sal terugkeer na die oorspronklike vlak maar teen 'n hoër prys.

Figuur 2.1 toon die persentasie verandering (dieselfde maand van die vorige jaar) van geldvoorraad en verbruikerspryse. Uit die figuur kan duidelik gesien word (veral vanaf 1994) dat 'n styging in die geldvoorraad 'n invloed op die styging in pryse het. Vanaf 1994 was pryse wel op 'n meer afwaartse neiging as gevolg van die Reserwebank se intense pogings om inflasie te verlaag.



Bron: SARB (2001)

Figuur 2.1: Geldvoorraad en verbruikerspryse

2.3.5 Geldvoorraad en wisselkoerse

Onder 'n stelsel van swewende wisselkoersebeleid sal monetêre beleid die wisselkoers direk beïnvloed deur die verskil in rentekoerse tussen die lande wat met mekaar handel dryf. Beperkende monetêre beleid lei tot hoër reële rentekoerse wat Randdeposito's meer aantreklik maak. Dit veroorsaak 'n appresiasie van die plaaslike geldeenheid wat die prys van plaaslike goedere in terme van buitelandse goedere duurder maak. Netto uitvoer sal afneem wat 'n verlaging in produksie meebring. Investering deur die buiteland behoort te verhoog as gevolg van hoër rentekoerse. Dit behoort die land se buitelandse reserwes te verhoog.

Onder 'n stelsel van vaste wisselkoerse sal beperkende monetêre beleid net lei tot 'n uitbreiding in die vlak van buitelandse reserwes sonder dat die waarde van die geldeenheid beïnvloed word. Omdat die Sentrale Bank die plaaslike geldeenheid sal moet ruil vir

buitelandse geld om die wisselkoers “vas” te hou, sal die geldvoorraad weer toeneem en is die beperkende monetêre beleid oneffektief.

Onder 'n vry-swewende wisselkoersstelsel sal die land nie nodig hê om die vlak van die wisselkoers vas te stel nie, omdat die koers outomaties behoort aan te pas by veranderinge in die vraag en aanbod in die valutamark.

Geen land het tot dusver 'n totaal vry-swewende wisselkoersbeleid gevolg nie, maar eerder 'n beheerde swewende wisselkoersbeleid, waar die wisselkoers en gepaardgaande buitelandse reserwes "bestuur" word deur die monetêre owerheid. In hierdie geval word die wisselkoers en buitelandse reserwes eerder beskou as 'n intermediêre doelwit.

Deurdadig die monetêre owerheid die wisselkoers beïnvloed deur tydelike inmenging (binne perke) in die valutamark, kan die wisselkoers op 'n vlak gehou word wat 'n effek uitoefen op binnelandse besteding, produksie en pryse. Wanneer besluite geneem word ten opsigte van die vlakke waartussen die wisselkoers kan varieer, word die owerhede gelei deur die effek wat die appresiasie of depresiasie van die wisselkoers sal hê op pryse van invoer en uitvoer en indirek op die inflasiekoers en die stimulerende effek van 'n laer wisselkoers op die vlak van ekonomiese aktiwiteite (produksie).

2.4 GEVOLGTREKKING

Die geldskeppingsproses in 'n moderne ekonomie is soos volg: die handelsbank staan 'n lening toe aan sy kliënt en die bedrag word in sy bankrekening gedeponeer. Deposito's verhoog in direkte verhouding tot die lening. Soos die lener die geld spandeer, kan die ontvanger die geld onttrek indien hy sy bankrekening by 'n ander instelling hou (deur daaglikse verrekening/vereffening tussen banke) of die geld bly in die bankstelsel en word net verplaas van een rekeninghouer se rekening na die volgende. Indien die lenings deur die handelsbanke toegestaan, in verhouding baie meer is as mede-handelsbanke se lenings, sal die betrokke bank eers interbank-lenings bekom en indien die lenings onvoldoende is sal van akkommodasie gebruik gemaak word sodat vereffening tussen banke kan geskied. Sodra akkommodasie toegestaan word vind 'n verhoging in die aanbod van geld (geldvoorraad) plaas.

'n Verhoging in reserwevereistes deur die Sentrale Bank verlaag die hoeveelheid krediet/lenings in die ekonomie. Die indirekte effek is deur die hoër koste om fondse te

bekom. Die hoeveelheid waarmee die vlak van krediet sal verlaag as gevolg van die hoër koste, sal afhang van die rentekoerselasitisiteit van die vraag na bankkrediet. Reserwevereistes word egter nie maklik aangepas in 'n moderne ekonomie nie, vanweë die rigiditeit van 'n moderne bankstelsel.

Die gedrag van die nie-finansiële sektor met betrekking tot die samestelling van 'n portefeulje (diversifikasie van bates en laste) word bepaal deur inkome, welvaart, opbrengs op die bates en risiko's onderhewig aan die balansstaatbeperking.

B. MONETÊRE BELEID⁷

2.5 INLEIDING

Om 'n goeie begrip te kry van die monetêre stelsel wat in Suid-Afrika toegepas word, moet 'n verduideliking verskaf word van presies wat verstaan word onder monetêre beleid, wat die onderskeie doelwitte is wat bereik wil word en wat die onderskeie instrumente is wat gebruik kan word om die beleid so doeltreffend as moontlik toe te pas. Die beskikbare beleidsinstrumente asook die instrumente wat spesifiek in Suid-Afrika gebruik word, sal bespreek word. Die monetêre stelsel wat in Suid-Afrika gebruik word, sal vergelyk word met die stelsel wat in sommige ander lande gebruik word.

Spesifieke probleme wat die laaste jaar of twee in Suid-Afrika ondervind word, sal bespreek word tesame met die beleidsmaatreëls wat aangewend is en kan word om hierdie probleme die hoof te bied.

2.6 OMVANG VAN MONETÊRE BELEID

Monetêre beleid moet bydra om 'n omgewing te skep waarbinne die ekonomie effektief kan funksioneer. Die oorskot aanbod van geld veroorsaak inflasie en nie die oorskot vraag na geld nie. Veranderinge in reële rentekoerse het 'n korttermyn effek op reële netto uitvoer, reële besteding, reële investering en reële bruto binnelandse produk. Na die korttermyn effek, sal lone en pryse begin aanpas en die reële bruto binnelandse produk terugkeer na normaal

⁷ Vir hierdie deel van die studie is grotendeels gebruik gemaak van verskeie dokumente van die SA Reserwebank (SARB) en die SARB College. Dr RM Gidlow het meeste van hierdie materiaal geskryf en dank kom hom toe vir die gebruik daarvan.

volgens die rasionele verwagtingsteorie. Oor die lang termyn keer die reële rentekoers en wisselkoerse terug na hulle fundamentele waardes.

2.7 OMSKRYWING VAN MONETÊRE BELEID

Monetêre beleid word toegepas wanneer beheer oor die monetêre laste van die Sentrale Bank (i.e. die aanbod van geld) uitgeoefen word met die doel om sekere uiteindelijke doelwitte te bereik.

Die missie van die Suid-Afrikaanse Reserwebank - “die bereiking en handhawing van finansiële stabiliteit”, impliseer dat die Sentrale Bank moet bydra om die omgewing te skep waarbinne stabiliteit gehandhaaf kan word. Dit sluit ook ‘n stabiele geldeenheid in. Soos dit blyk uit hierdie studie, word die vlak van die geldvoorraad in Suid-Afrika deur die vraag daarna bepaal en nie deur die aanbod nie. Die Reserwebank gebruik rentekoerse om die geldvoorraad te beheer om sodoende stabiliteit te handhaaf.

Monetêre beleid is besluite deur die monetêre owerhede geneem en geïmplementeer om sekere uiteindelijke doelwitte gestel met betrekking tot die land se ekonomie te bereik, of te help bereik, deurdat besluite geneem ten opsigte van die volume en samestelling van binnelandse besteding en produksie beïnvloed word. Die monetêre owerheid van die land bestaan tans uit die Sentrale Bank. Die besluite sluit nie belastings gehef en verbruik deur die owerheid in nie omdat dit met fiskale beleid te doen het, maar wel hoe die owerheid sy tekorte gaan finansier. Hieruit kan afgelei word dat fiskale beleid en monetêre beleid ‘n nou verband het en fiskale beleid moet in oorleg met die monetêre owerheid geneem word. Monetêre beleid behels meer as net besluite ten opsigte van geld. Dit is meer spesifiek, die beheer oor die hoeveelheid geld of die binnelandse koopkrag van geld. Die term "geld" word wyer gedefinieer as net die note en munte in omloop. Monetêre owerhede is nie in staat daartoe om die hoeveelheid geld in omloop direk en effektief te beheer nie. Monetêre beleid behels eerder besluite ten opsigte van die volgende:

- (i) Vlak en struktuur van binnelandse rentekoerse;
- (ii) Omvang van uitstaande binnelandse krediet;
- (iii) Potensiaal om krediet uit te brei (gemeet deur oorskot reserwes van bankinstellings);
- (iv) Wisselkoers;
- (v) Likiditeit van die ekonomie;
- (vi) Hoe moeilik/maklik lenings bekom word; en

(vii) Persepsies van mense met betrekking tot die beskikbaarheid van geld vir besteding.

Indien die monetêre owerheid besluit om nie in spesifieke omstandighede op te tree nie, behels dit ook die toepassing van monetêre beleid, dus kan monetêre beleid op 'n positiewe of negatiewe wyse toegepas word. Positiewe beleid is wanneer die monetêre owerheid optree en negatiewe beleid is wanneer die monetêre owerheid optrede weerhou.

Monetêre owerhede het sekere uiteindelijke mikpunte met die toepassing van monetêre beleid wat bereik word, deur sekere doelwitte te stel. Om hierdie doelwitte te bereik, gebruik die monetêre owerhede verskeie tipes beleidsinstrumente. Die uiteindelijke mikpunte, doelwitte, operasionele veranderlikes en beleidsinstrumente en die wat vir Suid-Afrika van belang is, sal onder die raamwerk van monetêre beleid bespreek word.

2.8 RASIONELE VERWAGTINGS

Die individu baseer sy vooruitskatting van die toekomstige waarde van die inflasiekoers op alle historiese en huidige inligting tot sy beskikking. As markdeelnemers 'n verandering in monetêre beleid waarneem, sal dit reflekteer in die verwagtings oor inflasie. Vakbonde kan hierdie verwagtings in onderhandelinge vir hoër lone insluit, wat geen effek op rentekoerse deur die transmissiemeganisme sal hê nie. Volgens hierdie teorie sal verwagte veranderinge in geldvoorraad geen effek op reële produksie hê nie. Empiriese bewyse toon dat 'n verwagte verandering in die geldvoorraad wel 'n invloed op reële produksie het.

2.9 VERANDERINGE IN FINANSIËLE MARKTE

Globalisering, innovasie en deregulering het markstrukture verander wat die toepassing van monetêre beleid bemoeilik. Huishoudings is minder afhanklik van bankkrediet as enigste bron van finansiering. Verskansing teen veranderinge in rentekoerse en wisselkoerse het die toepassing van monetêre beleid bemoeilik. Oortrekkingsfasiliteite wat beskikbaar is waarborg krediet tot die beskikking van die verbruiker. Dit versterk die sloeringseffek van monetêre beleid op die reële sektor omdat lenings onder 'n waarborg van die bankinstelling gemaak kan word. Indien die monetêre owerheid besluit om monetêre beleid te verander word die impak van 'n verandering in beleid uitgestel.

2.10 TOEPASSING VAN MONETÊRE BELEID

Die omvang van die M3 geldvoorraad (en in die besonder basiese geld – wat ongeveer 5 persent van die totale geldvoorraad uitmaak) moet uiters versigtig deur die Suid-Afrikaanse

Reserwebank bestuur word om finansiële stabiliteit te handhaaf. Inflasiemikpunte word gestel om te verseker dat stabiliteit gehandhaaf word. Die binnelandse waarde van die land se geldeenheid word gemeet deur die verbruikersprysindeks. Voordat inflasiemikpunte as doelwit gestel is het die Suid-Afrikaanse Reserwebank die indeks vir kerninflasie gemonitor. Die indeks sluit sekere items uit en was gebruik omdat gereken is dat:


- (i) Monetêre beleid nie 'n invloed het op alle items oor die kort termyn nie, omdat die items onderworpe is aan seisoensveranderinge. Die seisoensale invloed dra die verkeerde boodskap aan die Reserwebank oor met betrekking tot die werklike rede vir prys veranderinge. Die prysveranderinge is van 'n korte duur en teen die tyd dat die Reserwebank reageer op die verandering het die prys teruggekeer na die oorspronklike prys;
- (ii) Items wat 'n direkte verband het met die instrument wat die Reserwebank gebruik in die uitvoering van sy pligte en wat 'n aansienlike gewig dra in die mandjie goedere kan nie in die mandjie ingesluit word nie, omdat dit 'n perverse effek op die prysindeks het (rentekoerse (die instrument) word verhoog om inflasie te laat daal, maar die werklike toename in rentekoerse dra statisties by tot die inflasiemoeders in die maand van die toename).

Tydens die tydperk voordat inflasie mikpunte as doelwit gebruik is, het die Reserwebank die verbruikersprysindeks gebruik waar die volgende items uitgesluit is van hooflyn inflasie:

- Vars en gevriesde vleis en vis, groente, vars vrugte en neute;
- Rentekoerse op verbandlenings, oortrokke fasiliteite en persoonlike lenings;
- Belasting op toegevoegde waarde; en
- Eiendomsbelasting.

Met die ingebruikneming van inflasie mikpunte as doelwit, het die Reserwebank besluit om die tipe inflasie waarna gekyk word, wanneer besluit word om beleid te verander, ook te wysig. Die Reserwebank neem nou die CPI(X) in ag, waar slegs rentekoerse op verbandlenings van die totale mandjie goedere en dienste uitgesluit word.

Die bygaande figuur toon die krommes van die verskillende definisies van inflasie. Uit die figuur kan duidelik gesien word dat die hooflyninflasie kromme 'n skewe beeld gee van die reële ekonomie omdat die kromme 'n skerp afname toon veral in die laaste helfte van 1999, wat in werklikheid slegs weerspieël hoe rentekoerse gedaal het.



Bron: SARB

Figuur 2.2: Inflasielyne

Indien die Reserwebank monetêre beleid verslap elke keer wanneer die hooflyn inflasie skerp daal, sou dit 'n verkeerde stap wees, omdat duidelik gesien kan word, vanaf die produksieprysindeks (wat die leidende aanwyser is vir verbruikerspryse), dat pryse in die algemeen nie in 'n dalende fase is nie en veral nie aan die begin van die jaar 2000 nie.

2.10.1 Bateprysinflasie

Die doelwit van monetêre beleid is die handhawing van prysstabiliteit. Dit spesifiseer egter nie na watter pryse verwys word nie. Inflasie het twee komponente naamlik produkinflasie (wat die prysstygings van verbruiksgoedere en dienste meet) en bate-inflasie (wat die prysstygings van vaste en finansiële bates meet). Uit die bespreking van produkinflasie kan afgelei word dat verskillende metingsmetodes gebruik kan word om die pryse van goedere en dienste te meet. Produkinflasie word gebruik by sentrale owerhede om te bepaal of 'n beleidsverandering nodig is om die besteding van verbruikers en die produksiebesluite van produsente te beïnvloed. Bateprysinflasie sal egter ook 'n invloed uitoefen op die besluite van die verbruiker en produsent. Batepryse word verdeel in finansiële bates en reële bates. Finansiële batepryse sluit die pryse van aandele, effekte en buitelandse valuta in. Reële batepryse sluit die pryse van eiendom en investeringsgoedere soos skilderye in.

2.10.2 Wisselkoers

Suid-Afrika volg 'n stelsel van swewende wisselkoerse, wat beteken dat die wisselkoers (met ander woorde die buitelandse waarde van die Rand) aanpas by vraag en aanbod daarvan. Die Reserwebank sal slegs inmeng om die wisselkoers te beïnvloed indien die stabiliteit van die ekonomie in uitermatige omstandighede bedreig word. Die monetêre owerhede behoort onder so 'n stelsel gesamentlike besluite te neem ten opsigte van die rentekoers, wisselkoers en geldvoorraad riglyne wat nodig is om die ekonomie te stabiliseer. Besluite wat besteding en produksie beïnvloed sal, met 'n sloering, ook die wisselkoers beïnvloed deurdat invoer en uitvoer geaffekteer sal word indien vrye handel plaasvind. Indien produksie byvoorbeeld onvoldoende is om te voorsien in die hoër vraag (as gevolg van hoër besteding), sal meer invoer plaasvind en sal die wisselkoers verswak, omdat 'n hoër vraag na die buitelandse geldeenheid ontstaan om vir die invoer te betaal. Die wisselkoers was een van die intermediêre doelwitte van monetêre beleid, maar is vervang met inflasie mikpunte. Kontantreserwes wat verminder/vermeerder word soos die Reserwebank buitelandse reserwes koop/verkoop dra by tot die monetêre owerhede se poging om groei mikpunte vir die geldvoorraad te bereik. Die buitelandse waarde van 'n land se geldeenheid word gemeet deur die wisselkoers. Die wisselkoers is die waarde van 'n land se geldeenheid gemeet teenoor die waarde van 'n ander land se geldeenheid.

Algemene finansiële stabiliteit beteken dat die totale geldvoorraad binnelands binne perke sal groei, dat lae krediet in die banksektor beskikbaar is en dat rentekoerse (die prys van krediet) laag gehou sal word deur die mark, dat likiditeit binne perke is en dat 'n redelike hoeveelheid buitelandse valuta beskikbaar is in die land.

Die Sentrale Bank is fundamenteel verantwoordelik vir die handhawing van finansiële stabiliteit, maar so 'n instelling kan dit nie alleen regkry nie, tensy drastiese maatreëls ingestel word wat vanweë verskeie sosiale en politieke redes onwenslik en nie gewild is nie.

Geen enkele monetêre grootheid of veranderlike kan as fokus deur die Sentrale Bank gebruik word om die geldvoorraad te beheer om sodoende stabiliteit in die land te handhaaf nie, vanweë die komplekse aard van die moderne finansiële sakewêreld. Die vraag bly egter of die monetêre owerhede wel die geldvoorraad kan beheer.

2.10.3 Asimmetriese effek van monetêre beleid

Die ekonomie reageer asimmetries op bewegings in die geldvoorraad, wat beteken dat beperkende monetêre beleid 'n groter absolute impak kan hê op die ekonomie as akkommoderende monetêre beleid. Redes hiervoor is onder andere: (Morgan 1993:22)

- (i) Verbruikersvertroue wissel soos die konjunktuur wissel. Verbruikers is meer pessimisties gedurende tydperke van resessies as wat hulle gedurende opswaafases optimisties is. Dit word ook beïnvloed deur die politieke klimaat en ander faktore.
- (ii) 'n Beperkende monetêre beleid impliseer hoër rentekoerse wat die koste van banke verhoog, wat die risiko verhoog dat banke gelikwieder kan word en banke sal die beskikbaarheid van lenings inkort. As gevolg van minder lenings sal besteding in die ekonomie afneem. Besteding word dus vir ander redes as die rentekoerse alleen ingekort.
- (iii) Elastisiteit van substitusie beïnvloed die asimmetrie van die effek. As die elastisiteit van substitusie van bankkrediet vir ander tipes krediet laag is, sal veranderinge in die hoeveelheid en koste van krediet, besteding beïnvloed. As dit egter hoog is, het bankkrediet homogene eienskappe en sal dit min of geen invloed op besteding hê nie.
- (iv) Aanpasbaarheid van pryse wissel, wat afhang van die opwaartse of afwaartse beweging. Pryse is oor die algemeen stram om afwaarts te beweeg en daarom sal beperkende monetêre beleid produksie laat afneem, sonder veel verskille in pryse terwyl akkommoderende beleid sal lei tot baie hoër pryse, met slegs 'n klein verandering in produksie.

Morgan (*op. cit.*:22) verwys na die asimmetriese effek van monetêre beleid as die oneweredige aanpassing van die ekonomie tydens beperkende monetêre beleid en akkommoderende monetêre beleid. Vanaf die Groot Depressie het ekonome besef dat akkommoderende monetêre beleid nie lewe in die ekonomie geblaas het soos verwag is nie. Ekonome oor die wêreld heen was na die depressie onder die indruk dat slegs beperkende monetêre beleid effektief was. Die impak van beperkende monetêre beleid op die ekonomie is baie groter as die van akkommoderende monetêre beleid. Daar is faktore wat buite die beheer van monetêre owerhede lê, wat 'n impak op die ekonomie het en wat die impak van beleidsmaatreëls kan versterk of versag. As gevolg van die asimmetrie van monetêre beleid, is dit baie moeilik vir monetêre owerhede om die korrekte tydstip te bepaal, wanneer om beperkende monetêre beleid en wanneer om akkommoderende monetêre beleid toe te pas.

Morgan (*op. cit.*) verwys na 'n paar redes wat 'n ontstaan gehad het in die depressie jare; soos ondernemings en verbruikers wat vertroue verloor in die ekonomie en geen

beleidsverandering kan hulle oortuig om meer te spandeer nie. Optimisme in die oplewingsfase kan sterker wees as pessimisme gedurende resessies en dit kan die asimmetrie versterk. Indien die verbruiker pessimisties is met betrekking tot indiensname en selfs die politieke omstandighede, sal 'n verlaging in rentekoerse ('n akkommoderende monetêre beleid), nie die stimulerende effek op besteding (veral duursame verbruiksbesteding) hê nie, as wat monetêre owerhede beplan het om te bereik met die beleidsmaatreël. Die houding van die verbruiker is slegs een van die redes waarom beperkende monetêre beleid nie die gewenste uitwerking op besteding kan hê nie. Huishoudings wat alreeds deur hoë krediet in die gesig gestaar word, kan dalk besluit om eers die hoë kredietvlakke af te bring voordat besteding uitgebrei word of meer gespaar word. Huishoudings in SA se verhouding van huishoudingskuld tot besteding het drasties afgeneem vanaf 1997. Huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome het ook effens afgeplat vanaf 1997. Verder versterk kredietbeperkings beperkende monetêre beleid. Wanneer die monetêre owerhede beperkende monetêre beleid volg en rentekoerse is hoog, sal banke minder bereid wees om fondse uit te leen aan meer riskante leners, omdat die kans op bankrotskap groter is wat meer kostes vir banke meebring. Hoër kostes word aan leners oorgedra, wat 'n spiraaleffek op rentekoerse het. Wanneer uitleenkoerse verhoog, moet depositokoerse wat banke aan deposante betaal ook verhoog om banke in staat te stel om meer fondse te bekom, om meer lenings toe te staan. Die hele proses en die risiko wat banke moet dra ten opsigte van meer riskante leners, sal banke beperk om meer krediet in die mark beskikbaar te stel. Dit veroorsaak dat die doelwit van monetêre beleid nie bereik word nie, omdat die mark te veel reageer op die hoër koerse en die ekonomie kan in 'n resessie gedwing word.

Laastens is pryse afwaarts meer stram as opwaarts. Beperkende monetêre beleid veroorsaak dat produksie daal, omdat minder besteding plaasvind en vraag dus afneem. Pryse verander nie maklik afwaarts nie. In die geval van akkommoderende monetêre beleid, sal pryse styg voordat produksie aanpas omdat dit 'n langer tyd neem om produksiekapasiteit te verhoog en dit meer kostes meebring om kapasiteit te verhoog. Maatskappye is ook meer daarop ingestel om pryse te verhoog as gevolg van inflasie en dit hou nie noodwendig tred met die rigting waarin beperkende of akkommoderende beleid pryse wil beïnvloed nie. Pryse word vasgestel vir 'n tydperk, omdat dit ook vir maatskappye kostes meebring om nuwe pryse in te stel (nuwe pryslyste en merk van produkte). Dit bring mee dat maatskappye eerder produksie sal aanpas as wat pryse sal aanpas. Indien 'n vermeerdering in vraag meebring dat pryse wat maatskappye kan vra hoër is as die werklike prys, kan dit moontlik wees dat die kostes verbonde aan 'n prysverandering te hoog is om 'n verandering te regverdig.

Die verandering in die markrentekoers is nie noodwendig 'n weerspieëling van beleidsveranderinge van die monetêre owerhede nie. Beleidsmakers kan die koers laat toeneem saam met inflasie, of indien die ekonomie groei en ander markkoerse styg, sonder om beleid in te kort. Morgan (*op. cit.*) bevind dat beperkende monetêre beleid wat verteenwoordig word deur 'n toename in rente, 'n sterk en blywende effek op die ekonomie het, terwyl akkomoderende beleid 'n onbeduidende effek op die ekonomie het. Morgan gebruik die Federale fondskoers van die VSA en ook 'n indeks wat saamgestel word deur beleid te bestudeer en dit te klassifiseer volgens baie stram (2), stram (1), neutraal (0), akkomoderend (-1) en baie akkomoderend (-2), deur gebruik te maak van 'n indeks ontwikkel deur John Boschen en Leonard Mill (Morgan *op. cit.*:29).

2.11 RAAMWERK VAN MONETÊRE BELEID

2.11.1 Uiteindelijke mikpunte

In 'n toespraak gelewer deur Dr Stals⁸ op 6 September 1995, is die belangrikste doelwit van monetêre beleid beklemtoon, wat die bereiking van finansiële stabiliteit is. Dit sluit prysstabiliteit en stabiliteit in die finansiële mark in. Indien finansiële stabiliteit gehandhaaf kan word dra dit by tot die bereiking van die hoogs moontlike groeikoers, wat tot die maksimum welvaart van die gemeenskap sal lei. Hierdie doelwit is weer bevestig in 'n verklaring uitgereik op 6 April 2000, deur Mnr T.T. Mboweni, president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Monetêre beleid kan gebaseer wees op die bereiking van monetêre mikpunte wat gebaseer is op 'n langtermyn stabiele verwantskap tussen die geldvoorraad en nominale inkome (Goodhart 1989:296). Die owerheid moet sover moontlik nie in die werking van die finansiële mark inmeng, om die mikpunte te probeer bereik nie. Markdeelnemers tree op grond van rasonele verwagting op. Inmenging kan die mark destabiliseer. Deur opemarkoptrede kan die Reserwebank die markdeelnemers beïnvloed om meer of minder van finansiering deur die repostelsel gebruik te maak, om sodoende die verlangde effek op die geldvoorraadvlakke uit te oefen.

⁸ Voormalige president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

2.11.2 Doelwit

Doelwitte of mikpunte het 'n direkte invloed op die ekonomie. Die monetêre owerheid bepaal die doelwitte of mikpunte wat 'n redelike inflasiekoers (die magiese "redelike" vlak is hoogs debateerbaar), hoë vlakke van indiensname, 'n bevredigende reële ekonomiese groeikoers en betalingsbalansewewig kan insluit (De Kock Kommissie 1985). Die bereiking van al vier hierdie doelwitte is egter 'n bykans onmoontlike taak, want die toepassing van 'n instrument om een doelwit te bereik, sal 'n positiewe uitwerking op een doelwit hê, maar 'n negatiewe uitwerking op 'n ander hê. Pogings om indiensnamevlakke te verhoog, werk inflasionisties op die ekonomie in (prysstygings as gevolg van hoër loonkoste). 'n Lae inflasiekoers werk beperkend in op ekonomiese groei, want lae pryse beteken kleiner winste en minder geleentheid om produksie te verhoog. Indien volle indiensname as doelwit gestel is, is die hoë inflasiekoers 'n beperking en indien 'n laer inflasiekoers die doelwit is, is die werkloosheidsprobleem 'n beperking. Slegs een uiteindelijke doelwit kan optimaal bevredig word, want die bereiking van een doelwit werk beperkend in op die ander, wat 'n groot tekortkoming is van enige raamwerk van monetêre beleid.

- **Inflasie mikpunte as doelwitte:**


Wood (1998) verwys na Milton Friedman wat in 1960 die volgende omtrent inflasie mikpunte te sê gehad het: Die Sentrale Bank kan nie en beheer ook nie die prysvlak nie. Die bank kan slegs die geldvoorraad beheer. Die onderskeid is belangrik, omdat die geldvoorraad oor die algemeen 'n verband het met pryse, die korttermyn verwantskap wisselvallig is veral vir matige bewegings en die tydsverloop tussen 'n verandering in die geldvoorraad en die effek op inflasie hoogs veranderlik is. Die prysvlak is egter 'n hoogs aanpasbare veranderlike wat die individu se gedrag wesenlik kan verander en beleidsmakers behoort hiermee tred te hou.

Gedurende die begrotingstoespraak op 23 Februarie 2000, het die Minister van Finansies aangekondig dat die doelwit van monetêre beleid, spesifieke mikpunte vir inflasie sal wees en dat die mikpunt tussen 3 – 6 persent sal wees vir die jare 2002, 2003 en dat dit op die mikpunt van 3 – 6 persent sal bly vir die jare 2004, 2005. Die definisie van inflasie waarna verwys word is die gemiddelde jaarlikse toename in die algemene verbruikersprysindeks, uitgesluit verbandlenings (CPIX). 'n Inflasie mikpunt kan 'n spesifieke getal wees (5 persent) of binne 'n band val (3 – 6). In Suid-Afrika se geval is laasgenoemde gekies, omdat 'n vaste punt baie moeiliker is om te bereik as 'n band. 'n Band gee aan die Sentrale Bank diskresie en is meer buigbaar indien 'n skok buite die Sentrale Bank se beheer (soos 'n skielike verhoging in die brandstofprys, verswakking in die ruilvoet, uitvloei van internasionale kapitaalbeleggings), die bereiking van die doelwit in die wiele ry. 'n Baie nou band kan interpreteer word as die

Sentrale Bank se doelgerigtheid om die doelwit te bereik, maar as die Sentrale Bank die doelwit te veel mis kan dit die bank se bevoegdheid om die doelwitte te bereik bevraagteken. In Suid-Afrika neem dit tussen 18 en 24 maande voordat 'n verandering in rentekoerse 'n beduidende effek het op die onderliggende inflasiekoers.

- **Geldvoorraad as doelwitte:**

Volgens moderne literatuur is monetêre totale (M3 geldvoorraad soos in die geval van SA), nie meer betroubare mikpunte in 'n monetêre beleidsraamwerk nie. 'n Realistiese en markbepaalde rentekoers sal die uitbreiding van krediet en die gepaardgaande geldvoorraad in toom hou. 'n Spesifieke mikpunt kan gestel word vir die groei in die geldvoorraad. In Suid-Afrika is die mikpunt vir die groei in die geldvoorraad in 1995 vasgestel tussen 6 en 9 persent. Die mikpunte vir die geldvoorraad was nuttig om owerheidsbesteding in toom te hou. Indien owerheidsbesteding deur bankkrediet gefinansier is kon dit daartoe lei dat geldvoorraad mikpunte oorsky word. Dit kon dien as maatreël om oormatige besteding deur die owerheid te beperk. Gedurende 1998 is die tradisionele benadering tot geldvoorraad mikpunte, oor 'n kalender jaar, verwerp. Die monetêre owerheid monitor slegs die groei in die geldvoorraad vanaf die begin van 2000 oor 'n tydperk van drie jaar en die riglyn vir die tydperk is vasgestel tussen 6 – 10 persent. Baie lande onder meer New Zealand, Kanada, Verenigde Koninkryk, Swede, Finland en Spanje het afgewyk van beheer oor die geldvoorraad of wisselkoerse en het na inflasie mikpunte oorgeskakel, omdat die Sentrale Banke gevoel het dat hulle beheer verloor het oor die veranderlikes, as gevolg van innovasies in die finansiële markte. New Zealand en Kanada was nie tevrede met die Sentrale Bank se beheer oor die geldvoorraad nie, terwyl die Verenigde Koninkryk, Swede, Finland ontevrede was met die vaste wisselkoersstelsels wat in die lande van toepassing was. Hieronder volg 'n figuur van die groei in die M3 geldvoorraad.



Bron: SARB

Figuur 2.3: M3 groei

Soos afgelei uit die bygaande figuur, het SA ook selde die mikpunt vir die groei in die geldvoorraad behaal en was die groei in die geldvoorraad meestal bokant hierdie mikpunt. Alhoewel die Sentrale Bank nie die geldvoorraad in die huidige beleid spesifiek vasstel nie, kan geleenthede geskep word vir die inperking of uitbreiding van die geldvoorraad tot op 'n bepaalde vlak deur middel van rentekoerse. Rentekoerse word as die operasionele veranderlike gebruik om bepaalde doelwitte te bereik.

- **Ander doelwitte:**

'n Stabiele wisselkoers (buitelandse waarde van geld) het 'n sterk verband met 'n lae inflasiekoers (binnelandse waarde van geld). Hiermee saam gaan dan 'n genoegsame hoeveelheid buitelandse valuta om enige skommeling (invloei en uitvloei van valuta) te kan hanteer sonder om ekonomiese stabiliteit te ontwrig. Suid-Afrika het geen spesifieke doelwitte met betrekking tot wisselkoerse nie, maar monitor die wisselkoers om die effek op die binnelandse waarde van die geldeenheid te bepaal.

Die Sentrale Bank van Suid-Afrika het tydens die eklektiese benadering wat gevolg is voor die jaar 2000, ook die omvang van bankkrediet gemonitor. Ander aanwysers soos die vlak van internasionale rentekoerse, vorm en posisie van die opbrengskromme, veranderinge in nominale en reële salarisse, veranderinge in indiensnamevlakke, nominale arbeidskoste per eenheid, die gaping tussen potensiële en werklike nasionale produksie, algemene geldmarkomstandighede, veranderinge in die pryse van bates, die leningsbehoefte van die staat, die algehele betalingsbalansposisie, die ruilvoetverhouding en wisselkoerse was ook in aanmerking geneem. Die Reserwebank het besluit watter kombinasie van 'n toename in die geldvoorraad, rentekoerse en wisselkoerse voldoende sou wees om die doelwit van lae inflasie te ondersteun. Dit sal steeds gemonitor word om te bepaal wat die omvang op die inflasiekoers sal wees om die bereiking van die inflasie mikpunte te bestuur.

2.11.3 Operasionele veranderlike

Die operasionele veranderlike is die tipe benadering wat die Sentrale Bank volg, om die doelwitte wat gestel is te bereik. Daar is slegs twee benaderings wat gevolg kan word, naamlik die klassieke kontantreserwestelsel, waar rentekoerse as veranderlike gebruik word; of die Amerikaanse stelsel, waar die geldvoorraad direk beheer word. Die stelsel wat tans in Suid-Afrika gebruik word is die klassieke kontantreserwestelsel met sekere eienskappe van die Amerikaanse stelsel. Die stelsels sal kortliks bespreek word.

2.11.3.1 Klassieke kontantreserwestelsel

Die monetêre stelsel wat in Suid-Afrika toegepas word is die klassieke kontantreserwestelsel. Volgens hierdie stelsel word die geldvoorraad nie regstreeks beheer nie. Die monetêre groothede of die wisselkoers word beheer deur die Reserwebank. Indirekte of markgerigte maatreëls word gebruik en sluit opemarkoptrede en akkommodasie in. Die hoof instrument wat gebruik is, is die rentekoers (repokoers of marginale leningskoers) wat op voorsiening van die reserwes deur die Sentrale Bank gehêf word. Die rentekoers (repokoers) het 'n direkte invloed op die markkoerse en dus 'n direkte invloed op die verlening van krediet aan die privaatsektor. Volgens die klassieke stelsel, is dit die koste om kontantreserwes by die Sentrale Bank te bekom, wat die skepping van oormatige krediet teenwerk en wat die geldvoorraad beïnvloed. Die kontantreserwevereiste van die Reserwebank word bereken as 2.5 persent van die laste van die handelsbanke.

2.11.3.3 Amerikaanse kontantreserwestelsel

Hiervolgens maak die Sentrale Bank gebruik van direkte kontrolemaatreëls om die geldvoorraad te beheer en monetêre beleid toe te pas. Die stelsel is daarop gemik om

kontantreserwes in die besit van die banke te verhoog of te verlaag. Kwantitatiewe beperkings word gestel op die kontantreserwes wat deur die banke besit mag word en wat die Sentrale Bank in sy besit moet hê. Die reserwevereiste word bepaal en die verpligtinge van die onderskeie banke mag nie meer wees as 'n sekere vermenigvuldiging van die minimum reserwevereiste by die Sentrale Bank nie. Staatseffekte word gekoop of verkoop om die reserwes in die besit van die banke te verlaag of te verhoog. Die vlak van die beskikbare reserwes is 'n beperking omdat die diskontovenster "toe" is, met ander woorde banke word nie op eie diskresie geakkommodeer nie, maar op die diskresie van die Sentrale Bank. Die rentekoers word bepaal deur die vlak van die reserwes en word nie direk deur die Sentrale Bank vasgestel nie.

Die rigting van kousaliteit is volgens die kwantiteitsteorie van geld: $MV = PY$, vanaf die geldvoorraad (M) na die prys (P) terwyl V (omloopsnelheid) en Y (reële inkome) konstant bly oor die lang termyn. Volgens die geldvoorraadvergelyking loop die rigting van kousaliteit dus vanaf die monetêre basis na die geldvoorraad en sal die vergelyking geskryf word as :

$$M = mB \quad (2.3)$$

waar: B = Monetêre basis

M = Geldvoorraad

m = 'n vermenigvuldiging van die monetêre basis

Die geldvoorraad word eksogeen bepaal en word deur die Sentrale Bank beheer. Die Amerikaanse stelsel is met die monetaristiese siening van die geldskeppingsproses vergelykbaar.

2.11.4 Instrumente van monetêre beleid

Instrumente wat gebruik word om die doelwit te bereik, word verdeel tussen markgerigte en nie-markgerigte beleidsinstrumente. Dit sal vervolgens bespreek word.

2.11.4.1 Nie-markgerigte beleidsinstrumente

Nie-markgerigte instrumente is direkte instrumente wat gebruik word om bepaalde doelwitte soos in die voorafgaande paragrawe bespreek, te bereik. Direkte instrumente het te doen met reëls en regulasies wat neergelê word, wat nie die markmeganisme in ag neem nie. Dit sluit kredietplafonne, depositokoersbeheer, uitleenkoersbeheer, reserwevereistes, veranderinge in die terme en voorwaardes van huurkooporeenkomste (verbruikerskrediet), kapitaaluitgiftekontrole, invoerdepositoskemas en valutabeheerregulasies in. In die geval van direkte instrumente sal die Sentrale Bank die finansiële instellings of banke beveel om nie

bokant sekere perke lenings en/of rentekoerse aan te bied nie, of bokant sekere vlakke valutatransaksies aan te gaan nie. Hierdie toepassing van beleid is nie aanbeveel deur die De Kock Kommissie van Onderzoek (1985) nie, omdat hierdie instrumente nie genoegsame beheer oor die geldvoorraad aan die Sentrale Bank gee, vir die bereiking van die doelwitte gestel nie en omdat die markmeganisme geïgnoreer word. As gevolg van 'n goed ontwikkelde en uitgebreide monetêre stelsel, is die effek van die tipe instrumente wat geïmplementeer word, gewoonlik nie wat verwag word nie en word die doelwitte gestel anders beïnvloed as wat die oorspronklike bedoeling was. Daar is ook 'n sloering verbonde aan hierdie instrumente, wat die uitwerking op die ekonomie minder effektief en moeilik sigbaar maak.

Alhoewel die Reserwebank nie 'n voorstander van direkte beheermaatreëls is nie, omdat dit die werking van die markstelsel beperk wat die bereiking van die ekonomie se groei potensiaal beperk, pas die Bank tog van hierdie maatreëls toe. Valutabeheer word toegepas omdat die Bank gedurende die land se apartheidsera die waarde van die geldeenheid moes beskerm en die buitelandse reserwes moes beskerm. Die land was tot dusver nog nie in staat om die beheer totaal as te skaf nie omdat die buitelandse reserwes baie onstabiel is en die land dit nog nie kan bekostig om geheel en al beheer oor buitelandse reserwes af te skaf nie. Reserwevereistes vir banke word ook nog toegepas omdat dit help om beheer uit te oefen deur die repostelsel. Suid-Afrika se ekonomie en bankstelsel is nie van so 'n aard ontwikkel dat beheer totaal aan die mark oorgelaat kan word nie en daarom pas die Sentrale Bank nog direkte maatreëls toe. Hoër likiede batevereistes en kredietplafonne is gedurende die 1970's toegepas in SA en was nie suksesvol nie, omdat intermediasie gedoen is deur instellings wat buite hierdie regulasies geval het. Alhoewel dit voorgekom het of die groei in die amptelike geldvoorraad nie so hoog was nie, het inflasie bly toeneem. Buite-balansstaat lenings en lenings deur nie-gereguleerde instellings het steeds toegeneem. Die nadele van direkte kontrole is soos volg:

- (i) Selektiewe toestaan van kredietfasiliteite of diskriminerende koerse sal veroorsaak dat hierdie fasiliteite misbruik word en beheer kan nie behoorlik uitgeoefen word om te verseker dat die krediet vir die ooreengekome doel aangewend word nie.
- (ii) Banke is nie altyd bereid om lenings teen hierdie laer koerse toe te staan nie, omdat dit tot die bank se nadeel is.
- (iii) Kredietplafonne voorkom dat banke die samestelling en omvang van hulle bateportefuljes maksimeer.
- (iv) Baie hoë reserwevereistes lei daartoe dat die grootste gedeelte van banke se bates vasgevang is in instrumente wat te lae rente vir die bank verdien.

(v) Banke sal nie in staat wees om depositokoerse te offer wat in lyn, of in mededinging is met koerse wat op die ander finansiële instrumente in die finansiële mark beskikbaar is nie.

Strenger toepassing van direkte kontroles, mag egter die verlangde makro-ekonomiese effek op totale binnelandse besteding hê. Die effektiewe werking van die ekonomie se finansiële markte sal verlore gaan. Ekonomiese welvaart gaan verlore met direkte maatreëls, omdat effektiewe kleiner toetreders tot die mark uitgesluit word van kredietfasiliteite. Die patroon van totale binnelandse besteding word versteur, deurdat meer bestee word op verbruik en minder op kapitaalvorming. Laasgenoemde is van kardinale belang vir die welvaart van 'n land. Oor die lang termyn kan 'n matige uitbreiding in die geldvoorraad om te hoë inflasie te vermy, 'n stimulerende effek op reële ekonomiese groei en indiensname hê. Stimulerende monetêre beleid wat te intensief is, het oor die lang termyn nie 'n stimulerende effek op reële ekonomiese groei nie en het slegs inflasionistiese prysstygings tot gevolg.

2.11.4.1.1 Kontantreserwevereiste

Die minimum kontantreserwevereiste wat deur die SA Reserwebankwet vasgestel word beloop 2.5 persent in die jaar 2002. Banke kan oorskot reserwes hou by die Reserwebank, maar omdat geen rente op hierdie reserwes betaal word nie, word dit tot 'n minimum beperk. Rente op die saldo's sal 'n belastingverpligting op banke plaas wat hulle mededingendheid in die mark sal beperk teenoor markspelers wat ook finansiële dienste lewer, wat nie onderworpe is aan die vereiste nie. Die nadeel van hierdie instrument is dat die minimum vereiste nie gereeld verander kan word nie, omdat slegs 'n minimale aanpassing in die vereiste persentasie kan lei tot groot verskuiwings in banke se bates.

2.11.4.1.2 Kredietplafonne

Kredietplafonne behels beperkings op die toestaan van lenings, deurdat lenings slegs aan sekere persone in sekere vorms en vir sekere doeleindes teen vasgestelde maksimum bedrae toegestaan mag word. Krediet is normaalweg net vir produksie en uitvoer toegestaan. Dit het gelei tot 'n administratiewe las op die owerhede en disintermediasie het die effektiwiteit van hierdie maatreël laat afneem. Op 1 September 1980 is totaal weggedoen met alle vorme van kredietplafonne.

2.11.4.1.3 Selektiewe kredietkontroles

Selektiewe kredietkontroles behels die instelling van formele/informele en minimum/maksimum bedrae toegestaan aan selektiewe leners of vir spesifieke doelwitte.

Soos reeds genoem, was hierdie tipe beheermaatreëls onsuksesvol, omdat dit moeilik gekontroleer kon word of fondse wel vir die regte doel aangewend is, en is afgeskaf.

2.11.4.1.4 Deposito- en lening rentekoerskontroles

(i) Depositokoerskontroles:

Koerse wat banke mag betaal op deposito's van die publiek, word beheer om hoë risiko investering met kapitaal te voorkom en kleiner banke word beskerm in die mededingingsproses. Die nadele hieraan verbonde is die beperking van die werking van die vrye mark, kanalisering van fondse na die regte aanwending daarvan, ontmoedig besparing en plaas hoër administratiewe eise op die monetêre owerheid.

(ii) Leningskoerskontroles:

Die kontrole neem die vorm aan van skakeling tussen die bankkoers en die primakoers. Die primakoers is die minimum koers wat op lenings of oortrokke fasiliteite gehef word. Die primakoers was tussen 1.5 persent en 2.5 persent bokant die bankkoers vasgestel gedurende die sestiger en sewentigerjare. In die tagtigerjare het die koers tot 3.5 persent bokant die bankkoers gestyg. Op 16 Februarie 1982 is die handelsbanke verlos van hulle onderneming om die primakoers binne 'n vasgestelde persentasie van die bankkoers te hou. Die Reserwebank word nog steeds in kennis gestel van die primakoers wat handelsbanke beoog om te hef op oortrokke fasiliteite en lenings (Fourie *et al.* 1992:322).

Maksimum koerse op lenings is ingevolge die Woekerwet van 1926 en die daaropvolgende "Ladofca" ("Limitation and Disclosure of Finance Charges Act") van 1968 ingestel om persone wat nie ten volle ingelig is van die koerse op lenings nie, te beskerm. Hiervolgens is die koerse op lenings gekoppel met 'n formule aan die prima uitleenkoers en behoort van tyd tot tyd hersien te word. Hierdie voorstel is gemaak in opvolging van 'n ondersoek deur die "Technical Committee on Banking and Building Society Legislation" wat hulle ondersoek in November 1983 voltooi het. Die laaste aanpassings was in 1999 gemaak in 'n poging om die publiek teen mikro-leners te beskerm.

2.11.4.1.5 Terme, voorwaardes van huurkope, afbetalingsverkoopsooreenkomste

Die Wet op Kredietooreenkomste van 1980 het die Minister van Handel en Verbruikersaangeleenthede, die mag gegee om 'n afkondiging in 'n staatskennisgewing te maak met betrekking tot die maksimum tydperke waarbinne die volle prys van 'n aankoop onder 'n kredietooreenkoms afbetaal mag word, asook die deel van die koopprys wat as deposito betaal mag word en die klasse goedere wat gefinansier mag word en tipe kredietooreenkoms wat gesluit mag word. Variasies in hierdie vereistes het 'n sterk effek op

die vloeï van aankope van veral duursame verbruikersgoedere. Verbruikers is dikwels nie sensitief vir die rentekoers wat betaal word nie, maar eerder vir die bedrag wat maandeliks op aankope terugbetaal moet word. Oor die kort termyn kan dit 'n beperkende effek hê op die industrie wat die tipe goedere produseer wat normaalweg met hierdie spesifieke krediet gefinansier word. Oor die lang termyn sal dit egter nie 'n blywende beperkende effek op die uitbreiding van krediet hê nie, omdat verbruikers die finansiering van hulle aankope sal verskuif vanaf afbetalingsverkoopsooreenkomste of huurkope, na oortrokke fasiliteite of persoonlike lenings.

2.11.4.1.6 Kapitaaluitgiftekontroles

Beheer word uitgeoefen oor kapitaaluitgifte deur die privaatsektor, deurdat goedkeuring verkry moet word vanaf die Sentrale Bank, Tesourie vir die uitgifte. Die doel van hierdie tipe kontrole is om opwaartse druk op kapitaalmarkkoerse te voorkom deurdat die mark toegegooi word met kapitaaluitgifte. Hierdie nie-mark instrument is tot op hede nog nie in Suid-Afrika gebruik nie.

2.11.4.1.7 Invoerdepositoskemas

Hiervolgens moet firmas wat invoer 'n sekere persentasie van die koste van die invoer by die bank deponeer of 'n alternatief is dat banke 'n aanvullende kontantreserwe by die Sentrale Bank moet hou, ten opsigte van kredietbriewe wat aan 'n invoerder uitgereik is. Die rentekoste op invoer verhoog en aankope sal eerder plaaslik gemaak word. Die voordele aan hierdie instrument is so klein dat dit in Suid-Afrika vir slegs ses maande gebruik is, vanaf Augustus 1976 tot Februarie 1977, met die doel om die land se buitelandse reserwe posisie te verbeter.

2.11.4.1.8 Deviesebeheer

Die terme en voorwaardes met betrekking tot die invloei en uitvloeï van buitelandse valuta, hetsy deur plaaslike inwoners of buitelanders word met deviesebeheerregulasies beheer. Wisselkoerse word beïnvloed wat 'n invloed uitoefen op pryse van goedere ingevoer of uitgevoer. Sodoende word produksie beïnvloed, deurdat binnelandse of buitelandse vraag beïnvloed word. Die nadeel hiervan is die beperkende invloed op die vrye-mark stelsel. Gedurende Suid-Afrika se onstabiele politieke jare voor die 1994 verkiesing, is hierdie regulasies tesame met die instelling van die tweeledige wisselkoersstelsel (finansiële rand en kommersiële rand) gebruik om 'n groot uitvloeï van buitelandse kapitaal te voorkom. Skuldstilstand reëlings moes in September 1985 gemaak word, omdat die land nie genoeg reserwes gehad het om alle skuldverpligtinge te delg nie. Die laaste terugbetalings is in 2002

onder die skuldstilstand gemaak. Die finansiële rand is ook reeds op 13 Maart 1995 afgestel. Verskeie verligtings is ook reeds gemaak tot op hede met betrekking tot die hoeveelheid kapitaal wat die land mag uitvloei en invloei. Totale afskaffing van die regulasies is deur die huidige regering in die vooruitsig gestel, maar geen definitiewe datum is ten tye van die studie verskaf nie, aangesien die land 'n sensitiewe tydperk deurgaans wat kredietwaardigheid in die buiteland betref.

2.11.4.2 Markgerigte beleidsinstrumente

Markgerigte instrumente werk deur die finansiële markte. Markkragte teenwoordig in hierdie markte, lei die finansiële instellings en banke om meer markbepaalde vlakke van lenings en krediet vrywillig te handhaaf. Die Sentrale Bank beïnvloed die hoeveelhede en pryse van die onderskeie instrumente, deur inmenging in die betrokke markte. Markgerigte instrumente sluit staatskuldbeheer, opemarkoptrede, verdiskonterings- en akkommodasiebeleid, inmenging in die kontant- en termynvalutamarkte van die Reserwebank in.

Die Reserwebank kan inflasie nie alleen beheer nie, en die samewerking van die Regering, die sakesektor, die bankstelsel en veral ook die vakbonde wat hoër looneise het, is nodig om hierdie euwel te bestry.

2.11.4.2.1 Diskonto- / akkommodasiebeleid

Diskonto- of akkommodasiebeleid verwys na die beleid wat die Reserwebank volg in die verlening van finansiële bystand aan die banke deur die diskontovenster (of repostelsel) en behels die aanbieding van lenings teen sekuriteit van skatkiswissels, staatseffekte, Landbankwissels en Reserwebank skuldbriewe.

Banke balanseer op maandeinde om te bepaal of die huidige kontantreserwes voldoende is om in die vraag na note en munte te voorsien en om aan die minimum kontantreserwevereiste van die Reserwebank te voldoen. Banke hou die minimum geld op hul lopende rekening by die Reserwebank, omdat geen rente daarop verdien word nie. Wanneer tekorte ondervind word, wend die banke hulle eers na die interbankmark om finansiering te bekom, voordat by die Reserwebank om hulp aangeklop word vir akkommodasie. Voordat verdiskontering as hulpverlening afgeskaf is, het banke (voor 1993) hulle eerste tot verdiskontering gewend omdat die koerse wat hierop betaalbaar was, 'n vaste koers was, wat maar omtrent 0.15 persent tot 0.30 persent hoër as die bankkoers was.

Die Suid-Afrikaanse mark vereis groter deursigtigheid van die Reserwebank veral in die lig van die huidige politieke omgewing. Groter deursigtigheid het ook nadele deurdat 'n risiko ontstaan dat opwaartse aanpassings van die rentekoers vertraag kan word, markte duidelike mimpunte gegee word waaraan die regering getoets word en verkeerde besluite met betrekking tot beleid baie moeilik reggestel kan word.

Oor die jare het verskeie veranderinge voorgekom ten opsigte van die Reserwebank se akkommodasiebeleid, met betrekking tot die tipes instellings wat vir akkommodasie kwalifiseer, die metodes (verdiskontering teenoor versekerde lenings), die hoeveelheid en variasies van geldmarkinstrumente wat gebruik kon word vir verdiskontering, aanvaarbare sekuriteite vir lenings toegestaan, kwotas of limiete van verdiskonteringsfasiliteite beskikbaar, akkommodasiekoerse en die berekening van dié koerse. 'n Verandering wat spesifiek genoem behoort te word is die Reserwebank se beweging na direkte kontrolemaatreëls ten opsigte van rentekoerse en bankkrediet aan die privaatsektor gedurende die 1960s en die uiteindelijke afskaffing hiervan in die vroeë 1980s. Die likiede bate benadering is ook in 1982 afgeskaf. Hierdie afskaffing het 'n terugkeer na mark-georiënteerde instrumente ingelei met die rentekoers as die Reserwebank se enigste operasionele veranderlike.

Bo en behalwe vereiste reserwerekeninge hou die banke ook lopende rekeninge by die Reserwebank. Saldo's op hierdie rekeninge bestaan uit surplus kontantreserwes wat nog in die vroeë tagtigerjare voorgekom het. Saldo's op hierdie rekening word tot 'n minimum beperk aangesien die Bank geen rente op hierdie saldo's betaal nie. Die lopende rekeninge word ook vry-balans rekeninge genoem. Diskontohuise het nie 'n reserwevereiste gehad nie en daarom het hulle nie reserwerekeninge nie, maar geldmarkrekeninge by die Reserwebank gehad. 'n Surplus of tekort van reserwes kan voorkom in die ekonomie. Party banke het 'n oorskot, terwyl ander banke 'n tekort ondervind. Die netto vry reserwes is 'n maatstaf van die likiditeit van die geldmark. Netto vry reserwes is die kontantreserwes van die banksektor wat meer as die vereiste reserwes is, minus die omvang van akkommodasie wat deur die Sentrale Bank voorsien is. Positiewe vry reserwes is wanneer die netto vry reserwes die akkommodasie oorskry en negatiewe vry reserwes is wanneer die akkommodasie meer is as die netto vry reserwes.

Vanaf 17 April 2001 is verskeie veranderinge aangebring aan die herfinansieringstelsel van die SA Reserwebank om tekortkominge van die stelsel aan te spreek:

- Die repokoers is eenmalig aangepas om die verskil tussen die repokoers en die interbank rentekoers op daglenings sodanig te maak dat deelname en mededinging in die repo transaksies aangespoor is en om beter omstandighede in die interbank mark te skep.
- Die Reserwebank publiseer op 'n daaglikse basis 'n Suid-Afrikaanse Oornag Indeks Gemiddeld wat dien as 'n hoogtemerk vir geldmark rentekoerse wat die effektiewe funksionering van die intermark ondersteun.
- Die repokoers word vasgemaak sodat die regte seine na die mark deurgestuur word.
- Die Reserwebank maak nie meer die beraamde likiditeitsvereistes bekend voor die repotender nie maar die bedrag aangebied en toegestaan word bekend gemaak kort na die tender. Dit is gedoen om banke aan te moedig om in die interbank mark gelyk te breek.
- Daaglikse tenders word vervang met weeklikse tenders met 'n 7 dae looptyd.
- Die Reserwebank staan op diskresie 'n finale daaglikse repo, omgekeerde repo of aanvullende tenders toe om banke in staat te stel om te balanseer. Dit is gedoen om te voorkom dat die interbank rentekoers te veel fluktuueer.
- Die persentasie van die kontant in die kluis van banke wat kwalifiseer as reserwevereiste is beperk tot 75 persent van die totale kontant in die kluis van banke. Die minimum sal met 'n verdere 25 persent verminder word oor die volgende drie jaar.

Die Reserwebank gebruik 'n stelsel waar 'n tekort geskep word aan likiditeit in die geldmark om handelsbanke te dwing om by die Sentrale Bank te leen om sodoende die repokoers effektief te maak. Finansiering geskied deur die hoof repotender. Banke doen aansoek by die Sentrale Bank vir finansiering by die weeklikse mark met skatkiswissels, staatseffekte, Reserwebank skuldbriewe en Landbankwissels as sekuriteit. Banke betaal die bedrag terug na 'n tydperk van 7 dae plus rente (bepaal deur die repokoers). Die repokoers word deur die Monetêre Beleidskomitee van die Reserwebank vasgestel. 'n Aanvullende tender word aan die einde van die weeklikse siklus gedoen om enkel-dag finansiering aan die mark beskikbaar te stel of te onttrek indien die mark as geheel tekorte of oorskot reserwes het. 'n Omgekeerde repotransaksie word gedoen om likiditeit te onttrek. Die tender word gedoen om die mark as geheel in balans te bring met die vereistes. 'n Finale tender word gedoen aan die einde van die siklus na die aanvullende tender, om enkele banke wat 'n tekort of oorskot het die kans te gun om te balanseer, alhoewel die totale mark balanseer. Die Reserwebank akkommodeer albei banke wat 'n tekort of oorskot het. Die bank met 'n oorskot betaal die repokoers minus 150 basispunte en die bank met 'n tekort betaal die repokoers plus 150 basispunte.

2.11.4.2.2 Opemarktransaksies

Opemarktransaksies behels die besluite en die implementering daarvan, met betrekking tot die tydstop, grootte en aard van die Sentrale Bank se aankope en verkope van plaaslike finansiële bates, vanaf plaaslike finansiële instellings en ander markpartye. Voor 1914 was die Bank van Engeland omtrent die enigste Sentrale Bank wat aktief betrokke was by opemarktransaksies. Aankope van finansiële bates deur die Sentrale Bank word gedoen met die oog op verskaffing van kontantreserwes aan die binnelandse bankstelsel. Tradisioneel is slegs skatkiswissels en staatseffekte verhandel, maar bankaksepte en semi-prima effekte is later ook verhandel. Opemarktransaksies het 'n effek op banke se kapasiteit om krediet uit te brei, indien sekuriteite in die mark verkoop word. Dit veroorsaak dat banke se kontantreserwes afneem (banke gebruik reserwes om die sekuriteite te koop) en deposito's verminder (bankkliënte maak gebruik van deposito's om sekuriteite te koop). Dit het tot gevolg dat minder krediet beskikbaar is (minder deposito beteken banke verleen minder krediet), wat weer lei tot 'n verdere verlaging in die hoeveelheid geld in omloop. Minder geld lei tot hoër rentekoerse wat die algemene vlak van ekonomiese aktiwiteit verlaag.

In Suid-Afrika het die eerste opemarktransaksies eers na September 1973 plaasgevind (SARB College - 2000). Aanvanklik het die Suid-Afrikaanse Reserwebank min gebruik gemaak van opemarktransaksies soos die verkoop van korttermyn staatseffekte (tot 1977), omdat die owerheid die likiede batestelsel as 'n substituuat vir 'n streng diskontobeleid gesien het, wat sou lei tot onaanvaarbare hoë rentekoerse op die verdiskonteerbare instrumente. Die monetêre owerheid was versigtig om beperkende omstandighede te skep in 'n mark wat nog relatief jonk was. Vanaf 1979 het die Reserwebank aktiwiteite in die opemark aansienlik uitgebrei. Met die afskaffing van die voorgeskrewe beleggingsregulasies in 1989 het opemarktransaksies geweldig toegeneem. Die Reserwebank het gedurende 1980 ongeveer R100 miljoen Reserwebank skuldbriewe aan die mark verkoop om die opemark verhandelinge aan te moedig. Verdere uitreiking is nie weer gedoen nie, tot die middel van 1998 toe weer begin is om Reserwebank skuldbriewe uit te reik vir gebruik in terugkoop transaksies om die likiditeit in die mark te beheer. Die Reserwebank het die opsie om dit op 'n latere stadium terug te koop, indien die omstandighede in die mark verbeter. Handelsbanke gebruik die instrumente as sekuriteit wanneer aansoek gedoen word vir finansiering by die repotender op 'n weeklikse basis.

2.11.4.2.3 Staatskuldbestuur

Staatskuldbestuur behels besluite met betrekking tot die grootte, samestelling, termyn en eienaarskap van die skuld van die sentrale owerheid en die implementering van hierdie besluite (Fourie *et al.* 1992:57). Die leningsbehoefte van die sentrale regering word gereflekteer deur die tekort op die begroting en kan gefinansier word deur; die verkoop van effekte en skatkiswissels, lenings vanaf die monetêre sektor en lenings vanaf die buiteland.

Die maniere om die leningsbehoefte te finansier, het 'n invloed op die monetêre veranderlikes naamlik die geldvoorraad, rentekoerse en wisselkoerse. Staatskuldbestuur kan dus aangewend word op drie maniere om monetêre beleid te ondersteun. Dit kan in oorlog met die sentrale bank se opemarkoptrede gebruik word om die repokoers effektief te maak. Verder kan die owerheid oorsee geld leen om sodoende die buitelandse reserwes te versterk en om die monetêre owerheid te voorsien van 'n bron om in die wisselkoersmark in te meng. Laastens kan die staat meer leen as wat benodig word om 'n tekort in die geldvoorraad te laat ontstaan, maar dit kan later veroorsaak dat hoër rentekoerse ontstaan as gevolg van hoër owerheidskuld en banke kan ekstra akkommodasie vra as gevolg van 'n likiditeitstekort. Effektiewe bestuur is nodig, sodat die aanvanklike doelwitte van beleid vinniger en doeltreffender bereik kan word en negatiewe invloede geneutraliseer kan word. Oormatige lenings deur die regering (met 'n beperkte hoeveelheid geldvoorraad), veroorsaak 'n "crowding out" effek vir die privaatsektor. Dit veroorsaak dat daar nie genoeg geld in die ekonomie beskikbaar is vir die privaatsektor nie en kan groei beperk. Verhogings in die belastingkoerse om die tekorte te finansier kan politieke nagevolge hê, en lei tot stakings wat nadelig is vir die groei van die ekonomie. Besteding deur huishoudings word nadelig beïnvloed (as gevolg van minder beskikbare inkome).

2.11.4.2.4 Morele oorreding

Die Sentrale Bank versoek, berispe, vermaan handelsbanke om op te tree of nie op te tree nie. Onderhandelings tussen die banke en die Sentrale Bank werp ook meestal vrugte af.

2.11.4.2.5 Buitelandse lenings

Onder 'n stelsel van vaste wisselkoerse, kan buitelandse lenings help om 'n aanvaarbare vlak van bruto buitelandse reserwes te behou. Die vaste wisselkoers kan behou word, deurdat die Sentrale Bank buitelandse reserwes verkoop in die valutamark.

Onder 'n swewende wisselkoersstelsel, stel dit die Sentrale Bank in staat om valuta te verkoop om die wisselkoers te enige tyd te beïnvloed in die verlangde rigting (Fourie *et al.* 1992:326).

2.11.4.2.6 Sentrale Bank inmenging in die kontant- en termyn valutamarkte

Die Sentrale Bank meng in die valutamark in om die wisselkoers te beïnvloed deur die aankope of verkope van buitelandse valuta vir onmiddellike lewering of toekomstige lewering.

- Goud- en valutareserwes:

Goud- en valutareserwes word gehou om likiditeit te verskaf sodat internasionale transaksies glad kan verloop. Reserwes behoort minstens drie maande se invoer te dek en dra by tot 'n meer bestendige wisselkoers. Suid-Afrika moet ook altyd in staat wees om sy buitelandse leningsverpligtinge na te kom. Die wisselkoers toon die buitelandse waarde van die Rand en 'n bestendige koers moedig internasionale handel aan, wat weer 'n positiewe uitwerking op die binnelandse groeikoers het.

Die Reserwebank meng in die valutamarkte in om 'n bestendige wisselkoers te verseker en om beleggers se vertroue te versterk. Onbestendige wisselkoerse is die gevolg van die swewende wisselkoersstelsel wat in 1983 in Suid-Afrika geïmplementeer is. Hierdie inmenging skep egter prima-likiditeit en het 'n direkte verhogingseffek op die geldvoorraad. 'n Verhoging van die valutareserwes kan teenstrydig wees met monetêre beleid wat laer geldvoorraadvlakke ten doel het. Die huidige president van die Reserwebank (Mnr Mboweni) het dit duidelik gestel dat geen inmenging in die mark sal plaasvind nie, tensy die inflasie teikens bedreig word, deurdat die rand se swak buitelandse waarde inflasionistiese druk uitoefen.

2.11.5 Suid-Afrika se monetêre beleidsraamwerk

Hieronder volg 'n skematiese uiteensetting van die monetêre beleidsraamwerk van Suid-Afrika. Met die aanvaarding van inflasie mikpunte is die uiteindelik doelwit sowel as die intermediêre doelwit nou slegs 'n inflasiekoers van 3 - 6 persent.

Tabel 2.3: Monetêre beleidsraamwerk

Uiteindelijke Doelwit
<i>Finansiële stabiliteit – prys en finansiële markte</i>
Intermediêre mikpunte
<i>Inflasiekoers mikpunte</i>
Operasionele veranderlike
<i>Repokoers, MLF koers</i>

Beleidsinstrumente	
<u>Direkte Instrumente:</u> <i>Deviëse beheer</i> <i>Kontantreserwevereistes</i> <i>Verbruikerskrediet maatreëls</i>	<u>Indirekte Instrumente:</u> <i>Akkommodasiebeleid</i> <i>Opemarktransaksies</i> <i>Staatskuldbestuur</i> <i>Sentrale Bank inmenging in: Kontant-, termynmark en Wisselkoersmarkte</i>

Bron: SARB Kollege (2002)

Die beleidsraamwerk sal net effektief wees as daar 'n verwantskap is tussen die mikpunt en doelwit, die mikpunt 'n stabiele konsep is en nie sy betekenis verander nie en die beskikbare instrumente die mikpunt sal beïnvloed met 'n aanvaarbare koste-element. Indien die rol van die mikpunt ook is om markverwagtinge te beïnvloed, is 'n verdere voorwaarde vir effektiwiteit dat die mikpunt kredietwaardig moet wees, in die opsig dat die owerheid toegewyd moet wees daaraan en dat dit 'n realistiese invloed op gedrag sal hê.

Die redes vir die stel van mikpunte is drievoudig: dit kan gedrag beïnvloed (byvoorbeeld indien geldvoorraadmikpunte gestel word kan dit aanleiding gee tot laer eise vir loonverhogings), dit kan 'n vroeë aanduiding gee van bewegings in die veranderlike (byvoorbeeld die inflasiekoers) en kan 'n gids wees vir beleidsveranderinge, en dit kan as dissipline dien op alle deelnemers van die ekonomie insluitend die owerheid en monetêre owerhede.

Die probleme met die stel van mikpunte is:

- Dat die verwantskappe wat bestaan tussen die instrument en mikpunt, en mikpunt en doelwit veranderlik is en onvoorspelbaar is en dit kan lei tot verkeerde beslissings deur monetêre owerhede.
- Die inligting wat beskikbaar is van die ekonomie is nie noodwendig 'n ware weerspieëling van die omstandighede nie (spesifiek die effektiwiteit van die M3 geldvoorraad as aanwyser vir inflasionistiese druk).
- Die mikpunt kan die intermediêre doelwit word, sonder dat aandag gegee word aan die effektiwiteit daarvan. Beleid kan so aangepas word dat dit 'n invloed het op die mikpunt sonder dat die uiteindelijke doelwit beïnvloed word.

2.12 GEVOLGTREKKING

Die Reserwebank se inmenging in die repomark sal 'n invloed uitoefen op die kontant- en likiditeitsvereistes van die ekonomie, die bepaling van ander rentekoerse en op makro-ekonomiese groothede. Rentekoersverwagtinge in die mark kan beïnvloed word deur die Reserwebank se inmenging in die mark. Deurdat die geldmarkkoerse 'n invloed uitoefen op die marginale koste van banke het dit op sy beurt 'n invloed op deposito- en leningskoerse, omdat laasgenoemde twee koerse gebaseer word op die gemiddelde effektiewe koste van banke en nie noodwendig op die bankkoers soos in die verlede nie.

As finansiële innovasie plaasvind en nie-bank instellings bied deposito's aan met dieselfde karakter as die deposito's wat aangebied word deur bankinstellings en die funksionele en operasionele funksies van die tipes instellings het dieselfde karakter, kan die vraag ontstaan watter bates ingesluit moet word onder die definisie van geld.

Veranderings in die repokoers word gebruik as die operasionele veranderlike om die algemene vlak van rentekoerse te beïnvloed en deur die transmissiemeganisme word die ander ekonomiese groothede soos die aanbod van geld, bankkrediet (die vraag na geld) en die inflasiekoers beïnvloed. Die inflasiekoers sal 'n invloed uitoefen op huishoudings se bestedingsbesluite deurdat huishoudings eerder sal bestee as spaar as die inflasiekoers hoog is. Die rentekoers wat huishoudings betaal (wat direk beïnvloed word deur die repokoers) wat 'n aanduiding is van die koste van krediet sal ook bestedingsbesluite van huishoudings beïnvloed.

HOOFSTUK 3

HUISHOUDINGSKULD en VERBRUIKERSKULD

3.1 INLEIDING

Tydens die ontleding van die ekonomie word baie aandag aan ontwikkelings in die geldvoorraad en monetêre instellings se kredietverlening aan die binnelandse privaatsektor en meer spesifiek aan huishoudings geskenk. Die rede hiervoor is die feit dat besteding deur huishoudings die vernaamste bestedingskomponent in die nasionale rekeninge is en enige verandering in die groeikoers daarvan noodwendig 'n belangrike uitwerking op ekonomiese groei in die algemeen het. Geldvoorraad bestaan hoofsaaklik uit deposito's van die binnelandse privaatsektor by banke, insluitend deposito's van individue en ander partye soos maatskappye, beslote korporasies en nie-geïnkorporeerde sakeondernemings. Kredietverlening aan die privaatsektor sluit ook die monetêre instellings se eise teen individue sowel as teen ander partye in die privaatsektor in. Volgens die nasionale rekeninge (1993 SNR) sluit huishoudings die volgende in: private huishoudings, nie-geïnkorporeerde sakeondernemings, en nie-winsgewende instellings. Empiriese data dui egter aan dat die skuld van private huishoudings meer as 93 persent van die skuld van huishoudings behoort. Daarom is die verhouding tussen die besteding van huishoudings en voorspelbare huishoudingskuld onderworpe aan die leningsgedrag van private huishoudings (Prinsloo 2002:64). Met die inwerkingstelling van die Bankwet (Wet 94 van 1990) is daar 'n wysiging aangebring in die balansstaatgegevens wat die banke moet indien, wat dit onder meer moontlik gemaak het om die totale bedrag van individue se deposito's en lenings by banke te bepaal. Huishoudingskuld aan die ander kant sluit baie meer in as net die eise van die monetêre instellings. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n breedvoerige beeld te verskaf van huishoudingskuld in Suid-Afrika.

3.2 DEFINISIE, SAMESTELLING VAN HUISHOUDINGSKULD EN VERBRUIKERSKULD

Huishoudings maak van skuld gebruik om besteding te finansier, omdat lopende inkome nie genoeg is om besteding te finansier nie. Huishoudings is bereid om toekomstige verbruik op te offer om bevrediging vir behoeftes op die huidige stadium te verkry. Toekomstige verbruik word opgeoffer, omdat verbruikers skuldverpligtinge (wat renteverpligtinge insluit) nakom met inkome verdien in die huidige tydperk. Persoonlike beskikbare inkome sal verlaag en besteding sal afneem, tensy kredietfasiliteite weer verhoog word om die gaping te vul.

Huishoudingskuld bestaan uit skuld van private huishoudings, krediet van nie-geïnkorporeerde sakeondernemings, en ook nie-winssoekende instellings. Aangesien die krediet van nie-geïnkorporeerde sakeondernemings en nie-winssoekende instellings buite die bestek van hierdie studie val, sal gekonsentreer word op die samestelling van die skuld van private huishoudings of verbruikerskuld. Om die belangrikheid van verbruikerskuld te ontleed moet verstaan word waaruit verbruikerskuld bestaan. Dit word verdeel in verbandvoorskotte en verbruikerskrediet. Verbruikerskrediet word onderverdeel in ope-rekenings, persoonlike lenings by banke, ander persoonlike lenings, kredietkaartfasiliteite, afbetalingsverkooporeenkomste en bruikhuurtransaksies. Hieronder volg dan 'n bespreking van verbruikerskuld.

3.2.1 Verbruikerskuld

Vanaf 1975 het totale uitstaande skuld van huishoudings aanhoudend toegeneem, maar die samestelling van die skuld het verander. Veranderinge in die uitleenbedrywigheide van banke het 'n invloed hierop gehad. Die groeikoers in totale verbruikerskuld van jaar-tot-jaar, het ook beduidend afgeneem vanaf ongeveer 20 persent in 1995 tot ongeveer 3.5 persent in 1999 voordat dit weer effens toegeneem het tot 9.5 persent in die eerste helfte van 2002. In die vroeë 1980s en weer gedurende 1989 en 1990 is toenames van meer as 30 persent en 25 persent onderskeidelik aangeteken. Beperkende monetêre beleid en hoë rentekoerse het huishoudings se bereidwilligheid om skuld aan te gaan aansienlik gedemp gedurende die laat 1990s (Prinsloo 2002:66).

3.2.1.1 Verbandvoorskotte

Huishoudings maak normaalweg van verbande gebruik om eiendomme te finansier. 'n Deposito vir die lening moet gewoonlik deur die verbandhouer (huishouding) betaal word en die eiendom dien as onderpand vir die lening. Die grootte van die lening word bepaal deur die inkomstevlak van die verbandhouer, die risiko en die waarde van die eiendom waarvoor die lening gemaak word. Die terugbetalingstermyn vir die lening is gewoonlik 20 tot 30 jaar, alhoewel op 'n korter tydperk ooreengekom kan word. Hoe korter die termyn van terugbetaling, hoe meer word gespaar op die rentekoste. Die vermindering in rentekoste verhoog persoonlike beskikbare inkome oor die huishouding se lewensduur.

Rente word gewoonlik deur die finansiële instelling teen 'n wisselende koers gehêf en kan gewoonlik na gelang van die ekonomiese omstandighede, met 'n kennisgewing aan die verbandhouer, verander word. Die tydperk van kennisgewing was 'n maand, maar het met die instelling van die nuwe monetêre beleidsmaatreëls (wat reeds bespreek is), verander en kan

nou binne 'n dag aangepas word om by die ekonomiese klimaat aan te pas. Die verbandhouer kan die skuld ook te enige tyd aflos sonder benadeling deur die finansiële instelling.

Terugbetalings word gewoonlik maandeliks gedoen en die paalement kan wissel na gelang van die rentekoers en termyn van terugbetaling. Die verbandhouer moet die besluit neem tussen 'n kort termyn of lang termyn vir die verband. Die kort termyn sluit minder rente in wat terugbetaal moet word, en omdat die paalement groter word hoe korter die termyn van terugbetaling is, is die onmiddellike beskikbare inkome laer wat 'n nadelige uitwerking kan hê op besteding deur huishoudings. Hoe langer die termyn van terugbetaling is, hoe hoër is die totale rente wat betaal moet word, maar die paalement is minder en dit kan besteding deur huishoudings in die huidige tydperk verhoog.

Verbandlenings is aanvanklik bedoel net vir die finansiering van eiendom. As gevolg van ontwikkelings in die finansiële omgewing, het banke 'n stelsel ontwikkel waar huishoudings gebruik kan maak van verbandlenings om ander transaksies te finansier. In so 'n geval word die eiendom as verdere onderpand aangebied vir die tweede transaksie wat met die lening gefinansier word. Dit het sedert die eerste helfte van die tagtigerjare ontstaan, omdat finansiële instellings in mededinging met mekaar is en hierdie fasiliteit is aan huishoudings beskikbaar gestel om kliënte te lok. Twee tipes lenings is beskikbaar gestel, naamlik die registrasie van 'n tweede of selfs derde verband op dieselfde eiendom en ook die sogenaamde "toeganklike verbandgeriewe" fasiliteit. Volgens die toeganklike verbandgeriewe fasiliteit kan huishoudings oorskotgeld wat in die lening inbetaal is of wat nog beskikbaar is teen die waarde van die eiendom, weer onttrek om ander transaksies te finansier (Van der Walt en Prinsloo 1993:67). Voordat verbandvoorskotte aangewend kon word om ander besteding as die finansiering van eiendom te finansier, het hierdie krediet fasiliteit geen of min direkte invloed op lopende besteding deur huishoudings gehad. Dit kon slegs 'n invloed op besteding gehad het indien die ekonomiese toestand so verander het dat die rentekoerse van toepassing op die lening verander het. Sedert die middel-tagtigerjare wat hierdie fasiliteit tot die beskikking van huishoudings is om ander tipes transaksies wat van 'n meer lopende aard is te finansier, het dit 'n definitiewe invloed op die besteding van huishoudings.

Verbandvoorskotte aan huishoudings as persentasie van totale krediet deur banke toegestaan aan die private sektor, het afgeneem vanaf ongeveer 33 persent in die 1970s tot slegs 24.5 persent in 1984 wat in teenstelling is met die verloop van verbruikerskrediet as persentasie

van totale krediet toegestaan. Gedurende 1994 het dit weer begin styg tot 38 persent voordat dit geleidelik afgeneem het tot 29 persent in 2001.

3.2.1.2 Verbruikerskrediet

Verbruikerskrediet is kredietgeriewe wat die verbruiker aanwend om lopende besteding te finansier indien persoonlike beskikbare inkome onvoldoende is om te voorsien in die vraag wat die verbruiker op die huidige stadium het.

Die verskillende tipes verbruikerskrediet word hieronder bespreek:

- *Ope-rekenings* van huishoudings sluit alle uitstaande debiete in wat aan handelaars en koophulpverenigings verskuldig is. Daar word onderskei tussen ope-rekenings in die kleinhandel en motorhandel. Disintermediasie is hier ter sprake omdat die verbruiker buite die banksektor 'n skuld las aangegaan het. Die goedere word op 'n ander tydstip in besit geneem as wat betaling geskied. Die uitstaande bedrag kan op 'n latere datum ten volle vereffen word of in paaiemente oor 'n tydperk, alhoewel die betalingstermyn gewoonlik 'n kalendermaand is, maar nie langer as ses maande nie. Vir die aankoop van duursame en semi-duursame goedere is die termyn normaalweg ses maande. Betaling vir die lewering van dienste is normaalweg binne 'n maand betaalbaar.
- *Persoonlike lenings* word verdeel tussen persoonlike lenings van individue en nie-winssoekende instellings, kredietkaarte van individue en nie-winssoekende instellings en ander persoonlike lenings wat onderskei tussen lenings van die landbousektor en lenings vanaf versekeraars aan huishoudings. Oortrokke fasiliteite word aan houers van lopende rekenings by finansiële instellings toegestaan. Slegs die deel wat die verbruiker onttrek wat meer is as die lopende saldo, word as verbruikerskrediet beskou. "Ander bankvoorskotte" word gemaak aan enige persoon wat kredietwaardig is en die persoon hoef nie noodwendig 'n lopende of deposito rekening te hou by die finansiële instelling nie.
- *Ander persoonlike lenings* verteenwoordig die lenings wat langtermynversekeraars toestaan teen die fondse in die langtermynversekeringskontrak as onderpand. Dit verteenwoordig lenings teen polisse gemaak. Boere se lenings vir persoonlike gebruik is ook hieronder ingesluit, alhoewel die bedrag wat boere leen vir boerderybedrywighede uitgesluit sal wees.

- *Kredietkaartfasiliteite* is 'n gerieflike manier van betaling en verteenwoordig ook 'n vorm van uitgestelde betaling. Die uitstaande debietsaldo op die rekening moet gewoonlik binne 'n maand vereffen word en die houer van die kaart betaal ook rente op die uitstaande bedrag. Begrotingsfasiliteite is ook beskikbaar waar groter bedrae geleen word en dan oor 'n langer termyn aan die bank terugbetaal word. Verbruikerskrediet sluit slegs die uitstaande debietsaldo's in en nie die hele fasiliteit nie.
- *Bruikhuur en huurkope*: Daar word 'n onderskeid getref tussen *bruikhuur* en *huurkope*. Laasgenoemde word verdeel in huurkope by banke en huurkope deur die handel, wat bestaan uit huurkope deur kleinhandel en motorhandel.
 - *Bruikhuurooreenkomste* is ooreenkomste waar goedere verhuur word en waar die skuldenaar nie eienaarskap van die goedere oorneem tydens die termyn van die transaksie nie.
 - *Afbetalingsverkoopoooreenkomste (huurkoopoooreenkomste)* is 'n transaksie waar die koper ontvangs, maar nie eienaarskap, van die goedere neem. Die bedrag word oor 'n tydperk, in paaiemente, terugbetaal. Feitlik slegs duursame goedere word op hierdie manier gefinansier. Die bedrag wat geleen word is gewoonlik ook hoog in vergelyking met die koper se inkomste en die verwagte lewensduur van die goedere is lank (drie tot vier jaar en meer). Die Wet op Kredietooreenkomste (Wet 75 van 1980) reguleer die voorwaardes van hierdie tipe krediet. Die Minister van Handel en Nywerheid en die Minister van Finansies is gemagtig om regulasies af te kondig soos die maksimum termyn en deposito.


Verbruikerskrediet word bereken vanaf inligting wat deur banke aan die Kantoor van die Registrateur van Banke voorsien word. Die inligting bevat saldo's van persoonlike lenings, kredietkaarte, afbetalingsverkoopoooreenkomste en bruikhuurooreenkomste van persone en private organisasies sonder winsbejag. Laasgenoemde sluit klubs, kerke en welsynsorganisasies in en word volgens internasionale voorskrifte onder die definisie van huishoudings ingesluit. Bedrae van ope-rekenings word verkry uit sensusverslae van Statistiek Suid-Afrika met betrekking tot die kleinhandel en motorhandel en aangevul met finansiële statistiek van die kleinhandel en motorhandel oor die kort termyn. Die Departement van Landbou voorsien syfers met betrekking tot boere se skuld. Aanpassings in die verslagdoening van banke wat gemaak is deur die Registrateur van Banke het die voorsiening van inligting vergemaklik en vanaf 1991 is meer akkurate inligting beskikbaar gestel met betrekking tot uitstaande skuldverpligtinge van private huishoudings.

- **Die verloop van verbruikerskrediet vanaf 1975 – 2000/2001**

Verbruikerskrediet word al meer belangrik in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit kan duidelik waargeneem word in die verhouding van totale uitstaande verbruikerskrediet (krediet van banke, versekeraars en ope-rekenings) tot totale krediet deur banke en ander monetêre instellings aan die binnelandse privaatsektor. Vanaf die sewentigerjare het hierdie definisie van verbruikerskrediet 'n gemiddeld van 20 persent van die totale krediet beloop wat deur banke en ander monetêre instellings aan die privaatsektor toegestaan is. Gedurende die tagtigerjare het banke al meer aan huishoudings begin leen en het lenings aan huishoudings vinniger begin styg as die totale banklenings aan die privaatsektor. Uitstaande verbruikerskrediet as 'n persentasie van die totale krediet wat deur banke en ander monetêre instellings aan die privaatsektor verleen is, het in 1984 tot amper 30 persent gestyg. Gedurende die afswaafase wat Suid-Afrika ondervind het gedurende 1985 - 1992 is huishoudings aangemoedig om skuld te verminder wat tot gevolg gehad het dat die verhouding van verbruikerskrediet tot totale krediet toegestaan deur alle monetêre instellings, verminder het tot tussen 22 persent en 25 persent in die jare 1985 - 1992, alhoewel dit steeds hoër was as in die sewentigerjare (SARB Kwartaalblad, Sept 1993). Teen 1996 het die verhouding weer tot 27 persent toegeneem, waarna dit begin daal het tot 20.5 persent in 2001.

Die aandeel van verbandlenings tot die totale krediet toegestaan deur banke aan die private sektor het in belangrikheid afgeneem vanaf ongeveer 33 persent in die begin van die sewentigerjare tot 'n laagtepunt van 24.5 persent in 1984. Daarna het dit toegeneem tot 'n hoogtepunt van 38 persent in 1994 en 1995 maar het weer gedaal tot 29 persent in 2001 (Prinsloo 2002:67).

Veranderings het ook plaasgevind met betrekking tot die samestelling van verbruikerskrediet sedert die sewentigerjare. Uit figuur 3.1, wat toon wat die samestelling van verbruikerskrediet is, kan duidelik waargeneem word dat die belangrikheid van ope-rekenings vanaf die sewentigerjare tot die negentigerjare afgeneem het. Die aandeel van ope-rekenings was in die begin van die sewentigerjare 22 persent van totale verbruikerskrediet, terwyl dit gedaal het tot minder as 10 persent in 1992. Daarna het dit weer effens begin toeneem in belangrikheid tot ongeveer 13 persent in die negentigs maar gedaal tot slegs 11 persent in 2001.



Bron: SARB

Figuur 3.1: Samestelling van verbruikerskrediet

Afbetalingsverkoop- en bruikhuurtransaksies het egter die teenoorgestelde neiging gehad en waar dit slegs 31 persent van die totaal was in die vroeë sewentigerjare, het hierdie verhouding 'n hoogtepunt bereik van 56.5 persent in 1981. Dit kon toegeskryf word aan die oplewing in verbruikersvraag gedurende die tydperk wat ondersteun was deur die afskaffing van direkte beheermaatreëls oor kredietverlening in Augustus 1980. Daarna het dit tot ongeveer 40 persent gedaal in 1992, 36 persent in 1999 en 39 persent in 2001 as gevolg van die aanvaarding van 'n meer markgeoriënteerde stelsel van monetêre beleid vanaf 1984.

Persoonlike lenings het nie 'n definitiewe verloopverandering getoon nie. In die vroeë sewentigerjare was die verhouding van persoonlike lenings tot totale verbruikerskrediet 46 persent en het daarna tot 33 persent in 1981 afgeneem. Daarna het dit vinniger as die totale verbruikerskrediet toegeneem, en in 1990 was dit weer 54 persent. In die daaropvolgende paar jaar het dit weer afgeneem tot 'n draaipunt van 46 persent, waarna dit weer begin toeneem het tot 51 persent aan die begin van die jaar 2000 en 49 persent in 2002. Die wisselvalligheid kan toegeskryf word aan die banke se bereidwilligheid om lenings aan huishoudings toe te staan. Dit word sterk beïnvloed deur monetêre beleid op totale vraag en die stelsel wat gevolg word.

Strukturele veranderinge in die samestelling van verbruikerskrediet, veral die toename in die belangrikheid van persoonlike lenings (wat kredietkaart- en oortrekkingsfasiliteite insluit),

relatief tot die afname in die belangrikheid van ope-rekenings, het die effek van monetêre beleidsveranderinge op totale vraag versterk. Die rede hiervoor is dat die invloed van rentekoersveranderinge meer waarneembaar is op persoonlike lenings, afbetalingsverkoop-ooreenkomste en bruikhuurooreenkomste as op ope-rekenings (Prinsloo 2002:70).

Die totale uitstaande verbruikerskrediet het vanaf R1.1 miljard aan die einde van die eerste kwartaal van 1969 en R2.5 miljard in die eerste kwartaal van 1975 tot R52.7 miljard aan die einde van die eerste kwartaal van 1993 en R115.4 miljard aan die einde van die vierde kwartaal van 1999 toegeneem.

Dit wil voorkom of die verhoogde belangrikheid van bankkrediet aan huishoudings in die vroeë tagtigerjare die oorsaak was van 'n verhoogde skuld-las wat op die huishoudings geplaas is deur finansiële deregulering en liberalisering van finansiële markte. Inflasie het bly toeneem met die gevolg dat die waarde van huishoudings se bates ook toegeneem het en die skuld-las het ook toegeneem, omdat meer geleen moes word om hierdie bates te bekom. Maatreëls deur die SA Reserwebank om inflasie hok te slaan gedurende die tagtigerjare en vroeë negentigerjare het daartoe bygedra dat die hoë skuldvlakke nie meer gehandhaaf kon word nie. Vanaf 1992 het lenings van huishoudings begin afneem, maar dit was nie 'n langdurige effek nie. Veral met die toetrede van nuwe leners na die verkiesingstydperk het krediet aan huishoudings die hoogte ingeskiet.

- **Verbruikerskrediet en persoonlike beskikbare inkome**

Totale uitstaande verbruikerskrediet het in die vroeë sewentigerjare met bykans dieselfde hoeveelheid toegeneem as die koers van toename in die beskikbare inkome van huishoudings. Die verhouding van uitstaande verbruikerskrediet tot beskikbare inkome van huishoudings het vanaf 1969 tot 1979 nie veel verander nie en het ongeveer 14 persent gebly. Gedurende die vroeë tagtigerjare het dit begin verander en het die uitstaande verbruikerskrediet skerp begin toeneem, sodat die verhouding verhoog het tot 'n gemiddelde van 25 persent in die middel tagtigs. Streng monetêre beleidsmaatreëls wat daarna ingestel is het gehelp om die verhouding teen 1987 te laat daal tot 18 persent. Verbruikerskrediet het egter daarna weer begin styg totdat die verhouding in 1991 tot 23 persent toegeneem het, wat slegs ietwat minder was as die hoogtepunt van 25 persent en teen die jaar 2000 het dit weer gedaal tot 22 persent.

- **Verbruikerskrediet en persoonlike besparing**

Huishoudings spaar wanneer minder bestee word as wat verdien word en persoonlike besparing verteenwoordig dan die bedrag waarmee die lopende inkome van huishoudings hul lopende uitgawes oorskry. Indien minder verdien word as wat bestee word vind ontsparing plaas. Die toename in die netto batewaarde van huishoudings moet dan gelyk wees aan die netto besparing van huishoudings indien standaard rekeningkundige praktyke toegepas word. Sodra kredietverpligtinge van huishoudings toeneem behoort dit 'n teenoorgestelde uitwerking op besparingsgedrag te hê, tensy dit teengewerk word deur sterker toenames in die bates van huishoudings. Oor 'n tydperk kan verwag word dat daar 'n teenoorgestelde verwantskap bestaan tussen kredietverpligtinge van huishoudings en besparing. In Suid-Afrika het die afname in die besparingsverhouding van huishoudings saamgeval met die verhoging in die benutting van kredietfasiliteite. 'n Toename in die rykdom van huishoudings lei daartoe dat huishoudings se vermoë om te leen verhoog, omdat die vlak van sekuriteit wat aangebied kan word om lenings te bekom verhoog (SARB Kwartaalblad 1993).

- **Verbruikerskrediet en verbruikerspryse**

Gedurende die tydperk 1969 tot 1979 was die gemiddelde jaarlikse groei in verbruikerskrediet aansienlik vinniger as die styging in verbruikerspryse en het die uitstaande reële verbruikerskrediet teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 5.5 persent gestyg. Verbruikerskrediet het vanaf 1980 tot 1984 aansienlik versnel en dit kan toegeskryf word aan die afskaffing van regstreekse beheer oor banke se uitleenbedrywighede aan die einde van 1980 asook die persepsie van die verbruiker dat die styging in algemene pryse hoog sal bly. Gedurende hierdie tydperk het Suid-Afrika geworstel met 'n dubbelsyfer inflasiekoers. Die uitstaande reële verbruikerskrediet het gedurende hierdie tydperk met 13.5 persent per jaar toegeneem. As gevolg van politieke onsekerhede gedurende 1985 en 1986 en die hoë rentekoste het huishoudings begin om skuld te verminder terwyl pryse aanhou styg het. Die gevolg was dat uitstaande reële verbruikerskrediet in 1985 met 12 persent en in 1986 met 20 persent gekrimp het. Vanaf 1987 tot 1990 het verbruikerskrediet in nominale terme weer vinniger gestyg as pryse van verbruikersgoedere en was die vlak in 1990 dieselfde as in 1984. Daarna het dit weer begin terugsak. Teen 1998 het reële verbruikerskrediet teen 'n jaarkoers van 11 persent gegroei maar het in 1999 en 2000 gekrimp met ongeveer 7 persent omdat verbruikerspryse weer vinniger toegeneem het as uitstaande verbruikerskrediet. In 2001 het reële verbruikerskrediet egter weer begin groei teen 17 persent.

- **Verbruikerskrediet en die konjunktuur**

Die bewegings in verbruikerskrediet het oor die lang termyn 'n sterk positiewe verband gehad met die konjunktuur, maar oor die kort termyn afgewyk hiervan. Wat wel duidelik na vore gekom het, was die sterk ooreenkoms tussen die konjunkturbeweging in besteding deur huishoudings aan duursame goedere en dié van verbruikerskrediet. In die hoofstuk wat handel oor die verband tussen die twee items sal meer hieroor gesê word.

Tabel 3.1: Draaipunte van huishoudingskuld teen konstante pryse in die konjunktuur

Verwysingsdraaipunte	Piek		3/81		2/84		1/89	
	Trog	4/77		1/83		1/86		2/93
	Afwyking van spesifieke draaipunt - Aantal kwartale (lei+/sloer-)							
Verbruikerskrediet	0	-	-	+1	+4	+7	-	
Ope-rekenings	+6	+3	+5	+8	+6	0	-3	
Persoonlike lenings	+8	-	-	+1	+4	+6	-	
Huurkope en bruikhuur	+1	-	+2	+2	+10	+7	-	
Verbruikerskuld	+6	-	-	+1	+4	+8	-	

Bron: Van der Walt en Prinsloo 1995:9

In tabel 3.1 kan waargeneem word dat die draaipunte in verbruikerskrediet die draaipunte van die algemene konjunktuur net effens voorafgegaan, of daarmee saamgeval het. In die tagtigerjare het die swakker ekonomiese omstandighede nie daarin geslaag om die sterk groei in verbruikerskrediet teen te werk nie, wat toegeskryf kan word aan die verwagtinge met betrekking tot die algemene inflasie. Sedert 1984 het die draaipunte in die uitstaande verbruikerskrediet later voorgekom as dié van die konjunktuur. Die verskynsel kan toegeskryf word aan verbruikersgedrag waar huishoudings probeer om dieselfde lewenstandaard te handhaaf, selfs al verander hulle inkomsteposisie. Huishoudings wend hulle na krediet om bestedingspatrone te handhaaf. Huishoudings het as gevolg van hoë rentekoste nog meer lenings begin aangaan om uitstaande lenings terug te betaal omdat rentekoste gekapitaliseer is. Die sloering het by alle afdelings van verbruikerskrediet voorgekom. Die boonste draaipunt in ope-rekenings het egter met die algemene konjunktuur in 1989 saamgeval, maar reeds drie kwartale voor die onderste draaipunt van die 1993 konjunktuur 'n laagtepunt bereik en daarna sterk begin toeneem.

- **Faktore wat aanleiding gee tot veranderings in verbruikerskrediet**

Krediet word gebruik om die verskil tussen huishoudings se inkomstevloei en verbruik te oorbrug. In die geval van besteding aan duursame goedere word die terugbetalingstermyn verleng oor die lewensduur van die goedere wat aangekoop word. Veranderings in verbruikerskrediet word sterk beïnvloed deur huishoudings se bestedingspatrone. Besteding deur huishoudings word beïnvloed deur verskeie faktore soos beskikbare inkome, hoeveel bates deur huishoudings besit word en die waarde daarvan, koste van krediet, ouderdom van verbruikers en wette en voorskrifte met betrekking tot krediet.

(i) **Persoonlike beskikbare inkome:**

Indien huishoudings vooraf kon bepaal wat inkome sou wees oor die verwagte lewensduur, kon besteding so versprei word dat 'n bestendige vloei verseker kon word. Indien algemene omstandighede redelik stabiel bly, en inkomste met redelike sekerheid voorspel kan word, behoort gemiddelde verbruiksgeneigdhede, besparingsverhoudings en kredietverhoudings met betrekking tot persoonlike beskikbare inkome redelik konstant te bly. Verbruikerskrediet behoort dan met dieselfde koers te verander as wat persoonlike beskikbare inkome verander. Huishoudings se omstandighede verander egter voortdurend en al was die inkomstevloei oor die verwagte lewensduur bekend, sou bestedingspatrone steeds verander het volgens die ouderdom van die huishouding, die samestelling daarvan, hoeveel rykdom huishoudings besit op die spesifieke tydstip, belastings en ander regulasies, rentekoerse oor die tydperk en ander eksterne faktore soos politieke omstandighede en internasionale neigings en invloede. Dit kan waargeneem word deurdat beide beskikbare inkome van huishoudings en verbruikerskrediet teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 14.5 persent gedurende die sewentigerjare toegeneem het, toe redelike sekerheid bestaan het met betrekking tot toekomstige inkome. In die tagtigerjare met die toename in politieke onsekerheid het die prentjie verander en was die invloed op die gebruik van krediet baie hoog. Verbruikerskrediet het heelwat meer toegeneem as persoonlike beskikbare inkome. Teen 1982 het die verhouding van verbruikerskrediet tot persoonlike beskikbare inkome toegeneem tot 21 persent en het aanhou toeneem totdat dit in 1984 'n hoogtepunt van 25.5 persent bereik het. Dit het daarna bokant 20 persent gebly tot 1987 toe dit skerp gedaal het tot 16 persent. Die faktor wat hiertoe bygedra het, was 'n skerp daling in kredietverlening aan huishoudings. Huishoudings het verbruikerskrediet probeer afskaal nadat primakoerse in 1985 'n hoogtepunt van 24.8 persent bereik het. Inflasie was ook baie hoog en het 15 persent in 1985 beloop en in 1986 'n hoogtepunt van 18.6 persent bereik. Die finansiële situasie van huishoudings was op daardie stadium van so 'n aard dat nuwe skuld vermy is en bestaande skuld verminder is. Die onstabiele politieke omstandighede het ook hiertoe bygedra. Daarna het die verhouding geleidelik begin toeneem tot 24 persent in

1990. Dit is moontlik aangehelp deur die verslapping van huurkoopbeperkings in Maart 1990. Huishoudings het die aankoop van duursame goedere (wat gewoonlik met krediet gefinansier word) gedurende die laat tagtigerjare uitgestel as gevolg van hoë inflasie en omdat die ekonomie in 'n afwaartse fase was. Daarna het die verhouding weer gedaal tot net bokant 20 persent omdat die inkome van huishoudings begin toeneem het as gevolg van 'n aantal aanpassings in lone van veral lae besoldigde werkers. Die lae inkomstegroep se bestedingsgeneigdheid is ook baie hoër as beter betaalde werkers en die ekstra inkomste word bestee eerder as gespaar. Daarna het hierdie verhouding ongeveer 20 persent gebly tot in 1998 toe dit weer tot 24 persent toegeneem het omdat ekonomiese omstandighede verswak het as gevolg van die Oos-Asiatiese krisis. Teen 2001 het hierdie verhouding herstel tot 21.4 persent.

(ii) Batebesit van huishoudings:

Gedurende 'n fase van oplewing verkeer die huishouding onder die illusie dat die waardes van bates sal bly toeneem. Effekte en ander finansiële bates se waardes neem toe as gevolg van potensieel hoër opbrengste. Dit het 'n opwaartse effek op die gebruik van krediet omdat die huishouding bates as sekuriteit kan gebruik om meer skuld te bekom. Selfs al is die groei in inkome swakker gedurende 'n opwaartse fase van die ekonomie, kan die gebruik van verbruikerskrediet steeds toeneem as gevolg van 'n toename in batebesit. Hierdie verskynsel het in die vroeë tagtigs voorgekom toe eiendomspryse en pryse van genoteerde aandele skerp gestyg het (SARB Kwartaalblad, September 1993). Tydens die onsekere politieke tydperk van 1985 en 1986 het huishoudingskuld begin verminder, maar daarna het die welvaartseffek deur die bestendige styging in die pryse van aandele weer stukrag verleen aan die gebruik van krediet in die tweede helfte van die tagtigs. Die ouderdom van duursame goedere het ook 'n invloed op die verhoging van krediet. Indien die gemiddelde ouderdom van bates begin toeneem ontstaan 'n noodsaaklikheid om dit te vervang en sal 'n styging in krediet voorkom om hierdie verouderde bates te vervang.

(iii) Koste van krediet:

Alhoewel nominale rentekoerse 'n goeie aanwyser is vir kredietgebruik, is reële koste meer belangrik. Selfs al is die nominale koste van krediet hoog, sal verbruikers nie noodwendig krediet inperk nie. Indien verwag word dat pryse in die toekoms vinniger sal styg as nominale rentekoerse, sal verbruikers steeds baat om goedere op krediet te bekom, selfs met hoë nominale rentekoerse. Slegs indien die huidige vlak van rentekoerse aansienlik hoër is as die verwagte styging in pryse sal verbruikers eerder spaar as bestee. Gedurende die vroeë sewentigs (opwaartse konjunktorele fase van 1973/1974) en weer gedurende die laat sewentigs (opwaartse konjunktorele fase van 1979/1981) het die vraag na krediet toegeneem.

Die vraag na krediet het toegeneem selfs met stygende reële koste van krediet en het afgeneem met 'n dalende reële koste van krediet gedurende die tydperk. Dit het nie daarop gedui dat die rentekoersmeganisme noodwendig ondoeltreffend was nie. Krediet het nie op rentekoersveranderinge gereageer soos verwag is nie, omdat reële koste van krediet bereken is met die werklike of waargenome inflasiekoers wat nie verwagte inflasie in ag neem nie. Verder is die sloering vanaf die verandering in die rentekoers redelik lank voordat die vraag na krediet reageer. Monetêre beleid word gevolg met langtermyn doelwitte voor oë, want ander faktore as slegs rentekoerse het uiteindelik 'n invloed op die vlak van krediet (SARB Kwartaalblad, September 1993).

(iv) Ouderdomsverspreiding van die bevolking:

Die ouderdom van verbruikers speel 'n groot rol in die vlak van krediet, omdat jonger verbruikers 'n hoër verbruiksgeneigdheid het as ouer verbruikers, wat weer 'n hoër besparingsgeneigdheid het. Laasgenoemde probeer meer spaar om voorsiening te maak vir hulle aftrede terwyl jonger mense aan die begin van hulle loopbane is, en heel moontlik jong kinders het wat 'n groter vraag na goedere en dienste meebring as wat ouer mense sal hê. Indien die bevolking uit 'n groter persentasie jong mense bestaan, behoort besteding die vlak van inkome te oorskry en is kredietvlakke aansienlik hoër as in die geval waar die bevolkingsamestelling 'n groter persentasie ouer mense bevat. Indien bevolkingsaanwas ook hoog is, behoort die aandeel van die jonger deel van die bevolking ook aansienlik toe te neem. In Suid-Afrika het die deel van die bevolking in die ouderdomsgroep 25 tot 44 jaar gestyg vanaf omtrent 25 persent in 1970 tot 28 persent in 1991 (SARB Kwartaalblad: September 1993). Volgens die 1996 Sensus was 27.9 persent van die bevolking tussen die ouderdom van 25 tot 44 jaar (Statistiek Suid-Afrika: 2002). Die verhoging in verbruikerskrediet kan deels aan hierdie verskynsel toegeskryf word.

(v) Regstreekse beheer oor kredietverlening:

Gedurende die sewentigerjare is selektiewe regstreekse beheer oor die uitleenbedrywighede van finansiële instellings toegepas. Kredietplafonne is toegepas vanaf 1967 tot 1972 en weer vanaf 1976 tot 1980. Dit het kredietvlakke regstreeks beïnvloed. Nadat regstreekse beheer in Augustus 1980 finaal afgeskaf is, het krediet aansienlik begin toeneem omdat toegang na kredietfasiliteite vergemaklik is.

(vi) Beheer oor depositokoerse:

Beheer oor depositokoerse is ook 'n vorm van regstreekse beheer en is toegepas vanaf 1965 tot 1980. Besparings is verlaag of gekanaliseer na vorme van besparing buite die bankstelsel. Dit kon aanleiding gegee het daartoe dat verbruiksbesteding verhoog is en omdat die

opbrengskoers op beleggings onvoldoende was, kon dit veroorsaak het dat krediet verhoog het.

(vii) Beheer oor uitleenkoerse:

Rentekoerse van toepassing op verskillende soorte lenings en krediet was ook onderhewig aan beperkings (veral op die boonste vlak). Maksimum koerse wat finansiële instellings kon vra op oortrokke fasiliteite, lenings en krediettransaksies is voorgeskryf deur die Wet op die Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste van 1968 – later die LADOFCA-koerse – en die Woekerwet. Die statutêre koerse het probleme vir verbruikers meegebring omdat dit lank geneem het om koerse aan te pas nadat veranderinge in markkoerse aangebring is. Banke het begin om lenings net aan prima kliënte toe te ken, wat toeganklikheid verminder het en aanleiding gegee het tot 'n daling in krediet. Prima kliënte geleen teen 'n laer koste as die boonste perk van toepassing en kliënte met 'n lae inkomste is uitgesluit van lenings. As gevolg hiervan, is primakoerse deur die Reserwebank gekoppel aan die Bankkoers. Alhoewel dit weer in Februarie 1982 afgeskaf is, het banke steeds hierdie gebruik voortgesit. Die deregulering van die bankstelsel het wel baie van hierdie probleme uit die weg geruim. Dit het egter die versnelling in die kredietvlakke aangehelp.

(viii) Regulering volgens die Wet op Kredietooreenkomste:

Die Wet op Kredietooreenkomste van 1980 het die maksimum tydperk voorgeskryf waarbinne die volle aankoopprys terugbetaal moes word. Die deposito wat betaal moes word is ook deur hierdie Wet bepaal. Dit is gewoonlik gebaseer op 'n persentasie van die aankoopprys. Die doel van die Wet was om die verbruiker teen 'n oormatige skuld te beskerm en ook om krediet in die algemeen te reguleer. Veral die aankope van duursame verbruiks goedere is hierdeur beïnvloed. Hoe groter die beperkings was, hoe laer was krediet op veral duursame goedere, soos motorvoertuie. Die doeltreffendheid van monetêre beleid kon bevraagteken word, want besluite om van krediet gebruik te maak, het nie meer afgehang van die vlak van die rentekoers nie, maar van die bekostigbaarheid van die paaient. Besteding deur huishoudings aan duursame goedere is dikwels nadelig beïnvloed wanneer veranderinge aan die wet aangebring is, wat die voorwaardes vir afbetalingsooreenkomste strenger gemaak het.

3.3 DIE KOSTE VAN KREDIET (RENTEKOERSE) EN ALGEMENE ONTWIKKELINGS IN DIE KREDIETMARK

In 'n volmaakte mark word ewewig tussen vraag en aanbod herstel deur 'n verandering in die prys. In die mark vir krediet beteken die prys 'n verandering in rentekoerse. Onder onvolmaakte mededinging word ewewig nie herstel deur 'n verandering in rentekoerse nie.

Onvolmaakte mededinging in Suid-Afrika word veroorsaak deur die inmenging (direk of indirek) van die Reserwebank in die hoeveelheid geld beskikbaar in die mark. Rentekoerse word gelei deur die rigtingwysers wat die Reserwebank die mark instuur. Selfs al is bestedingsvraag redelik rentekoersonelasties, sal die vraag na krediet beïnvloed word deur die beskikbaarheid daarvan. Omdat rentekoerse sloer om aan te pas by veranderinge in marktoestande, gebruik die Reserwebank inmenging in die mark om 'n vinniger invloed op rentekoerse te hê. Deur die jare het die inmenging van die Reserwebank verander vanaf 'n meer direkte inmenging, na indirekte inmenging. Die Reserwebank het teen die einde van die negentigs beweeg na 'n situasie waar die markkragte ingespan is om die vlakke van krediet en die prys (die rentekoers) te beheer. Die Bank poog om die markkragte in die verlangde rigting te stuur, in plaas daarvan om die vlak van krediet of die prys daarvan direk te verander. Die Reserwebank stel die repokoers vas wat 'n beduidende invloed het op die algemene vlak van rentekoerse in die mark. Sodoende word die markkoerse indirek gemanipuleer.

Vraers na fondse in die kredietmark sal alternatiewe bronne vir lenings vind indien die formele bronne nie aan die vraag kan voldoen nie. Handelskrediet is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Die Bankwet van 1989 bevat voorskrifte met betrekking tot die toestaan van krediet. In Suid-Afrika het mikroleners oor die laaste jare ontstaan om in die mark te voorsien vir klein lenings, omdat die handelsbanke, as gevolg van onder andere hierdie beperkings, nie lenings aan alle mense kon toestaan nie. Redes hiervoor is dat dit nie lonend vir 'n bank is om hierdie lenings toe te staan nie, want die risiko verbonde aan hierdie kliënt is gewoonlik groot. Die koste om die lening te bestuur is gewoonlik ook te hoog teenoor die inkomste (rente) wat die bank uit hierdie lening kan verdien. Die leners het ook nie voldoende sekuriteit om by banke in te dien vir die lenings nie.

Banke kan ook 'n tydelike tekort aan likiditeit ondervind om te voorsien in die vraag na lenings indien dit skielik sou verhoog. Du Toit (1994:114) verwys na die "locked in" effek, wat beteken dat finansiële instellings nie bereid is om staatskuldbewyse of ander finansiële bates van die hand te sit om likiditeit te verhoog om meer lenings aan die privaatsektor te verskaf nie, omdat 'n kapitale verlies gely sal word. Indien rentekoerse styg, daal die waarde van die finansiële bate en verloor die bate sy likiditeit.

3.3.1 Handelskrediet as plaasvervanger vir banklenings

Rentekoerse op handelskrediet is gewoonlik hoër as die gemiddelde rentekoers van banke. Dit sal heelwat verbruikers ontmoedig om van hierdie krediet gebruik te maak. Sommige verbruikers wat egter nie toegang het tot bankkrediet nie, het gewoonlik makliker toegang tot handelskrediet. Die beskikbaarheid van handelskrediet kan die invloed van krediettrantsoenering op reële besteding aansienlik verswak omdat dit as substituuat vir bankkrediet kan dien.

Rentekoerse sloer om aan te pas by veranderde omstandighede, maar sodra rentekoerse aanpas tot 'n hoër vlak, sal vraag en aanbod van lenings weer in ewewig kom by 'n nuwe groter hoeveelheid.

3.3.2 Die invloed van krediettrantsoenering op reële besteding

Duursame besteding deur huishoudings sal afneem indien krediettrantsoenering verskerp word, omdat minder lenings beskikbaar is vir die aankoop van duursame verbruikersgoedere. Besteding aan semi-duursame goedere behoort ook laer te wees, alhoewel in 'n mindere mate as by duursame verbruiksbesteding. Selfs besteding aan dienste kan negatief beïnvloed word, indien daarvoor met kredietfasiliteite soos 'n kredietkaart of private handelsmerk kredietkaarte betaal word. Die verskyning van private handelsmerk kredietkaarte (soos Woolworths-kaarte) het 'n verskuiwing laat plaasvind in die tipes besteding wat huishoudings met krediet finansier.

3.3.3 Die koste van krediet (rentekoerse)

Rentekoerse word volgens Whittaker en Theunissen (1987) gedefinieer as die nominale koste om plaaslike geld te "huur" of die geleentheidskoste om geld te hou.

Stabiele makro-ekonomiese omstandighede en effektiewe banktoesighouding lei tot suksesvolle finansiële hervorming wat gerig is op die uitskakeling van kredietkontroles en bereiking van positiewe reële rentekoerse. Laasgenoemde verhoog binnelandse besparing, meer buitelandse kapitaal vloei die land binne en finansiële bronne word meer effektief aangewend.

Die mark vir bankkrediet verskil van ander markte vir onder andere produkte en finansiële bates waar die opbrengskoers gelyk is aan die prys (minus belastings), deurdat die rentekoers verskil van die opbrengskoers waar laasgenoemde gelyk is aan die produk van die rentekoers

en die terugbetalingsmoontlikheid van die leners. Die terugbetalingsmoontlikheid het 'n negatiewe verwantskap met die rentekoers – dus as die rentekoers styg, sal die terugbetalingsmoontlikheid daal. Indien rente styg bokant 'n sekere vlak, sal die terugbetalingsmoontlikheid meer afneem as die styging in die rentekoers en dus sal die verwagte opbrengskoers vir die handelsbank daal met verdere stygings in die rentekoers. Hierdie omstandighede dwing banke om koerse vas te stel wat bokant die markkoers is en wat die maksimum opbrengs sal meebring en die grootste hoeveelheid risiko-leners sal uitskakel.

Makro-ekonomiese onstabieleit kom voor wanneer groot prysveranderinge van goedere en produksiefaktore en swak makro-ekonomiese groei, alle investeringsprojekte negatief beïnvloed.

Streng banktoesighouding en regulasies vereis voldoende reserwes vir leningsverliese en implisiete/eksplisiete depositoversekering wat korrek geprys is. In so 'n stelsel sal banke kredietbeheer toepas omdat makro-ekonomiese onstabieleit tot laer verwagte winsopbrengstes lei. Indien streng banktoesighouding en regulasies ontbreek, sal hoë risiko lenings met gepaardgaande hoë rente aan die orde van die dag wees. Banke kan in goeie tye winste behou en omdat monetêre owerhede bereid is om banke tegemoet te kom om 'n verval van die bankstelsel te voorkom, hoef banke nie die volle koste van groot verliese te dra in swak tye nie.

3.3.4 Implikasies van die termynstruktuur vir monetêre beleid

Gowland (1991:129) ondersoek die implikasies van die termynstruktuur van rentekoerse vir monetêre beleid deur gebruik te maak van die indirekte transmissiemeganisme.

Die indirekte transmissiemeganisme (via rentekoerse) word soos volg voorgestel:

'n Verandering in die geldvoorraad (M) lei tot 'n verandering in rentekoerse (i) wat lei tot 'n verandering in investering (I) wat lei tot 'n verandering in produksie of inkome (Y)

Die vraag is watter rentekoers (i) verteenwoordig – die langtermyn of die korttermyn koers.

Monetêre beleid wat deur die geldmark werk, se eerste invloed is op die korttermyn koers (i_s).

Die reële ekonomie wat investeringsbesluite insluit word beïnvloed deur langtermyn rentekoerse (i_l). As die verandering in korttermyn rentekoerse nie lei tot 'n verandering in die langtermyn koerse in dieselfde rigting nie, word die transmissiemeganisme in 'n mate geneutraliseer. Daarom kan gevra word of veranderinge in korttermyn rentekoerse sal lei tot 'n ooreenstemmende verandering in langtermyn rentekoerse. Die antwoord is tweeledig van

aard; eerstens sal dit volgens die verwagtingsteorie daartoe lei; en tweedens sal dit volgens die marksegmenteringsteorie nie daartoe lei nie.

Die opbrengskromme wat van toepassing is op 'n gegewe tydperk beïnvloed leners en uitleners se besluite wat weer die termynstruktuur van rentekoerse beïnvloed.

- Leners:

'n Stygende opbrengskromme beteken dat leners wat belangstel om die termyn van hulle skuld te verleng meer sal moet betaal omdat langtermyn lenings meer kos as korttermyn lenings. 'n Dalende opbrengskoers, in teenstelling, is uiters voordelig vir die persone wat belangstel om hulle skuld se termyn te verleng. Hulle betaal 'n laer koers en op dieselfde tyd verleng hulle die termyn van hulle skuld. Hierdie oogpunt ignoreer die feit dat 'n dalende opbrengskoers voorkom wanneer rentekoerse gewoonlik baie hoog is. Dit mag voordelig wees om die lening (indien moontlik) uit te stel totdat rentekoerse gedaal het na 'n laer vlak (totdat die opbrengskromme afwaarts beweeg het). As die kromme afwaarts beweeg bly die helling van die kromme onveranderd.

- Uitleners:

'n Stygende opbrengskromme beteken dit is beter om langtermyn beleggings te maak. Dit verteenwoordig 'n groter kapitaalrisiko en daarom moet besin word voordat die belegging gemaak word of dit die regte opsie is omdat 'n stygende opbrengskromme gewoonlik gepaard gaan met rentekoerse wat redelik laag is. 'n Dalende opbrengskromme skep 'n gunstige klimaat vir beleggers. 'n Hoë opbrengs word verdien sonder dat die risiko bestaan dat likiditeit verbeur sal moet word of dat blootstelling aan kapitaal risiko's voorkom. 'n Dalende opbrengskromme gaan gepaard met hoë rentekoerse in die algemeen. Die pryse van alle rentedraende effekte is dan redelik laag. As rentekoerse afneem (die opbrengskromme skuif afwaarts), sal die pryse van korttermyn en ook langtermyn effekte toeneem (inverse verband tussen rentekoerse en die pryse van finansiële papier). Dit mag selfs voordelig wees om onder hierdie omstandighede langtermyn effekte te koop met die oog op moontlike kapitaalwinste.

'n Belangrike punt volgens Gowland (1991:132), is dat 'n stygende opbrengskromme nie beteken dat verwag kan word dat toekomstige korttermyn rentekoerse hoër sal wees as huidige koerse nie. Daar word slegs gesê dat op die huidige stadium is die koerse op langtermyn finansiële bates hoër as die koerse op korttermyn bates. Dit mag heeltemal verander oor 'n tydperk.

Twee ander redes waarom die termynstruktuur van rentekoerse nog belangrik is, is die volgende:

- Dit beïnvloed die omvang van die geldvoorraad (aanbod van geld);
- Dit verduidelik hoe finansiële instrumente met verskillende termyne, opgetel kan word in 'n algemene ewewigsmodel.

Daar is egter ook ander faktore wat die verskille in rentekoerse teweegbring en dit sluit in:

- **Risiko van nie-betaling:**

Rente of die volle nominale waarde van die effek op uitkering kan verloor word. Staatseffekte is die veiligste en daarna volg semi-owerheid papier, gevolg deur plaaslike owerhede en daarna private instellings.

- **Aflosbaarheid:**

As rentekoerse daal, kan dit leners aanspoor om lenings vinniger te betaal, sodat hulle lenings teen gunstiger koerse kan bekom. Aan die ander kant sal uitleners die terugbetaling wil voorkom, om meer rente te kry op die geld wat uitgeleen is. Sekere strafkoerse word dus gehef op leners indien hulle lenings vinniger wil delg. Hoe beter 'n effek beskerm is teen vroeë aflossing, hoe laer is die rentekoers wat beleggers daarvoor sal wil aanvaar.

- **Belasbaarheid:**

Indien belasting betaalbaar is op die opbrengs, kan dit 'n verskil in die koers meebring.

- **Bemerkbaarheid:**

'n Effek wat meer bemerkbaar is sal teen 'n hoër prys (laer opbrengs) verkoop. Dit is bemerkbaar as 'n groot hoeveelheid verkoop kan word sonder dat pryse noemenswaardig verander. Omdat Suid-Afrika gebruik maak van likiede bate vereistes as monetêre beleidsmaatreël, is bates met 'n likiede eienskap meer bemerkbaar as die ander bates. Vraag na hierdie bates sal hoër wees as vir die nie-likiede bates omdat dit vir reserwevereistes gebruik kan word.

3.4 GEVOLGTREKKING

Huishoudingskuld in Suid-Afrika het oor die jare in belangrikheid toegeneem. Die verhouding van huishoudingskuld tot ander ekonomiese groothede is 'n belangrike analitiese instrument tot die beskikking van monetêre owerhede en navorsers om onder andere aan te dui wat huishoudings se finansiële posisie is en om toekomstige finale besteding te bereken. Huishoudingskuld is ook 'n belangrike skakel in die transmissiemeganisme om monetêre beleid na die reële ekonomie deur te voer.

Direkte beheermaatreëls oor die terme en voorwaardes van krediet het ook aansienlik verminder, na die De Kock kommissie se bevindings in 1984, dat weg beweeg moet word vanaf direkte beheermaatreëls. Huishoudingskuld word beïnvloed deur verskeie faktore, maar die koste van krediet en persoonlike beskikbare inkome, is seker die belangrikste. Die persepsie van die huishouding speel egter ook 'n groot rol, wanneer die besluit geneem word of krediet verhoog gaan word of nie. Verwagtinge omtrent die toekoms het 'n invloed op die persepsie van die huishouding. Gedurende die middel 1980s het huislenings vinnig toegeneem omdat verwag is dat huispryse geweldig gaan toeneem. Aggressiewe bemerking van deeltitel-eenhede kon ook bygedra het tot 'n styging in huislenings. Huishoudings het onlangs ook, as gevolg van 'n vrees vir hulle sekuriteit en veiligheid, huise begin koop in sekuriteitskomplekse wat in die hoër prysklas val.

Lenings skep deposito's en so word geld geskep in die ekonomie. Daarom is krediet en die beheer daarvan van belang vir die monetêre owerheid. Die owerheid beheer inflasie deur besteding in die reële ekonomie (waarvan private verbruiksbesteding die grootste bestedingskomponent is) te beheer. Rentekoerse word gebruik om besteding te beheer en rentekoerse het 'n direkte invloed op krediet.

HOOFSTUK 4

PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING EN DIE HUISHOUDINGSEKTOR

4.1 INLEIDING

Private verbruiksbesteding is die belangrikste bestedingskomponent in die ekonomie omdat die welvaart van die bevolking gemeet word aan die vermoë van huishoudings om inkome te bestee. Besteding deur huishoudings is baie sensitief vir ekonomiese vooruitgang of agteruitgang. Dit is dus nodig om 'n formele definisie te verskaf van private verbruiksbesteding, asook 'n uiteensetting van die komponente van private verbruiksbesteding en die invloed wat internasionale standaarde het op die meting en publisering van hierdie bestedingskomponent. 'n Aantal teorieë ten opsigte van private verbruiksbesteding sal bespreek word, asook die invloed van verskeie ekonomiese faktore op bestedingsbesluite. Die hoofstuk word afgesluit met 'n internasionale voorbeeld van hoe private verbruiksbesteding reageer op veranderinge in die ekonomie. Die voorbeeld dien as voorloper vir die volgende hoofstuk, waarin die invloed van huishoudingskuld op private verbruiksbesteding bespreek word.

4.2 DIE DEFINISIE EN SAMESTELLING VAN PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING EN DIE HUISHOUDINGSEKTOR

4.2.1 Definisie van private verbruiksbesteding

Private verbruiksbesteding bestaan uit die finale besteding van huishoudings en nie-winssoekende organisasies op nuwe verbruiksgoedere en dienste. Besteding aan verbruiksgoedere word verdeel tussen besteding aan duursame goedere, semi-duursame goedere en nie-duursame goedere. Verdere onderverdeling word hieronder in meer besonderhede bespreek. Tweedehandse goedere se wins- of handelsmarge word hierby ingesluit omdat hierdie ekstra deel bydra tot produksie in die huidige periode waarin besteding gemeet word. Indien die volle aankoopprys van tweedehandse goedere in aanmerking geneem word sal dubbel-telling voorkom, omdat die aanvanklike aankoopprys reeds in berekening gebring is met die aanvanklike aankope (volgens die 1993 SNR).

4.2.2 Samestelling van private verbruiksbesteding

Duursame goedere word geklassifiseer as goedere met 'n verwagte lewensduur van langer as een jaar en waarvan die aankooppryse gewoonlik betreklik hoog is, soos motors en meubels. Semi-duursame goedere, soos klerasie en skoeisel, het oor die algemeen 'n korter verwagte

lewenduur as duursame goedere, alhoewel dit ook langer as een jaar kan wees. Nie-duursame goedere se verwagte lewenduur is gewoonlik korter as een jaar, of dit word onmiddellik opgebruik soos voedsel. Dienste bestaan uit besteding aan werklike en berekende huur en alle professionele dienste soos mediese en regsdiens.

Besteding word bereken teen markprys, dus die prys wat in die mark daarvoor betaal word. Die uitsondering is besteding deur huishoudings aan goedere geproduseer vir tuisverbruik. In sulke gevalle word die prys teen produsenteprys gewaardeer.

Daar word in die berekening van private verbruiksbesteding 'n onderskeid gemaak tussen verbruiksbesteding in die binnelandse mark en verbruiksbesteding van inwoner-huishoudings. Besteding in die binnelandse mark, verwys na die besteding van permanente inwoners en nie-inwoner-huishoudings in die binnelandse gebied van die land. Verbruiksbesteding deur inwoner-huishoudings alleen, word afgelei van die besteding in die binnelandse mark, deur die direkte aankope van verbruikersgoedere deur inwoner-huishoudings in die buiteland by te tel en die aankope van nie-inwoner-huishoudings in die binnelandse mark af te trek.

Private verbruiksbesteding word deur die huishoudingsektor onderneem. Die huishoudingsektor bestaan uit individue en hulle families, welsyns-, godsdienstige- en nie-winssoekende organisasies. Verder sluit dit nie-geïnkorporeerde sakeondernemings in soos boere, kleinhandelaars en tweeman-sake, omdat hierdie besighede se sake nie van hulle eienaars se persoonlike sake geskei kan word nie (Fourie, Falkena en Kok 1992:8).

Die uitgawes aan goedere en dienste word aangeteken op die tydstip waarop die aankope in werklikheid gemaak word, ongeag vertraging in die aflewering van die goedere. 'n Aankoop vind plaas op die tydstip waarop huishoudings die wettige eienaar van die goedere word, of wanneer die dienste gelewer word. In die geval van huurkoop, word 'n aankoop geag om plaas te vind op die tydstip waarop die kontrak onderteken word. Aankope op krediet het daarom 'n direkte positiewe invloed op die vlak van private verbruiksbesteding, soos dit aangeteken word in terme van die Stelsel van Nasionale Rekening.

Behalwe bogenoemde verdeling volgens duursaamheid, kan verbruiksbesteding ook verdeel word volgens die doelwit waarvoor dit aangekoop word. Verdeling volgens duursaamheid word gebruik om te bereken wat die gevoeligheid van die verskillende klasse verbruiksbesteding is vir sikliese veranderings. Sodra die ekonomie 'n insinking beleef

behoort besteding aan duursame goedere (meubels en motors) en nie-noodsaaklike dienste (soos haarkappers en skoonheidsdienste), negatiewe groei te beleef.

Klassifisering van besteding deur huishoudings volgens doelwit word gebruik om verbruikersvraag en -welvaart te bestudeer. Verskeie veranderinge het plaasgevind in die klassifikasies volgens doelwit teenoor duursaamheid, met die implementering van die 1993 Stelsel van Nasionale Rekening. Hierdie verandering word vervolgens bespreek.

4.3 INTERNASIONALE KLASSIFIKASIE: 1968 STELSEL VAN NASIONALE REKENINGE VERSUS 1993 STELSEL VAN NASIONALE REKENINGE

Private verbruiksbesteding, soos dit in die Stelsel van Nasionale Rekening van 1968 (1968-SNR) gebruik word, verskil per definisie nie van finale verbruiksbesteding deur huishoudings, soos dit in die Stelsel van Nasionale Rekening van 1993 (1993-SNR) gebruik word nie. Daar vind wel 'n klemverskuiwing vanaf *duursaamheid* na *doelwit* plaas in die klassifikasie van private verbruiksbesteding.

Die 1993-SNR tref 'n onderskeid tussen finale verbruiksbesteding deur huishoudings en werklike individuele verbruik.

4.3.1 Finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens doelwit en duursaamheid

4.3.1.1 Klassifikasie van finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens doelwit

Finale verbruiksbesteding deur huishoudings word volgens 8 hoofgroepe en 33 subgroepe van goedere en dienste in die 1968-SNR geklassifiseer, op grond van die doel en wyse waarop besteding plaasvind. Die tabel waarvolgens finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens doelwit geklassifiseer word, is by geleentheid in historiese publikasies van die nasionale rekeninge gepubliseer. 'n Onderskeid is slegs tussen die 8 hoofgroepe volgens die 1968-SNR gemaak.

Die 1993-SNR onderskei 10 hoofgroepe en 36 subgroepe van goedere en dienste, waarvolgens finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens doelwit verdeel word. Die nuwe klassifikasie volgens die 1993-SNR verskil van die 1968-SNR in drie opsigte, naamlik:

- twee nuwe kategorieë: **opvoeding en hotelle, kafees en restaurante** is bygevoeg;

- die huidige en die nuwe kategorieë word in meer besonderhede onderverdeel; en
- sekere items word onder ander doelwitte geklassifiseer.

Een van die belangrikste redes vir die uitgebreide klassifikasie volgens doelwit in die 1993-SNR is om meer direk op die doelwit van verbruik te konsentreer, in plaas van op die soort verbruik of duursaamheid van goedere en dienste. Met behulp van die klassifikasie volgens doelwit kan onder andere ook uitgawes wat betrekking het op die instandhouding en beveiliging van die ekologiese stelsel geïdentifiseer word wat vir die behoud, voortbestaan en ontwikkeling van die mens noodsaaklik is. Besteding wat noodsaaklik is vir die voortbestaan en ontwikkeling van die mens bestaan onder andere uit:

- uitgawes wat in maatskaplike belang is, byvoorbeeld lae-koste watervoorsiening en sanitasie; en
- basiese maatskaplike dienste, soos primêre opvoeding, gesinsbeplanning, gesondheidsdienste en voeding.

Die tabel met 10 hoofgroepe volgens die 1993-SNR, waarvolgens finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens doelwit geklassifiseer word, word nou op 'n jaarlikse grondslag in die Kwartaalblad van die SA Reserwebank gepubliseer.

Tabel 4.1 en Tabel 4.2 toon 'n vergelyking tussen die klassifikasie volgens doelwit soos dit onderskeidelik in die 1968-SNR en die nuwe 1993-SNR voorgestel word. Tabel 4.2 verstrekk ook meer besonderhede oor die klassifikasie van finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens doelwit en duursaamheid in ooreenstemming met die voorskrifte van die 1993-SNR.

Die items met (PVB) tussen hakies verteenwoordig daardie tydreeks wat volgens die 1968 SNA reeds beskikbaar was en op 'n kwartaal grondslag geraam word, terwyl alle ander items dui op finale verbruiksbesteding deur huishoudings wat nuut ingedeel is of wat nie voorheen afsonderlik beskikbaar was nie.



Tabel 4.1: Private verbruiksbesteding volgens doelwit – 1968-SNR

TOTALE PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING
Voedsel, drank en tabak Voedsel Nie-alkoholiese drank Alkoholiese drank Tabak
Klerasie en skoeisel Klerasie en herstelwerk Skoeisel en herstelwerk
Huur, brandstof en krag Water, brandstof en krag Bruto huur
Meubels en lopende huishouding Meubels en huishoudelike toestelle Glasware, tafelware, linne Skoonmaakmiddels Bediendes, wasserydienste, versekering
Mediese versorging Geneeskundige toestelle Aptekersware Dokters, hospitaaldienste
Vervoer en kommunikasie Aankoop van voertuie Motorbande en onderdele Petroleum produkte Parkeergeld, motorversekering, langafstandvervoer en kommunikasiedienste
Ontspanning, vermaak en kulturele dienste Klanktoerusting, televisies, bote, vliegtuie Sport, speelgoed, troeteldiere, blomme Boeke, koerante, tydskrifte TV-lisensies, opvoedkundige dienste
Diverse goedere en dienste Juweliersware Persoonlike versorging, skryfbehoeftes en kunstoebehore Verversings en akkommodasie, finansiële dienste, netto buitelandse dienste

Bron: SNR (1968)

Tabel 4.2: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit – 1993-SNR

<p>1. Voedsel, drank en tabak: (nie-duursaam)</p> <p>1.1 Voedsel (PVB) Alle vars en verwerkte voedsel wat aangekoop word vir menslike verbruik tuis.</p> <p>1.2 Drank (PVB) Nie-alkoholiese drank: (PVB) koffie, tee, gasdranke, gegeurde strope en vrugtedranke. Alkoholiese drank: (PVB) wyn, mout en spiritualieë.</p> <p>1.3 Tabak (PVB) Sigarette, pyptabak, en snuif. Let wel: rokersbenodigdthede word onder item 10 - ander persoonlike goedere - geklassifiseer. Narkotika: marijuana, opium, kokaïne, dagga en ander mensgemaakte, chemiese gewoontevormende middels.</p>
<p>2. Klerasie en skoeisel: (semi-duursaam)</p> <p>2.1 Klerasie en herstelwerk (PVB) Mans-, dames- en kinderklere aangekoop, tuisgemaak en spesiaal vervaardig word ingesluit. Materiaal, herstelkoste en huur (dus ook "dienste" naas "semi-duursaam") van klere word ook ingesluit.</p> <p>2.2 Skoeisel en herstelwerk (PVB) Mans-, dames- en kinderskoene vir alle doeleindes soos sport, werk en ontspanning.</p>
<p>3. Behuising, water, elektrisiteit, gas en ander brandstof: (nie-duursaam en dienste)</p> <p>3.1 Bruto huur (PVB) (dienste) Geïmputeerde huur (bewoner besit woning) In natura-huur (werkgewer besit woning, werknemer woon gratis) Werklike huurbetalings (van bewoner aan eienaar)</p> <p>3.2 Algemene onderhoud en herstel van eiendom (instandhouding) Hierdie item het tans nie 'n spesifieke aanwyser nie. In die 1995 Oktober Huishoudingsopname: Afdeling 1 - Koste van Behuising - item 9.1 - Herstel en onderhoud van bestaande geboue en swembaddens - word inligting hieroor gevra wat gebruik sal kan word. Hierdie syfer sluit nie-duursame goedere (met ander woorde die boumateriaal, verf) asook dienste (loodgieters, bouers, verwers) in.</p> <p>3.3 Ander dienste met betrekking tot die eiendom (dienste) Versekering (PVB), sanitêre dienste en vullisverwydering. Dit is ook in die 1995 Oktober huishoudingsopname onder Afdeling 1 - Koste van Behuising - item 7.6 en item 7.7 gevra.</p> <p>3.4 Elektrisiteit, gas en ander brandstof (nie-duursaam) (PVB) Water en vloeibare brandstof soos lampolie en antrasiet, hout en steenkool en krag</p>

Tabel 4.2: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit – 1993-SNR (vervolg)

<p>4. Meublement, huishoudelike toestelle en roetine onderhoud/netjies hou van die huis: (duursaam, semi-duursaam, nie-duursaam en dienste)</p> <p>4.1 Meubels en versierings, los matte en ander vloerbedekkings en herstelwerk. Sluit ook kussings, matrasse, muurbehangsels en ornamente in. (PVB) (duursaam)</p> <p>4.2 Huishoudelike tekstiele Tekstielware (komberse, lakens, gordyne) kombuis- en badkamer linne (tafeldoeke, vadoeke, handdoeke, waslappe) en kramery (knope, garings, ens) (PVB) (semi-duursaam)</p> <p>4.3 Verhitting en kookware, yskaste, wasmasjiene, en soortgelyke huishoudelike toerusting, insluitende herstelwerk en installasie (PVB) (duursaam)</p> <p>4.4 Glasware, tafelware en kombuisgerei Hierdie item is in die 1995 Huishoudings opname apart gespesifiseer onder afdeling 11 - Meublement en toerusting – item 11.1.3 – ander (wat gespesifiseer moet word) (PVB) (semi-duursaam)</p> <p>4.5 Gereedskap en toerusting vir die huis en tuin Hierdie items word gespesifiseer in die 1995 Oktober huishoudingsopname onder afdeling 11 - Meublement en toerusting - item 11.4 - ander huishoudelike toerusting Gemotoriseerde toerusting soos bore, elektriese grassnyers, randsnyers, saagtoerusting en pomptoeusting; asook nie-gemotoriseerde toerusting soos skroewedraaiers, tange, hamers, skakelaars, gloeilampe, harke en kruitwaens, tuinvurke, metaaltoerusting vir die huis soos gordynhake, en vir die tuin soos "tydelike" omheiningsmateriaal.</p> <p>4.6 Goedere en dienste vir roetine huishoudelike onderhoud/netjies hou (skoonmaak goedere en dienste) Saad, nie-eetbare kruideniersware (reinigingsmiddels, politoer), bediendelone vir huise, woonstelle en plase, was, kleur en droogskoonmaak (PVB) (semi-duursaam, nie-duursaam en dienste)</p>
<p>5. Gesondheid (duursaam, nie-duursaam en dienste)</p> <p>5.1 Mediese en farmaseutiese produkte en terapeutiese toestelle en toerusting Valstande, gehoorapparate, brille, elektriese en battery-aangedrewe toestelle, medisyne en ander aptekersware (PVB) (duursaam en nie-duursaam)</p> <p>5.2 Nie-hospitaal mediese en paramediese dienste Dienste deur geneeshere, spesialiste, homeopate, tandartse, oogartse (PVB) (dienste)</p> <p>5.3 Hospitaaldienste Hospitale en klinieke (PVB) (dienste)</p> <p>5.4 Siekte- en ongeluksversekeringsdienste (PVB) Betalings aan mediese hulpskemas en mediese verenigings en ongeluksversekeringspolisse</p>

Tabel 4.2: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit – 1993-SNR (vervolg)

<p>6. Vervoer (duursaam, semi-duursaam, nie-duursaam en dienste)</p> <p>6.1 Aankoop van voertuie Motors, minibusse, motorfietse, trapfietse, gebruikte besigheidsmotors, karavane, sleepwaens en handelsvoertuie (PVB) (duursaam)</p> <p>6.2 Bedryf van persoonlike vervoertoerusting Motor- en motorfietsbande, onderdele en herstelwerk en petroleum produkte (petrol en diesel) (PVB) (semi-duursaam en nie-duursaam). Lisensiegelde word beskou as belasting en word uitgesluit.</p> <p>6.3 Vervoerdienste Parkeergeld, motorversekering, motorhuur, langafstand- en voorstedelike vervoer (trein, bus, vliegtuig en boot), asook meubelvervoerdienste en wins op gebruikte motors (PVB)</p>
<p>7. Ontspanning, vermaak en kultuur (duursaam, semi-duursaam, nie-duursaam en dienste)</p> <p>7.1 Toerusting en bybehore (insluitende herstelwerk) Radios, plate en bandopnemers, fotografiese toerusting, musiekinstrumente, bote en vliegtuie, televisies, gewere, rekenaars, sport- en kamptoeerusting, speelgoed, troeteldiere en kos (uitgesluit hondelisensies), plate, diskette en kassette, blomme, ruikers en stokperdjies (PVB) (duursaam en semi-duursaam)</p> <p>7.2 Ontspanning en kultuurdienste Televisiehuur en -lisensies, videohuur, toegangsgelde, klubgelde (PVB) (Uitgesluit jag- en visvanglisensies)</p> <p>7.3 Koerante, boeke en skryfbehoeftes (PVB) (semi-duursaam, nie-duursaam) Boeke sluit ensiklopedieë, atlasse, woordeboeke, albums en leesboeke in.</p> <p>7.4 Vakansiepakkette Hierdie item sluit vakansiepakkette in waar die totale koste van die vakansie eenmalig in 'n enkelbedrag aan 'n toeragentskap betaal word. In die 1995 Oktober Huishoudingsopname word nie voorsiening vir so 'n item gemaak nie. (Sien items 6.3 en 9.)</p>
<p>8. Opvoeding (Dienste)</p> <p>8.1 Opvoedkundige dienste Skoolgelde wat pre-primêre, primêre, hoërskool-, sowel as universiteits-, technikon-, kollege- en ander naskoolse opleiding insluit. (PVB)</p> <p>8.2 Opvoedkundige materiaal (Hierdie item het nie 'n spesifieke aanwyser nie en word ingesluit by item 8.1 asook by 7.3) Dit behels alle handboeke, skryfbehoeftes en ander skoolbenodigdhede</p>

Tabel 4.2: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit – 1993-SNR (vervolg)

<p>8.3 Aanvullende opvoedkundige dienste (Verwys punt 8.1 en 8.2)</p> <p>Addisionele onderriggelde wat nie onder skoolgelde geklassifiseer is nie, soos bydraes vir byeenkomste, oprig van sportgronde, privaat onderrig en buitemuurse onderrig soos sanglesse, musieklesse, sport onderrig.</p> <p>Die 1995 Oktober huishoudingsopname voorsien wel vir items 8.2 en 8.3, wat gevra word onder afdeling 16 – Onderwys</p>
<p>9. Hotelle, kafees en restaurante (dienste)</p> <p>9.1 Spyseniering</p> <p>Voedsel en drank in hotelle, restaurante en wegneemetes. (PVB) (dienste)</p> <p>9.2 Akkommodasie (PVB) (dienste)</p> <p>Hotel-, motel-, vakansiewoonstel-, -huis- en woonwastaanplekkoste</p>
<p>10. Diverse goedere en dienste (semi-duursaam, dienste)</p> <p>10.1 Persoonlike versorging</p> <p>Haar- en skoonheidsdienste vir mans en dames (PVB)</p> <p>10.2 Persoonlike goedere</p> <p>Pruike, sonbrille, skeermeslemme, toiletware, grimering, wegdoenbare luiers, sanitêre doekies, snesies en papiersakdoeke (PVB) (semi-duursaam)</p> <p>10.3 Kommunikasie</p> <p>Telefoon, posgeld en telegramme, koerierdienste, posbushuur, rekenaartoerusting, tweerigtingradios, antwoordmasjiene (PVB) (dienste en duursaam)</p> <p>10.4 Maatskaplike dienste</p> <p>Hierdie item word gevra in die 1995 Oktober huishoudingsopname onder afdeling 19 - Diverse Uitgawes - item 19.2 - Lidmaatskapgelde, ledegeld, donasies, geskenke en onderhoud vir kinders</p> <p>10.5 Finansiële dienste</p> <p>Bankkoste, diensgeld bereken op rentebetelings, langtermynversekering (die versekeringskomponent, maar nie die spaarkomponent van die premies nie), korttermynversekering (PVB)</p> <p>10.6 Ander dienste</p> <p>Dit sluit in enige ander dienste waarvoor huishoudings betaal wat nie spesifiek hierbo genoem is nie, soos professionele gelde vir ouditeurs, prokureurs, netto buitelandse dienste.</p> <p>(PVB, diverse dienste in buiteland minus diverse dienste in SA aan buitelanders)</p>

Bron: SNR (1993)

Tabel 4.3: Finale verbruiksbesteding volgens doelwit

Hoofdgroepe volgens die 1968-SNR en 1993-SNR

1968-SNR	1993-SNR
Voedsel, drank en tabak	Voedsel, drank en tabak
Klerasie en skoeisel	Klerasie en skoeisel
Huur, brandstof en krag	Behuising, water, elektrisiteit
Meubels en lopende huishouding	Meubels en roetine-onderhoud van die huis
Mediese versorging	Gesondheid
Vervoer en kommunikasie	Vervoer
Ontspanning, vermaak en kultuur	Ontspanning, vermaak en kultuur
Diverse goedere en dienste	Opvoeding
	Hotelle, kafees en restaurante
	Diverse goedere en dienste

Bron: SNR (1968, 1993)

4.3.1.2 Klassifikasie van verbruiksbesteding deur huishoudings volgens duursaamheid

Die onderskeid volgens die 1968-SNR van finale verbruiksbesteding deur huishoudings aan goedere en dienste op grond van hul duursaamheid, maak dit moontlik om ontledings te doen van die voorraad duursame verbruiksgoedere in besit van huishoudings, die invloed van verbruikerskrediet op verbruiksbesteding deur huishoudings, die invloed van rentekoers veranderinge op die samestelling van finale verbruiksbesteding deur huishoudings en die konjunkturale veranderinge in verbruikersvraag volgens duursaamheid (1968-SNR:105). Daar bestaan gevolglik steeds 'n behoefte om die verbruik van goedere en dienste volgens hierdie indeling te ontleed, alhoewel die 1993-SNR nie spesifiek na die klassifikasie volgens duursaamheid verwys nie.

Die klassifikasie van finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens duursaamheid, word teen heersende en konstante pryse, voor en na seisoensaansuiwering, op 'n kwartaallikse grondslag gepubliseer en vanweë die gebruiksnut van hierdie klassifikasie, word die tabel behou in huidige kwartaalblad publikasies (sien Tabel 4.4).

Tabel 4.4: Private verbruiksbesteding volgens duursaamheid – 1968 SNR

TOTALE PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING
Duursame goedere Meubels, huishoudelike toestelle Persoonlike vervoertoerusting Ontspannings- en vermaaklikheidsgoedere Ander duursame goedere
Semi-duursame goedere Klerasie en skoeisel Huishoudelike tekstiele, toebehore en glasware Motorbande, -onderdele, en -toebehore Ontspannings- en vermaaklikheidsgoedere Diverse goedere
Nie-duursame goedere Voedsel, drank en tabak Huishoudelike brandstof en krag Huishoudelike verbruiksgoedere Mediese en farmaseutiese produkte Petroleumprodukte Ontspannings- en vermaaklikheidsgoedere
Dienste Woninghuur Huishoudelike dienste, insluitende huisbediendes Mediese dienste Vervoer- en kommunikasiedienste Ontspannings-, vermaaklikheids- en opvoedkundige dienste Diverse dienste

Bron: SNR (1968)

4.3.1.3 Herdefiniëring van waardevolle items, uitgawes op vaste bates, lisensies en foie

As gevolg van 'n klemverskuiwing vanaf die klassifikasie van goedere volgens duursaamheid na doelwit, het dit duidelik geblyk uit die 1993-SNR, dat sekere waardevolle items en sommige uitgawes op vaste bates, veral ten opsigte van woonhuise, nie meer as private verbruiksbesteding geklassifiseer kan word nie, maar eerder as investering geklassifiseer moet

word. Verder word daar ook 'n breër onderskeid getref tussen die betaling vir 'n diens wat as verbruiksbesteding hanteer sal word en 'n betaling wat as belasting hanteer sal word.

(i) Die hantering van waardevolle items deur huishoudings aangekoop

Waardevolle items word gewoonlik aangeskaf met die doel om rykdom op te bou. Met verloop van tyd styg die waarde van hierdie items of dit bly minstens konstant en gewoonlik kan die items nie opgebruik word nie. Vanweë hierdie eienskappe moet waardevolle items wat deur huishoudings aangekoop word, volgens die 1993-SNR eerder as kapitaalvorming geklassifiseer word en nie as private verbruiksbesteding nie. Skilderye wat deur huishoudings gekoop word, is volgens die 1968-SNR volgens duursaamheid onder meubels en toerusting geklassifiseer. Indien dit egter aangekoop word as versamelaarsitems moet dit deel vorm van bruto binnelandse kapitaalvorming. Slegs kostuumjuwele (wat horlosies insluit) en versieringsitems, buiten versamelaarsitems, moet by die raming van finale verbruiksbesteding deur huishoudings in aanmerking geneem word.

(ii) Uitgawes ten opsigte van vaste bates

Alle uitgawes wat betrekking het op vaste bates en vir die algemene onderhoud en herstel van eiendom aangewend word, word as finale verbruiksbesteding aangeteken. Indien die herstel van die eiendom 'n verbetering verteenwoordig wat die waarde van die eiendom verhoog, word dit as kapitaalvorming geklassifiseer. Enige strukturele veranderings aan die eiendom word vir doeleindes van die raming van finale verbruiksbesteding uitgesluit.

(iii) Lisensies en fooie

Lisensies en fooie wat deur huishoudings betaal word, word volgens die 1993-SNR geklassifiseer as betaling vir 'n diens deur die owerheid gelewer of as die betaling van belasting.

Volgens die 1968-SNR is die betaling van lisensies en fooie in twee kategorieë verdeel naamlik:

- Vrywillige maar onvermydelike betalings wat die owerheid gebruik as instrument vir die uitvoering van sy beleid. Hierdie betalings is as lopende oordragte hanteer, byvoorbeeld die boetes en verbeurdverklarings wat in die Persoonlike Inkomme-en-Uitgawerekening ingesluit is. Hierby is paspoortfooie, motorregistrasiegeld, bestuurderslisensies, lughawefooie en hofdienste ingesluit.

- **Betaling van fooie waarvoor geen identifiseerbare diens gelewer word nie en wat slegs as inkomstebron vir die owerheid dien. Hierdie betalings is hanteer as direkte belasting in die Persoonlike Inkome-en-Uitgawerekening van huishoudings. Hierby is wielbelasting, inkomstebelasting, bydraes tot maatskaplike welsyn, lisensies, wedrenbelasting, seëlregte en hereregte ingesluit. Indirekte belastingbetalings aan die owerheid wat in die Lopende Inkome-en-Uitgawerekening van die algemene owerheid verskyn, word nie afsonderlik getoon in die Persoonlike Inkome-en-Uitgawerekening nie, omdat dié bedrae indirek in private verbruiksbesteding opgeneem is.**

Die betaling van 'n lisensie of fooi word volgens die 1993-SNR onder die volgende voorwaardes as 'n belasting geklassifiseer:

- **Indien geen direkte produk of diens in ruil vir die betaling aangebied word nie;**
- **Indien dienslewering wel bestaan, hoef die betaling nie in verhouding tot die lewering van die diens te wees nie; en**
- **Indien die uitreiking van die lisensie outomaties geskied met betaling daarvan en geen voorwaardes vir die uitreiking van die lisensie bestaan nie.**

Hierteenoor word die betaling van 'n lisensie of fooi onder die volgende voorwaardes as 'n diensbetaling geklassifiseer:

- **Indien magtiging vanaf die owerheid verkry moet word om 'n sekere artikel te besit of te gebruik in ruil vir betaling;**
- **Indien 'n spesifieke diens deur die staat gelewer word by betaling;**
- **Indien die staat beheer uitoefen oor die soort, kwaliteit en veiligheid van 'n produk of diens; en**
- **Indien betaling meestal as 'n eenmalige handeling plaasvind – dit kan egter ook hernubaar wees.**

'n Verdeling van die onderskeie lisensies en fooie betaal deur huishoudings en die klassifikasie volgens belasting en diens word in die onderstaande tabel getoon.

Tabel 4.5: Tipes lisensies of fooie verdeel volgens belastingbetalings en finale verbruiksbesteding:

Belasting	Diens
Voertuiglisensies Honde-, vis- en wildlisensies Eiendomsoordragkoste	Voertuigregistrasie- en padvaardigheidsgelde Vuurwapenlisensies Bestuurderslisensies Paspoort- en lughawefooie

4.4 DIE ONDERSKEID TUSSEN FINALE VERBRUIKSBESTEDING EN WERKLIKE INDIVIDUELE VERBRUIK VAN HUISHOUDINGS

Finale verbruiksbesteding verteenwoordig die aanwending van beskikbare inkome aan finale goedere en dienste deur die huishoudings self, terwyl werklike individuele verbruik die aanwending van aangesuiwerde beskikbare inkome verteenwoordig. Laasgenoemde word verkry deur die maatskaplike *in natura*-oordragte van die owerheid en nie-winssoekende organisasies wat huishoudings dien, in aanmerking te neem. Die item "werklike individuele verbruik" verteenwoordig dus die totaal van goedere en dienste wat deur huishoudings verbruik word, ongeag of die uiteindelijke betaling vir hierdie goedere en dienste deur die huishoudings, die owerheid of die nie-winssoekende organisasies wat huishoudings dien, gedoen is. Die rede vir hierdie onderskeid is om die belangrikheid van die invloed wat uitgawes deur die owerheid namens huishoudings op die ontwikkeling, lewenskwaliteit en welvaart van die gemeenskap het, aan te toon.

Totale werklike individuele verbruik deur huishoudings bestaan uit:

- Uitgawes aan goedere en dienste deur huishoudings wat volgens doelwit geklassifiseer is; en
- Direkte uitgawes van die owerheid en nie-winssoekende organisasies ten opsigte van onderwys, gesondheid en basiese dienste aan huishoudings.

Laasgenoemde is maatskaplike *in natura*-oordragte wat in die volgende vier klasse verdeel kan word:

1. Maatskaplike versekeringsvoordele terugbetaal

Terugbetalings aan huishoudings deur maatskaplike versekeringsfondse van goedgekeurde uitgawes op gespesifiseerde goedere of dienste soos onder andere medisyne, mediese, tandheelkundige en oogkundige behandeling en hospitaalrekeninge.

2. Ander maatskaplike *in natura*-versekeringsvoordele

Voorsiening van byvoorbeeld mediese en tandheelkundige dienste, operasies, hospitaalverblyf, brille, kontaklense en mediese toerusting deur maatskaplike versekeringsfondse.

3. Maatskaplike *in natura*-bystandsvoordele

Voorsiening van soortgelyke goedere en dienste deur maatskaplike versekeringsfondse, die owerheid en nie-winssoekende organisasies wat huishoudings dien, onder die volgende omstandighede:

- (i) Indien geen maatskaplike versekeringskema bestaan wat die goedere of diens kan voorsien nie;
- (ii) Alhoewel 'n maatskaplike versekeringskema bestaan, is huishoudings nie deel van die skema nie, of kan ook nie kwalifiseer om deel van die skema te wees nie; en
- (iii) Indien 'n maatskaplike versekeringskema onvoldoende is om in die eise te voorsien.

4. Oordrag van individuele nie-markgoedere en dienste

Goedere en dienste word gratis of teen 'n minimum betaling (ekonomies irrelevant) voorsien deur die owerheid of nie-winssoekende organisasies wat huishoudings dien. Hierdie goedere en dienste bestaan hoofsaaklik uit opvoedings- en gesondheidsdienste, behuising, kulturele en ontspanningsfasiliteite. Die goedere en dienste kan sekere eienskappe van kollektiewe goedere en dienste hê, maar word individueel verbruik. Oorkoepelende uitgawes op goedere en dienste word as kollektief beskou sodra dit te doen het met die formulering en administrasie van owerheidsbeleid.

'n Hersiene inkome-en-uitgawerekening vir huishoudings wat die veranderinge volgens die 1993-SNR insluit, word in Tabel 4.6 aangetoon.

Tabel 4.6: Lopende inkome-en-uitgawerekening van huishoudings

Vergoeding van werknemers (salarisse, lone)
Inkome uit eiendom (netto)
PRIMÊRE INKOME
Lopende oordragte ontvangbaar van algemene owerheid
Lopende oordragte ontvangbaar van geïnkorporeerde sakeondernemings

Tabel 4.6: Lopende inkome-en-uitgawerekening van huishoudings (vervolg)

Oordragte ontvangbaar van die buiteland
LOPENDE INKOME
min Lopende belastings op inkome en rykdom
min Lopende oordragte aan algemene owerheid
min Oordragte aan die buiteland
BESKIKBARE INKOME
Maatskaplike oordragte <i>in natura</i> vanaf die algemene owerheid
AANGESUIWERDE BESKIKBARE INKOME
min Werklike finale verbruik
Finale verbruiksbesteding deur huishoudings
Individuele verbruik deur die algemene owerheid
BESPARING

Die indeling van finale verbruiksbesteding volgens doelwit bring die ontleding van huishoudings se besteding in Suid-Afrika in ooreenstemming met die jongste voorstelle van die internasionale handleiding vir die samestelling van nasionale rekeninge-statistiek. Met behulp van hierdie indeling is die ontleding van huishoudings se totale besteding aan onder andere voedsel, gesondheid, vervoer en onderwys maklik beskikbaar en bied dit ook waardevolle inligting oor die sosiaal-maatskaplike ontwikkeling van huishoudings in 'n land. Verder sal die hersiening van definisies en indelings soos onder andere by belasting en lisensies en die toedeling van sommige van hierdie uitgawes as verbruiksbesteding, die samestelling van die uitgawes van huishoudings in ooreenstemming met internasionale standaarde bring.

4.5 VERBRUIKSTEORIEË

4.5.1 Definisie van verbruiksfunksies

Verbruiksfunksies is empiriese modelle wat poog om die gedrag van die verbruiker te verduidelik (Muellbauer 1994:2). In die vroeë sestigerjare het die term “verbruiksfunksies” die verhouding tussen verbruiksbesteding, inkome, bates en rentekoerse weerspieël. Die lewensiklusteorie van Modigliani wat vroeg in die vyftigerjare ontstaan het, het gepoog om die optimalisering van behoeftes oor 'n persoon se lewensiklus in 'n teorie te beskryf. Friedman het in die laat vyftigerjare 'n teorie ontwikkel gebaseer op permanente inkome. Vanaf die laat sewentigs is die Euler vergelyking gebruik om verbruik in 'n model saam te vat (Muellbauer (*op. cit.*)). Daar bestaan 'n hele aantal teorieë wat deur verskeie ekonome geformuleer is en die mees toepaslike teorieë sal vervolgens bespreek word.

4.5.2 Keynesiaanse hipotese

Die heel eenvoudigste verklaring van verbruiksbesteding is deur J.M. Keynes gemaak en ekonome verwys na Keynes se teorie as die Keynesiaanse hipotese of die Absolute Inkome hipotese. Hiervolgens verander verbruiksbesteding in dieselfde rigting as die verandering in persoonlike beskikbare inkome, maar met 'n kleiner bedrag, wat beteken dat die marginale verbruiksgeneigdheid kleiner is as een (Keynes 1936:96). Marginale verbruiksgeneigdheid meet die deel wat 'n ekonomiese eenheid uit sy beskikbare inkome bestee op verbruikersgoedere en dienste en wissel tussen nul en een. 'n Waarde nader aan een beteken dat 'n verhoging in inkome 'n groter positiewe invloed op besteding het. 'n Waarde nader aan nul beteken dat 'n verhoging in inkome 'n kleiner positiewe invloed op besteding het.

4.5.3 Relatiewe inkome hipotese

Die teorie wat hierop gevolg het, is die relatiewe inkome hipotese genoem. Volgens hierdie teorie word verbruiksbesteding nie bepaal deur absolute inkome nie, maar deur relatiewe inkome. J.S. Duesenberry het voortgebou op die teorie van Keynes en bepaal dat individue in 'n gemeenskap hulle lewenstandaard wil verhoog, om 'n beter status in die gemeenskap te kry. Hiervolgens pas die verbruiker sy tipe en vlak van besteding aan volgens die ontwikkelingsvlak van die ander lede van die gemeenskap. Die verbruiker meet sy inkome ook teenoor die relatiewe inkome-skaal van die gemeenskap. Die teorie aanvaar dat die verbruiker dieselfde gedeelte van sy inkome sal verbruik, solank dieselfde relatiewe posisie in die gemeenskap gehandhaaf word. Indien die verbruiker se vlak van inkome styg, sal die gedeelte van inkome wat aan verbruiksbesteding bestee word kleiner word. Die

lewenstandaard van die gemeenskap word bepaal deur die hoogste peil van persoonlike beskikbare inkome wat in die verlede deur die gemeenskap verdien is.

4.5.4 Permanente-inkome-hipotese (PIH)

Friedman (1957) is alomweë beskou as die vader van die permanente inkome teorie. Volgens hierdie teorie word 'n onderskeid gemaak tussen “permanente” inkome en “toevallige” inkome. Permanente inkome is die gemete inkome vir 'n tydperk wat die verbruiker baseer op die inkome verdien in 'n tydperk wat reeds verby is en sy verwagtings omtrent inkome wat in die toekoms verdien gaan word en wat hy as “normale” inkome beskou. Indien die gemete inkome verskil van verwagte inkome, word die “ekstra” deel beskou as “toevallige” inkome. Die verbruiker is slegs bereid om 'n bedrag te bestee wat bereken is op grond van die “permanente” deel van sy inkome. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings is daarom nie 'n direkte funksie van persoonlike beskikbare inkome nie, maar eerder 'n funksie van die deel van die beskikbare inkome wat as “permanente” inkome beskou word. Die permanente deel is gewoonlik 'n geweegde gemiddelde van huidige en vorige vlakke van inkome. Die huidige deel dra gewoonlik 'n groter gewig as die vorige deel.

Hoe 'n verbruiker reageer op onverwagte veranderinge in omstandighede kan verklaar word in terme van die permanente-inkome-hipotese, waarvolgens die verbruiker se optrede afhang van hoe die verandering die verbruiker se evaluasie van sy langer termyn permanente inkome beïnvloed. Die tydshorison van die verbruiker speel 'n belangrike rol, omdat 'n verbruiker met 'n kort horison die verwagte inkome meer sal aanpas as 'n verbruiker met 'n langer horison. Onverwagte veranderinge beïnvloed gewoonlik die lopende inkome van die verbruiker.

4.5.5 Lewensiklus hipotese

Modigliani (Ando en Modigliani 1963) het 'n alternatiewe ontwikkel vir Friedman se teorie deur te verwys na permanente rykdom of welvaart in die plek van permanente inkome. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings is dan 'n funksie van die rykdom van die verbruiker. Die rykdom van die verbruiker sal beïnvloed word deur die posisie in die lewensiklus van die verbruiker. Inkome neem gewoonlik toe gedurende die begin van die verbruiker se lewensiklus en verlangsaam gedurende die gevorderde jare en neem af met aftrede. Die verbruiker sal poog om inkome so oor sy lewensiklus te verdeel, dat verbruik 'n eweredige verloop toon (wat gegrond is op die maksimering van nut deur stelselmatige verbruiksbesteding oor tyd). Hierdie teorieë is die basiese beginsels vir die meeste navorsing met betrekking tot private verbruiksbesteding. Sommige navorsers probeer om hierdie teorieë te kritiseer wat hulle reg is, maar omdat die gedrag van verbruikers moeilik voorspelbaar is,

kan enige teorie slegs 'n poging wees om die gedrag van verbruikers in 'n situasie te probeer verklaar. Die basiese beginsels sal egter altyd van toepassing wees, naamlik dat verbruikers probeer om nut te maksimeer oor die lewensduur met beperkte middele tot hulle beskikking. Volgens die lewensiklus hipotese is verbruik afhanklik van heersende inkome asook verwagte toekomstige inkome. Verbruik is dus 'n konstante gedeelte van toekomstige bronne verkry oor die totale lewensiklus. Rykdom en welvaart is sinoniem en sommige ekonome verwys na die teorie van Friedman as die Pigou effek.

4.5.6 PIGOU effek (Cambridge benadering)

Besteding is nie net van inkome afhanklik nie, maar ook van welvaart (Johnson 1972:12). Ingesluit in welvaart is die hoeveelheid geld wat mense hou. Soos geldlone daal, styg die hoeveelheid geld in reële terme, en so behoort welvaart toe te neem, en daarmee saam besteding. Geld het spesiale eienskappe deurdat dit as bate of welvaart geklassifiseer kan word. Dit vereis dat daar 'n onderskeid getref word tussen geld met 'n intrinsieke waarde (deur goud gedek) en geld sonder 'n intrinsieke waarde. Eersgenoemde is welvaart waaraan geen skuld gekoppel word nie; soos 'n stelsel waar geld bestaan uit goue munte in 'n land waar geen goudmyne is nie of waar papiergeld gedruk word deur die owerheid. Geld sonder 'n intrinsieke waarde is bank deposito's geskep deur die private bankstelsel; vir elke geld eenheid bates bestaan 'n ooreenstemmende bedrag skuld gemeet in geld waarde. Geld sonder 'n intrinsieke waarde laat nie toe vir 'n netto welvaart (Pigou) effek nie, omdat 'n prysstygning die persoon wat die geldeenheid hou armer maak, terwyl dit die persoon wat die geldeenheid skuld, in reële terme, ryker maak. Daarom sal die prysvlak van geld geen effek op die reële welvaart van die samelewing in die geheel hê nie. Pigou se argument sluit geld met 'n intrinsieke waarde in sodat 'n verandering in welvaart die IS kromme skuif. Die IS kromme het 'n afwaartse helling vanweë die verwantskap tussen rentekoerse en investering. As rentekoerse laer is sal investering toeneem en produksie styg.

4.5.7 Moderne teorieë: Alternatiewe siening van Friedman se teorie (PIH), lewensiklus teorie

Gali (1990:433, 439) bevind dat heelparty navorsing wat gedoen is vanaf 1978 om totale finale verbruiksbesteding deur huishoudings te interpreteer, gebaseer is op die veronderstelling dat die verbruiker 'n oneindige lewe het en dat die verbruiker die totale bevolking verteenwoordig. Die verbruiker se inkome word ook as eksogeen beskou. Die individu verteenwoordig nie normaalweg die totale bevolking nie en die totale bevolking kan ook nie net 'n sommasie wees van 'n paar individue se bestedingspatrone nie. Wanneer besteding vir die totale bevolking bereken word, vind 'n kansellering van sommige uitgawes

plaas, omdat dit bloot 'n verplasing van besteding vanaf een huishouding na 'n ander huishouding is. Elke land het 'n unieke bestedingspatroon en sommige lande sal verskillende bestedingspatrone toon tussen provinsies. Veral Suid-Afrika het verskillende bestedingspatrone tussen provinsies weens die verskillende bevolkingsgroepe wat die provinsies oorheers.

Die lewensiklus teorieë lê klem op beperkte horisonne en 'n lewensiklus profiel vir individuele inkome wat teen aftrede 'n lae vlak van inkome het. Modelle wat gegrond is op 'n onbeperkte horison ignoreer die feit dat individue teen aftrede 'n laer vlak van inkome het. Volgens die lewensiklus teorie behoort enige veranderinge in verbruik voorspelbaar te wees en meer glad te wees. Gali bewys in die artikel dat, alhoewel individuele verbruik 'n onafhanklike verloop toon met vergoeding vir werknemers, dit nie van toepassing is op totale verbruik in die land nie. Totale verbruik toon wel 'n verloop baie naby aan totale vergoeding vir werknemers. Daar sal altyd 'n verskil wees omdat daar verskille bestaan in die metingsmetodes van totale verbruik vir die ekonomie en totale vergoeding van werknemers (die respos in die ekonomie). Die tydperk waarin inkome verdien word stem ook nie presies ooreen met die tydperk waarin dit spandeer word nie. Hierdie oorbrugging word gedek deur skuld in die ekonomie soos later sal blyk uit hierdie studie.

4.5.8 Moderne teorieë: Buffervoorraadbenadering

Carrol (1997:1) benader besteding en besparing uit 'n ander hoek deur die Lewensiklus-Permanente-Inkome teorieë in verband te bring met die buffervoorraadbenadering. In die tradisionele model (Keynes se teorie) word verbruiksbesteding bepaal deur veranderings in die smake en voorkeure van verbruikers, maar as 'n funksie van inkome. In die buffervoorraadbenadering pas verbruikers die gemiddelde groei in besteding aan by die gemiddelde verandering in arbeidsinkome. In die VSA het ongeveer 43 persent van die verbruikers wat deelgeneem het aan 'n steekproef in 1983, bevestig dat besluite in verband met besparing gebaseer word op die behoefte om voorsiening te maak vir die onvoorsiene en slegs 15 persent het gespaar om voorsiening te maak vir aftrede (Carroll 1997:1). Dit is in teenstelling met die Lewensiklus-Permanente-inkome hipotese. Carrol probeer in sy artikel bewys dat verbruikers wel optree soos die Lewensiklus-Permanente-inkome teorie voorspel maar dat hulle versigtig is en dat die voorsieningsmotief vir besparing teenwoordig is wat dus 'n invloed uitoefen op besteding. Volgens Carrol sal verbruikers, wat inligting sou hê oor toekomstige inkome, geneig wees om meer te bestee as wat hulle lopende inkome is (Carroll 1997:2). Verbruiksbesteding het nie 'n een-tot-een verhouding met inkome nie, omdat bates

aangewend word om die verbruiker se bestedingspatroon te handhaaf as onvoorsiene omstandighede persoonlike beskikbare inkome negatief beïnvloed. Carrol en Summers (1991) verskaf bewyse dat huishoudings se toename in inkome, oor lang periodes, gelyk is aan die som van totale groei in produksie en 'n spesifieke komponent wat faktore weerspieël soos werksekerheid, senioriteit, en ondervinding. Indien die faktore genoem slegs een persent bydra tot die groei in inkome per jaar, behoort die basis van inkome van werknemers met twee persent per jaar te groei. Verbruikers sal moontlik nie lenings aangaan om verbruik te finansier nie, omdat hulle versigtig is vir die gevolge van krediet. Persoonlike beskikbare inkome kan daal tot nul as gevolg van hoë rente en terugbetalings wat afwaartse druk op verbruik sal teweegbring. Indien verbruikers wel krediet aangaan, sal die krediet nooit hoër wees as die huidige verdiskonteerde waarde van die minimum moontlike toekomstige inkome-stroom nie.

Volgens Carroll (1997:4) maak die sentiment van die verbruikers in die land 'n groot deel uit van die mate waartoe verbruiksbesteding aanpas by 'n verandering in die inkome van werknemers. Verbruikers wat in 'n land woon waar mense nie geneig is om te spaar om iets te koop nie – sy sogenaamde "ongeduldige" verbruiker – sal laer vlakke van welvaart hê en daarmee saam sal die verbruiksgeneigdheid hoër wees. 'n Groter toename in verbruiksbesteding sal voorkom, wat redelik gelyk behoort te wees aan die groei in persoonlike beskikbare inkome. Rentekoerse en verbruiksbesteding het 'n inverse verhouding, wat beteken dat 'n toename in rentekoerse, 'n afname in finale verbruiksbesteding deur huishoudings tot gevolg sal hê.

Die tipiese verbruiker reageer in terme van die buffer-voorraad model waar welvaart gebruik word om die verbruikspatrone te handhaaf ten minste op die kort termyn, indien inkome verander. Die verbruiker wat oneindige rykdom of welvaart het, is die enigste verbruiker wat nie reageer soos die gemiddelde verbruiker in terme van die buffer-voorraad model nie.

Lopende verbruiksbesteding word minder deur verwagte inkome beïnvloed. Campbell en Deaton (1989) het verskeie berekenings gemaak en bevind dat verbruiksbesteding nie goed reageer op innovasies in menslike rykdom nie. Buffer-voorraad verbruikers sal nie baie spandeer uit verwagte hoër toekomstige inkome nie aangesien die inkomste dalk nie mag realiseer nie.

Inkome moet verdiskonteer word met 'n verwagte verhoging in rentekoerse. Volgens verskeie

berekenings word getoon dat, hoe hoër die verhouding van rykdom tot inkome is, hoe kleiner is die koers waarteen inkome verdiskonteer moet word om te bereken wat verbruik uit toekomstige inkome sal wees. Hoe hoër die verhouding van welvaart tot inkome, hoe groter persentasie van toekomstige inkome sal in die huidige periode verbruik word. Indien die welvaartsverhouding laag is, beteken dit die verbruiker spandeer alreeds elke sent en besteding sal minder verhoog met 'n verandering in toekomstige inkome, omdat die verdiskonteringsfaktor in dié geval hoog is.

Carroll het 'n onderskeid getref tussen die inkome/bestedingsverhouding tussen verskillende beroepe en bevind dat die inkome en bestedingskromme oor 'n tydperk baie naby aan mekaar is. Dit word nie voorspel in die standaard Lewensiklus-Permanente-Inkome hipotese nie, want volgens die hipotese word verbruik bepaal deur smake van verbruikers en is onafhanklik van die tydstip van inkome. Die Keynesiaanse model

$$C=C_0+\alpha Y+u \quad (4.1)$$

kan die verbruik/inkome verhouding verklaar indien α klein is en naby aan een is. Carroll bevind dat verbruikers wat werk in arbeidsgroepe soos onopgeleide werkers, operasionele persone en bestuurders almal buffer-voorraadbenaderings toepas en hiermee saam groei inkome en besteding parallel ongeveer tussen die ouderdom van 45 en 50 jaar. Kort voor aftrede groei die inkome kromme meer as die bestedingskromme. Daarna daal besteding effens en toon dan weer 'n effense opwaartse neiging.

4.6 EFFEK VAN VERANDERENDE RENTEKOERSE OP BESTEDING DEUR HUISHOUDINGS

Hoër rentekoerse behoort besparing aan te moedig en besteding te ontmoedig, omdat inkomste op beleggings verhoog en koste van krediet verhoog. Finansiële innovasie en liberalisering het die teenoorgestelde uitwerking en in plaas daarvan dat finale verbruiksbesteding deur huishoudings ontmoedig word (omdat lenings “duurder” word), wil dit voorkom of verhoogde rentekoerse nie die verlangde inkrimpande effek op besteding het nie. Finansiële innovasie maak dit vir huishoudings makliker om krediet te bekom omdat beperkings uit die weg geruim word. Indien die inflasiekoers en belastingkoers ook in ag geneem word, kan die reële rentekoers selfs negatief wees, wat dit vir die huishoudings voordelig maak om skuld aan te gaan om besteding te finansier. Aangesien meestal duursame goedere met skuld gefinansier word, sal verhoogde rentekoerse dus nie noodwendig 'n afname veroorsaak in besteding aan duursame goedere nie. Volgens Muellbauer is klein negatiewe uitwerkings op verbruiksbesteding wel waargeneem met hoër vlakke van reële

rentekoerse maar die uitwerkings is van onbenullige belang en nie baie bestendig nie. In Finland, Denemarke, die Verenigde Koninkryk, Swede, Wallis is 'n oplewing in finale verbruiksbesteding deur huishoudings ondersteun deur hoë eiendomspryse en aandelepryse asook 'n verhoging in die verhouding van huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome. Hoë reële rentekoerse gaan hiermee gepaard (Muellbauer, 1994:26). Dit is belangrik om te meld dat die rentekoerselasitesiteit van besteding verskil vir verskillende vorme van verbruik. Die rentekoerselasitesiteit vir duursame verbruik is baie hoër as vir nie-duursame verbruik en dienste. Finansiële innovasie het egter veroorsaak dat krediet meer geredelik aangewend kan word vir alle vorme van besteding en derhalwe het die rentekoerselasitesiteit van die verskillende vorme van verbruik ook verander oor die jare.

Hall het in 'n belangrike dokument gepubliseer in 1978, wat gebaseer is op die rasonele verwagtingsbenadering, getoon dat met sekere aannames, die volgende periode se besteding vooruitgeskat kan word op grond van die huidige periode se verbruik (Muelbauer *op. cit.* :12). Volgens die klassieke rasonele-verwagtings-permanente-inkome hipotese behoort finale verbruiksbesteding deur huishoudings wisselings te toon in verhouding tot die veranderings in inkome. Besteding toon wel veranderings as inkome wissel, maar dit is nie noodwendig in dieselfde verhouding nie.

4.7 EFFEK VAN INFLASIE OP BESTEDING

Inflasie het 'n direkte en indirekte effek op besteding. Die direkte effek van inflasie is 'n verhoging in pryse en daarmee saam 'n afname in die koopkrag van geld. Die samestelling van besteding sal verander of besteding sal ingekort word of uitgestel word afhangende van verwagtings omtrent die toekomstige inflasiekoers. Inflasie het 'n effek op finansiële welvaart. Stygende inflasie veroorsaak dat die reële waarde van finansiële bates afneem en indien huishoudings 'n bepaalde doelwit het met hulle inkome-tot-welvaart verhouding, kan bestedingsbesluite ingekort word om besparing te verhoog, sodat die dalende reële waarde van hulle welvaart herstel kan word.

4.7.1 Die effek van inflasie op die gedrag van die verbruiker

Huishoudings se bates verskil van die bates van die owerheidsektor of besigheidsektor. Die samestelling van huishoudings se skuld verskil ook van die ander sektore van die ekonomie. Wanneer die land hoë inflasie het, sal huishoudings anders beïnvloed word, omdat die samestelling van huishoudings se bates verskil en die pryse van hierdie bates verskillend reageer ten tye van inflasie. Inflasie lei tot 'n herverspreiding van welvaart en 'n vermindering in beleggingsgeleentheid. Partye wat geld geleen het moet die lenings terugbetaal, terwyl die

waarde van die geld afgeneem het. Die owerheid (wat die meeste leen) hef hoër belasting om die dalende waarde van die geldeenheid te probeer goedmaak. Besteding deur huishoudings word ook verskillend beïnvloed afhange van die invloed wat inflasie het op die tipe goedere wat huishoudings koop. Indien die pryse van duursame goedere in 'n sekere tydperk vinniger toeneem as ander verbruikersgoedere, sal huishoudings hulle bestedingsbesluite aanpas en eerder meer spaar of eerder meer bestee aan semi-duursame goedere, nie-duursame goedere en selfs dienste.

Schwartz (Wood 1998) verwys na die verskillende sektore en vir die besigheidsektor lei dit tot 'n herberekening van winste, vir die huishouding tot 'n verandering in die samestelling van bates in 'n poging om die balansstaat te herstel, vir finansiële tussengangers op die verskil tussen die termynstruktuur van bates en laste en vir die owerheid, lei dit tot verhoging in belasting.

Huishoudings verdeel bates tussen finansiële (aandele, effekte (kort- en langtermyn), deposito's, lewensversekeringspolisse, pensioenfondse) en nie-finansiële bates (eiendom, duursame verbruiksgoedere). Wanneer inflasie hoog is, sal huishoudings hulle finansiële laste verhoog in verhouding tot inkome en belegging in finansiële bates vermy, veral finansiële bates wat gekoppel is aan 'n monetêre eenheid. In reële terme depresieer finansiële bates sonder dat vergoed kan word vir die depresiasie vanuit die styging in rentekoerse. Die waarde van tasbare bates sal verhoog, veral as die pryse van vaste bates soos eiendomspryse vinniger styg as die pryse van finansiële bates of die algemene pryspeil. Dit kan egter ook gebeur dat huishoudings hulself wil verskans teen toekomstige prysstygings en dan sal huishoudings groter likiditeit wil behou en eerder meer probeer spaar. Die effek van inflasie op die welvaart van die huishoudingsektor, sal bepaal word deur vas te stel of die huishoudingsektor netto huurders (verloorders), netto huiseienaars sonder verbande (klein wenners) of huiseienaars met groot verbande (groot wenners) is. Inflasie is meestal 'n las vir die huishoudingsektor. Huishoudings is altyd beter af indien pryse stabiel is. Inflasie verlaag die waarde van beleggings omdat minder in werklikheid gekoop kan word vir dieselfde aanvanklike geld wat belê is. Prysstabiliteit is belangrik vir finansiële stabiliteit omdat lenings toegestaan word op grond van die waarde van sekuriteite wat aangebied kan word vir die lenings (welvaart). Die waarde van sekuriteite word vasgestel vir die loopydperk van die lenings op grond van die huidige inflasiekoers, asook verwagtings oor die toekomstige koers wat gebaseer word op die verloop van die koers oor die voorafgaande periode. Onverwagte verandering in inflasie kan hierdie waardasie ongeldig maak en finansiële onstabielheid veroorsaak. Dit dra by tot

finansiële risiko. Schwartz verwys na 'n artikel deur Mishkin (1991) waar asimmetriese inligting omskryf word, waar die lener en uitlener se inligting in 'n finansiële kontrak verskil. Partye wat geld wil leen het gewoonlik beter inligting met betrekking tot investeringsprojekte as dié wat die geld uitleen. Partye wat geld uitleen het gewoonlik meer onvolledige inligting en kan moeiliker onderskei tussen riskante en minder riskante leners. Rentekoerse wat op lenings betaalbaar is, is gewoonlik 'n gemiddeld van die koerse wat van toepassing is op die aantal goeie en slegter leners. Dit het 'n skewe verspreiding tot gevolg tussen leners wat beter betalers is en die wat slegte betalers is. Leners se onvermoë om die lenings terug te betaal, is soms as gevolg van beperkende monetêre beleid. Beperkende beleid gaan gepaard met hoër rentekoerse wat die prys van lenings verhoog.

4.8 FINANSIËLE LIBERALISERING EN DIE EFFEK OP BESTEDING

Innovasie in die kredietmark of finansiële liberalisering lei daartoe dat kredietbeperkings op huishoudings verslap. Aanwysers wat hierop dui is positiewe reële rentekoerse, 'n skerp styging in die plafon van toepassing op die verhouding van huisverbande tot die waarde van eiendom aan eerste kopers en 'n styging in die skuld-tot-inkome verhouding. As gevolg van die De Kock kommissie verslae van 1978 en 1984, is die kredietmarkte van Suid-Afrika meer gedereguleer. Banke het die mark vir huisverbande betree vanaf die begin van 1985 met die uitfasering van belastingvoordele wat aan bouverenigings toegestaan was. Bouverenigings het of deel geword van bestaande banke of heeltemal 'n struktuur- en naamsverandering ondergaan om self 'n bank te word. Finansiële deregulasie het vier moontlike uitwerkings op besteding (Aron en Muellbauer 1998:20):

- Nie-likiede bates kry 'n meer likiede status omdat beide eiendom en pensioen as waarborg vir verhoogde krediet of besteding gebruik kan word;
- Makliker toegang tot krediet vir die persone wat nie maklik krediet bekom nie;
- Tydens periodes van beperkte krediet bestaan minder vervangingsprodukte en daarom sal besteding nie verhoog na finansiële liberalisering nie, as gevolg van 'n negatiewe reële rentekoerseffek;
- Die diskontofaktor wat gebruik word om 'n vooruitskatting te maak van toekomstige inkome berus op toekomstige beperking van krediet, en gevolglik sal verwagte toekomstige inkome 'n sterk effek uitoefen op besteding met finansiële liberalisering.

Verbruikerskrediet as persentasie van inkome kan as maatstaf dien vir finansiële deregulasie, met 'n sloering. Die verhouding is ook 'n aanduiding van verwagte inkome, algemene pryse van bates, onsekerheid en rentekoerse.


Wanneer bestedingsgedrag voorspel word, moet verskeie faktore in aanmerking geneem word aan beide die inkome as bestedingskant van die huishouding. Faktore is onder andere die veranderinge in die benadering tot monetêre beleid van die Reserwebank wat korttermyn rentekoerse beïnvloed, die begrotingstekort van die staat (wat belasting affekteer) en invoerbepelings soos gemeet deur die verhouding van invoerbelasting en bo-belasting op invoere (die prys van die produk verander). Hierdie veranderlikes het 'n effek op die proses om inkome te genereer en dit vloei deur na bestedingsgedrag.

Ekonomiese modelle kan verwagte inkome met redelike sukses vir 3 jaar vooruitskat in die afwesigheid van eksterne skokke, met behulp van die korttermyn rentekoerse (nominaal en reël), die wisselkoers (internasionale mededingendheid), die tekort op die lopende rekening as persentasie van BBP, die begrotingstekort as persentasie van BBP en die verandering in die reële aandele prysindeks. Sanksies wat die land beleef het gedurende die apartheidsjare (voor 1992) het produktiwiteit in die areas wat swaar gekry het onder die sanksies verhoog en inkome in die nywerhede is ook verhoog, terwyl beskermde nywerhede wat minder mededinging beleef het, laer produktiwiteit gehad het (Aron en Muellbauer 1998:22).

4.8.1 Huishoudingskuld

Finansiële innovasie maak dit vir die verbruiker moontlik om groter skuld aan te gaan wat aanleiding gee tot groter bate besit. Dit skep verdere moontlikhede vir skuld wat die bestedingsmoontlikhede van nie-likiede bates verhoog. Dit veroorsaak dat die besteding-tot-inkome verhouding asook die skuld-tot-inkome verhouding verhoog. Die verhouding van huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome het toegeneem vanaf ongeveer 40 persent in 1980 tot net oor die 60 persent in 1998, maar het teen die jaar 2001 weer teruggesak tot onder 54.8 persent.

Finansiële innovasie het veral gedurende die 1980's posgevat en dit is ook gedurende die tydperk dat besparingskoerse begin afneem het. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings het skerp begin toeneem, met gepaardgaande hoë skuldvlakke soos uit figuur 4.1 waargeneem kan word.



Bron: SARB

Figuur 4.1: Totale Private Verbruiksbesteding en Huishoudingskuld

Aron en Muellbauer (1998:28) wil bewys dat finansiële liberalisering 'n aansienlike impak op finale verbruiksbesteding deur huishoudings gehad het en gebruik 'n ekonometriese model wat hierdie bevinding ondersteun. Alhoewel die model self nie van belang is nie, is die uitslag van die model belangrik, naamlik dat finansiële liberalisering die verbruik van 'n kredietbeperkte huishouding in Suid-Afrika verlaag. In die verbruiksbestedingsfunksies word meer gewig toegeken aan likiede bates, en nie-likiede bates kan meer likied word, omdat dit as sekuriteit gegee kan word (veral vaste eiendom en pensioen) en veranderinge in verwagte inkomme kan voorkom.

Veranderinge op die politieke front het veranderinge veroorsaak in inkomme- sowel as bestedingspatrone. Omdat selfdiensname verhoog het en uitkontraktering aan kleiner maatskappye 'n onderberekening van besteebare inkomme en belastinginkome veroorsaak het, is die vlak van besteding minder akkuraat bereken. Regstellende aksie het meer formele werkseleenthede vir die swart Suid-Afrikaners beteken en daarmee saam toegang tot kredietfasilitiete. Die nuwe geslag het ook 'n tekort aan duursame goedere gehad, wat besteding aan duursame goedere meer verhoog het as voor die veranderinge. Duursame besteding deur huishoudings het gedurende 1998 egter skerp gedaal met die internasionale ekonomiese omstandighede (die Oos-Asiatiese krisis), maar het daarna weer skerp toegeneem en het aanhou toeneem tot in 2001.

Belegging in eiendom het die pryse van huise laat styg. Hierdie hoër eiendomspryse, en verhoogde pensioen-rykdom (wat die gevolg is van 'n hertoedeling van pensioen aan swartes en vroue waarteen in die vorige bedeling gediskrimineer is), tesame met die toename in aandeelpryse, kon 'n sterk oplewing in verbruiksbesteding teweeg gebring het, wat tot 'n oorverhitting van die ekonomie kon gelei het, as dit nie was vir die beperkende monetêre beleidsmaatreëls wat deur die Reserwebank toegepas is nie. Dit is voorkom deur die direkte effek van die hoë reële rentekoerse op besteding en die indirekte effek wat hoër verbandlenings op behuisingswelvaart gehad het. Investering en groei is in die proses geskaad deur die swak omstandighede in die kredietmark en die hoër besteding van die owerheid.

4.9 VERBRUIK OOR DIE LEWENSIKLUS

4.9.1 Rasionele verwagtings

Friedman (1957) het in sy oorspronklike formulering van die permanente-inkome-hipotese, verwagte inkome gemodelleer as vorige inkome wat met 'n sloering versprei word. As die vorige jaar se verbruik hoër was as inkome verdien, sal die huidige jaar se verbruik afwaarts aangepas word (indien ander veranderlikes stabiel bly).

Verwagtings speel 'n belangrike rol in die bestedingspatroon oor die lewensiklus van die verbruiker. Die marginale verbruiksgeneigdheid uit bates verander met tyd en ook soos mense ouer word. Die marginale verbruiksgeneigdheid uit inkome sal ook op die laagste wees net voordat inkome daal met aftrede. Demografiese veranderinge sal ook totale besteding beïnvloed, selfs al word totale inkome en totale bates dieselfde gehou. Veranderinge in behoeftes tydens die lewensiklus en die behoefte om vir die nageslag voorsiening te maak, sal ook verbruiksbesteding beïnvloed.

Marginale nut is 'n linieêre funksie van besteding. Dit is die basis van die linieêre rasionele verwagtings benadering. Die elasticiteit van vervanging meet hoe die verhouding van verbruik oor twee periodes reageer op relatiewe prysveranderinge.

Die formule $(1/(1+r))$ (4.2)

dui op hierdie verhouding waar r = die reële mark rentekoers. Muellbauer (1994) bevind dat, hoe groter die elasticiteit van vervanging is, hoe groter sal die daling in lopende verbruiksbesteding wees om voorsiening te maak vir hoër toekomstige verbruik, as die reële rentekoers styg. Muellbauer het bevind dat die koers van vervanging meer neig na minder as een en selfs na minder as 'n half. Indien die koers minder as 0.5 is behoort 'n baie klein en onstabiele reële rentekoerseffek waarneembaar te wees op totale verbruik.

Waar verwag word dat, inkome nie verwant aan eiendom, dieselfde gaan bly en 'n styging vind plaas in reële rentekoerse, lei dit tot 'n styging in lopende besteding, omdat die verwagte opbrengs op bates uit die vorige tydperk hoër inkomste beteken en verbruiksbesteding styg in verhouding tot die reële opbrengskoers op bates. Dit is dus belangrik om te onderskei of persoonlike beskikbare inkome die inkome uit eiendom insluit wanneer 'n vergelyking gemaak word. Dit is beter om persoonlike beskikbare inkome (voor inkome uit eiendom) te gebruik in bestedingsfunksies, om die effek van veranderinge in die makro-ekonomiese groothede waar te neem. Hoe hoër die omvang van verbruikers se bates is, hoe groter sal die positiewe effek op verbruiksbesteding wees met 'n reële verhoging in rentekoerse. Indien die elasticiteit van vervanging positief is en bates is nul, sal 'n verhoging in rentekoerse 'n negatiewe effek hê op besteding. Die verhouding van bates van huishoudings tot inkome beïnvloed die effek van rentekoerse op besteding. Aangesien dié verhouding wissel oor die konjunktueursiklus, kan 'n stabiele totale reële rentekoerseffek nie verwag word nie.

4.9.2 Ouderdom en demografie

'n Stadiese populasie sal in verhouding meer ouer mense bevat, wat volgens teorie 'n laer bestedingsvlak het as jonger mense met afhanklike kinders. Skuldvlakke behoort ook laer te wees omdat huise alreeds afbetaal is. 'n Ekonomie met 'n groot aantal werkende jong mense aan die ander kant, kan as gevolg van kredietbeperkings (onvoldoende sekuriteit), bestedingspatrone negatief beïnvloed. Modigliani se lewensiklus teorie kan toegepas word op die oorgrote meerderheid van die bevolking, indien die bevolking nie 'n jong kredietbeperkte bevolking is nie.

Deaton (1992) ondersoek die moontlikheid dat verbruik die groei in inkome oor die lewensiklus volg, eerder as wat dit verklaar kan word in terme van die veranderinge in ouderdom (as gevolg van die verhoogde besteding wanneer ouers kinders kry en 'n verlaging in besteding wanneer kinders trou en die huis verlaat) (Aron en Muellbauer 1998:11).

Muellbauer bevind dat ouer mense 'n korter horison met betrekking tot tyd en 'n hoër marginale verbruiksgeneigdheid met betrekking tot bates het as jonger mense. Vir totale besteding is ouderdom belangrik want dis nie net die ouderdom van mense nie, maar ook die ouderdom van bates wat 'n effek het op besteding. Die verskille wat bestaan tussen die marginale verbruiksbesteding van ouer en jonger mense vergroot as die gemiddelde diskontokoers daal (die diskontokoers is die nominale rentekoers minus die inflasiekoers). 'n Ekonomie met 'n hoë groeikoers het gewoonlik tot gevolg dat die jonger geslag 'n groter deel

van die welvaart van die land besit. Indien kredietbeperkings nie bestaan op die jonger geslag nie, sal krediet aangeaan word om besteding oor tyd meer glad te maak, om aan te pas by die hoër verwagte inkome.

Muellbauer (1994:10) het die volgende patroon bepaal vir die marginale bestedingsgeneigdheid uit bates en inkome oor die verskillende ouderdomsprofiele:

	Marginale bestedingsgeneigdheid uit bates	Marginale bestedingsgeneigdheid uit inkome nie-verwant aan eiendom
jonk	klein	groot
voor-aftrede	medium	klein
afgetree	groot	medium

Verbruiksbesteding volg die verloop van inkome oor die lewensiklus redelik getrou, omdat die verdiskontering van toekomstige inkomste daartoe bydra en ook as gevolg van kredietbeperkings en onsekerheid. 'n Verdere faktor wat hiertoe bydra is die verskillende eise wat voortspruit uit die grootmaak van kinders. Jong egpare wat groter inkomste verwag in die toekoms sal nie hoër skuldvlakke wil hê nie, omdat hulle hoër bestedingsvlakke verwag wat verband hou met die grootmaak van kinders, omdat een van die partye nie inkomste sal hê vir 'n tydperk nie.

Omdat die moeder gewoonlik vir 'n periode ophou werk met die koms van 'n baba, word hoër besteding wat gepaardgaan met die nuweling, gekenmerk deur 'n afname in inkome. Ouers wat verwag dat kinders tersiêre opleiding sal ondergaan sal, sodra die kinders tienerjare bereik, minder bestee en meer spaar. Wanneer die kinders begin studeer sal ouers weer bates in kontant omskakel en besteding sodoende verhoog, op veral duursame goedere soos motors. Die ouderdomsamestelling van die bevolking is dus belangrik om die bestedingspatrone te bepaal.

Muellbauer (*op. cit.*:12) impliseer dat, met sekere aannames die beste voorspelling van die volgende periode se verbruik uit hierdie periode se verbruik verkry kan word. Die aannames waarna verwys word is:

- (i) Daar moet geen kredietbeperkings of ander nie-lineariteite (oneweredighede) in die begrotingsbeperking wees nie;
- (ii) Die nutsfunksie moet kwadratiese en additief wees oor tyd;

- (iii) Daar moet geen gewoontes of aanpassingskoste wees nie;
- (iv) Goedere moet nie-duursame goedere wees;
- (v) Die diskontokoers moet subjektief wees en dieselfde wees ongeag die verbruiker en gelyk wees aan die reële rentekoers in die mark;
- (vi) Geen metingsfoute of kortstondige steurings moet in verbruik bestaan nie;
- (vii) Die frekwensie van data en die besluitnemings van verbruikers moet saamval;
- (viii) Die reële rentekoers moet konstant wees; en
- (ix) Die verbruiker moet rasonele verwagtings hê.

Muellbauer (*op. cit.:12*) verwys na ondersoek deur verskeie ekonome wat gevind het dat inkome, besteding en likiditeit met 'n sloering, aansienlike verduidelikende krag het in die rasoneleverwagtings-permanente-inkome-hipotese model.

Muellbauer verwys na Blinder en Deaton (1985) wat 'n aansienlike hoeveelheid elemente soos rykdom, inflasie en relatiewe pryse invoeg in hulle vooruitskatting, en bevind dat verwagte relatiewe pryse en inflasie wel saak maak vir huidige of lopende verbruiksbesteding. Veranderinge in verbruik is oormatig sensitief vir veranderinge in verwagte inkome en ander veranderlikes. Die sensitiwiteit is ten opsigte van die verwagte komponente en nie ten opsigte van die innovasie van die inkome nie.

Muellbauer bevind dat dit uiters moeilik is in die praktyk om die graad te bereken waarmee permanente inkome reageer op veranderinge in lopende inkome nie-verwant aan eiendom (Muellbauer *op. cit.:14*). Muellbauer verwys na studies gedoen deur Muellbauer en Murphy wat bewys dat daar plafonne is op die vlak van produksie in die korttermyn, omdat aanbod stadig aanpas oor die korttermyn. As inkome tot 'n vlak daal wat ver onder die konjunktuur lê, is daar kragte teenwoordig wat die inkome tot bo die konjunktuur herstel, omdat beleid aangepas sal word indien werkloosheid die hoogte in skiet. Afwaartse druk op lone en pryse van produkte en duursame goedere, waarop waardevermindering afgeskryf word, help met die herstel van vraag wat die afwaartse neiging in produksie en inkome teenwerk.

Positiewe vlakke van besparing toon dat verwagte inkome sal afneem. Individue beplan besteding aan die hand van verwagte inkome en nie aan die hand van die risikos verbonde aan verwagte inkome nie. Negatiewe besparing (hoër vlakke van krediet) toon dat die individu verwag dat inkome gaan toeneem. Toekomstige inkome word reeds nou bestee. Veral in die

lig van hoë inflasie, sal hierdie verwantskap tussen toekomstige inkome en huidige besteding, meer negatief gekorreleerd wees.

Skuldvlakke maak verbruikers meer versigtig om te spandeer, omdat onsekerheid bestaan met betrekking tot toekomstige inkome. Verbruikers wat heelwat bates besit, sal meer geneig wees om te spandeer, omdat hierdie bates kan dien as versagting, sou die vlak van verwagte inkome laer wees. Dit is deur Deaton en Carroll in 1992 beskryf as die buffer-voorraadbenadering vir besparing en bevestig in 1997 deur Carroll en Summers. Dit is aangevoer as een van die hoof redes waarom mense spaar - om as buffer te dien vir voortgesette besteding in die lig van skommelings in inkome.

'n Rede waarom afnames in besparing en die gepaardgaande toename in besteding in industriële lande waargeneem kan word, is omdat verbeterde inkome- en gesondheidsveiligheidsnette bestaan. Werkloosheidsversekering is so 'n veiligheidsnet wat die buffervoorraadbenadering verwater. Die verbruiker het nie meer dieselfde aanmoediging om te spaar vir onvoorsiene omstandighede as vroeër nie, omdat daar namens hom voorsiening gemaak word. Die nuwe Stelsel van Nasionale Rekening van 1993 probeer juis verbruiksbesteding onderskei wat deur huishoudings self gefinansier word en wat deur oordragte vanaf die owerheid gefinansier word, deur twee begrippe naamlik finale verbruiksbesteding en werklike finale verbruiksbesteding. Hierdie begrippe word in besonderhede bespreek onder die nuwe Stelsel van Nasionale Rekening van 1993.

Onsekerheid met betrekking tot afsterwe kan ook daartoe lei dat bestedingspatrone beïnvloed word. Omdat die verbruiker onseker is oor die datum van afsterwe, het studies bewys dat die mate waartoe afgetrede verbruikers ontspaar, nie so hoog is soos die lewensiklus teorie probeer voorspel nie.

4.9.3 Kredietbeperkings

Kredietbeperkings verklaar waarom verbruiksbesteding die profiel van lewensiklus inkome volg. Die meeste lenings moet gedek word deur een of ander vorm van sekuriteit. Lenings word meestal aangegaan vir die aankoop van duursame goedere en eiendom. In albei gevalle kan die produk self as versekering dien vir die lening. Huishoudings wat deur kredietbeperkings in die gesig gestaar word, se besteding sal redelik gelyk wees aan hulle inkome. Sommige sal lae skuldvlakke hê en min bates besit. Kredietbeperkings veroorsaak

dat die marginale verbruiksgeneigdheid uit bates verlaag en die marginale verbruiksgeneigdheid uit lopende inkome verhoog.

Indien besteding en ontspanning perfekte substitute is, kan verwag word dat tydens tydperke van hoë verdienste tydens die lewensiklus, hoë vlakke van werksure en hoë vlakke van besteding waargeneem kan word. Indien besteding en ontspanning komplementêr is, sal verbruik laer wees tydens hoë verdienste tydperke omdat ontspanning nodig is vir verbruiksbesteding (Muellbauer *op. cit.*:21). Nutsfunksies is afhanklik van besteding en ontspanning. Verbruik verander as inkome verander, maar met 'n sloering.

4.9.4 Likiede en nie-likiede bates

Likiede bates se marginale verbruiksgeneigdheid is hoër as dié van nie-likiede bates. Nie-likiede bates beperk besteding op die volgende maniere:

- (i) Kapitaalonsekerheid: Indien bates likied gemaak wil word om vir besteding aan te wend kan aandele of eiendomspryse juis laag wees op die tydstip wat besteding verhoog wil word.
- (ii) Transaksiekoste: koste om die nie-likiede bate te omskep in 'n likiede bate kan hoog wees – in sommige gevalle meer as 10 persent.
- (iii) Transaksiebeperkings: nie-likiede bates is dikwels in terme van die aard daarvan moeilik om likied te maak. Pensioene kan dikwels eers met aftrede bekom word.
- (iv) Onverdeelbaarheid: huise en skilderye kan net as eenhede verkoop word en nie opgedeel word in stukke soos dit benodig word nie (Muellbauer *op. cit.*:24).

Finansiële innovasie kan nie-likiede bates meer likied maak. Eiendomme kan as sekuriteit aangebied word vir 'n lening om besteding op verbruiksgoedere te finansier. Bates kan verskillende gewigte hê vir bestedingsdoeleindes. Bates met die hoogste opbrengskoers oor die langste termyn sal die laagste bestedingsmoontlikheid hê. Likiditeit word indirek gemeet deur die omvang van die opbrengs wat prysgegee word, indien die bate likied gemaak sou word. Eiendom word anders hanteer as nie-likiede finansiële bates, omdat die aankoop van eiendom nie ingesluit word in finale verbruiksbesteding deur huishoudings nie, indien dit bereken is volgens die verbruiksmetode, omdat dit as vaste kapitaalvorming beskou word. Die “geïmputeerde huur” of berekende eienaar-bewoonde behuisingsdienste word wel onder finale verbruiksbesteding deur huishoudings en inkome bygevoeg.

Die prys van behuising beïnvloed nie net die verbruiksfunksie vir behuising nie, maar ook dié van besteding wat nie verwant is aan behuising nie. Vraag na verbruiksgoedere, nie verwant aan behuising, sal beïnvloed word deur die prys van behuising. Twee effekte kan waargeneem word, naamlik 'n positiewe welvaartseffek vir die persone wat behuisingswelvaart het en 'n negatiewe gekombineerde inkome- en substitusie-effek vanaf die hoër huispryse. Vir die wat nie behuisingswelvaart het nie, is daar geen welvaartseffek nie en net die negatiewe effek. Vir die land in geheel sal die welvaartseffek groter wees as 'n kleiner persentasie mense nie eiendom besit nie, maar wel in daardie rigting aspirasies het. In hierdie geval sal mense wat aspirasies het om eiendom te koop, meer spaar indien reële huispryse styg en besteding word hierdeur verlaag. Die vlak van besparing sal ook afhang van die depositovereiste wat bestaan by die finansiële instellings om huislenings te bekom. Finansiële innovasie in die Verenigde Koninkryk en Skandinawië in die 1980's het die deposito-tot-waarde verhouding van eiendom verlaag en dit het 'n positiewe invloed op finale verbruiksbesteding deur huishoudings gehad. Huurkoste wat ingesluit word onder finale verbruiksbesteding deur huishoudings, sal ook verhoog indien eiendomspryse styg.

4.9.5 Tegnologiese vooruitgang

Tegnologiese vooruitgang het die prys van duursame goedere gemeet teenoor nie-duursame goedere, laat afneem oor die afgelope jare. Voorbeelde hiervan is rekenaars, televisies, radio's en wasmasjiene en moet teen 1990 pryse dus 'n kleiner gewig dra as teen 1980 pryse en 1970 pryse. Volumes vir duursame goedere het dalk gestyg teenoor voedsel, maar die totale groei in verbruiksbesteding teen konstante pryse sal laer wees teen 1990 pryse as teen 1970 pryse.

Verandering in smake en voorkeure van verbruikers beïnvloed nie net besteding nie maar ook die besit van bates en inkome. Voorkeure tussen verbruiksgoedere en ontspanning kan die aanbod van arbeid beïnvloed en daamee saam ook inkome.

Volgens Muellbauer (*op. cit.*:31) - sal verbruiksbesteding heel moontlik toeneem soos die reële rentekoers styg, as die elasticiteit van substitusie laag is (verbruikers is onwillig om risiko's te neem) en die bate-tot-inkome verhouding hoog is. Volgens die skrywer blyk dit dat die positiewe reële rentekoerseffek in verhouding tot die teorie is, veral in Japan.

Laer waardes vir reële aandelepryse en reële eiendomspryse, tesame met hoë skuldvlakke, het negatiewe effekte gehad op finale verbruiksbesteding deur huishoudings in die Verenigde Koninkryk. Dit is volgens Muellbauer een van die redes waarom die land 'n diep resessie

gedurende 1992 ervaar het. Dit verklaar ook die moeilike herstelfase wat daarop gevolg het, nieeenstaande die laer rentekoerse in 1993.

Alle verbruikers wat beperk is om krediet te bekom, spandeer ook nie noodwendig net lopende inkome nie. Daar is niks wat hierdie verbruikers voorkom om te spandeer uit bates nie en die verbruikers kan ook nie beperk word deur lopende inkome nie.

Die mate waartoe lenings in Suid-Afrika aangegaan word om verbruiksbesteding te finansier, word sterk beïnvloed deur die inflasiekoers. Hoë belastingkoerse tesame met hoë inflasie lei tot negatiewe reële rentekoerse, wat dit vir die verbruiker meer aantreklik maak om te leen om besteding te finansier, as om te spaar om die artikel op 'n latere datum aan te koop.

Hoë belastingkoerse en dalings in die waarde van bates van huishoudings behoort verbruiksbesteding negatief te affekteer. Druk op die betalingsbalans sal verminder deurdat invoere sal afneem as gevolg van laer vraag na verbruikersgoedere en -dienste en druk op rentekoerse sal afneem. Die Bank van Engeland monitor batepryse om die makro-ekonomiese beleid te evalueer.

4.10 VERWANTSKAP TUSSEN INKOME EN BESTEDING

Die bedrag beskikbaar vir besteding deur huishoudings word bepaal deur persoonlike beskikbare inkome. Laasgenoemde word bereken deurdat persoonlike belasting afgetrek word van persoonlike inkome van die huishoudingsektor. Oordragte na en van die owerheid en die buiteland word ook afgetrek. Uit persoonlike beskikbare inkome moet die huishoudings die bedrag bereken wat bestee en bespaar gaan word. Huishoudings het egter ook kontraktuele besparing. Wanneer kontraktuele besparing in aanmerking geneem word en besteding meer is as persoonlike beskikbare inkome, vind ontsparing plaas. Dit beteken dat krediet gebruik word om bestedingsvlakke te finansier. Besparing en krediet het 'n inverse verband en laer besparing lei tot hoër vlakke van krediet. Uit Tabel 4.7 kan duidelik waargeneem word dat besparing oor die laaste paar jaar aansienlik gedaal het, terwyl besteding in verhouding tot persoonlike beskikbare inkome konstant gebly het. Krediet het oor dieselfde tydperk aansienlik toegeneem. Huishoudingskuld as persentasie van persoonlike beskikbare inkome het gestyg vanaf 52.0 persent in 1993 tot 'n hoogtepunt van 60.6 persent in 1997 en het daarna weer afgeneem tot 54.8 persent in 2001. Besparing as persentasie van persoonlike beskikbare inkome het oor dieselfde tydperk gedaal vanaf 4.5 persent in 1993 tot 'n laagtepunt van 0.2 persent in 2001.

Tabel 4.7: Persoonlike beskikbare inkome en aanwending daarvan

Lopende inkome en besteding deur huishoudings¹

Teen heersende pryse

R miljoene	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Vergoeding van werknemers ² (6240J)	240 416	272 916	306 225	338 152	369 840	395 309	423 263	456 708
Inkome uit eiendom ³ (6241J)	95 424	110 433	121 666	142 160	156 442	175 555	203 619	220 994
Lopende oordragte van algemene owerheid(6257J)	17 357	18 452	24 203	27 145	27 804	28 226	29 871	31 644
Lopende oordragte van geinkorporeerde sakeondernemings (6231J)	305	400	449	503	588	634	674	705
Oordragte van die res van die wereld(6243J)	83	110	101	155	190	231	260	292
Lopende inkome (6244J)	352 213	402 311	452 648	508 115	554 864	599 955	657 687	710 343
minus Lopende belasting op inkome en welvaart (6245J)	45 280	52 152	60 291	68 992	84 093	92 628	97 825	99 427
minus Lopende oordragte aan algemene owerheid (6252J)	258	814	535	677	668	749	807	680
minus Oordragte aan die res van die wereld(6248J)	28	93	86	110	110	126	128	153
Beskikbare inkome ⁴ (6246J)	306 647	349 252	391 736	438 336	469 993	506 452	558 927	610 083
Sosiale oordragte "in natura" ontvangbaar vanaf algemene owerheid ⁵ (6695J)	43 084	45 423	51 746	62 068	64 916	66 097	75 294	85 444
Aangesuiwerde beskikbare inkome (6249J)	349 731	394 675	443 482	500 404	534 909	572 549	634 221	695 527

Tabel 4.7: Persoonlike beskikbare inkome en aanwending daarvan (vervolg)

R miljoene	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
minus Werklike finale verbruik (6235J)	341 257	388 460	436 370	493 471	531 468	570 386	631 946	694 090
Finale verbruiksbesteding deur huishoudings(6007J)	298 173	343 037	384 624	431 403	466 552	504 289	556 652	608 646
Individuele verbruik deur die algemene owerheid ⁵ (6605J)	43 084	45 423	51 746	62 068	64 916	66 097	75 294	85 444
Besparing ⁴ (6200J)	8 474	6 215	7 112	6 933	3 441	2 163	2 275	1 437
GEM VERBRUIKSGENEIGDHEID (NRI6007J/NRI6246J)	97.2	98.2	98.2	98.4	99.3	99.6	99.6	99.8


KB631

1. Die data in hierdie tabel verwys na private huishoudings (ingesluit pensioen- en voorsorgfondse en langtermyn versekeringsfondse), nie-geïnkorporeerde sakeondernemings en private nie-winsgewende instellings (byvoorbeeld kerke, welsynsorganisasies en sportklubs) wat sosiale en ander welvaartsdienste lewer aan huishoudings.
2. Na aansuiwering vir netto vergoeding betaal aan nie-inwoners.
3. Inkome uit eiendom wat bestaan uit dividend ontvangste; rente ontvang minus rente betaal; huur ontvang minus onderhoudskoste, verbandrente en verbruik van vaste kapitaal, en die winste van nie-geïnkorporeerde sakeondernemings na verbruik van vaste kapitaal en na aanpassing vir voorraad herwaardasie.
4. Na verbruik van vaste kapitaal en na aanpassing van voorraad herwaardasie.
5. Byvoorbeeld gesondheid en onderrig.

Bron: SARB Kwartaalblad Des 2002

Die samestelling van finale verbruiksbesteding deur huishoudings word beïnvloed deur sikliese faktore en strukturele veranderinge. Gedurende die opswaafase van die ekonomie behoort besteding op duursame goedere (soos motorvoertuie) vinniger toe te neem as besteding op nie-duursame goedere (soos huishoudelike goedere bv. skoonmaakmiddels) en dienste (bv. haarsalonne). Vanaf 1982 tot 1987 het besteding aan duursame goedere teenoor nie-duursame goedere redelik verminder. Gedurende hierdie tydperk was die ekonomie van Suid-Afrika oorwegend in 'n afwaartse fase (September 1982 tot Maart 1983 en weer Julie 1984 tot Maart 1986). Daarna het duursame besteding se belangrikheid verstewig met die opwaartse fase vanaf April 1986 tot Februarie 1989, maar het met die volgende afwaartse fase (Maart 1989 tot Mei 1993) weer afgeplat voordat dit in 1995 weer verstewig het. Dit het op dieselde verhouding gebly gedurende die laaste opwaartse fase (Junie 1993 tot November 1996) en het daarna weer begin afneem soos die ekonomie begin verlangsaam het. Daar is dus 'n baie duidelike verband tussen besteding aan duursame goedere en die fase van die konjunktuur.

Heersende pryse




Bron: SARB

Figuur 4.2: Verhouding van duursame en nie-duursame besteding deur huishoudings

Persone op die onderste vlak van die inkomeskaal sal ook in verhouding meer bestee aan nie-duursame goedere (soos voedsel). Soos afgelei kan word uit die figuur, is besteding aan nie-duursame goedere en dienste die grootste persentasie van totale verbruiksbesteding deur huishoudings. Besteding aan dienste het gedurende die laaste paar jaar in verhouding toegeneem tot die ander bestedingskomponente.

Heersende pryse na seisoensaansuiwering




Bron : SARB

Figuur 4.3: Samestelling van finale besteding deur huishoudings volgens duursaamheid

Lae of negatiewe besparing (ontsparring) het tot gevolg dat krediet hoog is. Persoonlike beskikbare inkome minus finale verbruiksbesteding deur huishoudings, verteenwoordig persoonlike besparing. Die lae besparingskoers in Suid-Afrika en veral die besparingsvlak deur huishoudings het kommerwekkende lae koerse bereik. Gedurende die 1980s het huishoudings se besparingskoerse skerp afgeneem en gedurende die 1990s was die koers ongeveer vyf persent terwyl die besparingsvlak as persentasie van persoonlike beskikbare inkome 3.5 persent in 1993 beloop het. Hierdie verhouding het gedaal tot 0.5 persent in 1996 en het op die vlak gebly tot in 2000 waarna dit verder gedaal het tot 0.2 persent in 2001 (SARB Kwartaalblad: Desember 2002).

As gevolg van die lae besparingsvlak, kan toekomstige verbruiksbesteding moontlik daal, omdat 'n voortgesette groei in inkomste nie voorsien kan word nie. Die rede hiervoor kan die gevolg wees van hoë finansieringskoste op die krediet vanaf die vorige tydperk. Die rasionele verbruiker behoort laer bestedingsvlakke te voorsien indien minder gespaar word en hoër krediet aangegaan word, omdat die krediet gediens moet word. Reële rentekoerse is vanaf die 1990s baie hoog. Dit het in die derde kwartaal van 1998 'n hoogtepunt van 16.68 persent bereik.



Bron: SARB

Figuur 4.4: Reële rentekoerse

Hall en Mishkin (1982) ondersoek die verwantskap tussen verbruiksbesteding en inkome met verwysing na besteding aan voedsel. Voedsel is 'n nie-duursame verbruiksartikel en omdat krediet in die verlede nie 'n baie groot invloed op hierdie item uitgeoefen het nie, verwys die studie net na enkele opmerkings wat van toepassing is vir algemene verbruiksbestedingsfunksies. In die moderne samelewing het krediet wel 'n invloed op besteding aan nie-duursame goedere omdat maklik van krediet gebruik gemaak kan word om hierdie besteding te finansier.

Hall *et al.* (1982:461) verwys na die tradisionele benadering waar verbruikers passief optree in die ekonomie wanneer totale vraag bepaal word. Veranderinge in inkome word redelik vinnig deurgevoer na veranderinge in besteding. In teenstelling hiermee is die lewensiklus-permanente-inkome teorie waarvolgens verbruikers nut maksimeer oor die lang termyn. Indien verbruikers die veranderinge in inkome sien as tydelik van aard, sal besteding nie onmiddellik aangepas word nie. As die monetêre owerheid besluit om 'n beleidsverandering te implementeer, kan nie verwag word dat verbruikers onmiddellik hul besteding daarvolgens gaan verander nie. Voorspelling van die impak van die beleidsverandering op inkome en op besteding gaan afhang van die persepsie van die verbruiker oor die permanensie al dan nie van die verandering in die vlak van inkome en berekeninge daarvolgens aanpas.

Hall *et al.* (1982:469) verwys na twee belangrike aspekte wanneer hulle die verbruiksfunksie vir voedsel gebruik, in plaas van die totale verbruiksbestedingsfunksie. Eerstens het die prys van voedsel relatief tot totale lewenskoste 'n invloed op verbruik van voedsel en tweedens verwys hulle ook na die Engel-kromme vir voedsel, waarvolgens die verbruikers proposisioneel minder op voedsel spandeer indien inkome toeneem. Hierdie beperking moet in aanmerking geneem word tydens berekening van die verbruiker se bestedingsgeneigdheid aan voedsel.

Byna 80 persent van die bevindinge in die studie ondersteun die lewensiklus-permanente-inkome teorie (Hall *et al.*: 1982:479). Verbruiksbesteding pas nie meganies aan by veranderinge in inkome nie en pas aan by die veranderinge in inkome wat 'n verskuiwing in ekonomiese welvaart meebring. Alle verbruiksbestedingsbesluite word egter nie ondersteun deur die lewensiklus-permanente-inkome teorie nie omdat veranderinge in verbruik nie voorspelbaar is nie en nie gegrond kan word op inligting tot die beskikking van die huishouding nie. Die negatiewe verwantskap tussen 'n verandering in inkome (met 'n sloering) en die huidige verandering in verbruiksbesteding, is van toepassing op die beperkte verbruiksbesteding van omtrent 20 persent van verbruik. Hall en Mishkin vind hierdie simptoom van die onvermoë of onwilligheid van huishoudings om te leen, as 'n tipiese gedragspatroon van verbruikers wat te doen het met baie hoë rentekoerse. Verbruiksbesteding is meer sensitief met betrekking tot lopende inkome as wat dit in 'n ekonomie sou wees waar verbruikers vryelik kon leen teen 'n rentekoers soos die Staatseffektekoers. Dit is selfs nog minder sensitief in 'n ekonomie waar verbruikers glad nie leen of uitleen nie. Omdat Hall en Mishkin slegs die verbruiksfunksie van voedsel gebruik, beteken dit nie hulle bevindinge is van toepassing op die verbruiksfunksie van duursame goedere nie. Dit impliseer dat leningsgedrag selfs 'n groter invloed en sensititeit kan uitoefen met betrekking tot veranderinge in tydelike inkome.

Carroll en Summers (1989) ondersoek die hipotese dat inkome en verbruiksbesteding positief gekorreleerd is en bevind dat in terme van data tot hulle beskikking van verbruikers in SA, dat inkome en verbruiksbesteding baie nader verbind kan word as wat die permanente-inkome- en lewensiklusteorieë van Friedman en Modigliani bewys. Volgens Friedman spaar mense om verbruik eweredig te versprei oor 'n aantal jare in die lig van onsekerheid met betrekking tot toekomstige inkome. Omdat verbruikers onderwerp word aan likiditeitsbeperkings en omdat hulle kortsigtig is omtrent die toekoms, sal verbruik nie eweredig versprei kan word oor baie lang horisonne nie. Die artikel van Carroll *et al.* bevind dat besparing plaasvind deurdat slegs 'n klein aantal, baie welvarende verbruikers, met 'n hoë besparingsgeneigdheid, spaar en dat

‘n groot getal verbruikers slegs kontraktueel spaar. Verder word krediet gebruik om besteding te finansier veral in die vroeë ouderdomsgroep, om besteding eweredig te versprei oor die verwagte lewensduur. Data van die “Bureau of Labor Statistics Consumer Expenditure Surveys” van 1960-1961 en 1972-1973 van die VSA is gebruik in die artikel. Uit hierdie data is bevind dat in lewensiklus terme, het mense in “occupational and educational” beroepe en waar inkome op ‘n latere tydstip van die lewe ‘n hoogtepunt bereik, nie uitermatig geleen teen toekomstige inkome, om besteding in die vroeë jare te finansier nie. Daarteenoor spaar mense wat op ‘n hoë inkomste vlak is op ‘n vroeë ouderdom nie baie nie, omdat laer toekomstige inkome nie verwag word nie. Dit is in teenstelling met die lewensiklus teorie.

‘n Groot aantal Amerikaanse huishoudings het hoë vlakke van huishoudingskuld. Dit is niks ongewoons vir huishoudings om bates in veilige beleggings (likiede bates) te hou en huishoudingskuld te hê waarop hoë rente betaal word nie. Dit is tipies van ‘n verbruiker wat verwag dat hy in die toekoms beperk sal wees ten opsigte van likiditeit. In hierdie geval sal besteding die patroon van inkomste meer getrou volg. Die bates wat gehou word, word gehou as ‘n buffer vir onvoorsiene omstandighede.

4.11 MARGINALE VERBRUIKSGENEIGDHEID

Marginale verbruiksgeneigdheid meet dié deel wat ‘n ekonomiese eenheid uit sy beskikbare inkome bestee op verbruiksgoedere en dienste en wissel normaalweg tussen een en nul. ‘n Waarde nader aan een beteken dat ‘n verhoging in inkome ‘n hoër positiewe invloed op besteding deur huishoudings sal hê. Indien die waarde nader aan nul lê sal ‘n verhoging in inkome ‘n klein invloed op besteding deur huishoudings hê. Die gemiddelde verbruiksgeneigdheid van huishoudings word bereken deur nominale private verbruiksbesteding relatief tot nominale persoonlike beskikbare inkome. Volgens Du Toit (1994:75) was die gemiddelde verbruiksgeneigdheid in SA gedurende die sestiger- en sewentigerjare slegs 0.897. Daarna het dit skerp toegeneem tot 0.955 in die tagtigs en tot 0.967 in die vroeë negentigs. Vanaf 1994 het dit versnel tot 0.972 en teen 2001 het dit ‘n hoogtepunt van 0.998 bereik. Die volgende faktore het waarskynlik gelei tot hierdie styging:

- (i) Die hoë inflasie gedurende die sewentiger en tagtigerjare wat huishoudings aangemoedig het om duursame en semi-duursame goedere te koop;
- (ii) Die herverdeling van inkome na bevolkingsgroepe met ‘n hoë verbruiksgeneigdheid;
- (iii) Die poging van huishoudings om hul lewenstandaard te handhaaf ongeag die ekonomiese omstandighede;

- (iv) Besikbaarheid van krediet;
- (v) Snelgroeïende bevolking en die samestelling van die bevolking.

4.12 'N INTERNASIONALE GEVAL: HUISHOUDINGSKULD EN VERBRUIKSBESTEDING

'n Interessante artikel deur Lehmusaaari (1990) waarin die situasie met betrekking tot huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings kortliks bespreek word in die Noorweegse lande, is van belang om kortliks hier toe te lig, omdat dit baie ooreenkomste met die situasie in Suid-Afrika toon. Noorweegse lande verwys na Denemarke, Finland, Noorweë en Swede. In dié lande was die reële rentekoerse na belasting, vir baie lande negatief voor 1984 en het oor die laat tagtigerjare vir baie verbruikers positief begin word. Kredietbeperkings het verbruikers se leningsbehoefte beperk. Dit het beteken dat verbruik na die toekoms verskuif kan word deur meer te spaar maar nie deur meer te leen nie. Verbruiksbesteding was daarom meer sensitief vir veranderinge in inkome as wat dit die geval sou wees onder perfekte kapitaalmarkte. Volgens Lehmusaaari is heelwat studies gedoen wat bewys het dat kredietbeperkings 'n negatiewe invloed gehad het op verbruiksbesteding in die Noorweegse lande. Deregulering van kredietmarkte het die leningsbeperkings op verbruikers verlig, wat tot gevolg gehad het dat baie huishoudings hulle finansiële portefeuljes aangepas het. Die lewensiklusmodel van Modigliani toon dat die werkende populasie meer spaar as afgetrede mense en jong mense. Dit impliseer dat verbruik as persentasie van inkome laer is gedurende jare wat mense voltyds werk as tydens aftrede.

Gedurende 1979 is die bankkoerse gedereguleer waar dit voorheen gekoppel was aan die diskontokoerse en in 1980 is kredietbeperkings gelig in die Noorweegse lande. In die plek hiervan is riglyne vir die groei in krediet bekend gemaak. Hierdie riglyne is in 1985 weer opgehef omdat banke maniere gevind het om dit te omseil. Deviesebeheer is in Denemarke geskrap. Direkte kredietbeheer lei tot oneffektiewe toekenning van beskikbare krediet. Monetêre beleid in die Noorweegse lande is toegepas deur indirekte markgeoriënteerde instrumente wat die rentekoerse op die geld en kapitaalmark beïnvloed het. Regulering van bankkoerse en kwantitatiewe beperkings is in al die lande opgehef gedurende die 1980's. Die resultaat hiervan was 'n geweldige toename in die geldvoorraad en kredietvlakke. Privaatsektorbesparing het skerp afgeneem as gevolg van 'n daling in besparing van huishoudings. Die gevolg hiervan was dat die vraag na aandele en die prys daarvan gestyg het. Die vraag na eiendom het dieselfde tendens getoon. Huishoudingskuld het as gevolg hiervan toegeneem, maar nog 'n bydraende faktor was die feit dat huishoudings enige

rentebetelings van belasting kon aftrek. Hoë marginale persoonlike belastingkoerse was teenwoordig. Die inflasiekoers was ook hoog wat bygedra het tot die hoër vlakke van huishoudingskuld. Hoër eiendomspryse en ander reële bates het bygedra tot hoër besteding deur die welvaartseffek (mense wat eiendom besit verdien meer inkome en bestedingsvlakke verhoog). Verbruiksbesteding verhoog indien korttermyn inkome verhoog. Deregulasie van finansiële markte het veroorsaak dat krediet makliker bekom is, deur die verhoogde waarde van sekuriteite wat huishoudings kon gee, as gevolg van die verhoogde waarde in welvaart. Lehmuusaari het hiermee bevind dat in die Noorweegse state pas verbruikers hulle besteding aan, nie net met 'n verandering in inkome nie, maar ook indien hulle reële welvaart verander. Hierdie artikel ondersteun die welvaartsteorie van Modigliani hierbo bespreek.

Volgens Lehmuusaari (1990) het die welvaartselastisiteit van verbruiksbesteding toegeneem. Hoe meer toeganklik krediet geword het deur middel van deregulasie, hoe meer kon die direkte en indirekte positiewe effek op verbruiksbesteding waargeneem word.

In die volgende hoofstuk word die effek van krediet op finale verbruiksbesteding deur huishoudings in meer besonderhede bespreek.

4.13 DIE VERLOOP VAN FINALE VERBRUIKSBESTEDING DEUR HUISHOUDINGS VANAF 1975 – 2001

Die gemiddelde groeikoers van totale reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings het oor die afgelope 30 jaar toenemend gedaal. Die samestelling van reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings het vanaf die sewentigerjare ook redelik verander. Uit Tabel 4.8 kan waargeneem word dat totale reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings gemiddeld teen 5.0 persent toegeneem het gedurende die sestigerjare en daarna gedaal het tot 2.5 persent in die negentigs. 'n Duidelike verskuiwing in besteding vanaf duursame goedere na dienste kan waargeneem word oor dieselfde tydperk. Gedurende die sestiger en sewentigerjare het besteding aan duursame goedere vinniger toegeneem (8.0 en 4.5 persent) as besteding aan dienste (2.9 en 3.3 persent), terwyl besteding aan dienste (6.7 en 4.4 persent) gedurende die tagtigerjare en negentigs, vinniger toegeneem het as besteding aan duursame goedere (1.5 en 1.6 persent). Die hoofrede vir die hoë koers van toename van besteding aan duursame goedere gedurende die sewentigerjare, was die betreklik maklike beskikbaarheid van verbruikerskrediet.

Ander faktore wat waarskynlik aanleiding gegee het tot die verskuiwing in bestedingspatrone was (SARB Kwartaalblad: Junie 1995):

- (i) 'n Herverdeling van inkome na huishoudings met 'n lae inkome wat 'n groter deel van inkome bestee aan nie-duursame goedere en dienste;
- (ii) Hoë vlakke van rentekoerse wat die koste om skuld te delg verhoog, en gepaardgaande hoë vlakke van verbruikerskrediet, wat huishoudings minder bereidwillig maak om nuwe krediet aan te gaan;
- (iii) Dalende inkome per capita;
- (iv) Gebrek aan werksekerheid as gevolg van politieke omstandighede, wegbly-aksies, massa-optredes en geweld, wat lei tot laer verbruikersvertroue;
- (v) Skerp toename in persoonlike belastingkoerse wat huishoudings se beskikbare inkome verder verlaag.

Tabel 4.8: Groei in die komponente van reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings

Persent

	Duursame goedere	Semi-duursame goedere	Nie-duursame goedere	Dienste	TOTAAL
	10 Jr gem	10 Jr gem	10 Jr gem	10 Jr gem	10 Jr gem
1961-1969	8.0	7.9	5.4	2.9	5.0
1970-1979	4.5	3.8	3.8	3.3	3.7
1980-1989	1.5	3.8	2.9	6.7	3.9
1990-1999	1.6	2.5	1.2	4.4	2.5
	Jaarliks	Jaarliks	Jaarliks	Jaarliks	Jaarliks
1976	-10.4	1.3	3.7	3.1	1.5
1977	-10.2	-4.1	3.0	0.3	0.0
1978	10.8	-3.8	1.9	0.2	1.7
1979	6.7	1.0	2.5	4.6	3.3
1980	30.1	15.1	4.7	14.7	11.3
1981	9.0	9.4	5.3	9.0	7.2

Tabel 4.8: Groei in die komponente van reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings (vervolg)

	Duursame goedere 10 Jr gem	Semi-duursame goedere 10 Jr gem	Nie-duursame goedere 10 Jr gem	Dienste 10 Jr gem	TOTAAL 10 Jr gem
1982	-3.3	-1.9	4.1	6.3	3.0
1983	-3.3	1.8	1.8	6.3	2.4
1984	-4.3	-0.8	6.8	10.4	5.7
1985	-24.1	-4.0	-1.7	-0.4	-4.0
1986	-11.6	0.1	2.0	3.1	1.0
1987	14.3	3.8	-1.0	6.8	3.1
1988	10.1	9.8	3.7	8.3	6.4
1989	-2.0	4.6	3.7	2.2	2.8
1990	4.8	0.8	1.5	8.5	4.0
1991	-1.5	0.4	-1.7	2.8	0.1
1992	1.0	-1.1	-3.3	1.0	-1.2
1993	0.5	1.7	0.8	3.6	1.9
1994	2.4	5.3	3.9	4.2	4.0
1995	9.8	6.5	4.4	6.7	5.9
1996	6.5	6.2	3.3	4.9	4.5
1997	0.4	3.0	2.9	4.3	3.3
1998	-5.4	3.0	0.4	3.5	1.4
1999	-2.4	-0.7	0.2	4.0	1.4
2000	9.6	5.8	0.6	4.1	3.3

Bron: SARB

Besteding aan duursame goedere het gedurende 1990 wel 'n effense oplewing getoon en met 4.8 persent toegeneem, wat waarskynlik die gevolg was van 'n verslapping in huurkoopbeperkings gedurende Maart 1990. Dit het daarna egter weer teruggesak en die daaropvolgende jaar 'n negatiewe groeikoers van 1.5 persent getoon. Reële besteding aan duursame goedere, veral huishoudelike toestelle, het gedurende die laaste twee kwartale van 1994 en die eerste twee kwartale van 1995, stukrag gekry as gevolg van Eskom se elektrifiseringsprogram in landelike gebiede. Verkope van motorvoertuie het ook gedurende die laaste kwartaal van 1994 geweldig toegeneem, as gevolg van die uitskakeling van die agterstand van bestellings deur motorvervaardigers. Die agterstand was die gevolg van 'n hele aantal stakings by fabrieke. Die groei in reële persoonlike beskikbare inkome was gedurende 1995 oor die algemeen minder as die groei in reële besteding deur huishoudings.

Huishoudings het hulle toenemend gewend tot skuldfinansiering om hulle sterk bestedingsgeneigdheid te bevredig. Die voorkeur vir skuld was die gevolg van:

- (i) Verwagtings met betrekking tot toekomstige hoër inkomevlakke;
- (ii) Aggressiewe bemerking van kredietgeriewe deur finansiële instellings aan persone wat nie voorheen bankkliënte was nie;
- (iii) Verkoopsbevorderings deur kleinhandelondernemings van hulle eie kredietgeriewe;
- (iv) Beskikbaarheid van toeganklike verbandgeriewe wat lopende besteding gefinansier het, met huise as onderpand.

Teen 1997 het huishoudings minder begin bestee en die groei het verlangsaam, omdat huishoudings se kommer met betrekking tot werksekerheid begin toeneem het. Huishoudings het ook die volle impak van hoë skuld begin beseef en die gepaardgaande finansieringskoste daarvan. Teen hierdie tyd moes huishoudings reeds bykans een en 'n halwe maand se inkome per jaar opgeoffer, om die skuldfinansieringskoste te betaal. Alhoewel hoë rentekoerse die inkome van netto spaarders laat toeneem, wat finale verbruiksbesteding deur huishoudings kan laat toeneem, is die algemene bewys dat hoë rentekoerse 'n negatiewe effek het op besteding deur huishoudings. Gedurende die eerste helfte van 1998 het laer rentekoerse en betreklike lae inflasiekoerse, huishoudings aangemoedig om besteding te verhoog. Teen die einde van 1998 het die ontstuijende internasionale markte egter hulle tol begin eis en teen die begin van 1999 het bykans alle komponente van finale besteding deur huishoudings skerp begin daal of selfs negatiewe groei getoon. Die situasie het gedurende die laaste helfte van 1999 en die eerste helfte van 2000 'n ommekeer getoon. Duursame en semi-duursame reële

verbruiksbesteding het albei met meer as vyf persent toeneem gedurende hierdie tydperk. Huishoudings se persoonlike beskikbare inkome het vinniger toeneem as uitstaande huishoudingskuld en die skuld-tot-inkome verhouding het toenemend gedaal.

As gevolg van 'n daling in rentekoerse vanaf die einde van 1998, het die koste om skuld te delg begin daal tot slegs 8.5 persent in die eerste helfte van 2000. Gedurende 1998 het hierdie koste 'n hoogtepunt van meer as 14 persent bereik. Die daling in die rentekoste het huishoudings in staat gestel om meer te begin bestee op verbruiksgoedere en dienste, of om meer bates te bekom. Vanweë die bestedingsgeneigdheid van huishoudings, is beslis meer spandeer op verbruiksgoedere en dienste as op bates.

HOOFSTUK 5

DIE VERBAND TUSSEN PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING EN HUISHOUDINGSKULD

5.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die skepping van geld bespreek en daarna die samestelling van huishoudingskuld en private verbruiksbesteding (besteding deur huishoudings). Huishoudings se besluite met betrekking tot besteding word deur verskeie faktore beïnvloed en veral die faktore wat 'n onderlinge verband met krediet het, word as belangrik beskou vir hierdie studie. Om egter die twee ekonomiese groothede (krediet en besteding) met mekaar in verband te bring, is dit nodig om die transmissiemeganisme in die ekonomie te verstaan. Die transmissiemeganisme verduidelik hoe die reële ekonomie (besteding en produksie) aanpas, indien 'n verandering in monetêre beleid plaasvind, met die doel om bestedingsbesluite en produksiebesluite te verander. Hieronder volg 'n bespreking van die transmissiemeganisme en veral die kanale waardeur hierdie meganisme deur die ekonomie werk. Die effek van 'n verandering in monetêre beleid op die ekonomie en veral op bestedingsbesluite sal toegelig word, deur te verwys na die verskillende denkskole van die transmissiemeganisme. Die geldvoorraad in die ekonomie kan endogeen of eksogeen bepaal word. Hierdie twee begrippe is van belang om die rigting van oorsaaklikheid vas te stel. Dit is van belang omdat dit nie altyd so duidelik is of krediet enige invloed het op bestedingsbesluite en of bestedingsbesluite 'n invloed het op krediet in die ekonomie nie. Die transmissiemeganisme werk in 'n sirkel en dit is soms moeilik om vas te stel wanneer die effek ten volle in die ekonomie geabsorbeer is.

5.2 BESTEDINGSBESLUIE DEUR HUISHOUDINGS

Die bedrag beskikbaar vir besteding deur huishoudings word bepaal deur persoonlike beskikbare inkome. Laasgenoemde word bereken deurdat persoonlike belasting en netto oordragte aan die algemene owerheid en aan die res van die wêreld afgetrek word van persoonlike inkome (lopende inkome) van die huishoudingsektor. Uit persoonlike beskikbare inkome moet die huishoudings die bedrag bereken wat bestee en bespaar gaan word. Indien die vlak van besteding hoër is as die vlak van persoonlike beskikbare inkome, vind ontsparring plaas. Dit beteken dat krediet gebruik word om bestedingsvlakke te finansier. Uit die onderstaande tabel is dit duidelik dat huishoudings nog steeds minder bestee as wat verdien word, maar die vlak van besparing het geweldig afgeneem oor die laaste paar jaar. Huishoudings het ook nog kontraktuele besparing (aftreefondse en lewensversekering). Om

dieselfde lewenstandaard te handhaaf (met kontraktuele besparing), begin huishoudings toenemend van krediet gebruik maak soos uit die volgende afdeling waargeneem kan word.

Tabel 5.1: Lopende inkome en besteding van huishoudings

Teen heersende pryse									
R miljoene									
		1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000	2001
Persoonlike beskikbare inkome	6246J	306 647	349 252	391 736	438 336	469 993	506 452	558 927	610 083
Finale besteding deur huishoudings	6007J	298 173	343 037	384 624	431 403	466 552	504 289	556 652	608 646
Persoonlike besparing	6200J	8 474	6 215	7 112	6 933	3 441	2 163	2 275	1 437


Bron: SARB

Private verbruiksbesteding bestaan uit die besteding van huishoudings op verbruiksgoedere en dienste. Verbruiksgoedere en dienste bestaan uit duursame goedere, semi-duursame goedere, nie-duursame goedere en dienste (Sien hoofstuk oor die 1993 SNA).

Die verspreiding van besteding op die verskillende soorte goedere en dienste, word beïnvloed deur sikliese faktore en strukturele veranderinge in die ekonomie en die privaatsektor. Gedurende die opswaafase behoort besteding op duursame goedere (soos motorvoertuie) meer te wees as besteding op nie-duursame goedere (soos huishoudelike goedere bv. skoonmaakmiddels) en dienste (bv. haarsalonne). Persone op die onderste vlak van die inkome-skaal sal ook in verhouding meer bestee aan nie-duursame goedere (soos voedsel). Die beskikbaarheid van krediet speel 'n belangrike rol, omdat besteding aan duursame

goedere meestal met krediet gefinansier word. Indien daar beperkings is tot die toegang na kredietfasiliteite sal besteding op duursame goedere negatief beïnvloed word.


Volgens 'n studie deur John Muellbauer (Muellbauer 1994:1) in die Verenigde Koninkryk, word 'n oplewingstydperk in private verbruiksbesteding ondersteun deur stygings in huishoudingskuld soos gemeet deur die verhouding van huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome. Tesame hiermee word 'n styging in aandelepryse en eiendomspryse ondervind. Daarom sal 'n daling in verbruiksbesteding gepaard gaan met 'n daling in pryse van bates, 'n styging in agterstallige huislenings, onvermoë om lenings te diens, hoë terugneemkoerse van bates aangekoop en insolvensie.



Bron: SARB Kwartaalblad

Figuur 5.1: Huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome

Uit die bygaande grafieke kan duidelik waargeneem word dat huishoudingskuld in SA 'n aansienlike persentasie uitmaak van persoonlike beskikbare inkome sowel as besteding deur huishoudings. Sedert 1982 word meer as die helfte van die besteding deur huishoudings met krediet gefinansier. Dit het wel gedurende 1987 kortstondig tot onder die 50 persent gedaal maar het daarna weer gestyg en bokant die persentasie gebly. Huishoudings spandeer ook vanaf 1989 meer as die helfte van persoonlike beskikbare inkome aan die afbetaling van krediet. Dit impliseer dat krediet belangrik is vir besteding, omdat mense geld bestee wat nog nie verdien is nie. Besteding word ook grootliks beperk deur hoë vlakke van krediet. Dit gebeur omdat meer as die helfte van persoonlike beskikbare inkome aan die afbetaling van krediet afgestaan word, wat vraag oor die lang termyn benadeel. Gedurende die 1970s was die groeikoers van huishoudingskuld redelik in ooreenstemming met die groeikoers van persoonlike beskikbare inkome.



Bron: SARB Kwartaalblad

Figuur 5.2: Huishoudingskuld tot besteding deur huishoudings

Die verhouding van huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome het ongeveer 45 persent beloop gedurende die tydperk. Gedurende 1978 en 1980 het huishoudingskuld selfs stadiger toegeneem as persoonlike beskikbare inkome. Daarna het die tendens verander en teen 1985 was die verhouding 55 persent. As gevolg van beperkende monetêre beleidsmaatreëls gedurende 1985 en 1986 het die verhouding weer verminder tot 47.5 persent in 1987. Die situasie het weer verander en teen 1998 het die verhouding 'n hoogtepunt bereik van 61 persent. Dit was die gevolg van onder andere kredietkaarte vrygestel deur kleinhandelaars en die toetrede van meer mense tot die kredietmark na die verkiesings in 1994. Nadat die SA Reserwebank weer strenger monetêre beleid begin toepas het in 1997 het die verhouding gedaal tot 53.5 persent in die eerste helfte van 2002. Die verhouding is egter steeds laag in verhouding tot ander ontwikkelde lande. Die verhouding van huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome beloop 117 persent in 2001 (teenoor 64 persent in 1990) in New Zealand (Howie: 2003), en tussen 100 en 120 persent in lande soos die VSA, Japan, Kanada en die Verenigde Koninkryk.

5.3 FAKTORE WAT PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING BEÏNVLOED

Die belangrikste faktore wat besteding deur huishoudings beïnvloed is die vlak van persoonlike beskikbare inkome, toekomstige inkome, rykdom (gemeet deur bates), en verwagte opbrengs op besparing (rentekoerse) (Muellbauer 1994:5). Owerheidsbeleid wat enige van hierdie faktore beïnvloed sal dan 'n effek hê op besteding. Die ouderdomstruktuur

van die bevolking, soos gemeet deur die verhouding van die bevolking wat gedefinieer word as afhanklikes (onder 15 jaar en oor 64 jaar) tot die totale bevolking, beïnvloed ook private verbruiksbesteding. Produksie het 'n invloed op besteding deurdat hoër produksie lei tot hoër persoonlike beskikbare inkome, wat besteding beïnvloed. Die heel belangrikste faktor is steeds die vlak van persoonlike beskikbare inkome. Indien daar van 'n konstante vlak afgewyk word oor die kort termyn, maak huishoudings van krediet gebruik om die tekort aan te vul. Soos later sal blyk uit die hoofstuk, is daar ook 'n verskil tussen permanente en lopende inkome. Huishoudings maak berekenings ten opsigte van besteding wat gebaseer word op permanente eerder as lopende inkome. Wanneer lopende inkome onder die berekende permanente vlak van inkome is, maak huishoudings van krediet gebruik om die tekort aan te vul.

5.3.1 Ontwikkeling van die bevolking

Die ontwikkelingsvlak van die bevolking beïnvloed die samestelling van private verbruiksbesteding volgens duursaamheid. 'n Land met 'n hoër vlak van ontwikkeling sal meer bestee op duursame goedere, terwyl 'n land met 'n laer vlak van ontwikkeling (soos in die geval van SA) meer sal bestee op nie-duursame goedere en dienste. Gewoonlik sal 'n land met laer vlakke van ontwikkeling 'n kleiner persentasie van die bevolking hê wat toegang het tot kredietgeriewe. Die effek van hoër vlakke van huishoudingskuld, sal nie so 'n pertinente effek op die vlak van besteding hê as in die geval van 'n land waar 'n groter persentasie van die bevolking toegang het tot kredietgeriewe nie. Voor 1994 het 'n klein deel van die bevolking in SA toegang tot kredietgeriewe gehad. Die land word beskou as 'n ontwikkelende land maar genoeg mense het toegang tot krediet om 'n invloed op besteding deur huishoudings uit te oefen.

5.3.2 Inflasie

Die effek van hoë inflasie of hoë verwagte inflasie op besteding is tweeledig van aard. Volgens die Tobin-Mundell effek, sal hoër verwagte inflasie lei tot laer reële rentekoerse en dit sal stimulerend wees vir investering en produksie. Hoër produksie lei tot hoër inkome en hoër besteding. Hoër verwagte inflasie kan ook huidige besteding verhoog, omdat die huidige koopkrag van die geldeenheid beter is. Veral besteding op duursame goedere sal toeneem. Aan die ander kant kan hoër inflasie lei tot hoër pryse van kapitaalgoedere wat 'n negatiewe uitwerking op investering het en laer investering lei tot laer produksie wat minder werk skep en lei tot laer persoonlike beskikbare inkome. Minder inkome om te bestee, beteken laer vlakke van private verbruiksbesteding.

5.3.3 Strukturele beleid

Strukturele beleid en beleid ten opsigte van instellings, beïnvloed die vlakke van produksie en die effektiwiteit van die toedeling van produksiefaktore. Strukturele beleid word verdeel in beleid wat die effektiewe verdeling van hulpbronne beïnvloed en beleid wat die produksievermoë van die ekonomie beïnvloed. Laasgenoemde is gemik op die verhoging van besparing en investering in die ekonomie en strukturele beleid sal dan 'n invloed uitoefen op besteding. Enige verhoging in besparing lei tot 'n verlaging van besteding, want private verbruiksbesteding en besparing het gewoonlik 'n inverse verband. Strukturele veranderinge maak dit in beginsel moontlik om produksie te verhoog teen 'n gegewe vlak van ekonomiese hulpbronne, sonder om verbruiksbesteding te verlaag. Dit neem tyd voordat die positiewe gevolge van veranderinge waarneembaar is, omdat dit tyd neem vir produksiefaktore om te beweeg vanaf een sektor of aktiwiteit na 'n ander.

Baie ontwikkelende lande (en Suid-Afrika voor 1994) het beperkte politieke regte en beperkte vryheid van spraak. Die gevolg hiervan is dat mense in die land onseker is oor die toekoms en geen persoonlike sekuriteit of sekuriteit ten opsigte van eiendom het nie. Dit verlaag die effektiwiteit van die produksiefaktore, insluitend menslike en fisiese kapitaal. 'n Tekort aan politieke vryheid werk beperkend in op produksie en besteding.

5.3.4 Finansiële intermediasie

Finansiële ontwikkelings speel 'n belangrike rol met betrekking tot die binnelandse besparingskoers. Die koste van lenings kan verminder wat stimulerend is vir investering. Verhoging in investering stimuleer groei en produksie. Finansiële liberalisering sluit die verwydering van plafonne op deposito- en leningskoerse in, om dit meer markgeoriënteerd te maak. Literatuur het verskillende standpunte oor die effek wat 'n verandering in rentekoerse het op besparing en verbruiksbesteding. Die inkome-effek en substitusie-effek werk in teenoorgestelde rigtings. 'n Toename in die opbrengskoers op besparing verhoog die toekomstige stroom inkomste en rykdom, en lopende besteding kan vermeerder. Terselfertyd kan hoër opbrengskoerse op besparing, verdere besparing aanmoedig. Lopende besteding word uitgestel omdat hoër besparing 'n moontlike groter stroom van toekomstige lopende inkomste kan beteken, wat hoër besteding in die toekoms tot gevolg kan hê. As die substitusie-effek van 'n verhoging in besparing die inkome-effek domineer, sal 'n verhoging in rentekoerse besparing verhoog en besteding sal uitgestel word.

5.3.5 Ruilvoetveranderinge

‘n Verswakking in die ruilvoet wat geassosieer word met ‘n verswakking in wêreldpryse van veral primêre goedere, veroorsaak dat lande wat hierdie goedere uitvoer veral oor die korttermyn minder sal verdien. Die effek op produksie sal afhang van hoe vinnig die uitvoersektor reageer op prysveranderinge deur produksie aan te pas. ‘n Daling in produksie lei tot ‘n daling in reële beskikbare inkome en besteding deur huishoudings. Invoere word duurder wat opwaartse druk op inflasie het en besteding kan verder verlaag.

Makro-ekonomiese stabiliteit stimuleer investering en besparing en afhangende van die substitusie- en inkome-effek kan dit dan ‘n positiewe of negatiewe uitwerking op private verbruiksbesteding hê.

5.3.6 Likiditeitsbeperkings

Totale private verbruiksbesteding bestaan gedeeltelik uit huishoudings wat beperkte likiditeit het en 'n ander deel uit huishoudings wat nie 'n likiditeitsbeperking het nie. Huishoudings het beperkte likiditeit omdat nie almal vrye toegang tot lenings het nie. Huishoudings met beperkte likiditeit, se besteding is gelykstaande aan lopende inkome in die huidige tydperk. In ontwikkelende lande, en in die geval van Suid-Afrika voor 1994, was baie huishoudings in die beperkte likiditeitskategorie. Op grond van verwagte hoër inkome en toegang tot finansiële markte wat voorheen ontoeganklik was, het krediet vanaf 1994 geweldig toegeneem. 'n Hoër vlak van besteding is bereik met die hulp van krediet en besteding het daarna nie gedaal nie, want die huishouding probeer dieselfde lewenstandaard handhaaf.

5.3.7 Deregulasie

Deregulasie kan gedefinieer word as die verligting van voorskrifte aan finansiële instellings wanneer krediet aan die privaatsektor toegestaan word en het gewoonlik te doen met voorskrifte ten opsigte van sekuriteitsvereistes wanneer aansoek gedoen word vir lenings by banke. Deregulasie moedig die verbruiker aan om meer skuld te maak omdat lenings makliker bekom kan word. In Suid-Afrika het die verhouding van huishoudingskulde as persentasie van persoonlike beskikbare inkome toegeneem en dit kan ‘n moontlike bydraende faktor wees van deregulasie.

5.4 MONETÊRE BELEID EN DIE EFFEK OP WELVAART EN BESTEDING

Monetêre beleid wat daarop gemik is om beheer oor rentekoerse uit te oefen, is ‘n belangrike element wanneer bestedingsgedrag ontleed word, omdat enige verandering van beleid ‘n

direkte (deur waardasie van bates) of 'n indirekte (deur ander makro-veranderlikes) effek het op al die komponente van die persoonlike sektor se welvaart en bestedingsbesluite.

Wanneer rentekoerse hoog is, daal die waarde van verbandvoorskotte, huispryse en die waarde van aandele. Bedrae wat op lenings terugbetaal moet word neem toe en die waarde van lenings neem toe, omdat lenings herstruktureer word. Dit lei daartoe dat die verbruiker se netto welvaart afneem, omdat die waarde van bates daal en laste styg. Verbruikerswelvaart is nie meer op die mikpuntvlak wat huishoudings gestel het nie. Verbruikers bestee minder en spaar meer omdat hulle armer voel en om die mikpunt vir welvaart te herstel. In teenstelling hiermee, sal lae rentekoerse die waarde van verbande laat toeneem, huispryse en die waarde van aandele sal styg, afbetaling van skuld word makliker, of die waarde van die skuld daal deur die herstrukturering van lenings. Verbruikerswelvaart styg bokant die mikpuntvlak en dit spoor die verbruiker aan om die besparingsverhouding te verminder. Die welvaartseffek staan bekend as Tobin se portefeulje-benadering. Dit word later in hierdie hoofstuk toegelig in die bespreking van die balansstaatkanaal van die transmissiemeganisme.

Welvaart of rykdom sluit finansiële en tasbare bates in. Verbruikers kan ook hulle welvaart verhoog met addisionele beleggings, wat gefinansier kan word met addisionele lenings wat aangegaan word en deur bates as sekuriteit te gee. Netto welvaart kan gedefinieer word as die waarde van bates, minus laste van verbruikers. Die waarde van bates en laste kan toeneem of afneem as die pryse oor tyd verander (Frowen en Karakitsos 1996:312).


Tabel 5.2: Balansstaat van die persoonlike sektor

BATES (B)	LASTE (L)
FINANSIËLE BATES	Banklenings
Note en munte	Verbande
Bank en ander deposito's	Verbruikerskrediet
Aandele en effekte	Ander krediet (bv kredietkaarte)
TASBARE BATES	
Grond en ander eiendom	
	NETTO WELVAART = B - L

Bron: Frowen (1996:312)

Die volgende grafiek dui die netto welvaart (totale bates minus huishoudingskuld) van huishoudings in Suid-Afrika aan vanaf 1975 tot 2000. Gedurende die laaste 5 jaar (vanaf 1996

tot 2000), het die welvaart van die bevolking 'n insinking beleef, gedeeltelik as gevolg van emigrante wat hulle fondse na die buiteland oorgeplaas het, maar ook as gevolg van die krisis in 1998 op die markte van Asië, en die krisis in Zimbabwe.



Bron: SARB

Figuur 5.3: Netto welvaart van huishoudings

Finansiële bates bestaan uit kontant, alle vorme van bankdeposito's en deposito's by ander finansiële instellings, aandele en effekte van die owerheid en maatskappye. Tasbare bates sluit grond en eiendom in, asook eienaar-bewoonde eiendom. Laste bestaan uit banklenings, verbandlenings, verbruikerskrediet en ander krediet soos kredietkaarte, en kredietkaarte vanaf kleinhandelaars (bv. Woolworths-kaart). Die verhouding van huishoudingskuld tot vaste bates het stabiel gebly op ongeveer 44 persent tussen 1974 en 1984. Daarna het die verhouding geweldig toegeneem om 'n hoogtepunt van 83 persent in die jaar 2001 te bereik. In teenstelling hiermee het die verhouding van huishoudingskuld tot finansiële bates verbeter van 'n gemiddeld van 29 persent tussen 1975 en 1984, tot 'n gemiddeld van 24.5 persent in die tweede helfde van die 1990s en tot slegs 21 persent in 2001. Die verwickelinge kan die gevolg wees van persoonlike besparing wat aangewend is om finansiële bates te bekom, of die gevolg van hoë inflasie wat huishoudings aangespoor het om eerder te belê in finansiële bates

wat in waarde kan toeneem as in hoër risiko vaste bates. Die onlangse instelling van belasting op kapitaalwinste kan weer 'n negatiewe uitwerking hê op beleggings in finansiële bates (Prinsloo 2002:71-72).

Huishoudings het 'n mikpuntvlak vir rykdom wat bereken word deur die verlangde verbruiksbesteding te raam wat voldoende sal wees vir die oorblywende periode van lewensverwagtings. Hierby moet in berekening gebring word die moontlikheid dat 'n baie hoë ouderdom bereik kan word, die erflatings wat die huishouding graag wil nalaat en die bedrag aan voorsorg, indien lewenskoste skielik toeneem as gevolg van byvoorbeeld mediese ongeskiktheid. Aangesien die mikpuntvlak van welvaart enige toekomstige verbruik vir die huishouding (wat die verbruiker en sy kinders insluit) moet finansier, sal die verbruikers die permanente-inkome-hipotese gebruik om hulle permanente inkome of bronne beskikbaar oor hulle lewensduur, sowel as die verlangde vlak van verbruiksbesteding te bereken.

Werklike rykdom sal wissel rondom die mikpuntvlak, afhangende van die pryse van bates gedurende die konjunktuur en of verbruikers gebruik sal maak van stygende of dalende rentekoerse, om meer te leen of om skuldvlakke te verminder.

Die vlak van besparing deur verbruikers om voorsorg te tref en die berekening van permanente inkome, sal beïnvloed word deur onder andere verbruikersvertroue, wat afhang van die vlak en koers van veranderinge in werkloosheid, inflasie, loononderhandelinge, rentekoerse en die lengte en diepte van resessies of oplewings. In voorspoedige periodes, soos wanneer die eiendoms- of aandelemarkte 'n oplewing beleef, kan verbruikers meer welvarend voel en dit kan besteding laat toeneem, wat in teenstelling is met die resultaat van die tradisionele benadering, wat sal aanneem dat rykdom permanent gestyg het. Wanneer ekonomiese aktiwiteit lewendig is, kom hierdie verskynsel meer voor, omdat verbruikers aangemoedig sal word om meer te leen, omdat die berekening van permanente inkome styg.

In swakker tye, na die oplewing van die markte, of omdat verbruikerskuld toegeneem het, is dit moontlik dat netto rykdom laer is as die mikpunt en dit kan verbruikers aanspoor om minder te spandeer, en eerder te spaar soos hulle armer voel. Die situasie mag vererger word indien die ekonomie in 'n resessie is wat verbruikersvertroue uiters nadelig beïnvloed. Onder normale omstandighede sal permanente inkome per definisie onveranderd bly oor 'n konjunktuurperiode wat 'n stabiliserende effek behoort te hê, maar in hierdie geval sal permanente inkome selfs afneem. Dit gebeur omdat voorsorg-besparing 'n stygende neiging

het en verbruikers sal aangespoor word om eerder skuld af te betaal, om die netto welvaart terug te bring op die mikpuntvlak. 'n Aanpassing in die besparingskoers gedurende die siklus verlang 'n evaluasie van al die komponente van netto welvaart, soos in die tabel 5.2 hierbo uiteengesit, sowel as die faktore wat permanente inkome beïnvloed.

Die gedrag van die verbruiker verdiep die resessie, omdat meer gespaar word indien die ekonomie 'n insinking beleef en minder gespandeer word wat 'n negatiewe invloed het op produksie. Net so stimuleer die gedrag van die verbruiker 'n oplewingstydperk, deurdat die verbruiker sy besparing verlaag in tye waar die inkome toeneem, wat 'n stimulerende effek op die ekonomie het omdat meer spandeer word. Die verbruiker se optrede kan verklaar word deurdat die groot veranderinge in die besparingskoers permanent van aard is, as gevolg van finansiële deregulasie en liberalisering. Die anti-sikliese patroon van die besparingsverhouding is die gevolg van 'n ingewikkelde aanpassing tussen die verhouding van netto welvaart en inkome en die verhouding van permanente inkome tot lopende inkome.

Wanneer 'n oplewingstydperk veroorsaak word deur die verslapping van monetêre beleid, soos die verslapping van huurkoopkontroles, kan die verbruiker die vlak van besteding skerp opwaarts aanpas en dit finansier met krediet. Invoere sal toeneem, 'n tekort ontstaan op die betalingsbalans en 'n periode later sal monetêre beleid weer strenger gemaak moet word, om 'n uitbreiding in die geldvoorraad bokant die mikpunt in toom te hou. Die verbruiker sal die besparingsverhouding verhoog en nie anti-siklies optree nie, die skuld-tot-inkome verhouding neem toe en besteding verhoog. Dit sal 'n anti-sikliese effek oor die langer termyn hê op besparing, omdat besparing sal bly toeneem, sodra die skerp resessie intree as gevolg van die strenger monetêre beleid.

Die voorraad skuld van die persoonlike sektor word gedefinieer as die voorraad uitstaande skuld as persentasie van beskikbare inkome, terwyl die vloei van skuld gedefinieer word as die rentebetaling as persentasie van beskikbare inkome. Die skuldvloei is meer relevant vir die korttermyn, omdat dit die kontantvloei van die verbruiker beperk. As rentekoerse styg, het verbruikers minder kontantvloei beskikbaar vir besteding. Huishoudings bereken die optimale koers van besparing oor 'n jaar, op grond van verwagtings omtrent toekomstige inkome, pryse van bates, rentekoerse en inflasie. Verbruikers neem ook voorsorg-besparing in ag. As verwagtings onveranderd bly, sal daar geen aanpassing gemaak word in die besparingskoers nie. As welvaart egter vinniger styg as verwag, sal die noodigheid om te spaar afneem, terwyl verbruikers meer sal moet spaar as die mikpunt van welvaart nie behaal word soos verwag is

nie. Wanneer die pryse van bates styg, of inkome vinniger toeneem, of inflasie laer is as verwag, sal welvaart toeneem. Die besparingskoers word dus gebruik om die vlak van welvaart te bereik, in die geval van onverwagte verwickelinge in die hoof determinante van die toekomstige pad van welvaart.

Stygende huispryse en die moontlikheid van kapitaalwinste, kan huishoudings aanspoor om meer te investeer in die eiendomsmark en sodoende as aansporing dien om meer skuld te maak en die skuld-tot-inkome verhouding verhoog. Hoër inkome maak hoër skuldvlakke moontlik, omdat die verbruiker in staat is om die skuld terug te betaal. As rentekoerse egter deurentyd toeneem, kan dit 'n stremming plaas op die aangaan van nuwe skuld. As netto welvaart toeneem, kan dit verbruikers stimuleer om meer skuld aan te gaan. Hoër skuld aan die ander kant, kan verbruikers se netto welvaart laat toeneem omdat bates daarmee aangeskaf word. Weereens word die netto bedrag beïnvloed deur die koste verbonde aan die afbetaling van die lenings. Indien huishoudings verwag dat huispryse aanhoudend sal styg kan huishoudings in 'n skuldstrik beland. Monetêre beleid sal in hierdie geval strenger gemaak word, deurdat die hoër vraag na krediet sal lei tot 'n verhoging in rentekoerse. Hoër rentekoerse lei tot 'n daling in die vraag na krediet en banke sal minder geneig wees om skuld toe te staan. Die opwaartse neiging in die huispryse sal teengewerk word, welvaart sal begin daal en verbruikersverwagtings sal geknou word.

Aandelepryse is die komponent van welvaart wat die maklikste verander indien rentekoste verander. Die vraag na aandele sal daal sodra rentekoerse begin styg. In Engeland het stygende rentekoerse bygedra tot die Oktober 1987 aandelemark ineenstorting. Met 'n sloering word eiendomspryse ook beïnvloed, want in 'n oplewing sal eiendomsontwikkelaars en verbruikers bereid wees om skuld te akkumuleer en banke sal bereid wees om sowel vraag en aanbod in die eiendomsmark te finansier. Vir die ontwikkeling van die eiendom neem die bankinstelling die eiendom as sekuriteit vir die toestaan van lenings aan ontwikkelaars, want die waarde daarvan verhoog gewoonlik gedurende oplewingstydperke. Die koper kry ook geredelik bankkrediet om die koop van die eiendom te finansier, want die verbruikers se sekuriteit neem in waarde toe. Die oplewing sal voortduur in die eiendomsmark, solank as wat rentekoerse laag bly. Begin die koerse egter styg word dit vir die ontwikkelaar en koper moeiliker om die skuld af te betaal, as gevolg van die stygende koste (rente) daarvan. So 'n oplewing kan daarom nie volgehou word indien dit met krediet gefinansier word nie. Huispryse sal begin daal, omdat die vraag na krediet sal daal. Dalende batepryse het 'n negatiewe uitwerking op welvaart. Die swakker kontantvloei van die verbruiker en

eiendomsontwikkelaars, spoor banke aan om krediet te beperk, wat die afswaifase van die ekonomie verder laat verdiep.

Soos die afswaai verdiep, word verbruikersvertroue geskaad vanweë stygende werkloosheid, dalende welvaart, en dalende inkome, wat berekenings van permanente inkome beïnvloed. Dienooreenkomstig sal voorsorg-besparing toeneem. Meer mense sal likiditeitsprobleme ondervind, omdat banke krediet beperk. Meer mense baseer verbruiksbesteding eerder op lopende inkome as op permanente inkome. Dit lei tot 'n toename in die totale besparingsverhouding. In teenstelling met algemene gebruik, sal die welvaartseffek op verbruiksbesteding baie stadig, maar duidelik wees. Dit word aangehelp deur die rentekoerse. Rentekoerse het dus 'n aansienlike effek op besteding, wat stelselmatig gevoer word deur veranderinge in welvaart en gevolglik die herstrukturering van die persoonlike sektor se balansstaat.

Die mate waartoe aanpassings gemaak word in die koers van besparing, om die variasies in welvaart te absorbeer, sal bepaal word deur twee faktore:

(i) Monetêre beleid:

Monetêre beleid bepaal die vlak van rentekoerse. Akkommoderende monetêre beleid sal lei tot laer rentekoerse, wat verbruikers en eiendomsontwikkelaars aanmoedig om meer krediet te vra en banke sal aangemoedig word om dit toe te staan. Daarom sal batepryse meer styg in sommige lande as in ander, omdat die rentekoerse dit goedkoper maak en dus makliker maak om krediet te bekom.

(ii) Finansiële deregulasie en liberalisasie:

Die gevolge van finansiële deregulasie en liberalisasie is onder andere die opheffing van huurkoopkontroles en ander kredietbeperkings, 'n uitbreiding van die verskeidenheid aktiwiteite beskikbaar aan banke, die oopstel van geld- en kapitaalmarkte vir die klein spaarder en meer bereikbare krediet vir die klein belegger.

In die Verenigde Koninkryk het finansiële deregulasie en liberalisasie reeds in 1970 begin en is deurlopend geïmplementeer tot in die 1990s. Voor deregulasie begin het, het meer beperkende monetêre toestande die aanbod van krediet aan huishoudings en ondernemings deur die bankstelsel beïnvloed. Banke het die beskikbaarheid van krediet ingekort soos reserwes onttrek is van die stelsel, volgens die wil van die Sentrale Bank. Beperking van krediet na deregulasie is minder belangrik, omdat daar ander alternatiewe ontstaan het om

lenings te bekom. Daarom het kredietmarkte na deregulasie al meer afhanklik geword van die prysmeganisme om ewewig te verseker. Die prys in hierdie geval is rentekoerse. Deregulasie het verbruikers meer sensitief gemaak vir veranderinge in rentekoerse, as gevolg van die hoë vlakke van skuld. Daarom sal daar groot skommeling in die besparingskoers wees as gevolg van veranderinge in inkome, batepryse en skuldvlakke, wat veroorsaak word deur skommeling in rentekoerse, behalwe as monetêre beleid gerig is op prysstabiliteit van bates. In lande soos Japan het stabiliteit van die prys van bates 'n mikpunt van monetêre beleid geword. In ander lande word die stabiliteit van die pryse van bates as aanwyser gebruik vir die stand van monetêre beleid.

Die effek van deregulasie behoort 'n eenmalige toename in die skuld-tot-inkome verhouding te wees en 'n ooreenkomstige permanente daling in die besparingskoers van verbruikers. Die rede hiervoor is dat verbruikers nou daartoe in staat is om hulle verlangde skuldverhouding te bereik, wat hulle voorheen nie kon bereik nie, omdat kredietbeperkings hulle verhoed het om dit te doen.

In die Verenigde Koninkryk het die vraag na krediet skerp toegeneem na finansiële deregulasie in die 1980s. Die skuld van die persoonlike sektor het toegeneem vanaf 55 persent van persoonlike beskikbare inkome tot 120 persent in 1990. Suid-Afrika se totale huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome, het toegeneem vanaf 34 persent in die eerste kwartaal van 1980 tot 'n hoogtepunt van 62 persent in die tweede kwartaal van 1998. Dit het daarna weer effens gedaal tot 57 persent in die tweede kwartaal van 2000. Die totale styging kan nie net toegeskryf word aan 'n permanente styging as gevolg van finansiële deregulasie nie. 'n Deel daarvan was siklies veroorsaak deur kragte wat verbruikers daartoe gelei het om hulle skuld te verhoog en besparingskoers te verlaag, om meer welvarend te voel.

5.5 ROL VAN FISKALE EN MONETÊRE BELEID IN DIE PERSOONLIKE SEKTOR SE BALANSSTAAT

In die tydperk waar kredietbeperkings gebruik is, het verbruik 'n stabiliserende uitwerking gehad op die konjunktuur, omdat verbruik aangepas is om dit oor die lewensduur te versprei, volgens die permanente-inkome-hipotese van Friedman (1957). In die huidige omgewing van deregulasie, liberalisasie en globalisering van finansiële dienste, is die persoonlike sektor net so gedestabiliseer soos die maatskappye-sektor. Fiskale en monetêre beleid is die twee belangrikste instrumente van vraagbestuur, tot die beskikking van die fiskale en monetêre owerhede, wat gebruik kan word om die invloed van die konjunktuur te demp. Die

privaatsektor is 'n bron van onstabieleit en fiskale en monetêre beleid kan saam, hierdie onstabieleit teenwerk. Globalisering beteken dat skokke vanaf die res van die wêreld meer belangrik word vir die ekonomie as in die verlede. Monetêre beleid fokus meer op die oorsprong van die probleem. Groot skommeling in die besparingskoers kan veroorsaak word deur groot veranderinge in die stand van monetêre beleid. Lae rentekoerse moedig krediet aan, wat 'n opwaartse neiging in die prys van bates teweeg kan bring. Die verbruiker word aangemoedig om meer te spandeer en dit kan die opswaai in die konjunktuur stimuleer. Hoër rentekoerse kan 'n insinking in die prys van bates meebring, wat 'n kontantvloeioprobleem kan veroorsaak vir die persoonlike-, maatskappye- en banksektore. Die kontantvloeioprobleem vir die private-, en maatskappye-sektore kan verdiep word deurdat die banksektor krediet onttrek. Die herstellfase sal dienoooreenkomstig langer en meer uitgerek wees. As gevolg hiervan moet groot veranderinge in monetêre beleid vermy word.

Fiskale beleid moet nie die oorsaak van onstabieleit in die uitvoering van monetêre beleid wees nie. As fiskale beleid destabiliserend is, sal monetêre beleid strenger moet wees om dit teen te werk. In die era van deregulasie is dit nie meer nodig om fiskale en monetêre beleid te sinchroniseer nie. Die mikpunt van monetêre beleid behoort steeds prysstabiliteit te wees, maar die verloop van die prys van bates behoort van belang te wees vir sentrale banke. Die pryse van bates moet nie as mikpunt gestel word nie, maar dit behoort gemonitor te word, want om dit as doelwit te stel word in die markmeganisme van die ekonomie ingemeng. In Suid-Afrika is meer indirekte monetêre beleidsinstrumente gebruik vanaf die tagtigerjare, nadat die verslag van die de Kock kommissie bekend geword het. Ingevolge hierdie verslag is daar meer klem gelê op die markmeganisme om die doelwitte van monetêre beleid te bereik. Markkragte sal die optimale groeikoers vir die prys van bates bepaal. Indien die Sentrale Bank die pryse van bates monitor, kan vroegtydige oormatige besteding bestuur word. Die transmissiemeganisme wat hieronder beskryf word, voer beleid deur na die reële sektor. Die verloop van die transmissiemeganisme kan gebruik word om die verband tussen huishoudingskuld en private verbruiksbesteding te beskryf en te ondersoek.

5.6 TRANSMISSIEMEGANISME

Die transmissiemeganisme meet die effek van veranderinge in monetêre beleid, deur die geldmark na die finansiële markte en ander intermediêre instellings, tot by finale besteding deur **huishoudings** en sake-ondernemings.

5.6.1 Kanale van die transmissiemeganisme

Ekonomie maak van ekonometriese modelle gebruik om die onderlinge verwantskappe tussen verskillende ekonomiese groothede te ondersoek. Die onderlinge verband kan deur die transmissiemeganisme verduidelik word, wat deur 'n paar basiese kanale te werk gaan om die invloed van 'n verandering in die hoeveelheid geld in omloop in die ekonomie, tot by bestedingsbesluite te verduidelik. Hieronder volg 'n bespreking van die vier hoofkanale van die transmissiemeganisme:

5.6.1.1 Kredietkanaal

Die kredietkanaal is die belangrikste kanaal vir die doeleindes van hierdie studie. Die aanbod van krediet en die koste van krediet beïnvloed ekonomiese aktiwiteit en is die middelpunt van die kredietbenadering tot die transmissiemeganisme.

Die kredietkanaal impliseer dat veranderinge in monetêre beleid 'n direkte invloed het op die handelsbanke se vermoë om lenings toe te staan deurdat krediet gerantsoeneer word. Monetêre beleid werk dus nie net deur die invloed van veranderde rentekoerse nie, maar ook deur die aanbod van lenings deur banke, aan verskeie sektore in the ekonomie. Die kredietkanaal is 'n kombinasie van die bankleningskanaal en die balansstaatkanaal. Indien geldvoorraad (M) daal, sal bankdeposito's daal en banklenings daal wat investering (I) laat daal en produksie laat daal. Finansiële innovasie kan hierdie effek verswak, deurdat alternatiewe bronne gevind kan word om krediet te bekom en dan verloor die monetêre owerheid beheer oor die geldvoorraad.

Aanhoudende veranderinge in finansiële markte het 'n invloed op die kredietkanaal van die transmissiemeganisme en bring veranderinge in die werking van hierdie meganisme mee. Dit is egter moeilik om te bepaal wat die effek is op die reële ekonomie, omdat dit nie altyd duidelik is hoe afhanklik mense van banklenings is nie. Dit is nie seker dat enige verandering in banke se bereidwilligheid om te leen, 'n onmiddellike effek sal hê op investering en bestedingsbesluite nie. Dit is ook nie altyd duidelik wat die effek sal wees op die aantal banklenings nie. Morris en Sellon (1995:72) beweer dat banke se leningsaktiwiteite nie ingekort word deur beperkende monetêre beleid nie. Die artikel betwyfel die bestaan van 'n spesiale kredietkanaal, vir die werking van monetêre beleid. Monetêre beleid se invloed op die reële ekonomie geskied deur rentekoerse. Wanneer beleid strenger gemaak word en die geldvoorraad in die ekonomie verklein, vind 'n toename in rentekoerse plaas. Dit beïnvloed die verbruiker se besteding aan behuising en duursame verbruiksbesteding.

Die rol wat banke speel in die kredietmark, het oor die jare veranderinge ondergaan. Aanvanklik was krediet wat banke toegestaan het die primêre bron van korttermyn krediet vir ondernemings en huishoudings. Lenings was aangewend om voorrade aan te koop, fondse te voorsien vir bedryfskapitaal, korttermyn lenings vir konstruksie en ontwikkeling van eiendom en geboue en om oorbruggingsfasiliteite te voorsien. Huishoudings het lenings aangewend om bates te finansier en duursame verbruiksgoedere aan te koop. Deur die jare het huishoudings ook begin om alternatiewe kredietmarkte te betree soos die mark vir finansiële instrumente. Deesdae maak ondernemings toenemend gebruik van finansiële instrumente. In Amerika het ondernemings in die sewentigs tot 80 persent van hulle korttermyn fondse bekom vanaf banke en gedurende die negentigs het dit gedaal tot 50 persent. Dit beteken dat selfs al is die bestaan van 'n kredietkanaal bewys, het die belangrikheid daarvan oor die jare verander. Die werking van die monetêre transmissiemeganisme het daarom ook verander, deurdat minder impak gemaak word deur die hoeveelheid en waarde van banklenings en 'n groter inpak gemaak word deur 'n verandering in rentekoerse. 'n Verdere ontwikkeling waarna Morris en Sellon (1995:61) verwys wat 'n invloed op die kredietkanaal het, is die toenemende gebruik van leningsooreenkomste. Dit word gedefinieer as 'n kontrak tussen die lener en uitlener, wat die lener toelaat om 'n kredietlyn te gebruik volgens sy diskresie. Die ooreenkomste het tot gevolg dat die sloering waarmee monetêre beleid se effek op die reële ekonomie waargeneem word, verleng word. Die impak van 'n beperkende monetêre beleidsmaatregel word uitgestel, omdat leners onder ooreenkomste kan aanhou leen, selfs nadat die beskikbaarheid van krediet ingekort word. Dit het tot gevolg dat die Sentrale Bank se tydsberekening vir die toepassing van beleid verkeerd kan wees. Oortrekkingsfasiliteite vir huishoudings het dieselfde effek, omdat dit vooraf goedgekeurde fasiliteite is, wat beleidsaksies minder effektief maak oor die kort termyn.

Die omvang van die effek van beperkende monetêre beleid hang af van die mate waartoe leners afhanklik is van banklenings. Huishoudings het nie 'n wye keuse nie en is meer afhanklik van banklenings as groot ondernemings, wat toegang het tot uitreiking van aandele, langtermyn lenings vanaf finansiële tussengangers en interne kontantvloei. Huishoudings se opsies bestaan basies uit handelskrediet en banklenings. Die opkoms van kredietkaarte uitgereik deur kleinhandelaars oor die laaste paar jaar in Suid-Afrika en die mikrolenings besighede, het die keuse vir die verbruiker wat nie in aanmerking kom vir banklenings nie, vermeerder. Die impak van 'n beleidsverandering op die privaatsektor het as gevolg van die nuwe instrumente ook verswak. Morris en Sellon (1995:63) kyk na die manier waarop monetêre beleid die lenings vanaf banke beïnvloed, deur te kyk na hoe banke die samestelling

van portefeulje's verander wanneer beperkende monetêre beleid toegepas word. Nadat hulle verskeie artikels van onder andere Bernanke en Blinder (1992), Romer en Romer (1990) bestudeer het, is bevind dat banke se:

- (i) Transaksiedeposito's onmiddellik afneem;
- (ii) Totale banklenings afneem, maar eers na 'n sloering van twee tot drie kwartale;
- (iii) Lenings op dieselfde vlak bly selfs al daal kerndeposito's, deurdat banke effekte verkoop en termyndeposito's uitreik, of gebruik maak van Eurodollar (Eurorand) lenings;
- (iv) Lenings daal rofweg gelyktydig met die daling in ekonomiese aktiwiteit, soos gemeet deur die Bruto Binnelandse Produk.

Die sloering vanaf die toepassing van beperkende monetêre beleid, totdat die effek op die makro-ekonomie waargeneem kan word, is redelik lank. Die rigting van oorsaaklikheid tussen die daling in banklenings en die afname in Bruto Binnelandse Produk, is egter moeilik om te bepaal. 'n Daling in ekonomiese aktiwiteit het ook 'n daling in lenings vanaf banke tot gevolg, omdat die vraag na lenings afneem.

Morris en Sellon verwys na 'n studie van Gertler en Gilchrist (1993) wat bevind het dat huishoudings en ondernemings verskillend reageer op beperkende monetêre beleid. Gertler en Gilchrist bevind dat die totale daling in lenings toegeskryf kan word aan die daling van verbruikerslenings en lenings vir die finansiering van eiendom. 'n Fout wat baie studies maak is om totale banklenings in berekening te bring wanneer die transmissiemeganisme ondersoek word. 'n Onderskeid behoort gemaak te word tussen die verskillende ekonomiese agente se lenings in die banksektor. Die grootte van die banke in die banksektor, beïnvloed ook die omvang van die effek indien beperkende monetêre beleid toegepas word. Kleiner banke voel die effek meer en minder lenings word toegestaan, omdat die banke nie toegang het tot alternatiewe fondse nie. Kleiner banke se klante-samestelling is ook verskillend van groter banke en sluit 'n groter aantal klein ondernemings en private huishoudings in. Aangesien dit wil voorkom of monetêre beleid 'n groter effek op hierdie deel van die bevolking het, sal kleiner banke 'n groter afname in kerndeposito's ervaar as groter banke.

'n Ander wyse waarop banke kredietrantsoenering kan toepas, is deur gebruik te maak van nie-prys faktore, wat nie waargeneem kan word uit banke se syfers nie. Dit sluit onder andere die aanpassing van die sekuriteitsvereistes waarop lenings toegestaan word, in. Wanneer die Sentrale Bank beperkende beleid toepas, sal sekuriteitsvereistes vir die toestaan van lenings strenger gemaak word.

Morris en Sellon (1995:72) kom tot die gevolgtrekking dat daar vir ondernemings nie 'n aparte kredietkanaal bestaan waardeur monetêre beleid werk, om 'n invloed op die reële ekonomie uit te oefen nie. Daar is wel 'n kredietkanaal vir huishoudings. Indien die lener afhanklik is van bankkrediet, kan beperkende monetêre beleid 'n ontwinging veroorsaak in die beskikbaarheid van krediet, wat bestedingsbesluite beïnvloed en wat 'n effek het op die vlak van ekonomiese aktiwiteit.

Die likiditeitseffek vir die verbruiker is soos volg: indien rentekoerse toeneem, sal die verbruiker se kontantvloei negatief beïnvloed word. Indien verwag word dat rentekoerse verder gaan styg, sal verbruikers eerder geld wil hou in meer likiede bates soos finansiële bates (bankrekening), in plaas van duursame goedere en eiendom, wat in elk geval 'n laer waarde sal hê indien huishoudings daarvan ontslae wil raak om kontantvloei te verhoog. Dit sal meebring dat besteding op duursame verbruiksgoedere verder daal. Besteding word nie net beïnvloed deur die onwilligheid van banke om geld aan verbruikers te leen om besteding te finansier nie, maar ook deur die onwilligheid van verbruikers om te bestee. Huishoudings moet 'n keuse uitoefen tussen gebruik van spaargeld of krediet. Die finansieringspremie vir huishoudings is die verskil tussen die koste om lenings aan te gaan of om rente op te offer op spaargeld (Bernanke en Gertler 1995:27).

5.6.1.1 Balansstaatkanaal

Die balansstaatkanaal werk deur die netto welvaart van die ekonomie. Beperkende monetêre beleid is gerig op die onttrekking van likiditeit uit die mark en gaan gepaard met hoër rentekoerse. Hoër rentekoerse beteken gewoonlik dat pryse van aandele afneem. Hoër rentekoerse beteken ook dat die nominale uitstaande skuld styg. Dit lei tot 'n verlaging in die netto welvaart. Dit veroorsaak dat die individu nie addisionele skuld sal aangaan nie, omdat die koste daarvan verhoog. Die kredietwaardigheid en finansiële posisie van die individu neem af, omdat die waarde van die persoon se welvaart wat as sekuriteit kan dien afneem. Besteding op duursame verbruiksgoedere en behuising deur huishoudings sal afneem. Huishoudings se verbruiksgeneigdheid word negatief beïnvloed deur beperkende monetêre beleid.

Die maatskappy-sektor sit met dieselfde probleem as die waarde van aandele daal en investeringsprojekte neem af as gevolg van minder beskikbare krediet en kredietwaardigheid wat verlaag (as gevolg van 'n laer waarde van beleggings). Dit het laer produksie tot gevolg

en netto inkome daal. Netto inkome van huishoudings daal, omdat maatskappye besnoei op arbeidskoste. Werkloosheid kan toeneem wat 'n negatiewe effek op besteding het.

Tobin het reeds in 1969 daarna verwys in sy "q" teorie van investering en die welvaartseffek op verbruiksbesteding. Die term "q" is die markwaarde van maatskappye, gedeel deur vervangingskoste van kapitaal. Indien "q" hoog is, is die waarde van die maatskappy hoog en die maatskappy kan met 'n klein hoeveelheid uitgereikte aandele, 'n groot hoeveelheid kapitaalgoedere aanskaf, wat 'n toename in investering veroorsaak. In die geval van monetêre beleid beteken dit dat as geldvoorraad afneem (wat gepaard gaan met hoër rentekoerse), sal die verbruiker nie onmiddellik besteding aanpas nie, as gevolg van konstante bestedingsgeneigdheid en sal probeer om meer geld vir besteding te bekom, deur minder aandele te koop of deur aandele wat vroër gekoop is, te verkoop. 'n Laer vraag na aandele beïnvloed die prys van aandele negatief. Laer aandeelpryse lei tot 'n daling in Tobin se "q". Vir die verbruiker beteken dit dat laer aandeelpryse, die reële welvaart verlaag, wat 'n dalende effek op besteding tot gevolg het. Indien die waarde van die eiendom van huishoudings ingesluit word, word 'n verdere kanaal ontdek, waar die waarde van eiendom die "q" van Tobin se teorie beïnvloed. In dié geval sal "q" daal indien die waarde van eiendom daal, as gevolg van beperkende monetêre beleid wat gepaard gaan met hoër rentekoerse. Hoër rentekoerse beteken dat die koste om eiendom te vervang hoër word en die waarde daal. 'n Laer "q" het tot gevolg dat die welvaart van huishoudings daal (reële kapitaal). Laer eiendom waardes veroorsaak dat verbruikers minder lenings kan aangaan, omdat die eiendom se waarde wat dien as sekuriteit vir lenings, afneem.

Die eksterne finansieringspremie van 'n lener word bepaal deur die finansiële posisie van die lener. Hoe hoër die netto welvaart is (som van likiede bates en bemarkbare sekuriteit), hoe laer is die eksterne finansieringspremie. Die omvang van die eksterne finansieringspremie beïnvloed die omvang, tydsverloop en samestelling van die effek wat 'n verandering in monetêre beleid het op die gedrag van die lener. Die eksterne premie moet die volgende in ag neem:

- Die uitlener se verwagte koste van evaluasie, monitering en insameling van fondse;
- Die lener het beter inligting hieromtrent as die uitlener;
- Die koste van versteurings in die gedrag van die lener as gevolg van beperkings in die kontrak wat bedoel is om 'n morele waagstuk te voorkom soos sekuriteitsvereistes.

Dit veroorsaak dat minder botsende belange tussen die lener en uitlener bestaan en dat die lener 'n deel van die besteding self kan finansier, of dat 'n groter deposito gegee kan word of dat meer sekuriteit verskaf kan word vir finansiering. Die finansiële posisie van die lener sal ook die terme beïnvloed waarop krediet bekom kan word. Pro-sikliese bewegings in die balansstaatposisies van leners kan dus 'n aanduiding wees van konjunktuersiklusse. Dit staan bekend as die finansiële versneller.

5.6.1.1.2 Bankleningskanaal

Die bankleningskanaal fokus op die effek wat monetêre beleid op die aanbod van lenings deur depositonemende instellings sal hê. Huishoudings het nie so gereedlik toegang tot alternatiewe kredietmarkte soos maatskappye nie. Die ontwikkeling van private handelsmerk kredietkaarte het die aanbodbasis van krediet vir huishoudings verbreed, veral vir die sektor van die mark wat nie gereedlik toegang tot bankkrediet het nie. Krediet tot die beskikking van huishoudings is egter, in vergelyking met maatskappye, 'n klein persentasie van totale bankkrediet.

Tabel 5.3: Totale huishoudingskuld (insluitend huisverbande) as persentasie van eise van banke op die private sektor

Jaar: kwartaal	Persentasie	Jaar: kwartaal	Persentasie	Jaar: kwartaal	Persentasie
1975:1	49.94	1984	54.49	1993	60.51
2	49.70	2	53.36	2	61.51
3	49.56	3	54.48	3	62.12
4	49.82	4	52.30	4	62.38
1976:1	50.31	1985	54.03	1994	62.21
2	51.05	2	52.25	2	63.25
3	51.03	3	52.23	3	62.71
4	50.61	4	51.60	4	62.50
1977	50.82	1986	50.75	1995	63.04
2	49.52	2	50.82	2	64.04
3	49.47	3	50.49	3	63.60
4	48.83	4	51.40	4	63.96
1978	50.02	1987	49.63	1996	63.93
2	49.55	2	51.87	2	64.15
3	49.34	3	52.81	3	64.29

Tabel 5.3: Totale huishoudingskuld (insluitend huisverbande) as persentasie van eise van banke op die private sektor (vervolg)

Jaar: kwartaal	Persentasie	Jaar: kwartaal	Persentasie	Jaar: kwartaal	Persentasie
4	49.30	4	52.81	4	64.27
1979	49.85	1988	52.50	1997	63.66
2	49.52	2	53.43	2	62.31
3	49.72	3	52.43	3	62.20
4	49.78	4	53.46	4	62.56
1980	50.19	1989	54.11	1998	59.97
2	50.67	2	54.29	2	58.13
3	51.27	3	53.54	3	57.80
4	51.44	4	54.01	4	55.64
1981	50.45	1990	55.00	1999	53.50
2	49.67	2	55.59	2	52.73
3	49.28	3	58.21	3	52.04
4	49.54	4	58.58	4	51.21
1982	48.45	1991	57.56	2000	51.01
2	51.06	2	56.56	2	51.22
3	50.73	3	58.01	3	50.00
4	50.74	4	57.73	4	50.30
1983	51.44	1992	58.93	2001	50.90
2	51.75	2	59.05	2	50.10
3	51.21	3	58.55	3	49.80
4	53.87	4	59.69	4	47.80

Bron: SARB

Gedurende die 1990s het huishoudings sterk gesteun op krediet deur banke verskaf ('n hoogtepunt van 64 persent in 1996), omdat verskeie beperkings bestaan het vir huishoudings om alternatiewe krediet te bekom, maar ook omdat verskeie nuwe leners die mark betree het na die verkiesing. Gedurende die laaste paar jaar het huishoudings van alternatiewe krediet begin gebruik maak om skuld te finansier en skuld by banke het begin daal. In 2001 het die persentasie gedaal tot 48 persent.

Beperkende monetêre beleid lei tot 'n onttrekking van likiditeit in die mark deur die verkoop van staatseffekte of ander instrumente, wat beteken dat deposito's moet verklein om te betaal vir die aankoop van die effekte (die publiek het dan "papier" in hulle besit in die plek van geld). Banke kan minder lenings toestaan (omdat deposito's nodig is vir lenings). Minder geld beteken minder besteding en produksie krimp. 'n Verdere gevolg is dat minder lenings lei tot laer investering, produksie neem af wat lei tot laer vlakke van inkome wat minder besteding meebring. Minder banklenings sal net 'n impak op die reële ekonomie hê, as daar nie alternatiewe bronne is om krediet te bekom om besteding te finansier nie. Die bestaan van die bankkredietkanaal impliseer nie dat banke totaal en al nie daartoe in staat moet wees om verlore deposito's te vervang nie.

Beperkende monetêre beleid verlaag die waarde van sekuriteite as gevolg van stygende rentekoerse. Dit het 'n negatiewe invloed op die waarde van banke se kapitaal, wat die banke se vermoë om fondse te bekom verminder. Dit belemmer banke se vermoë om lenings toe te staan. Hoe gesond die bankstelsel is het 'n noue verband met die vertoning van die ekonomie in geheel.

Kredietgrootthede word beïnvloed deur vraag en aanbod. Terwyl die vraag na geld pro-siklies is, wil dit voorkom of die vraag na krediet anti-siklies is, wat beteken dat huishoudings sal probeer om die impak van sikliese veranderinge op inkome te verminder. Verbruikers gaan lenings aan om tekorte op inkome aan te vul. Dit sal meebring dat, in tye wat kredietomstandighede verswak, huishoudings meer sal begin leen. Kredietgrootthede reageer stadiger op 'n beperkende maatreël as monetêre grootthede. Die voorspelling is slegs dat verbruikers meer sal leen en minder sal spandeer as wat in perfekte kredietmarkte sou geskied (Bernanke en Gertler 1995:44).

Verskeie ekonome wat voorstanders is van ander kanale het negatiewe sowel as positiewe kommentaar oor die leningskanaal van die transmissiemeganisme. Ekonome stem saam dat die aktiwiteite in die kredietmark en leningsmark 'n belangrike deel uitmaak van die proses. Voorstanders van die leningskanaal beklemtoon die veranderinge in die verspreiding van lenings tussen groot en klein leners. Die belangrikste bates en laste is geld, banklenings en 'n samestelling van sekuriteite en reële kapitaal. Monetariste fokus eerder op relatiewe pryse en onderskei tussen geld, lenings en sekuriteite en reële kapitaal. Banklenings word apart van sekuriteite gehou.

Die leningskanaal aanvaar dat besteding deur 'n sekere groep leners afhang van beskikbare banklenings. Monetêre beleid bring 'n verskuiwing mee in die aanbod van lenings relatief tot ander tipes krediet van banke (Meltzer 1995:65). Die eerste stelling is nie te betwyfel nie, as "afhang" beteken dat banklenings die hoofbron is van die eksterne finansiering vir baie firmas en huishoudings. Banke spesialiseer daarin om inligting van klein- en mediumgrootte ondernemings teen 'n hoë koste te bekom, maar daar is ook alternatiewe leners soos finansieringsmaatskappye, handelskrediet, kredietkaarte, spekulante, families en ander. Die werklike probleem is hoe maklik leners iemand anders kan kry wat bereid is om vir hulle geld te leen en wat die effek is as hulle nie iemand kan kry nie. Soos reeds elders in die hoofstuk gemeld, het huishoudings beperkte alternatiewe bronne en vir huishoudings is banke die hoof bron van finansiering.

Die probleem is om te bewys dat outonome veranderinge in die aanbod van lenings vanaf banke toegeskryf kan word aan sikliese veranderinge in banklenings. Veranderinge in die vraag na lenings wat veroorsaak word deur die monetêre impuls kan die beste verklaar word deur sikliese veranderinge in lenings. Banke kan internasionaal leen, sertifikate van deposito's uitreik, sekuriteite verkoop of ander maniere gebruik om lenings te finansier as dit winsgewend is. Waarom verkies hulle dan nog om lenings meer as proporsioneel te verlaag as die verlies aan reserwes? Waarom kan ander tussengangers nie die oorskot vraag opneem nie? 'n Resessie verlaag die netto welvaart van banke en dit het 'n nie-proporsionele effek op die klein lener. 'n Daling in die netto welvaart van banke kan ontstaan as die regulasies verander en banke meer kapitaal moet deponeer by die Sentrale Bank, of as slegte skuld skerp toeneem (soos in die depressie jare of die ineenstorting van eiendomspryse gedurende die 1990s). Die totale effek op die ekonomie kan moontlik nie so groot wees nie, as dit gebalanseer word deur toevallings van ander markdeelnemers.

'n Eksogene skok op leengedrag in die ekonomie moet met omsigtigheid hanteer word, omdat 'n permanente skok op die publiek se wil om te leen (wat onafhanklik is van 'n skok wat die vraag na geld beïnvloed), 'n teenoorgestelde skok nodig het op die vraag vir reële kapitaal of staatseffekte, om die balansstaatbeperking te behou. Ander skokke soos veranderinge in die reserwebatevereistes of kapitaalvereistes, veroorsaak veranderinge in lenings en sekuriteite in die besit van banke. Die leningskanaal verduidelik nie hierdie veranderinge se effek op totale besteding en produksie nie en ook nie die effek op verskillende tipes tussengangers nie. Mededinging tussen tussengangers word ook nie aangespreek nie.

Die leningskanaal beperk ook die substitusie moontlikhede, want deurdat skuldbriewe en reële kapitaal saamgevoeg word, word die veranderinge in die prys van bates en produksie binne die transmissiemeganisme uitgeskakel. Enige verandering in pryse word beperk tot veranderinge in die bankleningskoers relatief tot ander opemark rentekoerse. Dit lei daartoe dat relatiewe pryse van bates en produksie uitgeskakel word as deel van die proses waardeur monetêre impulse die produksiemark beïnvloed. Volgens 'n aantal skrywers waarna Meltzer verwys, moet die prys van bates en die termynstruktuur van rentekoerse ook in aanmerking geneem word.

Meltzer (1995:65) ondersoek die groot depressie van die 1930s en die “Credit crunch” van die 1990s om te kyk of die leningskanaal ondersteun kan word. Meltzer (*op. cit.*) verwys na Bernanke (1983) wat sê dat die ontwrigting van die leningskanaal veroorsaak dat die kwaliteit van finansiële dienste afneem. Die monetariste erken dat banke wat gelikwieder word of ander kommersiële en industriële likwidاسies veroorsaak het dat finansiële instellings aansoeke vir lenings met meer omsigtigheid hanteer. Deur die lenings kan veranderinge in leningsgedrag dien as onafhanklike impulse vir klein- en medium-grootte instellings.

Wanneer die aantal banklenings vergelyk word met ander kredietmarkte kom verskille ook voor. Bankaksepte en ander finansiële instrumente kan as aanvulling, sowel as substitute dien vir krediet vanaf banke (veral vir groter firmas). Dit beteken dat, indien die leningskanaal 'n aparte transmissiemeganisme is wat klein firmas beïnvloed, sou banklenings vinniger moes val gedurende die groot depressie as ander opemark finansiële instrumente en bankaksepte. Meltzer (*op.cit:67*) het 'n vergelyking gemaak van maandelikse data wat beskikbaar is in die VSA en het die teendeel daarvolgens bewys. Net na die eerste vlag van banke wat gelikwieder is (tot Februarie 1932), is die “Reconstruction Finance Corporation” gestig en het die Fed begin om grootskaalse opemarkaankope te doen. Die opemarklenings het in hierdie periode dubbel so vinnig afgeneem as wat die banklenings afgeneem het. Die afname in banklenings is 'n spieëlbeeld van die daling in BNP.

5.6.1.2 Rentekoerskanaal

Die mees direkte kanaal waardeur bestedingsbesluite beïnvloed word is deur rentekoerse. Gewoonlik word monetêre beleid deur die monetêre owerheid toegepas deur handelsbanke se reserwes te beïnvloed, wat 'n invloed het op die repokoers wat banke betaal. Die repokoers op sy beurt, beïnvloed weer die korttermyn, sowel as die langtermyn rentekoerse, wat weer vraag komponente in die ekonomie beïnvloed.

Mosser (1992:40) verwys na die verwantskap tussen M1 geldvoorraad en die reserwes van banke en bevind dat die verwantskap beïnvloed word deur 'n verandering in reserwevereistes. SA se reserwevereistes het oor die jare verander soos vroeër bespreek is. Wat die verwantskap tussen 'n verandering in die geldvoorraad en bestedingsbesluite deur die rentekoerskanaal verder bemoeilik, is dat die vraag na geld meer rentekoers-sensitief of minder rentekoers-sensitief kan raak oor tyd. Nadat depositokoersplafonne in SA geskrap is, het die rentekoers-sensitiwiteit verhoog. In Amerika het die uitfasering van reserwevereistes op nie-transaksie M2 deposito's veroorsaak dat bankreserwes amper 'n totale funksie van die deposito gedeelte van M1 geword het. Hoe meer sensitief sekere deposito's geword het vir rentekoerse, hoe meer sensitief het reserwes geword. Omdat modelleringsprosedures verander het oor tyd, is dit moeilik om te bepaal of veranderinge in die invloed van monetêre beleid op die reële ekonomie toegeskryf kan word aan 'n verandering in die prosedures wat gebruik word, of aan 'n verandering in die transmissiemeganisme.

Volgens Mishkin (1995:3) het monetêre beleid 'n kragtige invloed op die ekonomie en het dit soms onvoorspelbare gevolge. Die Keynesiaanse uitkyk op die invloed van monetêre beleid op die reële ekonomie werk deur die invloed van rentekoerse op investering. 'n Uitbreiding in die geldvoorraad lei tot 'n verhoging in reële rentekoerse (koste van kapitaal). Investering neem af omdat minder verdien word op beleggings of omdat dit duurder word vir huishoudings om lenings aan te gaan om huise te koop. Dit veroorsaak dat produksie (soos bereken deur die bestedingskomponente) in die ekonomie daal. As gevolg van rasionele verwagtings en stram pryse sal 'n styging in die korttermyn rentekoerse veroorsaak dat die langtermyn rentekoerse ook sal styg. Die rentekoerskanaal het egter nie die sterkste effek op bestedingsbesluite nie en word deur ander kanale versterk. Die SA Reserwebank pas monetêre beleid in SA toe deur beheer uit te oefen oor die rentekoerse. Sodoende word reële besteding beïnvloed deurdat die koste om te investeer of te bestee beïnvloed word.

5.6.1.3 Bestedingskanaal

Veranderinge in die welvaart van huishoudings en ondernemings kan bestedings- en investeringsbesluite beïnvloed. 'n Voorbeeld is wanneer huishoudings gebruik maak van welvaart om lenings te bekom om sekere bestedingsbesluite te finansier. Die effek van hierdie kanaal is reeds in die bespreking van die kredietkanaal en bestedingskanaal toegelig.

5.6.1.4 Wisselkoerskanaal

Die verandering begin by die rentekoerskanaal deurdat 'n verhoging in binnelandse rentekoerse veroorsaak dat dit meer aantreklik word vir 'n nie-inwoner om plaaslik te belê,

wat daartoe lei dat die waarde van die geldeenheid appresieer (verhoogde vraag na Rand). Indien die waarde van geld relatief tot ander geldeenhede verhoog, sal dit lei tot 'n daling in netto uitvoer en 'n daling in totale produksie (omdat dit goedkoper word om goedere in te voer) (Mishkin 1995:5). Die geldvoorraad (M) daal en rentekoerse (i) styg. Die waarde van die geldeenheid (E) neem toe terwyl netto uitvoer ($NX = \text{uitvoer minus invoer}$) daal. Die gevolg is dat totale produksie (Y) daal. Hierdie effek word grotendeels beïnvloed deur die mate waarin die land betrokke is by internasionale handel en met watter lande die land handel dryf.

5.6.1.5 Kostekanaal

Internasionale rentekoerse het 'n invloed op die werklike en verwagte kapitaalvloei. Dit beïnvloed die wisselkoers en bestedings- en investeringsbesluite word geneem op grond van die koste verbonde daaraan deur te kyk na die invoerprys, die buitelandse rentekoers op lenings (gemaak om die besluit te finansier) en risiko verbonde daaraan.

5.6.1.6 Belastingeffek

Veranderinge in die produksiemark affekteer die owerheid se huidige begrotingstekort. Die owerheid se belastinginkome neem toe soos produksie in die privaatsektor toeneem en die pryse styg. 'n Kleiner begrotingstekort sal lei tot 'n laer vlak van basisgeld ("base money") en die staatseffekte wat deur die staat uitgereik word om die tekort te finansier sal verminder. Dit beteken dat die geldvoorraad verminder, wat lei tot minder likiditeit in die mark wat bestedingsbesluite beïnvloed. Die prys van staatseffekte (bates in die ekonomie) en die rentekoers word beïnvloed. 'n Kleiner aanbod van staatseffekte beteken dat vraag groter as aanbod kan wees wat die prys van die effek verhoog. Hoër pryse gaan gewoonlik gepaard met laer rentekoerse wat die vraag na krediet stimuleer.

5.6.2 Effek van 'n verandering in die geldvoorraad

Die artikel van Keeton (1993:35) beskryf die effek van monetêre beleid vanuit die leningsoogpunt. Akkommoderende monetêre beleid stimuleer die ekonomie deur banklenings te verhoog. Een van die redes waarom die ekonomie nie deur hierdie proses gestimuleer word nie, is omdat die deposito's wat deur hierdie proses gegenereer word deur banke aangewend word om effekte te koop en groot depositosertifikate ("CD's") af te los, eerder as wat die deposito's beskikbaar gestel word vir lenings aan die privaatsektor. Die doel van depositosertifikate wat banke uitreik is om die befondsingsvereistes van banke aan te vul. Banke gebruik ook depositosertifikate om likiditeitsportefeuljes te bestuur.

Keeton (1993:35) verwys na die feit dat monetêre beleid 'n direkte sowel as indirekte effek het, en dat laasgenoemde geïgnoreer word tydens die kontroversiële bespreking rondom die leningsoogpunt. Die direkte effek is dat die deposito's van banke styg wanneer akkommoderende beleid gevolg word en die indirekte effek is dat markrentekoerse daal. Markrentekoerse daal indien die Reserwebank die repokoers verander. Die laer markkoerse stimuleer lenings en spoor banke aan om fondse vir nuwe lenings te bekom met verkope van effekte of die uitreiking van nuwe groot depositosertifikate. Keeton bewys in sy artikel dat wanneer beide die direkte en indirekte effekte in aanmerking geneem word, sal banke se vermoë om fondse vir lenings te bekom deur die verkope van finansiële instrumente en uitreiking van depositosertifikate, eerder monetêre beleid sal versterk as wat dit beleid sal verswak.

5.6.2.1 Direkte effek van monetêre beleid

Akkommoderende monetêre beleid word toegepas deur meer likiditeit in die mark beskikbaar te stel deur opemarkaankope (van finansiële instrumente) te doen. Dit veroorsaak dat reserwes en transaksiedeposito's styg. Banke het nou meer reserwes as wat benodig word om reserwevereistes na te kom en verhoog uitleenaktiwiteit, wat lei tot 'n verdere toename in transaksiedeposito's en vereiste reserwes. Banke sal voortgaan met verhoogde leningsaktiwiteit totdat die oorskot reserwes uitgewis is. Die effek van ekstra lenings deur huishoudings, is dat besteding deur huishoudings verhoog en dit stimuleer die ekonomie. Banke moet ten einde die vraag na lenings te stimuleer, leningskoerse verlaag en kredietstandaarde verslap.

Keeton ondersoek die rede waarom banke se aktiwiteite in die aankoop van effekte en uitreiking van depositosertifikate die direkte effek van monetêre beleid verminder en vind die volgende:

(i) Banke word al meer bereid om lenings te finansier met nie-deposito bronne en daarom is die aanbod van lenings hoogs elasties met betrekking tot die opbrengs op lenings.

Die hoof rede waarom banke in die verlede nie wou gebruik maak van nie-deposito bronne vir finansiering nie, was omdat lenings nie so maklik likied gemaak kon word soos effekte, om onvoorsiene vraag na deposito's te kon nakom nie. Banke wat likiditeitsprobleme sou ondervind, moes dan van alternatiewe leningsbronne gebruik maak teen strafkoerse (die "ou" bankkoers). Ontwikkelings in die bankstelsel (tegnologie, sekondêre geldmarkte, konsolidasie van banke, verwydering van depositokoersplafonne) het egter daartoe gelei dat banke meer noukeurige vooruitskattings van likiditeitsbehoefte kan maak, wat banke meer bereidwillig

gemaak het om alternatiewe bronne as deposito's te bekom vir finansiering van lenings aan die publiek. Banke weeg die voordele en koste op wat verbonde is aan die gebruik van nie-deposito fondse om addisionele lenings te finansier, voordat besluit word hoeveel van die gegewe hoeveelheid transaksiedeposito's uitgeleen sal word. Voordele bestaan uit rente-inkomste op die nuwe lenings en die koste sluit die risiko van likiditeit en die rentekoste verbonde aan die gebruik van nie-deposito fondse in.

(ii) Banke word beïnvloed deur die elasticiteit van die aanbodkromme vir lenings. 'n Hoogs elastiese aanbodkromme vir lenings veroorsaak dat veranderinge in deposito's min of geen effek het op banklenings nie. Banke het 'n minimum leningskoers waarteen hulle bereid sal wees om geld uit te leen. As die leningskoers net effens styg bokant dié vlak sal banke 'n onbeperkte aantal lenings wil finansier met die uitreiking van groot depositosertifikate of verkoop van effekte omdat die koste om nie-likied te wees klein is. As die koers net effens daal sal banke onwillig wees om lenings te finansier omdat banke eerder die transaksiedeposito's belê. Dit verminder die effek van monetêre beleid.

5.6.2.2 Die indirekte effek van monetêre beleid

Die indirekte effek van beleid versterk die effek van beleid en die versterking van die effek is groter as die vermindering. Daarom het monetêre beleid 'n positiewe uitwerking op die ekonomiese bedrywighede. Die indirekte effek werk deur die verandering in die opemarkrentekoers (rentekoers wat van toepassing is op finansiële instrumente wat op die opemark verhandel word). Akkommoderende monetêre beleid verlaag die opemarkkoerse en laer koerse stimuleer lenings by banke.

Die Sentrale Bank doen 'n opemarktransaksie om transaksiedeposito's te verhoog. Wat die vorige bespreking ignoreer is die feit dat die publiek die addisionele deposito's gebruik om bates op die opemark te koop, wat die prys van die bates verhoog en die opbrengskoers verlaag. Depositokoerse sal begin daal omdat banke dit moeilik vind om nuwe transaksiedeposito's winsgewend te belê. Die laer koerse het tot gevolg dat banke bereid is om lenings te finansier met effekte en groot depositosertifikate. Dit versterk die effek van beleidsmaatreëls.

Wat die bepalende faktor sal wees, as banke effekte en groot depositosertifikate hou, of monetêre beleid effektief gaan wees of nie, het te doen met die sensitiwiteit van depositovraag en leningsvraag ten opsigte van rentekoerse. Die toename van die indirekte effek sal die afname in die direkte effek oorskadu, as depositovraag onsensitief teenoor 'n verandering in

rentekoerse is (dit veroorsaak dat 'n toename in reserwes lei tot groot dalings in die opemarkkoers) en leningsvraag genoegsaam sensitief is tot so 'n verandering in rentekoerse.

Mosser (1992:47-51) ondersoek die Amerikaanse ekonomie om te bepaal wat die effek op private verbruiksbesteding was met 'n verandering in die geldvoorraad. Die uitslag van hierdie studie is belangrik omdat dit gebruik kan word om die Suid-Afrikaanse ekonomie te ondersoek. In die verbruiksbestedingsfunksie van duursame goedere (meubels en toerusting) is bevind dat inkome en rentekoerselasitisiteit vir Amerika vanaf die tydperk wat ondersoek is (1981-1990) weinig verander, terwyl verbruikersvertroue en netto welvaart duidelike veranderinge toon. Alhoewel die direkte rentekoerssensitiwiteit effens gedaal het, het die indirekte rentekoerseffek groter geword, omdat die elasisiteit van verbruikersvertroue amper verdriedubbel het. Die groot toename in afbetalingsverkoopoooreenkomste van verbruikers in Amerika gedurende die 1980s en daarmee saam die kwesbaarheid ten opsigte van rentekoerse, van verbruikers met beperkte toegang tot krediet, kan die verhoogde effek van indirekte rentekoerse op verbruikersvertroue verduidelik. Suid-Afrika het ook 'n groot aantal verbruikers gehad voor 1994 wat beperkte toegang tot krediet gehad het.

Die netto welvaart van huishoudings het 'n heelwat kleiner effek op aankope van meubels in Amerika gehad gedurende 1990 as 1981. Die daling in die elasisiteit van welvaart kan as gevolg van verhoogde gebruik van verbruikerskrediet wees, wat daartoe gelei het dat duursame besteding deur huishoudings nie meer direk gekoppel kan word aan huishoudings se finansiële welvaart nie. Terwyl verbruikersvertroue of sentiment daarop dui dat monetêre beleid dalk 'n groter impak op duursame verbruikersgoedere kan hê, as 'n paar jaar gelede, wil dit voorkom of die onsensitiwiteit ten opsigte van finansiële welvaart op die teenoorgestelde dui. Aan die hand van die modelle wat gebruik is deur die Federale Reserwe Raad van New York (FED), is getoets watter effek die belangrikste is. In die studie blyk dit dat dit nie so duidelik is wat die effek van 'n verandering in monetêre beleid op verbruik is nie. Verskeie simulاسies is gedoen om te probeer vasstel wat die effek is. Wat die model wel toon is dat daar veranderinge is in die sensitiwiteit van die vraag na geld met betrekking tot rentekoerse en veranderinge in reserwevereistes. Die totale effek is dat die vraag na M1 en reserwes meer sensitief is ten opsigte van rentekoerse gedurende 1990 as tien jaar voor dit. Daarom sal *ceteris paribus*, 'n daling in die reserwes voorsien deur die FED, veroorsaak dat die FED koers gedurende 1990 minder toeneem as in 1981.

Die eksterne effek van beleidsveranderinge is moeiliker om te verklaar, omdat daar 'n inkome effek is sowel as veranderinge ten opsigte van die modellering van veranderinge in rentekoerse. Beperkende monetêre beleid wat minder geld in omloop tot gevolg het, lei daartoe dat inkome laer is en daarom is die vraag na invoer minder. Dit plaas druk op die handelsrekening in die teenoorgestelde (positiewe) rigting. Dit wil voorkom of die inkome-effek ook groter is in die 1990-geval. Uit die studie van Mosser word daar afgelei dat dit moeilik is om enige model in te span om die gedrag van die verbruiker te modelleer en dat die ontwikkeling van die kredietmark dit nog verder bemoeilik het oor die jare. Welvaart en besteding word nie meer direk met mekaar in verband gebring nie. Krediet dien as tussenganger en verwagte inkome is 'n bestaandeel van welvaart.

Met spesifieke verwysing na besteding deur huishoudings, is verbruik minder sensitief ten opsigte van monetêre beleid in 1990 as in 1981, veral wanneer reserwes gebruik word om verandering te meet. In die artikel hou hierdie effek vir ongeveer twee jaar na die rentekoersmikpunt oefening en daarna is die daling in verbruikersbesteding heelwat groter, omdat verbruikersvertroue meer geaffekteer word.


Korttermyn rentekoers-sensitiwiteit van reële vraag is groter in 1990, omdat finansiële deregulasie en innovasie die aantal ekonomiese agente vermeerder het wat direk beïnvloed word deur veranderinge in die markrentekoerse. Finansiële deregulasie en innovasie het dit makliker gemaak vir ondernemings en verbruikers om substitute te vind vir die verskillende finansiële bates (vir beide leen en uitleen transaksies). In die artikel is dit die verklaring vir die sterker verwantskappe van die termynstruktuur van rentekoerse en die sterker reaksie van finale vraag ten opsigte van mark rentekoerse, veral oor die korttermyn. Suid-Afrika het ook deur 'n periode van finansiële deregulasie en innovasie gegaan met heelwat meer finansiële produkte wat op die mark verskyn het. Hierdie effekte wat Mosser beskryf kan op die Suid-Afrikaanse situasie ook toegepas word omdat dieselfde tipe veranderinge ondervind is.

Die tradisionele uitgangspunt van hoe monetêre beleid werk om 'n invloed te hê op die reële ekonomie, is dat die monetêre owerheid rentekoerse in die VSA en eers onlangs in SA gebruik as besluit word om monetêre beleid aan te pas. Korttermyn rentekoerse beïnvloed die koste van kapitaal wat 'n invloed op inkome het en sodoende word besteding beïnvloed ($C=f(Y)$). Indien dit verander sal totale vraag verander en in terme van Keynes se vergelyking waar produksie en besteding gelyk moet wees, sal produksiebesluite aanpas soos vraag aanpas.

Volgens Bernanke en Gertler (1995) is daar die volgende maniere waarop die ekonomie reageer indien 'n beperkende monetêre beleidsmaatreeël ingestel word (geldvoorraad word verminder):

- 'n Onverwagte beperkende monetêre beleidsmaatreeël het 'n kortstondige effek op rentekoerse, maar word gevolg deur 'n volgehoue daling in reële Bruto Binnelandse Produk en verbruikerspryse;
- Finale vraag absorbeer 'n groot deel van die impak van die beperkende maatreeël en daal redelik vinnig na 'n verandering in beleid. Produksie daal eers na 'n sloering en oor die korttermyn lei dit tot 'n toename in voorrade. Later sal voorrade egter ook daal en sal dit 'n groot deel uitmaak van die daling in reële Bruto Binnelandse Produk.
- Die vinnigste daling kom voor in investering in woongeboue maar kort daarna volg besteding op duursame goedere sowel as besteding op nie-duursame goedere;
- Vaste investering daal ook maar met 'n sloering na die daling in behuising en duursame verbruiksgoedere en selfs na afname in produksie en pryse.

Besteding op duursame verbruiksgoedere dra grootliks by tot die daling in totale vraag in die ekonomie omdat private verbruiksbesteding 'n groot deel van totale besteding beloop (meer as 62 persent van besteding aan bruto binnelandse produk in SA in 2002).



Bron: SARB

Figuur 5.4: Totale verbruiksbesteding van huishoudings as persentasie van BBP

Omdat besteding deur huishoudings so 'n groot persentasie van BBP beloop is dit belangrik vir die groei in die ekonomie. Alhoewel nie-duursame besteding minder skerp daal as duursame besteding, is die bydra tot die daling in verbruikersvraag ongeveer dieselfde as duursame besteding as gevolg van die groter aandeel in totale ekonomiese aktiwiteit. Hierdie bevinding is volgens die tradisionele bevinding ook korrek, maar wat vrae laat ontstaan is die volgende:

- Hoe groot is die verandering in die reële ekonomie indien 'n klein aanpassing in die opemarkkoers gemaak word;
- Wat is die tydsverloop tussen die beleidsverandering en die aanpassing in die reële mark. Soms het die rentekoerseffek alreeds tot 'n einde gekom voordat die effek op die bestedingskomponente waargeneem kan word;
- Wat is die samestelling van die bestedingseffekte. Omdat beperkende monetêre beleid heel eerste korttermyn koerse beïnvloed, word verwag dat besteding op bates met 'n korter lewensduur eerste geraak sal word (soos duursame verbruiksbesteding).

Volgens du Toit (1994) kan 'n verandering in die geldvoorraad die reële ekonomie beïnvloed deur 'n pryseffek, kredietrantsoeneringseffek, vermoenseffek en verwagtingseffek.

Die **pryseffek** is die invloed wat monetêre beleid het op die samestelling van bates van die privaatsektor en die invloed van hierdie veranderinge op die relatiewe opbrengskoerse (pryse) van bestaande bates en uiteindelik op die relatiewe opbrengskoers van nuwe produksie.

Die **kredietrantsoeneringseffek** verwys na die beperking van die vraag en aanbod van krediet. Die aanbod van krediet word beperk deur strenger monetêre beleid. Die vraag na krediet word beperk deur reële bestedingsvraag wat beïnvloed word, omdat finansiële instellings onwillig is om fondse aan die privaatsektor te leen en ook omdat die koste om krediet te bekom kan verander (die rentekoers).


Die **vermoenseffek** kan volgens du Toit (1994:6) toegeskryf word aan “verskynsels wat buite die toedoen van die besluitnemende eenheid self lei tot 'n verandering in hul netto vermoensposisie” en wat aanleiding gee tot 'n verhoging of verlaging in verbruiksbesteding.

Die **verwagtingseffek** het 'n invloed op die gedrag van die verbruiker en kan verwys na verwagtinge met betrekking tot sakevertroue en verwagtings omtrent pryse. Die mate waartoe

bestedingsbesluite aangepas word sal afhang van die verbruiker se algemene vertroue in die ekonomie en verwagtinge met betrekking tot die toekomstige verloop van pryse.

5.7 IMPAK VAN MONETÊRE BELEID OP HUISHOUDINGS EN ANDER BESTEDING VAN HUISHOUDINGS

Die impak van monetêre beleidsveranderinge op huishoudings en besteding deur huishoudings, kan deur enige van die kanale gevolg word. Disintermediasie kan plaasvind as hoë markrentekoerse lei tot onttrekking van deposito's uit die bankstelsel. Volgens Bernanke en Gertler (1995:42) bestaan daar genoeg bewyse dat die impak van monetêre beleid op behuising en miskien op die totale ekonomie verswak het sedert die uitfasering van rentekoersplafonne en innovasies soos 'n likiede sekondêre mark vir huislenings ontwikkel het. Die vraag na huislenings is direk verbind met die stand van die verbruiker se balansstaat. Dit beïnvloed afbetalingsvereistes, transaksiekoste wat vooraf betaal word en minimum inkome-tot-rente betalingsverhoudinge. Die aankoop van 'n eiendom plaas geweldige druk op 'n huishouding se balansstaatsituasie. Die las van 'n huislening word gemeet deur die verhouding tussen die inkome en maandelikse terugbetalingsbedrag. Dit het op sigself 'n groot invloed op die bestedingspatrone van huishoudings op ander tipes bestedingskomponente. Die effek van monetêre beleid op die las wat huislenings op die verbruiker plaas en die terme van krediet dra by tot die sterk impak wat monetêre beleid op besteding het, al is die skakel tussen monetêre beleid en die langtermyn reële rentekoers nie so sterk nie. Besteding op ander duurzame verbruikersgoedere soos motorvoertuie en meubels reageer dieselfde as besteding op behuising deurdat dit sal daal indien beperkende monetêre beleid toegepas word.



Bron: SARB

Figuur 5.5: Prima rentekoers en persentasie verandering in besteding van huishoudings

Uit figuur 5.5 (rentekoste teenoor 'n verandering in totale besteding) kan duidelik gesien word dat besteding dramaties afneem indien die prima rentekoers toeneem. Met rentekoerse op 'n laagtepunt gedurende 1980 (onder 10 persent), het die groei in besteding (van kwartaal tot kwartaal) 'n hoogtepunt van meer as 7 persent bereik. Gedurende 1984 het die primakoers 'n hoogtepunt bereik van 24 persent en besteding deur huishoudings het 'n negatiewe groeikoers gehad (-1 persent) wat die laagtepunt vir die periode vanaf 1975 tot 2000 is. Gedurende 1998 het die primakoers weer vinnig gestyg en besteding het met 'n sloering van 'n kwartaal of twee 'n insinking beleef. Besteding deur huishoudings het 'n duidelike inverse verwantskap met rentekoerse.

Dit is nie maklik om te bepaal watter van die kort- of langtermyn rentekoers die grootste effek op besteding deur huishoudings sal hê nie. Die ontwikkeling van nuwe skuldinstrumente waar verskillende rentekoerse betaal word, kan die belangrikheid van langtermyn versus korttermyn koerse beïnvloed. Die verwagtingsmodel van die termynstruktuur is die sleutel verwantskap tussen die kort- en langtermyn koers. Die langtermyn koers is gelyk aan die verwagte gewegde gemiddelde van toekomstige korttermyn koerse van toepassing op die uitkering van die langtermyn effek. As korttermyn koerse toeneem en markdeelnemers verwag die korttermyn koers gaan geleidelik daal in die toekoms tot by die beginpunt, sal die langtermyn koers minder styg as wat die korttermyn koers gestyg het. As die korttermyn koers gestyg het en deelnemers verwag dat dit slegs die begin is van 'n aantal stygings, sal die langtermyn koers meer styg as wat die korttermyn koers gestyg het. Daar is natuurlik ook nog ander faktore wat die langtermyn koers beïnvloed soos die risikopremie en finansiële borrels. Veranderinge in die korttermyn rentekoers sal 'n invloed in dieselfde rigting uitoefen oor die langtermyn koers vir ten minste 'n kort periode. Oor die lang termyn kan 'n verandering in die geldvoorraad geen effek op die reële bruto binnelandse produk hê nie. Die reële langtermyn koers sal terugkeer na die pad wat deur fundamentele ekonomiese faktore bepaal word. 'n Toename in die reële rentekoers verhoog die prys van goedere wat aangekoop word in vergelyking met goedere wat in die toekoms gekoop sal word. Dit verlaag verbruikersvraag wat 'n negatiewe verwantskap met rentekoerse het. In die meeste lande (die sogenaamde G8 lande) is hierdie stelling waar, alhoewel daar ook kritiek is daarteen. Rentekoersveranderinge veroorsaak veranderinge in die wisselkoers. Die wisselkoers beïnvloed weer netto uitvoer wat die negatiewe effek versterk wat rentekoersveranderinge op die reële Bruto Binnelandse Produk het.

Die vraag watter rentekoers gebruik moet word kan moeilik beantwoord word. Daar moet een of ander koers gekies word om 'n vraagfunksie te kan bereken sodat die effek van monetêre beleid veranderinge op die reële ekonomie gemeet kan word.

Die effek van 'n verandering in rentekoerse soos beskryf deur Taylor het die volgende tot gevolg: hoër rentekoerse word veroorsaak deur die Sentrale Bank se optrede indien inflasie begin toeneem; wat lei tot 'n afname in reële Bruto Binnelandse Produk en omdat lone en pryse stram is om aan te pas, en inflasie nie maklik van rigting verander nie, sal inflasie eers aanhou toeneem voordat dit sal begin afneem.

Taylor (1995:24) kom tot die gevolgtrekking dat die IS-LM model en ander werke van Friedman die rentekoers neem as 'n metingseenheid van die koste verbonde aan skuld. In Taylor se werk word 'n kwantitatiewe onderskeid getref tussen die markrentekoers en reële rentekoerse.

5.8 GEVOLGTREKKING

Die verskeie faktore wat huishoudings se bestedingsbesluite beïnvloed is in hierdie hoofstuk ondersoek en daarna is die effek van monetêre beleid op welvaart en besteding ondersoek deur te kyk na die verskillende kanale van die transmissiemeganisme. Die belangrikste van hierdie kanale is die kredietkanaal wat bestaan uit die balansstaatkanaal en die bankleningskanaal. Deur die bankleningskanaal is dit duidelik dat enige verandering in monetêre beleid 'n indirekte effek op besteding het deurdat die leningsgedrag van die verbruiker beïnvloed word. Die belangrikste komponent van hierdie kanale is die rentekoers wat huishoudings betaal op lenings. Die rentekoers het 'n direkte verband met die repokoers wat die sentrale bank gebruik om monetêre beleid mee toe te pas.

HOOFSTUK 6

FINALE GEVOLGTREKKING

6.1 BEVESTIGING VAN DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie is om die verband tussen huishoudingskuld in Suid-Afrika en finale verbruiksbesteding deur huishoudings te ondersoek. Deurentyd is bevind dat dit nie 'n eenvoudige proses is nie en ook dat daar 'n wedersydse verband bestaan tussen die twee begrippe. Daar is verskeie faktore in die ekonomie wat een of beide huishoudingskuld en finale besteding deur huishoudings beïnvloed. Die manier waarop huishoudingskuld en finale besteding deur huishoudings deur hierdie faktore beïnvloed word, is nie maklik voorspelbaar nie maar kan deur die transmissiemeganisme waargeneem word. Die stand van die ekonomie en veral die persepsie van die verbruiker, veroorsaak dat verwickelinge in die ekonomie soms heelwat onverwagte gevolge kan hê op beide huishoudingskuld en finale besteding deur huishoudings. Die verhouding van huishoudingskuld tot ander veranderlikes soos batebesit, persoonlike beskikbare inkome en BBP is belangrik vir beleidsmakers. Dit stel navorsers in staat om ondersoek in te stel na huishoudings se finansiële posisie, wat vooruitskatting van finale verbruiksbesteding moontlik maak. Die beskikbaarheid van krediet is 'n belangrike skakel in die transmissiemeganisme wat veranderinge in monetêre beleid laat deurvloei na die vraag na goedere en dienste in die ekonomie wat weer 'n effek op die inflasiekoers het. Beperkende monetêre beleid gedurende 1997 tesame met stygende rentekoerse en hoë skuldvlakke het daartoe gelei dat die vraag na krediet begin afneem het gedurende die tyd, en dat die groeikoers van reële besteding deur huishoudings ook begin verlangsaam het.

6.2 DIE STUDIE

In die studie is getoon dat die begrip "geld" 'n evolusie ondergaan het vanaf die ontstaan daarvan. Die oorspronklike begrip het gefokus op die tasbaarheid daarvan. Vanaf die ontstaan van geld tot in die moderne weergawe daarvan is geld egter altyd aanvaar as 'n middel van betaling, hetsy vir goedere, dienste of die verkryging van bates (reël of finansiëel). Die moderne weergawe van geld fokus meer op ontasbare geld. Vanweë die ontasbaarheid daarvan, het die proses van die skepping en beheer van geld, ontaard in 'n ingewikkelde proses. Die ontasbaarheid daarvan het gelei tot kredietskepping. Mens het besef dat behoeftes onmiddellik bevredig kan word en dat eers later daarvoor betaal kan word. Hierdie gerief kom egter teen 'n koste en hierdie koste het 'n geleentheid vir die Sentrale Bank geskep om beheer oor die proses van geldskepping uit te oefen.

Die proses van beheer benodig insig in die werking van die ekonomie. Hoofstuk 2 verduidelik die geldskeppingsproses deur die vraag en aanbod van geld te bespreek. Daar word verwys na die ontstaan van die transmissiemeganisme omdat dit belangrik is om die verband te toon tussen huishoudingskuld en finale besteding deur huishoudings, wat in meer besonderhede in hoofstuk 5 bespreek is. Monetêre beleid is breedvoerig bespreek in hoofstuk 2, omdat monetêre beleid 'n omgewing skep waarbinne die ekonomie effektief kan funksioneer. Die omgewing word beheer deur beide die vraag en aanbod van geld te beheer. Beheer hoef nie noodwendig direk deur die Sentrale Bank toegepas te word nie, maar faktore wat die vraag en aanbod beïnvloed kan gemanipuleer word.

Die omgewing wat geskep word, hou direk verband met die beskikbaarheid van geld. Geld in die moderne ekonomie verwys na krediet en vir die doel van hierdie studie, verwys geld veral na die krediet van huishoudings. In hoofstuk 3 is die samestelling van huishoudingskuld breedvoerig bespreek met verwysing na die koste daarvan en ook die verloop daarvan oor die laaste 25 jaar. Die totale uitstaande krediet van huishoudings, het beduidend toegeneem oor die tydperk onder bespreking. In 1980 het huishoudingskuld as persentasie van persoonlike beskikbare inkome 40 persent beloop, maar toegeneem tot 'n hoogtepunt van 61 persent in die eerste kwartaal van 1998. Dit het daarna begin daal tot net meer as 57 persent in die jaar 2000, 55 persent in 2001 en 53.5 persent in die eerste helfte van 2002. Die samestelling van huishoudingskuld het ook aansienlik verander wat toon op veranderinge in die mark vir krediet. Die veranderinge is veroorsaak deur verwickelinge in die kredietmark gedurende die laaste 25 jaar, en omdat die Sentrale Bank se mag oor die geldskeppingsproses verander het. Die hoofstuk is afgesluit met die verband tussen rentekoerse, vlakke van krediet en monetêre beleid.

Die welvaart van die bevolking word gemeet aan die vermoë van huishoudings om inkome te bestee. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings is die belangrikste deel van totale besteding in die ekonomie aangesien finale verbruiksbesteding deur huishoudings as persentasie van bruto binnelandse produk toegeneem het oor die jare tot meer as 62 persent in die jaar 2001. In hoofstuk 4 is die samestelling van finale verbruiksbesteding deur huishoudings bespreek deur te verwys na die verskillende klassifikasies volgens die 1968 versus die 1993 Stelsel van Nasionale Rekening (SNR). In die 1993 SNR is meer klem gelê op besteding volgens doelwit. Die klassifisering word gebruik om verbruikersvraag en -welvaart te bereken. Die 1993 SNR tref ook 'n onderskeid tussen finale verbruiksbesteding deur huishoudings en werklike individuele verbruik. Laasgenoemde is totale besteding van

huishoudings ongeag die bron van oorsprong. Finale verbruiksbesteding is besteding deur huishoudings wat gefinansier is deur huishoudings self. Werklike individuele verbruik verteenwoordig besteding deur huishoudings plus direkte uitgawes van die owerheid en nie-winssoekende organisasies aan onderwys, gesondheid en basiese dienste vir huishoudings. Die hoofstuk verwys ook na verskillende verbruiksteorieë, die effek van rentekoerse, inflasie, finansiële liberalisering op besteding, verbruik oor die lewensiklus, die verbruiksbestedingsfunksie, die verwantskap tussen inkome en besteding en marginale verbruiksbesteding. Die hoofstuk is afgesluit met 'n internasionale geval van huishoudingskuld en verbruiksbesteding wat ooreenstem met die situasie in Suid-Afrika oor die afgelope aantal jare, en die verloop van finale verbruiksbesteding deur huishoudings in Suid-Afrika oor die afgelope 25 jaar. Die samestelling van finale verbruiksbesteding deur huishoudings het heelwat verander soos die ekonomie deur verskillende fases gegaan het. Besteding aan duursame en semi-duursame goedere het toenemend gedaal oor die laaste 25 jaar, terwyl besteding aan veral dienste, skerp gestyg het. Gedurende die sestiger en sewentiger jare het besteding aan duursame (8.0 persent en 4.5 persent) en semi-duursame goedere (7.9 persent en 3.8 persent) vinniger gestyg as besteding aan nie-duursame goedere (5.4 persent en 3.8 persent) en dienste (2.9 persent en 3.3 persent). Die tagtigs (6.7 persent) en negentigs (4.4 persent) toon op 'n skerp toename in besteding aan dienste, terwyl besteding aan duursame goedere slegs 1.5 persent en 1.6 persent toegeneem het (die persentasies verteenwoordig 10 jaar gemiddeldes). Die algemene beskikbaarheid van krediet het veroorsaak dat huishoudings al meer op skuld begin leef het gedurende die negentigs. Die verhouding van huishoudingskuld tot persoonlike beskikbare inkome in Suid-Afrika het 'n hoogtepunt van 61 persent bereik in 1997 nadat dit skerp gestyg het vanaf 1994. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat, in teenstelling met vroeë bevindings, huishoudings nie noodwendig slegs duursame goedere finansier met krediet nie, maar ook nie-duursame goedere en dienste. Die hoë vlakke van krediet en die koste om krediet te delg, het oor die lang termyn 'n negatiewe effek op besteding. Reële finale verbruiksbesteding deur huishoudings het gedurende 1998 en 1999 slegs 1.4 persent gegroei en in die jaar 2000 slegs 3.3 persent, teenoor die hoë vlakke van tussen 4.0 persent en 5.9 persent vanaf 1994 tot 1996.

In hoofstuk 5 is die verband tussen huishoudingskuld in Suid-Afrika en finale verbruiksbesteding deur huishoudings verder ondersoek deur te kyk na die faktore wat bestedingsbesluite deur huishoudings beïnvloed wat monetêre en fiskale beleid insluit. Daar is slegs na fiskale beleid verwys omdat dit buite die bestek van die studie val. Die werking van hierdie beleid deur die transmissiemeganisme, veral deur die kredietkanaal, is bespreek. Die

kredietkanaal bestaan uit die balansstaatkanaal en die bankleningskanaal. Die balansstaatkanaal verduidelik die werking van 'n verandering in monetêre beleid op die welvaart van die bevolking. Welvaart word bereken as bates minus laste vir doeleindes van hierdie studie (Frowen en Karakitsos 1996:312). Indien die waarde van eiendom in die besit van huishoudings verander, het die welvaartseffek 'n kragtige uitwerking op besteding. Huishoudings "voel" meer welvarend indien huispryse styg en spandeer meer omdat besparing afneem. Aan die ander kant kan huishoudings se besteding verminder indien gespaar word om 'n deposito te kan betaal, indien verwag word dat huispryse gaan toeneem. Selfs sonder die welvaartseffek kan veranderende huispryse huishouding se vermoë om te leen beïnvloed wat 'n invloed op besteding het. Gedurende die onlangse insinking in die ekonomie vanaf Desember 1996 tot Augustus 1999, het die welvaartseffek huiseienaars aangespoor om besteding te verhoog. Dit het die ekonomie ondersteun in Suid-Afrika gedurende die tydperk (Prinsloo 2002:75).

'n Verhoging in die repokoers wat markrentekoerse beïnvloed (beperkende monetêre beleid), verhoog laste (deurdat nominale skuld verhoog) en verlaag bates (waarde van bates daal as gevolg van die inverse verband tussen rente en die pryse van aandele). Besteding verlaag omdat huishoudings 'n groter deel van inkome moet opoffer om skuld te delg en nuwe skuld nie aangegaan sal word nie, as gevolg van die rentekoste. Die bankleningskanaal word direk deur beperkende monetêre beleid beïnvloed. Rentekoerse verhoog wat huishoudings ontmoedig om nuwe lenings aan te gaan om besteding te finansier. Die hoofstuk is afgesluit deur die impak van monetêre beleid op huishoudings te ondersoek en ook deur te verwys na verskillende skrywers se bevindinge.

6.3 GEVOLGTREKKING

Hoofstuk 6 som die bevindinge van die studie op met verwysing na die doel van die studie, en die gevolgtrekking dat daar 'n wedersydse verband bestaan tussen huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings. Huishoudingskuld word aangegaan om besteding te finansier omdat lopende inkome nie genoeg is om besteding op 'n sekere vlak te handhaaf nie. Omdat verskeie faktore beide huishoudingskuld en finale verbruiksbesteding deur huishoudings beïnvloed, is dit 'n ingewikkelde en moeilik voorspelbare proses.

Faktore wat huishoudingskuld en besteding deur huishoudings beïnvloed is onder andere verwagtings omtrent rentekoerse, verwagtings omtrent inflasie, toekomstige inkome, batebesit, ouderdom van die bevolking, politieke omstandighede, regulasies ten opsigte van krediet (bv. Wet op Kredietooreenkomste), ontwikkelings in die kredietmark en die

belangrikste faktor is monetêre beleid. In SA het nie alle huishoudings deur die jare vrye toegang na krediet gehad nie. As gevolg hiervan is alternatiewe finansieringsbronne gevind wat onder andere veroorsaak het dat die monetêre owerheid beheer oor die geldvoorraad verloor het. Monetêre beleid het nie meer die gewenste uitwerking op die reële ekonomie gehad nie. Vir dié doel het die monetêre owerheid direkte beheer oor die repokoers begin uitoefen omdat dit rentekoerse in die mark beïnvloed.

Rentekoerse wat die koste van krediet bepaal, beïnvloed die reële ekonomie (totale besteding). Besteding deur huishoudings is die belangrikste komponent van totale besteding in die ekonomie in SA omdat dit 62 persent van BBP in 2001 beloop het. Rentekoste het 'n belangrike invloed op die vlak van krediet en besteding. Krediet word aangegaan om besteding deur huishoudings te finansier omdat lopende inkome onvoldoende is oor die korttermyn om die bestedingsvlak te handhaaf. Sodra rentekoerse te hoog word sal 'n deel van persoonlike beskikbare inkome wat vir besteding aangewend kon word, moet gebruik word om skuld te delg. Oor die korttermyn word besteding deur huishoudings deur krediet verhoog. Oor die langer termyn neem besteding stadiger toe of kan selfs daal as gevolg van die rentekoste verbonde aan krediet. Ander faktore soos verwagtings omtrent inflasie kan egter veroorsaak dat huishoudings eerder besteding aangaan (gefinansier met krediet) in die huidige tydperk selfs al is rentekoerse hoog. Aan die ander kant kan huishoudings besluit om nie onmiddellik nuwe duurzame goedere te koop nie as gevolg van onsekerheid oor die toekoms selfs al is rentekoerse laag. Huishoudings het ook 'n neiging om nie besteding maklik aan te pas by veranderde omstandighede nie, omdat besteding in lyn gehou word met verwagte inkome oor die langer termyn. Al die faktore wat beide huishoudingskuld en besteding deur huishoudings beïnvloed kan veroorsaak dat huishoudings heeltemal die teenoorgestelde optree as wat verwag word. Daarom is dit baie moeilik om 'n voorspelbare verband te kry tussen huishoudingskuld en besteding deur huishoudings. Die monetêre owerheid kan ook nie met presiese sekerheid voorspel wat die gevolg op die reële ekonomie gaan wees nie, indien rentekoerse verander as gevolg van 'n verandering in beleid. Data ondersoek in hierdie studie toon dat beperkende monetêre beleid wel die gewenste uitwerking op krediet het. Kredietvlakke het afgeneem en die groeiakoers van reële besteding deur huishoudings het verlangsaam.

Literatuurlys

ANDO, A., Modigliani, F., 1965, The relative stability of monetary velocity and the investment multiplier, *American Economic Review*, September.

ANDO, A., Modigliani, F., 1963, The Life Cycle Hypothesis of saving: Aggregate Implications and tests, *American Economic Review*, Volume 53, March.

ARON Janine, Muellbauer John, 1998, Saving in South Africa, paper for World Bank Conference: *Saving in the World: Puzzles and Policies*, World Bank, 14 January.

BERNANKE Ben S., Gertler Mark, 1995, Inside the Black Box: The Credit Channel of Monetary Policy Transmission, *Journal of Economic Perspectives*, 9(4):27-48.

BREEDEN Douglas T., 1979, An intertemporal asset pricing model with stochastic consumption and investment opportunities, *Journal of Financial Economics*, 7.

CABALLERO Ricardo J., 1990, Expenditure on durable goods: a case for slow adjustment, *The Quarterly Journal of Economics*, August.

CAPIE Forrest H., The Long-run Relationship between Money and Prices?, in Wood, Geoffrey, 1998, *Money, Prices and the Real Economy*, The Institute of Economic Affairs, Cheltenham U.K, Edward Elgar publishing Ltd.

CARROL Christopher D., 1997, Buffer-stock saving and the life cycle/permanent income hypothesis, *The Quarterly Journal of Economics* CXII(1): February.

CARROLL Christopher D., Summers Lawrence H., 1989, Consumption Growth Parallels Income Growth: Some New Evidence, *Journal of Monetary Economics*.

CHRIST Carl F., 1963, *Measurement in Economics* (In memory of Yehuda Grunfeld), California: Stanford University Press.

CLARIDA Richard H., 1991, Aggregate stochastic implications of the life cycle hypothesis, *The Quarterly Journal of Economics*, August.

COCHRANE John H., 1989, The sensitivity of tests of the intertemporal allocation of consumption of near-rational alternatives, *The American Economic Review*, June (79:3).

DAVIDSON, J., 1978, Econometric modelling of the aggregate time series relationship between consumers, expenditure and income in the United Kingdom, *The Economic Journal*, December (88).

DEATON Angus, 1981, *Essays in the theory and measurement of consumer behaviour*, Cambridge, University Press.

DEATON Angus, 1992, *Understanding consumption*, Oxford, Clarendon Press.

DERNBURG, TF., McDougall, DM., 1980, *Macroeconomics: The measurement, analysis, and control of aggregate economic activity*, Johannesburg, McGraw-Hill International Book Company.

DILLARD Dudley, 1966, *The economics of John Maynard Keynes: The theory of a monetary economy*, Great Britain, Butler en Tanner Ltd.

DORNBUSCH Rudiger, Fischer Stanley, Mohr Philip, Rogers Colin, 1994, *Macroeconomics* (Third edition), Johannesburg, Lexicon Publishers.

DU TOIT, DC., 1994, 'n *Teoretiese ontleding met betrekking tot die transmissiemeganisme in die monetêre proses*, Februarie: Tweede druk, Universiteit van Pretoria.

GALI Jordi, 1990, Finite horizons, life-cycle saving, and time-series evidence on consumption, *Journal of Monetary Economics*, (26) North-Holland.

GOWLAND David, 1991, *Money, inflation and unemployment*, (second edition), Great Britain, Billing and Sons LTD.

FAURE, AP., 1986, The "money-market shortage" and its causes, *The Securities Markets*, 1(First quarter): 15-27.

FOURIE, L.J., Falkena, HB., Kok, WJ., 1992, *Fundamentals of the South African Financial System*, Cape Town, National Book Printers.

FRIEDMAN, M., 1957, *A Theory of the Consumption Function*, Princeton: Princeton University Press.

FROWEN Stephen F., Karakitsos Elias, 1996, Monetary and Fiscal policy under conditions of globalised money and capital markets: Lessons for the UK personal sector, *Public Finance*, 51(3):305-324.

GALI Jordi, 1990, Finite horizons, life-cycle savings, and time-series evidence on consumption, *Journal of Monetary Economics* (26), North Holland, Elsevier Science Publishers BV.

GALI Jordi, 1991, Budget constraints and time-series evidence on consumption, *The American Economic Review*, December, 81(5).

GOODHART Charles, 1989a, The conduct of monetary policy, *The Economic Journal*, 99: June: 293-346.

GOODHART Charles, 1989b, Has Moore become too horizontal?, in *Journal of Post Keynesian Economics*, 12(1), Autumn: 29-34.

GOODHART Charles, 1991, Is the concept of an equilibrium demand for money meaningful? A reply to "has the demand for money been misled?", *Journal of Post Keynesian Economics*, 14(1), Autumn: 134-136.

GOWLAND David, 1991, *Money, inflation and unemployment*, 2nd Edition, Worcester, Great Britain, Billing and Sons Ltd.

GREEN, R., 1992, *Classical Theories of Money, Output and Inflation*, United States of America, St Martins Press.

HALL Robert E., Mishkin Frederic S., 1982, The Sensitivity of consumption to transitory income: estimates from panel data on households, *Econometrica*, 50(2).

HALL Robert E., 1978, Stochastic implications of the life-cycle-permanent-income hypothesis: theory and evidence, *Journal of Political Economy*, 86(6).

HAYASHI Fumio, 1982, The Permanent income hypothesis: Estimation and testing by instrumental variables, *Journal of Political Economy*, 90(5).

HOWIE Craig, 14 January 2003, Consuming Passion, *The Dominion Post Newspaper*, New Zealand.

INTERNATIONAL MONETARY FUND, Organisation for Economic Co-operation and Development, United Nations and World Bank, 1968, 1993, *System of National Accounts*, USA, Office for Official Publications of the European Communities.

JAO, YC., 1989, Money supply exogeneity and endogeneity: a review of the monetarist Post-Keynesian debate, *Greek Economic Review*, 11(2): 203-234.

JOHNSON Harry G., 1972, *Macroeconomics and monetary theory*, Chicago, USA, Aldine Publishing Company.

JONKERGOUW, E., 1994, Monetarisme, *Bankwese 220 studiegids*, Universiteit van Pretoria.

KEETON William R., 1993, The impact of monetary policy on bank lending: the role of securities and large CD's, *Economic Review Second Quarter*, Federal Reserve Bank of Kansas City.

KEYNES, J.M., 1936, *The general theory of Employment, Interest and Money*, Cambridge, University Press.

LAIDLER David, 1990, The legacy of the monetarist controversy, *Review: Federal Reserve Bank of ST Louis*, 72(2), March/April:49-64.

LAIDLER David, 1984, The "buffer stock" notion in monetary economics, *The Economic Journal*, 94:17-34.

LAILER, D., 1991, The quantity theory is always and everywhere controversial - Why?, *The Economic Record*, 67, December:286-306.

LAVOIE Marc, 1984, The endogenous flow of credit and the Post-Keynesian theory of money, *Journal of Economic Issues*, XVIII(3), September: 771-797.

LEHMUSAAARI Olli-Pekka, 1990, *Deregulation and Consumption (Saving dynamics in the Norwegian Countries)*, IMF staff papers, 37(1), March.

LLEWELLYN David T., 1989, *Reflections on Money*, London, Mcmillan Press.

LLEWELLYN David T., 1992, Banking in the 1990's: challenges and responses - Part1 and 2, *Butterworths Journal of International Banking and Financial Law*, November:528-534.

LOMBARD, JA., Stadler, JJ., 1982, *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika*, Pretoria, HAUM.

MANKIW N. Gregory, 1990, A quick refresher course in macroeconomic, *Journal of Economic Literature*, XXVIII:December:1645-1660.

MELJER, JH., 1997, *Reserve Bank accommodation: The money market shortage and monetary policy*, Pretoria, ABSA Bank.

MELTZER Allan H., What is Money?, in Wood, Geoffrey, 1998, *Money, Prices and the Real Economy*, The Institute of Economic Affairs, Cheltenham U.K, Edward Elgar Publishing Ltd.

MELTZER Allan H., 1995, Monetary, Credit and (Other) Transmission processes: A Monetarist perspective, *Journal of Economic Perspectives*, 9(4) FALL:49-72.

MISHKIN Frederic S., 1995, Symposium on the Monetary Transmission Mechanism, *Journal of Economic Perspectives*, 9(4) FALL:3-10.

MOLLENTZE, S., 1994, Die transmissiemeganisme, *Bankwese 220 Handleiding*, Universiteit van Pretoria.

MOLLENTZE, SL., (b). *The Monetary Transmission Mechanism: The state of thought: Dedicated to the late Prof GL de Wet*, Department of Economics, University of Pretoria.

MOORE Basil J., 1989, A simple model of bank intermediation, *Journal of Post Keynesian Economics*, 12(1) Fall:10-28.

MOORE Basil J., 1991a, Has the demand for money been misled? A reply to "has Moore become too horizontal?", *Journal of Post Keynesian Economics*, 14(1) Fall:125-133.

MOORE Basil J., 1991b, Money supply endogeneity: "reserve price setting" or reserve quantity setting?, *Journal of Post Keynesian Economics*, 13(3) Spring: 404-413.

MORGAN Donald P., 1993, Asymmetric Effects of Monetary Policy, *Economic Review of the Federal Reserve Bank of Kansas City*, Second Quarter:21-33.

MORGENROOD, P., 1986, Central Bank assistance to the money market and monetary policy, *The Securities Markets*, fourth quarter: 27-34.

MORRIS Charles S., SELLOON Gordon H., (Jr), 1995, Bank Lending and Monetary Policy: Evidence on a Credit Channel, *Economic Review of the Federal Reserve Bank of Kansas City*, second quarter.

MUELLBAUER John, 1994, The assessment, consumer expenditure, *Oxford Review on Economic Policy*, 10(2), Oxford University Press.

NIEHANS Jurg, 1987, Classical monetary theory, new and old, *Journal of Money, Credit and Banking*, 19(4) November: 409-424.

NIGGLE Christopher J., 1991, The endogenous money supply theory: an institutionalist appraisal, *Journal of Economic Issues*, XXV(1)March:137-151.

NOBAY, A. Robert, Johnson Harry G., 1977, Monetarism: a historic-theoretic perspective, *Journal of Economic Literature*, XV(2):470-485.

PALLEY Thomas I., 1991, The endogenous money supply: consensus and disagreement, *Journal of Post Keynesian Economics*, 13(3) Spring: 397-403.

POLLIN Robert, 1991, Two theories of money supply endogeneity: some empirical evidence, *Journal of Post Keynesian Economics*, 13(3) Spring: 366-396.

ROGERS, C., 1989, The monetary control system of the South African Reserve Bank: monetarist or Post Keynesian?, *The South African Journal of Economics*, 53(3) September: 241-247.

PRINSLOO, JW., 2002, Household debt, wealth and saving, *South African Reserve Bank Quarterly Bulletin*, December 2002: 63-78, Pretoria.

ROGERS, C., 1986, The De Kock Report: a critical assessment of the theoretical issues, *The South African Journal of Economics*, 54(1) March:66-79.

SCHWARTZ Anna J., Why financial stability depends on price stability, in Wood, Geoffrey 1998, *Money, Prices and the Real Economy*, The Institute of Economic Affairs, Cheltenham U.K, Edward Elgar Publishing Ltd.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK, *Kwartaalblad*, Verskeie uitgawes, Pretoria.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK KOLLEGE, *Finansiële Markte Handleiding*, Pretoria.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK KOLLEGE, *Inleiding tot Sentrale Bankwese Handleiding*, Pretoria.

TAYLOR John B., 1995, The Monetary Transmission Mechanism: an Empirical Framework, *Journal of Economic Perspectives*, 9(4) Fall:11-26.

THOMAS Ryland, 1997, *The Demand for M4: A Sectoral Analysis Part 1 - The Personal Sector*, London, Bank of England.

VAN DER MERWE, E., 1997, *Discussion Paper on monetary policy operational procedures*, October, South African Reserve Bank.

VAN DER WALT, BE., Prinsloo, JW., 1995, *The Compilation and importance of household debt in South Africa*, Occasional paper no 8, June, South African Reserve Bank.

VILLANEUVA Delano, Mirakhor Abbas, 1990, *Strategies for financial reforms - Interest rate policies, stabilization, and bank supervision in developing countries*, IMF staff papers, 37(3) September: 509-536.

VISSER Hans, 1991, *Modern Monetary Theory*, Vermont, Edward Elgar.

WHITTAKER, J., Theunissen, AJ., 1987, Why does the Reserve Bank set the interest rate?, in *The South African Journal of Economics*, 55(1):16-33.

WOOD Geoffrey, 1998, *Money, Prices and the Real Economy*, The Institute of Economic Affairs, Cheltenham, U.K, Edward Elgar Publishing LTD.

SAMEVATTING
HUISHOUDINGSKULD IN SUID-AFRIKA
EN
DIE INVLOED OP PRIVATE VERBRUIKSBESTEDING
deur
SONIA COLLINS

STUDIELEIER: **DR RENEE KOEKEMOER**
DEPARTEMENT: **EKONOMIE**
GRAAD: **MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE)**

Die studie ondersoek die verband tussen huishoudingskuld in Suid-Afrika en finale verbruiksbesteding deur huishoudings en daar is bevind dit is 'n wedersydse, moeilik voorspelbare en nie 'n eenvoudige proses nie, omdat verskeie faktore in die ekonomie dit beïnvloed. Die stand van die ekonomie en veral die persepsie van die verbruiker is belangrike faktore.

Geld het 'n evolusie ondergaan en minder tasbaar geword as gevolg van krediet. Dit het beheer daarvan moeilik gemaak. Die koste van krediet is 'n geleentheid vir die Sentrale Bank om beheer oor geldskepping uit te oefen. Monetêre beleid skep 'n effektiewe omgewing vir die ekonomie om te funksioneer. Beleid beheer die vraag en aanbod van geld direk (deur rentekoerse) of indirek (deur vraag- en aanbodfaktore te manipuleer).

Geld in die moderne ekonomie verwys na krediet en veral na krediet van huishoudings. Totale uitstaande krediet van huishoudings, en die samestelling daarvan het oor die afgelope 25 jaar aansienlik verander. Dit toon op 'n verandering in die mag van die Sentrale Bank oor die geldskeppingsproses. Bevolkingswelvaart word gemeet aan die vermoë van huishoudings om inkome te bestee. Finale verbruiksbesteding deur huishoudings is die belangrikste deel van totale besteding in die ekonomie. Suid-Afrika klassifiseer finale verbruiksbesteding deur huishoudings volgens die 1993 Stelsel van Nasionale Rekening. Verskille tussen die 1993 en 1968 weergawes sluit verskille in ten opsigte van tipe klassifikasie (doelwit versus duursaamheid) en tussen werklike finale verbruiksbesteding (finale verbruiksbesteding deur huishoudings plus individuele verbruik deur die owerheid) en finale verbruiksbesteding deur huishoudings.

Verskillende teorieë bestaan met betrekking tot die effek van rentekoerse, inflasie en finansiële liberalisering op besteding, verbruik oor die lewensiklus, die verbruiksbestedingsfunksie, die verwantskap tussen inkome en besteding en marginale verbruiksbesteding. Die verloop van finale verbruiksbesteding deur huishoudings in Suid-Afrika oor die afgelope 25 jaar toon dat die samestelling heelwat verander het soos die ekonomie deur verskillende fases gegaan het. Besteding aan duursame en semi-duursame goedere het toenemend gedaal, terwyl besteding aan veral dienste, skerp gestyg het. Die algemene beskikbaarheid van krediet het veroorsaak dat huishoudings al meer op skuld begin leef het gedurende die negentigs. Die gevolgtrekking is dat, in teenstelling met vroeë bevindings, huishoudings nie noodwendig slegs duursame goedere finansier met krediet nie, maar ook nie-duursame goedere en dienste. Die hoë vlakke van krediet en die koste van krediet, het oor die lang termyn 'n negatiewe effek op besteding.

Die verband tussen huishoudingskuld in Suid-Afrika en finale verbruiksbesteding deur huishoudings hang af van die faktore wat bestedingsbesluite deur huishoudings beïnvloed, wat monetêre en fiskale beleid insluit. Die toepassing van monetêre beleid werk deur die transmissiemeganisme, wat deur verskeie kanale werk. Die kredietkanaal bestaan uit die balansstaatkanaal en die bankleningskanaal. Die balansstaatkanaal verduidelik die werking van 'n verandering in monetêre beleid op die welvaart van die bevolking. Die bankleningskanaal werk direk deur rentekoerse en banklenings. Verskillende denkskole ondersteun verskillende kanale.

Die endogene/eksogene geld vraagstuk lei tot die gevolgtrekking wat gemaak is, dat die voorraad van kredietgeld altyd vraag-bepaald is en dat die aanbod daarvan slegs indirek deur die Sentrale Bank beheer kan word deur die omstandighede in die geldmark (wat rentekoerse affekteer) te verander.

SUMMARY
HOUSEHOLD DEBT IN SOUTH AFRICA
AND
THE INFLUENCE ON PRIVATE CONSUMPTION EXPENDITURE

by

SONIA COLLINS

PROMOTOR: DR RENEE KOEKEMOER
DEPARTMENT: ECONOMICS
DEGREE: MAGISTER COMMERCII (ECONOMICS)

The study investigates the relationship between household debt in South Africa and final consumption expenditure by households and it was found to be an interrelated, difficult process that is not easy to predict, because various factors in the economy influence both. The most important ones are the state of the economy and the perception of the consumer.

Money has evolved into something less tangible as a result of credit. That increased the difficulty of control over it. The cost of credit provided an opportunity to the Central Bank to control the creation of money.

Monetary policy creates an efficient environment in which the economy can function. Policy control the supply and demand of money directly (through interest rates) or indirectly (through manipulation of the supply and demand factors).

Money in the modern economy means credit and specifically credit of households. Total outstanding credit of households and the composition of credit changed dramatically over the last 25 years. This is an indication of a change in the control of the Central Bank over the money creation process.

The wealth of the nation is measured by the ability of households to spend income. Final consumption expenditure by households is the most important part of total consumption in the economy. South Africa classifies final consumption expenditure by households according to the 1993 System of National Accounts. Differences between the 1993 and 1968 versions are with respect to type of classification (purpose versus durability) and between actual final consumption and final consumption expenditure by households.

There are different theories regarding the effect of interest rates, inflation, financial liberalisation on consumption, consumption over the life-cycle, the consumption function, the relationship between income and consumption and marginal consumption expenditure. The trend in final consumption expenditure by households in South Africa over the last 25 years shows the changes as a result of the different phases of the economy. Consumption of durable and semi-durable goods have decreased continually, while demand for services increased sharply. Households increasingly financed expenditure with credit during the nineties, being the result of the availability of credit. The conclusion is that households not only finance durable goods with credit but also non-durable goods and services, which is contradictory to previous conclusions. The high levels of credit and the cost of credit have a negative effect on consumption over the long term.

The relationship between household debt in South Africa and final consumption expenditure is determined by factors that influence decisions about spending, which include monetary and fiscal policy. The influence of monetary policy can be described through the transmission mechanism, that work through different channels. The credit channel consists of the balance sheet channel and the bank lending channel. The balance sheet channel explains the effect of changes in monetary policy on the wealth of the nation. The bank lending channel work through interest rates and bank loans. Different schools of thought support different channels.

The exogenous/endogenous money supply debate lead to the conclusion that the supply of credit money is always demand determined and that control by the Central Bank is indirect through the influence of supply and demand conditions in the money market.